**PROEFSKRIF**

# Christologie, dissipelskap en jeugbediening – 'n prakties-teologiese ondersoek

deur

Hendrik P van Deventer

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**Philosophiae Doctor**

In die

FAKULTEIT TEOLOGIE & RELIGIE

Aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor:

**Dr L Hoffman**

Voorgelê

2019

## ERKENNINGS EN BEDANKINGS

Jesus Christus, my Koning, boetie en vriend. Dit is wonderlik om U te kan ken en U liefde te kan beleef. Dankie, Heilige Gees, vir U leiding en inspraak deur my lewe asook in hierdie studie. Dankie, Vader, vir U liefde, dit is wonderlik om U kind te mag wees!

Marga, my vrou, jy is steeds die kosbaarste geskenk wat God my gegee het. Dankie vir ure wat jy neergelê het om hierdie droom van my te laat verwesenlik. Marga, ek word uurliks meer lief vir jou. Dankie vir hoe jy Jesus volg. Sonder jou sou ek nie hierdie studie kon voltooi nie.

My kinders, Frederik, Joshua, Lukas en Miné, dankie vir julle begrip en tyd wat julle afgestaan het sodat ek hierdie studie kon voltooi. Ek het julle baie lief.

Dr. Lyzette Hoffman, dankie dat u my promotor was. Dankie vir u insette, tyd en bemoeienis met my en hierdie studie, u terugvoer en bemoediging.

Oorlede Pa Frik en ma Annemarie, Pa sou baie bly gewees het om te sien hoe ek hierdie navorsingsprojek afhandel. Baie dankie dat Ma my baie lief het, altyd in my potensiaal glo en onophoudelik bid. My skoonma, Hermine Loots, dankie dat Ma werklik belang gestel het en my lief het.

Louw van Wyk, voorsitter van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Linden en Suzanne van Wyk, asook die kerkraad en bedryfsbediening van die Gereformeerde Kerk Linden, wat my ondersteun het, verlof toegestaan het en opgewonde is oor wat ek doen; dankie dat julle my toelaat om my roeping uit te leef. Dankie, Neels Kornelius en Johnny Strydom, wat verskeie kere my bemoedig en ondersteun het.

Dr. Jacob Pretorius, dankie vir jou wysheid en insig, en dat jy jou voorgeneem het om niks anders as Jesus en Hom die gekruisigde te weet nie; dankie dat ons Hom kan gróót maak.

Prof Malan Nel, dankie dat Prof die wetenskaplike dink oor jeugbediening in my losgemaak het en my aan soveel jeugdenkendes voorgestel het. Marlese Nel, dankie vir ons saamwees en saam leer in die VSA.

My kollegas, Danielle, Kobus, Cynthia, Willem en Wya, dankie dat julle my bygestaan het, my opgebou en my bemoedig het. Ek sonder graag vir Korien Sander uit, wat my toerekenbaar gehou het vir my uitsette en doelwitte. Willem Lindeque, wat werklik weet hoe om dissipels te maak, baie dankie vir jou gesprekke met my oor dissipelskap.

My familie, Frik, Jan, Nakkie, asook my skoonfamilie, Jaco Kruger, Melissa, Jaco Loots, Madré, Carl en Carla, Réheul en Sonja en al die kinders, mag Jesus julle bly aanraak met Sy liefde.

Jeanette Snyders, dankie vir al jou ure se hulp met soveel aspekte van hierdie studie. Frank van der Merwe, vir jou opregte vriendskap en voorbeeld van hoe ʼn dissipel van Jesus leef. Baie dankie, Loudine en Neels Claassen, vir julle versorging van hierdie dokument, van woorde tot nommers, asook diep gesprekke oor wie Jesus is. Magda Bester, vir jou transkribering en deeglikheid. Marzanne Boverhoff, Elize-Marie en Yvette de Jager, vir julle insette, gebede en hulp met hierdie navorsing. Dankie, Anrinet Brink, vir jou hulp en voorbidding. Filia Janse van Vuuren en Renee Berning, vir julle besondere voorbeeld en hulp met die studie, die jeugbediening en geesdrif waarmee julle dien. Dr. George en Marichen Lindeque vir julle volgehoue belangstelling en voorbidding.

Prof. Rantoa Letšosa, dankie vir aanmoediging en vir die voorbeeld wat Prof nog altyd vir my is. Deon Kitching, met groot waardering dat jy my na die UV gelei het en aangespoor het om met hierdie studie te begin.

Jacques en Irma Swart en Mareo en Lizel Bekker, vir plekke om te gaan skryf. Dankie, Neels en Marietjie Claassen, dat julle my voortdurend bemoedig en ondersteun het om aan te hou om by verskillende plekke te gaan leer. Dankie vir André en Adri Korsten wat bly belangstel in my lewe, asook Rihan en Rentia Landman wat van meet af saam droom oor jeugbediening en die potensiaal daarvan.

Refiloë Dube, wat na ons kinders gekyk het in tye wanneer ek aan my studie of bediening moes aandag gee.

Baie dankie vir elke tiener wat toelaat dat ek hom en haar mag leer ken en ʼn dissipel van Jesus kan maak. Dankie vir elke mentor wat ‘n medewerker is in Jesus se Koninkryk.

Dr. Regina Malan, vir jou taalversorging en redigering en hulp met die inhoudelike, jy is deur Jesus oor my pad gestuur sodat ek hierdie studie kon voltooi; baie dankie.

Die lidmate van die Gereformeerde Kerk Linden, dankie dat julle my oppas, vir my bid en opgewonde is oor my drome. Dankie vir julle geduld en dat julle my toegelaat het om hierdie studie aan te pak en af te handel.

Dankie Jesus, U is my alles.

## VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Hendrik Pieter van Deventer, die ondergetekende, dat hierdie proefskrif wat ek aan die Universitieit van die Vrystaat (UV) inlewer, my eie werk is, dat dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds aan ŉ ander universiteit ingelewer is nie. Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare wat vir eksaminering ingelewer word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening: ____________________

Datum: ____________________

## OPSOMMING

Jesus Christus se laaste opdrag aan sy dissipels was om uit te gaan en self dissipels te gaan maak, ook oor taal- en volksgrense heen. Hierdie opdrag geld vandag nog vir die kerk. In hierdie studie word gesoek na riglyne vir die volvoering van Jesus se opdrag binne jeugbediening. Jeugbediening binne gemeentes staan voor 'n groot uitdaging wat relevansie betref, en sommige navorsers is van mening dat jeugbediening in 'n krisis is as gevolg van onder andere dalende getalle.

Die navorser gaan van die standpunt uit dat insig in die teologiese begrip "dissipel" en die kern daarvan soos dit in die Nuwe Testament gestalte vind, daartoe sal lei dat jongmense binne 'n jeugbediening en jeugleraars hulle rol en taak in geloofsbegeleiding en -vorming toenemend sal ontdek en uitleef.

Die bydrae van hierdie navorsing is om, deur op Jesus Christus te fokus, 'n kurrikulum saam te stel vir die maak van dissipels in jeugbediening. 'n Prakties-teologiese ondersoek sal gedoen word om die rol van Christologie, die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag vir die maak van dissipels binne jeugbediening te beskryf.

'n Studie van die Groot Opdrag en van bepaalde modelle vir en benaderings tot dissipelmaking word gedoen. Die Groot Opdrag en die betekenis van dissipelskap word ondersoek, gevolg deur 'n ontleding van modelle en benaderings wat temas kan bydra tot die proses van dissipelmaking. Hierdie studie bou voort op die studies van Van Deventer (2010) en Nel (1998) en dié van Pretorius (2003), wat die Groot Fokus op Jesus Christus, die Groot Gebod van meer liefde in jeugbediening, en die maak van dissipels as sleutels in gemeentebou ondersoek het. Daar word ook uitgebrei op die studie van Nel in soverre die inklusiewe benadering tot jeugbediening in 'n gemeente gevolg word. Hierdie studie toon dan aan hoe die Groot Opdrag, naamlik die maak van dissipels, prakties-teologies binne die konteks van jeugbediening kan verloop.

Nadat die teoretiese ondersoek gedoen is, is daar in 'n kwalitatiewe, empiriese ondersoek diepte-onderhoude met verskeie predikante, pastore en professore in jeugbediening en missiologie gevoer om 'n beeld te kry van die huidige stand van sake

in jeugbedienings in Suid-Afrika sover dit dissipelmaking betref. Die resultate van die onderhoude is ontleed en dra by tot die ontwikkeling van ŉ praktykmodel/-kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening.

Die doel van die studie is om beginsels vir die maak van dissipels af te lei, en ŉ kurrikulum met bepaalde kurrikulum-temas voor te stel wat toegepas kan word in alle gemeentes waar ŉ jeugbediening dissipelskap as ŉ model wil implementeer. Die studie wil ook beginsels neerlê vir bedienaars en mentors in jeugbediening om Christologies te werk te gaan om dissipels te maak van jongmense binne ŉ gemeente en in dié verband ook na buitekerklikes uit te reik.

In die slothoofstuk word, op grond van die voorafgaande teoretiese en empiriese navorsing, sodanige kurrikulum vir dissipelmaking binne jeugbediening voorgestel.

# ABSTRACT

Jesus Christ's final command to His disciples was to go and make disciples across language and national boundaries. Today, the same command is still valid for the church. This study will research guidelines on how to fulfill Jesus' command in youth ministry. Youth ministry in congregations and faith communities faces huge challenges regarding relevance, and some researchers are of the opinion that youth ministry is in crisis, due to falling numbers amongst others.

The researcher is of the conviction that a theological understanding of the word "disciple" and the essence of discipleship as it unfolds in the New Testament will produce young people within a youth ministry and mentors who will understand their role and function in the forming of faith among the youth and in co-forming youth in their faith walk.

This study essentially shows how, by focusing on Jesus Christ and Him the crucified, a curriculum for the making of disciples within youth ministry can be developed. In essence, this research has a Christological focus as it wants to show how a curriculum for the making of disciples within youth ministry can be derived from the focus on Jesus Christ. A practical theological study will be done on the role of Christology, the Great Focus, the Great Commandment and the Great Commission in the making of disciples in youth ministry.

A thorough study is done of the Great Commission and certain models for and approaches to disciple making in youth ministry. This study researches the Great Commission and the understanding of discipleship, followed by an analysis of models and approaches that can contribute themes to the process of disciple making. The study is a continuation of the research by Van Deventer (2010) and Nel (1998), as well as that by Pretorius (2003), which establishes the Great Focus, Jesus Christ, as well as the Great Commandment for more love towards one another and the Great Commission to make disciples of all nations as important keys in youth ministry. Nel's research, which follows an inclusive approach towards youth ministry in a congregation, is confirmed in the current study. The study researches how the Great Commission can be accomplished in a practical theological way in youth ministry. The

entire study focuses on youth ministry within a congregation based on a practical theological paradigm.

The relevant theoretical research is followed by empirical, qualitative research by means of depth interviews with ministers, pastors and professors within missional and youth ministries to gain insight into current patterns of disciple making in youth ministries in South Africa. The results of the interviews are analysed and contribute to developing a praxis model/curriculum for the making of disciples within youth ministry.

The researcher aims to deduce principles for the making of disciples and to present a curriculum and curricular themes for the making of disciples that can be implemented in churches and faith communities that want to follow a discipleship model in their youth ministry. The study also strives to lay down principles for ministers and mentors in youth ministry to further discipleship by focusing on Jesus Christ, and to make disciples of young people within a congregation, as well as reach out to the non-churched.

Based on the theoretical and empirical research, a curriculum for disciple making in youth ministry is presented in the final chapter of the study.

## NAVORSINGSTEMA

***Christologie, dissipelskap en jeugbediening – 'n prakties-teologiese ondersoek***

Hierdie studie op die terrein van die praktiese teologie is gerig op die ontwikkeling van ‘n Christologies-gefundeerde kurrikulum vir dissipelmaking in jeugbediening.

## KERNBEGRIPPE

Jeugleraar, jeugbediening, kurrikulum, missionêre opdrag, dissipel, dissipelmaking, lewenslange geloofsvorming, geloofsbegeleiding

## *Inhoudsopgawe*

**ERKENNINGS EN BEDANKINGS ...... 2**
**VERKLARING ...... 5**
**OPSOMMING ...... 6**
**ABSTRACT ...... 8**
**NAVORSINGSTEMA ...... 10**
**KERNBEGRIPPE ...... 10**
**LYS VAN AFKORTINGS ...... 17**
**LYS VAN TABELLE EN FIGURE ...... 18**
**ADDENDA ...... 19**
**HOOFSTUK 1 ...... 20**
**CHRISTOLOGIE, DISSIPELSKAP EN JEUGBEDIENING – PROBLEEMSTELLING EN -UITEENSETTING20**
1.1 INLEIDING ...... 20
1.2 DIE GROOT OPDRAG EN DISSIPELSKAP ...... 21
1.2.1 DIE GROOT OPDRAG ...... 21
***Figuur 1.1:*** *Skematiese voorstelling van die Groot Opdrag ...... 23*
1.2.2 DISSIPELSKAP ...... 24
1.2.3 'N CHRISTOLOGIESE INVALSHOEK ...... 26
1.3 PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE ...... 28
1.3.1 UITDAGINGS IN DIE KERK EN IN JEUGBEDIENING ...... 28
1.3.2 PROBLEEMSTELLING ...... 32
1.3.3 HIPOTESE ...... 33
1.3.4 DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE ...... 34
1.3.5 UITGANGSPUNTE VAN DIE NAVORSING ...... 35
1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE ...... 35
1.4.1 DIE TERREIN VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE ...... 36
***Figuur 1.2:*** *Metateoretiese kwessies in die praktiese teologie (Osmer, 2005) ...... 37*
1.4.2 ZERFASS SE PRAKTIES-TEOLOGIESE MODEL ...... 38
1.4.3 LITERATUURSTUDIE EN EMPIRIESE, KWALITATIEWE NAVORSING ...... 39
1.4.4 DIE GEBRUIK VAN BEPAALDE TERME ...... 40
1.4.5 KEUSE VAN DISSIPELMAKINGSMODELLE EN -BENADERINGS VIR DIE NAVORSING ...... 41
1.5 HOOFSTUKINDELING ...... 42
1.6 WAARDE VAN DIE STUDIE ...... 43
**HOOFSTUK 2 ...... 44**
**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT DIE SKRIF:**
**DIE GROOT FOKUS OP JESUS DIE GEKRUISIGDE IN DIE EVANGELIES EN IN KORINTIËRS**
**DIE GROOT GEBOD IN FILIPPENSE**
**DIE GROOT OPDRAG IN MATTEUS**
2.1 INLEIDING ...... 44
2.1.1 CHRISTOLOGIE IN JEUGBEDIENING ...... 47
***Figuur 2.1*** *Skematiese uiteensetting van Christologie (Lanier:2014) ...... 50*
2.1.2 BASISTEORIE VAN DIE HUIDIGE STUDIE ...... 50
2.2 BASISTEORETIESE SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE GROOT FOKUS: JESUS CHRISTUS ...... 52
2.2.1 CHRISTOLOGIE EN DISSIPELSKAP IN DIE MATTEUS-EVANGELIE ...... 52
2.2.2 CHRISTOLOGIE EN DISSIPELSKAP IN DIE MARKUS-EVANGELIE ...... 54
2.2.3 CHRISTOLOGIE EN DISSIPELSKAP IN DIE LUKAS-EVANGELIE EN HANDELINGE ...... 56
***Figuur 2.2*** *Christologie en dissipelskap in Lukas (Anglikaanse Sinode, 2010) ...... 58*
2.2.4 CHRISTOLOGIE EN DISSIPELSKAP IN DIE JOHANNES-EVANGELIE ...... 58
2.2.5 CHRISTOLOGIE EN DISSIPELSKAP IN KORINTIËRS ...... 59
2.2.5.1 GESKIEDENIS EN LIGGING VAN DIE STAD KORINTE ...... 60
2.2.5.2 BEVOLKING EN GODSDIENS VAN KORINTE ...... 61

2.2.5.3 PAULUS SE AGTERGROND EN BEKERING ... 61
2.2.5.4 PAULUS SE FOKUS OP JESUS CHRISTUS IN DIE BRIEF AAN DIE KORINTIËRS ... 63
***Figuur 2.3*** *Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:18 (Pretorius, 2003:53) ... 67*

***Figuur 2.4*** *Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 2:24 (Pretorius, 2003:53) ... 69*

***Figuur 2.5*** *Die fokus op Christus (Pretorius, 2003:53) ... 70*

2.2.6 VOORLOPIGE SAMEVATTING VAN DIE GROOT FOKUS ... 71
2.3 BASISTEORETIESE SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE GROOT GEBOD: LIEFDE ... 72
2.3.1 DIE GROOT GEBOD ... 72
2.3.1.1 DIE LIEFDESGEBOD ... 73
2.3.1.2 LIEFDE IN DIE GEMEENTE ... 74
2.3.1.3 DIE ROL VAN GEBED ... 75
2.3.2 GEVOLGTREKKINGS OOR DIE GROOT GEBOD ... 76
2.4 BASISTEORETIESE SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE GROOT OPDRAG ... 77
***Figuur 2.6*** *Die Groot Opdrag-trapleer (Pretorius, 2003:150) ... 80*

2.4.1 ONDERRIG EN DISSIPELSKAP ... 81
2.4.2 DIE DISSIPELMAAKPROSES ... 82
2.4.3 DIE DOOPHANDELING ... 83
2.4.4 DIE LEWENSLANGE LEER VAN 'n DISSIPEL ... 84
2.4.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS OOR DIE GROOT OPDRAG ... 85
2.5 VOLLEDIGE EN INKLUSIEWE JEUGBEDIENING – NEL SE AGT ELEMENTE ... 86
2.5.1 KERUGMA/PREDIKING ... 87
2.5.2 LEITOURGIA/EREDIENS ... 87
2.5.3 DIDACHE/ONDERRIG ... 88
2.5.4 PARAKLESE/PASTORALE SORG ... 88
2.5.5 KOINONIA/GEMEENSKAP ... 88
2.5.6 DIAKONIA/DIENS ... 89
2.5.7 MARTURIA/GETUIENIS ... 89
2.5.8 KUBERNESIS/ADMINISTRASIE ... 90
2.5.9 GEVOLGTREKKING OOR DIE AGT ELEMENTE ... 90
***Figuur 2.7*** *Die voorstelling van die drie sleutels, te wete die Groot Fokus, die Groot Gebod en die*

*Groot Opdrag, en die agt temas in 'n simbool vir jeugbediening (Van Deventer 2010) ... 92*

2.6 DIE DISSIPELSKAPSPROSES VOLGENS GRAHAM SE NAVORSING ... 93
2.6.1 LIEFDE TOT GOD ... 94
2.6.2 BEKERING ... 96
2.6.3 DOOP ... 98
2.6.4 DIE GAWE VAN DIE HEILIGE GEES (JOHANNES 7:37, LUKAS 25:49 EN HANDELINGE 1:4,8) . 99
2.6.5 GEHOORSAAMHEID (LUKAS 11:28, JOHANNES 8:31 MATTEUS 6:14) ... 103
2.6.6 LIEFDE VIR MEKAAR ... 106
2.6.7 GEMEENSKAPLIKE MAALTYE (LUKAS 22:19) ... 107
2.6.8 GEBED (LUKAS 11:1-13) ... 109
2.6.9 GEE (LUKAS 6:38, MATTEUS 10:8) ... 110
2.6.10 MAAK DISSIPELS ... 111
2.6.11 'n OPSOMMING VAN GRAHAM SE BENADERING ... 113
2.7 SAMEVATTING ... 114
2.8 GEVOLGTREKKINGS VIR JEUGBEDIENING ... 115
**HOOFSTUK 3 ... 116**
**PRAKTIESE MODELLE EN BENADERINGS VIR ONDERSOEK NA 'n KURRIKULUM VIR DISSIPELMAKING IN JEUGBEDIENING**
3.1 INLEIDING ... 116
3.2 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK VAN PRAKTIESE DISSIPELSKAPMODELLE EN –BENADERINGS ... 117
3.3 KRITIESE REFLEKSIE ... 119

3.4 GRONDSLAG VIR DIE ONDERSOEK NA DISSIPELSKAPMODELLE IN JEUGBEDIENING ........ 120
3.4.1 DIE GROOT FOKUS, DIE GROOT GEBOD EN DIE GROOT OPDRAG ........ 122
3.4.2 JESUS SE DISSIPELSKAPSMODEL (MARKUS 3:13-15) ........ 122
3.4.3 GRAHAM SE DISSIPELSKAP-TEMAS ........ 123
***Figuur 3.1:*** *Voorstelling van Graham se benadering binne die konteks van Jesus se model en die sleutels van die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag. ........ 125*
3.4.4 SIMPLY MOBILIZING ........ 125
3.5 DIE EVALUERING VAN 'N CHRISTELIKE KURRIKULUM ........ 127
3.5.1 SKRIFTUURLIKHEID ........ 129
3.5.2 CHRISTUSGESENTREERDHEID ........ 129
3.5.3 TRANSFORMASIE VAN DIE GELOWIGE ........ 130
3.5.4 INAGNEMING VAN KONTEKS ........ 131
3.5.5 DIE VESTIGING VAN 'N VERHOUDING MET JESUS ........ 131
3.5.6 KLEM OP DIE LIEFDE ........ 131
3.5.7 'N SIKLUS VAN INTERNE OPBOU EN UITWAARTSE UITREIKING ........ 132
3.6 EVERY NATION-GEMEENTE ........ 133
3.6.1 'n SONDEBESEF AS EERSTE STAP ........ 133
3.6.2 DIE FOKUS OP EN GEHOORSAAMHEID AAN JESUS ........ 134
3.6.3 BEKERING EN DOOP ........ 135
3.6.4 DIE HEILIGE GEES EN GAWES VAN DIE HEILIGE GEES ........ 136
3.6.5 DIE WOORD VAN GOD ........ 137
3.6.6 DISSIPELSKAP EN LEIERSKAP ........ 139
3.6.7 GEESTELIKE FAMILIE EN KERKLEWE ........ 140
3.6.8 DIE KERK LEWE UIT OORWINNING ........ 141
3.6.9 GEBED EN AANBIDDING ........ 142
3.6.10 GELOOF EN HOOP ........ 144
3.6.11 RENTMEESTERSKAP EN FINANSIES ........ 145
3.6.12 EVANGELISASIE EN UITREIKING (MATTEUS 28:18-20) ........ 145
3.6.13 OPSTANDING EN DIE EWIGE LEWE (PSALM 9:7-8 EN HEBREËRS 9:27-28) ........ 147
3.6.14 VERGELYKING VAN EVERY NATION MET ANDER MODELLE ........ 148
3.6.15 EVALUERING VAN DIE EVERY NATION-MODEL ........ 149
3.7 DIE WILLOW CREEK SOEKERDIENSSTRATEGIE (WCS) ........ 150
3.7.1 INLEIDEND: WILLOW CREEK EN DIE SOEKERDIENSBEWEGING ........ 150
***Figuur 3.2*** *Elevate Youth WCS ........ 152*
3.7.2 NAVORSING OOR WILLOW CREEK ........ 153
3.7.3 EIENSKAPPE VAN DIE WCS ........ 154
3.7.4 DIE GROOT GEBOD: LIEFDE TOT GOD EN TOT DIE NAASTE (MARKUS 12:29-30) ........ 155
3.7.5 GROOT FOKUS: JESUS CHRISTUS DIE GEKRUISIGDE ........ 155
3.7.6 BEKERING EN GELOOF (MARKUS 1:15) ........ 156
3.7.7 WORD GEDOOP (MATTEUS 28:18) ........ 157
3.7.8 VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES (JOHANNES 7:37, LUKAS 25:49 EN HANDELINGE 1:4,8) ........ 157
3.7.9 GEHOORSAAMHEID AAN DIE WOORD (LUKAS 11:28, JOHANNES 8:31 MATTEUS 6:14) ........ 158
3.7.10 LIEFDE VIR MEKAAR EN VERGIFFENIS (MARKUS 12:31, JOHANNES 13:34, MATTEUS 6:14-15) ........ 159
3.7.11 BREEK BROOD EN DRINK WYN TOT GEDAGTENIS AAN JESUS CHRISTUS (LUKAS 22:19) ........ 159
3.7.12 BID (LUKAS 11: 1-13) ........ 160
3.7.13 GEE (LUKAS 6:38, MATTEUS 10:8) ........ 160
3.7.14 MAAK DISSIPELS (MATTEUS 28:19; MARKUS 16:15; JOHANNES 20:21), HÊ JOU NAASTE LIEF SOOS JOUSELF (MARKUS 12:31), VERKONDIG DIE EVANGELIE EN DIE SIKLUS BEGIN WEER. 161
3.7.15 BEOORDELING: DIE WCS GEE PRAKTIESE UITVOERING AAN DIE GROOT OPDRAG ........ 161
3.7.16 ALGEMENE TEKORTKOMINGE VAN DIE WCS ........ 162
3.7.17 TEKORTKOMINGE VAN DIE WCS-MODEL GEMEET AAN DIE DISSIPELSKAPTEMAS EN -METODES SOOS REEDS IN HIERDIE HOOFSTUK BEPAAL ........ 164
3.7.18 VERGELYKING VAN WCS MET ANDER MODELLE ........ 167

3.7.19 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS ........ 169
3.8 YOUTH WITH A MISSION (YWAM) ........ 170
3.8.1 DISCIPLESHIP TRAINING SCHOOL (DTS) WEEK 1 ........ 172
3.8.2 DTS WEEK 2 ........ 175
3.8.3 DTS WEEK 3 ........ 179
3.8.4 DTS WEEK 4 ........ 182
3.8.5 DTS WEEK 5 ........ 186
3.8.6 DTS WEEK 6 ........ 192
3.8.7 DTS-OPLEIDING ........ 194
3.8.8 GEVOLGTREKKING OOR YWAM SE DTS ........ 197
3.8.9 VERGELYKING VAN YWAM MET ANDER MODELLE ........ 198
3.9 NEL SE AGT JEUGBEDIENINGSVELDE GETOETS IN 'n DISSIPELSKAPMODEL . 199
***Figuur 3.3*** *Die agt elemente van dissipelskap volgens Nel se benadering. ........ 201*

3.9.1 DIE INKLUSIEWE BENADERING TOT DISSIPELSKAP ........ 201
3.9.2 NEL SE INKLUSIEWE BENADERING TEN OPSIGTE VAN DIE FOKUS OP JESUS, DIE LIEFDESGEBOD EN DIE MAAK VAN DISSIPELS. ........ 203
3.9.3 VERGELYKING VAN NEL SE BENADERING MET ANDER MODELLE ........ 204
3.9.4 SAMEVATTING ........ 204
3.10 PURPOSE DRIVEN YOUTH MINISTRIES (PDYM) ........ 205
3.10.1 INLEIDING ........ 205
3.10.2 PDYM SE BEDIENINGSMODEL ........ 205
3.10.3 DIE VYF UITSETTE VAN DIE JEUGBEDIENING ........ 207
***Figuur 3.4*** *Jeugbediening van PDYM (Fields, 1998:87) ........ 210*

3.10.4 DIE KONSENTRIESE SIRKEL VAN DIE PDYM-JEUGBEDIENING ........ 210
3.10.5 PDYM GEMEET AAN ENKELE VAN GRAHAM SE DISSIPELSKAPSTEMAS ........ 212
3.10.6 PDYM EN DIE GROOT FOKUS ........ 215
3.10.7 PDYM EN DIE GROOT GEBOD ........ 215
3.10.8 PDYM EN DIE GROOT OPDRAG ........ 216
3.10.9 PDYM EN DIE AGT ELEMENTE VAN NEL ........ 217
3.10.10 VERGELYKING VAN PDYM MET ANDER MODELLE ........ 218
3.10.11 GEVOLGTREKKING ........ 219
3.11 JEUGBEDIENING EN DIE GROOT FOKUS ........ 220
3.12 JEUGBEDIENING EN DIE GROOT GEBOD ........ 221
3.13 VERSKILLENDE FASETTE VAN DIE UITLEWING VAN JONGMENSE SE DISSIPELSKAP ........ 221
3.14 VERSKILLENDE FASETTE VAN DISSIPELMAKING ........ 224
3.15 FINALE OPMERKINGS OOR DIE DISSIPELSKAPPAD ........ 234
3.16 GEVOLGTREKKINGS ........ 235
**HOOFSTUK 4 ........ 237**
**EMPIRIESE NAVORSING IN DIE ONDERSOEK NA 'n KURRIKULUM VIR DISSIPELSKAP BINNE JEUGBEDIENING**
4.1 INLEIDING ........ 237
4.2 EMPIRIESE NAVORSING ........ 237
4.3 DIE NAVORSINGSONTWERP ........ 238
4.3.1 WAT IS NAVORSINGSONTWERP? ........ 238
4.3.2 DIE NAVORSINGSPARADIGMA ........ 239
4.3.3 DIE AARD VAN DIE STUDIE ........ 240
4.3.3.1 KWALITATIEWE NAVORSING ........ 240
4.3.3.2 VERKENNENDE NAVORSING ........ 242
4.3.3.3 KONTEKSTUELE NAVORSING ........ 242
4.3.3.4 BESKRYWENDE NAVORSING ........ 243
4.3.3.5 DEDUKTIEWE NAVORSING ........ 244
4.4 DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE ........ 244
4.4.1 DIE STEEKPROEF ........ 245
4.4.2 VOORAF KONTROLERING VAN NAVORSINGSVRAE ........ 246
4.4.3 DATA-INSAMELING ........ 247
4.4.3.1 ONDERHOUDVOERING ........ 247

4.4.3.2 VELDNOTAS ..... 248
4.4.4 DATA-ANALISE ..... 248
4.4.5 BETROUBAARHEID VAN DIE NAVORSINGSPROSES ..... 250
4.4.5.1 GELOOFWAARDIGHEID (ENGELS: CREDIBILITY) ..... 250
4.4.5.2 OORDRAAGBAARHEID (ENGELS: TRANSFERABILITY) ..... 251
4.4.5.3 VERTROUBAARHEID (ENGELS: DEPENDABILITY) ..... 252
4.4.5.4 BEVESTIGBAARHEID (ENGELS: CONFIRMABILITY) ..... 253
4.4.6 DIE ETIESE KODE ..... 253
***Tabel 4.1*** *Opsomming van die navorsingsmetodologie (Lovell, 2009) ..... 255*

4.5 SAMEVATTING ..... 255
4.6 DIE EMPIRIESE NAVORSING ..... 256
4.6.1 INLEIDING ..... 256
4.6.2 VELDNOTAS ..... 256
4.6.3 DIE DIEPTE-ONDERHOUD ..... 257
4.6.4 DIE SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF ..... 257
***Tabel 4.2:*** *Opsomming van deelnemers en plek en datum van ontmoeting. ..... 258*

4.7 RESULTATE VAN DIE NAVORSING ..... 258
4.7.1 METODE VAN ANALISE VAN DIE ONDERHOUDSRESULTATE ..... 258
4.7.2 KATEGORIEË IN DIE NAVORSING GEÏDENTIFISEER ..... 259
4.8 BESPREKING VAN DIE RESULTATE ..... 271
4.9 SAMEVATTING ..... 272
**HOOFSTUK 5 ..... 274**
**PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE:**
**'n DISSIPELMAKINGSKURRIKULUM EN –RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING**
5.1 HOOFSTUKUITLEG ..... 274
5.2 OPSOMMENDE VERSLAG VAN DIE NAVORSING ..... 275
5.3 OPMERKINGS OOR DIE NOODSAAKLIKHEID, HIPOTESE, DOEL EN METODE VAN DIE STUDIE ..... 276
5.4 KRITIESE REFLEKSIE ..... 280
5.5 PERSPEKTIEWE OP DISSIPELSKAP BINNE JEUGBEDIENING ..... 286
5.5.1 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP CHRISTOLOGIE EN DISSIPELSKAP ..... 287
5.5.2 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP CHRISTOLOGIE EN DISSIPELSKAP ..... 290
5.5.3 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE GROOT GEBOD VIR DIE MAAK VAN DISSIPELS ... 293
5.5.4 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE GROOT GEBOD VIR DIE MAAK VAN DISSIPELS ... 295
5.5.5 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE GROOT OPDRAG EN DIE MAAK VAN DISSIPELS .. 297
5.5.6 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE RAKENDE DIE GROOT OPDRAG EN DIE MAAK VAN DISSIPELS ..... 300
5.5.6.1 PRAKTYKTEORETIESE AANBEVELINGS OOR DISSIPELMAKING BINNE GEMEENTES EN JEUGBEDIENINGS ..... 301
5.5.6.2 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE METATEORETIESE EN EMPIRIESE NAVORSING OOR DIE DOOP AS DEEL VAN DIE GROOT OPDRAG ..... 302
5.5.6.3 GEVOLGTREKKINGS UIT DIE EMPIRIESE NAVORSING OOR UITREIKING AS DEEL VAN DIE GROOT OPDRAG ..... 302
5.5.6.4 PRAKTYKTEORETIESE GEVOLGTREKKING OOR "LEER HULLE ... " IN DIE GROOT OPDRAG ... 303
5.5.6.5 PRAKTYKTEORETIESE GEVOLGTREKKINGS OOR DIE UITVOERING VAN DIE GROOT OPDRAG 303
5.5.7 GRAHAM SE TIEN TEMAS VIR 'n DISSISIPELSKAPSMODEL ..... 304
5.5.8 NEL SE DISSIPELSKAPSBEGINSELS ..... 306
5.6 METATEORETIESE EN PRAKTYKTEORETIESE NAVORSING OOR DISSIPELSKAPMODELLE IN JEUGBEDIENING ..... 307
5.6.1 METATEORETIESE EN PRAKTYKTEORETIESE GEVOLGTREKKINGS OOR DIE YWAM-BEDIENING ..... 307
5.6.2 METATEORETIESE EN PRAKTYKTEORETIESE GEVOLGTREKKINGS OOR DIE EVERY NATION-GEMEENTE SE BEDIENING ..... 308
5.6.3 METATEORETIESE EN PRAKTYKTEORETIESE GEVOLGTREKKING OOR DIE JESUS-MODEL VAN DISSIPELMAKING ..... 309
5.7 'n GEÏNTEGREERDE BLIK OP DIE ONDERSKEIE DISSIPELSKAPMODELLE EN -BENADERINGS ..... 310

5.8 AANBEVELING VAN 'n KURRIKULUM VIR DIE MAAK VAN DISSPELS BINNE JEUGBEDIENING ... 311
***Figuur 5.1:*** *Deel een van die kurrikulumvoorstel ... 313*

***Figuur 5.2:*** *Deel twee van die kurrikulumvoorstel ... 314*

5.9 VERDUIDELIKING EN BESPREKING VAN DIE KURRIKULUMVOORSTEL ... 315
5.10 'N PRAKTIESE VOORBEELD VAN DIE TOEPASSING VAN EEN VAN DIE KURRIKULUM-TEMAS ... 317
5.10.1 ONTMOETING MET JONGMENSE OP GEKOSE TYD IN DIE WEEK ... 318
5.10.2 DIE EVALUERING VAN DIE KURRIKULUM-TEMA ... 324
***Figuur 5.3:*** *'n Skematiese voorstelling van die evalueringskriteria ... 325*

5.11 SLOTOPMERKINGS ... 328
5.12 TERREINE VIR VERDERE NAVORSING ... 329
**ADDENDUM 1:** ONDERHOUDSKEDULE MET VRAE EN DOELSTELLINGS VIR DIEPTE-ONDERHOUDE ... 331
**ADDENDUM 2:** DIE KODEERDER SE WOORDELIKSE VERSLAG VAN DIE EMPIRIESE NAVORSINGSRESULTATE 333
**ADDENDUM 3:** ETIESE KLARING VIR DIE NAVORSING ... 356
**BIBLIOGRAFIE ... 357**

# LYS VAN AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| **GF** | – | Groot Fokus |
| **GG** | – | Groot Gebod |
| **GKSA** | – | Gereformeerde kerke van Suid-Afrika |
| **GO** | – | Groot Opdrag |
| **HK** | – | Hervormde kerk |
| **NGK** | – | Nederduits Gereformeerde kerk |
| **PDM** | – | Purpose Driven Ministries |
| **PDYM** | – | Purpose Driven Youth Ministries |
| **UV** | – | Universiteit van die Vrystaat |
| **WCA** | – | Willow Creek Association |
| **WCS** | – | Willow Creek Soekerdiensstrategie |
| **YWAM** | – | Youth with a Mission |

# LYS VAN TABELLE EN FIGURE


Figuur 1.1: Skematiese voorstelling van die Groot Opdrag 23

Figuur 1.2: Metateoretiese kwessies in die praktiese teologie 37

Figuur 2.1: Skematiese uiteensetting van Christologie 50

Figuur 2.2: Christologie en dissipelskap in Lukas 58

Figuur 2.3: Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:18 67

Figuur 2.4: Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 2:24 69

Figuur 2.5: Die fokus op Christus 70

Figuur 2.6: Die Groot Opdrag-trapleer 80

Figuur 2.7: Die voorstelling van die drie sleutels, te wete die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag, en die agt elemente in ŉ simbool van jeugbediening 92

Figuur 3.1: Voorstelling van Graham se model binne die konteks van Jesus se model en die sleutels van die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag 125

Figuur 3.2: Elevate Youth WCS 152

Figuur 3.3: Die agt elemente van dissipelskap volgens Nel se benadering 201

Figuur 3.4: Jeugbediening van PDYM 210

Tabel 4.1: Opsomming van die navorsingsmetodologie 255

Tabel 4.2: Opsomming van deelnemers en plek en datum van ontmoeting 258

Figuur 5.1: Deel een van die kurrikulumvoorstel 313

Figuur 5.2: Deel twee van kurrikulumvoorstel 314

Figuur 5.3: ŉ Skematiese voorstelling van die evalueringskriteria 325

## ADDENDA


| | | |
|---|---|---|
| Addendum 1: | Onderhoudskedule met vrae en doelstellings vir die diepte-onderhoude | 331 |
| Addendum 2: | Kodeerder se woordelikse verslag van die empiriese navorsingsresultate | 333 |
| Addendum 3: | Etiese klaring vir die navorsing | 356 |

# HOOFSTUK 1

# CHRISTOLOGIE, DISSIPELSKAP EN JEUGBEDIENING – PROBLEEMSTELLING EN -UITEENSETTING

## 1.1 INLEIDING

Aangesien die navorser van die huidige studie jeugleraar is by die Gereformeerde Kerk Linden in Johannesburg, fokus die navorsing nie op die algemene kerklike praktyk nie, maar spesifiek op jeugbediening. Die navorser, en ook ander jeugleraars, ervaar in hul werkskonteks uitdagings rondom die maak van dissipels van jeuglidmate binne die kerk. Terselfdertyd woon jongmense met geen kerkverbintenis nie, en dikwels met geen kennis van Jesus of van hoe 'n gemeente funksioneer nie, ook soms eredienste, katkisasie en ander jeugaksies by. Oor hierdie hele spektrum moet die jeugleraar die opdrag van Jesus nakom om dissipels te maak. Hierdie studie wil 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir die praktiese uitvoering van hierdie opdrag binne jeugbediening. Dit vereis 'n grondige verkenning van wat Jesus met die Groot Opdrag bedoel het en wat dissipelskap behels. Duidelike Bybelse beginsels en vertrekpunte is nodig om dissipels te maak van jeugdiges binne en buite gemeentes.

In hierdie hoofstuk word die Groot Opdrag en dissipelskap, wat die konteks van die navorsing uitmaak, belig. Die probleemarea binne jeugbediening word bespreek en daarna word 'n hipotese geformuleer wat as grondslag dien vir die deduktiewe navorsing wat uitgevoer word. Verder word die navorsingsmetodologie van die studie kortliks uiteengesit en in die laaste gedeelte word die hoofstukindeling en die waarde van die studie uitgelig.

## 1.2 DIE GROOT OPDRAG EN DISSIPELSKAP

### 1.2.1 Die Groot Opdrag

Die Groot Opdrag is ŉ opdrag deur die opgestane Jesus aan sy elf apostels om van al die nasies dissipels te maak. Dit word vervat in Matteus 28:16-20: "Die elf dissipels het na Galiléa toe gegaan, na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. Jesus kom toe nader en sê vir hulle: Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels; doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Dit is die laaste persoonlike opdrag van Jesus aan sy dissipels wat in die Bybel gerapporteer word.

Hierdie missionêre funksie is nie beperk tot die apostels van Jesus nie, maar is 'n wesensfunksie van die kerk wat in die praktyk werk om dissipels van Jesus te maak. Om na buite te getuig van die Drie-enige God en sy versoening met die mens is onafwendbaar deel van gelowige wees. Dit vorm inderdaad deel van God se eie werk met die mensdom. In sy besinning oor praktiese teologie noem Richard Osmer (2011:5) die kerk se missionêre funksie "a matter of discerning the church's participation in God's creating, guiding and redeeming purposes for the world".

Praktiese teoloog John Flett (2014:69) wys ook op die missionêre aard van God self, wat vervat word in die term missio Dei. Flett sê: "… mission is not first something the church does, but describes the being of God." In die Drie-eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees is God wesensmissionêr. Die wêreld word by die missie betrek wanneer eers die Seun en dan die Gees na die wêreld gestuur word. Deur hierdie Goddelike intervensie van Jesus wat mens word, sy kruisiging, opstanding en hemelvaart en die daaropvolgende uitstorting van die Heilige Gees word die mens met God versoen en opgeneem in die "fellowship" of gemeenskap met die Drie-eenheid. Uiteindelik word die kerk self gestuur om dissipels te maak. Flett (2014:72) sê in dié verband: "… what occurs in God's creating of fellowship between himself and the human is something which first occurs in God's own being as Father, Son and Spirit… There is only the

being of God as the Father and the Son with the Holy Spirit which is the Spirit of both and in whose eternal procession they are both actively united."

Die Goddelike inisiatief om God en mens te versoen loop uit op die Groot Opdrag wat Jesus aan sy apostels gee. Hy het self op die aarde getuig van God die Vader en Hy stuur sy dissipels om van Hom te getuig en self weer dissipels te maak. Die Heilige Gees rus hulle toe in hulle missionêre taak. Hierdie getuie wees of missie van die kerk is nie iets aparts van God self nie, maar dit is "the living relationship of the divine and the human" en "the living history of our fellowship with God" (Flett, 2014:73).

Die Groot Opdrag behels die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus en die maak van dissipels volgens sy leringe. In die kern handel die boek Matteus oor die goeie nuus van die Messias-Koning en sy opdrag aan sy dissipels. Elwell en Comfort (2001:887) beskryf die temas soos volg: "Matthew's leading theological themes may be identified as the Son of God (Jesus is Yahweh incarnate, 'God with us'), the kingdom of God (in Jesus, God is invading history to inaugurate his final rule), the salvation of God (as the servant-king, Jesus has come to 'save his people from their sins'), and the people of God (Jesus has come to build his church, a redeemed community consisting of both Jews and gentiles)". Pretorius (2003:145) sê dat onderrig oor dissipelskap ŉ sentrale tema van die Matteusboek vorm. Binne die paradigma van jeugbediening, dissipelskap en die Groot Opdrag is dit dus sinvol om die huidige studie, wat fokus op dissipelskap, op Matteus te baseer.

Navorsers dui die aard van die opdrag soos volg aan:

- Die woord "gaan" is volgens Pretorius (2003:148) ŉ opdrag wat saamhang met die "maak" van dissipels vir Jesus uit "al die nasies". Die daaropvolgende handelinge, naamlik "doop hulle" en "leer hulle" is die manier waarop dissipelmaking verder gevoer word nadat ŉ persoon ŉ volgeling van Christus geword het.
- Keener (1999:718) stel dit dat die "gaan"-opdrag ŉ bevel van Jesus aan sy dissipels is. Die bevel is dat die Koninkryk verkondig moet word aan diegene wat nog nie die evangelie gehoor het nie. Keener sê dat die werklike vertaling

moet wees: "… nadat julle gegaan het …" Op dié manier word die bevel-element nog sterker.

- Pretorius (2003:149) se sintaktiese ontleding van die teks bring hom tot 'n skematiese voorstelling van die Groot Opdrag. Dié voorstelling word hieronder aangedui en word in die huidige studie as 'n sleutelbenadering aanvaar vir die dissipelmakingsproses in 'n jeugbediening.




**Figuur 1.1:** Skematiese voorstelling van die Groot Opdrag

Pretorius (2003:150) verwys na dié voorstelling as die "Groot-Opdrag-trapleer" en hy verduidelik dit soos volg:

- Die leer moet van onder na bo gelees word.
- Die onderste en boonste sport stel die troos van God voor wat die Groot Opdrag omraam: "aan My is alle mag gegee" en "Ek is altyd met julle".

- Die kern van die opdrag is: gaan maak dissipels.
- Die wyse waarop dissipels gemaak word, word deur die twee middelste sporte aangedui: “doop hulle …” en “leer hulle …”
- Al die nasies (ook die Jode wat deel het aan die verbond) moet van Jesus leer en gedoop word.

Daar word algemeen aanvaar dat die opdrag nie net aan die elf gegee is nie, maar aan die kerk. Dit word as die klimaks van die evangelie gesien en lê ten grondslag van die hele boek Handelinge (Witherington, 1998:110). Die uitvoering van die opdrag impliseer geloof in aksie, en uit die opdrag spruit die kerk se fokus op bediening, sendingwerk, evangelisasie en die bediening van die doop.

Die woorde “alle mag”, “al die nasies”, “alles onderhou” en “al die dae” wys volgens Ridderbos (1987:552) dat dit ŉ omvattende opdrag is. Jesus het alle mag en outoriteit verwerf deur sy kruisdood en opstanding en sy dissipels kan vanuit dié outoriteit dissipels onder al die nasies maak. Geen land of nasie val buite Jesus se Goddelike outoriteit nie. Die Groot Opdrag word dus die opdrag en roeping van die kerk. Dit bepaal die bestaansreg van die kerk. Deur die kerk, in en saam met Jesus, in ŉ proses van ko-werksaamheid, word meer gedoen as net die evangelie uitdra. Dissipels leer andere om dissipels van Christus te wees, toegewyde navolgers wat sy leringe gehoorsaam en uitleef.

### 1.2.2 Dissipelskap

Jesus is self die aktiveerder van dissipelmaking. In Matteus 4:19 roep Hy die twee vissermanne Simon en Andreas en sê: “Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak”. Dit is ŉ belofte deur Jesus: word My dissipel en Ek sal jou ŉ dissipelmaker maak.

ŉ Dissipel in die dae van Jesus was iemand wat letterlik ŉ navolger of ŉ volger was. Jesus se dissipels het oral saam met Hom gegaan en na al sy leringe geluister. Louw en Nida (1996:36) omskryf ŉ dissipel as ŉ persoon wat onderrig, hetsy formeel of informeel, by ŉ leermeester ontvang. In die tyd van Jesus se bestaan op aarde was

dissipels nie ongewoon nie. Baie leermeesters het dissipels gehad wat aktief die lewe en leringe van die leermeester nagevolg het. Normaalweg kon ŉ dissipel sy leermeester kies, maar Louw en Nida wys daarop dat Jesus teen dié praktyk ingaan en self sy dissipels kies en roep. Rengstorf (1976) wys verder uit dat daar geweldige streng vereistes gestel is waaraan ŉ dissipel moes voldoen, maar Jesus roep selfs tollenaars en Selote.

Jesus bied Homself, sy persoon, aan sy dissipels; trouens, in Jesus het God self na sy mense toe gekom. Volgens Rengstorf (1976) verander dit die hele verhouding tussen Jesus en sy dissipels. Waar dissipels van filosowe en rabbi's volgelinge was wat toegewy was aan die leermeester se leringe, was Jesus se dissipels toegewy aan die persoon van die Meester (Aden 2006:3). Weder (in Aden, 2006:3) sê: "The disciple is not merely to learn from his teacher, but to share his life with him without reservation". Dissipelskap van Jesus word dus gekenmerk deur ŉ lewenslange wandel met Jesus Christus en ŉ intiem persoonlike verhouding met Hom. Dit is as't ware ŉ lewenslange vakleerlingskap waardeur die leerling/dissipel ŉ lewende kopie van die leermeester word (Sri, 2018). Rengstorf stel dit so: "The disciples were moulded by their self-awareness of Jesus; Jesus is for them their Lord, not the rabbi."

Die woord "imitatio" of "nabootsing" word gebruik om hierdie noue verhouding te beskryf. ŉ Dissipel van Jesus moet Hom naboots en ander leer om ook nabootsers van Hom te word. Jesus kies en roep nie net dissipels nie; hy verwag van hulle om ook van andere dissipels te maak. Om "na te volg" en om "dissipels te maak" is albei temas van dissipelskap (Segovia, 1985:3-4). "Dissipel maak" is volgens Butler Bass (2011) ŉ lewenslange proses waardeur mense begelei word om volgelinge van Jesus te word en om meer soos Hy ("imitatio") te word. Dit word bewerk nie net deur sy leringe te begryp nie, maar om die Leermeester self te ken en soos Hy te word. Jesus gee nie van die begin af die opdrag aan sy dissipels nie. Nadat hulle Hom lank gevolg het en sy persoon beleef het, kom die opdrag, want nou het hulle gesien en ervaar wat dit prakties beteken om iemand ŉ volgeling van Jesus te maak.

Die woord dissipel verwys dus na iemand wat leer, ŉ leerling. Dit gaan oor meer as net kennis versamel, en wel ook oor die toepassing daarvan sodat jy in die waarheid kan bly soos in Johannes 8:31 aangedui word (Hoffman, 2010:21): "Toe sê Jesus vir

die Jode wat in Hom glo: ‘As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak’.”

Terselfdertyd beteken dissipelskap om “soos Jesus” te word. 1 Johannes 2:16 sê onomwonde: “Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het”. ʼn Dissipel van Jesus leef dus in daaglikse gehoorsaamheid aan Hom en doen wat Hy gedoen het: maak dissipels. Dit is hoe Jesus sy kerk bou. Dietrich Bonnhoefer se woorde is hier ter sake: Christenskap sonder dissipelskap is Christenskap sonder Christus (Bonnhoefer, 1937:40).

### 1.2.3 ‘n Christologiese invalshoek

Die studie gaan van die veronderstelling uit dat Jesus Christus self die kernfokus van die “Gaan”-opdrag is. Die navorsing is dus Christologies gefokus. Sonder Christus, sê Dean (2004:37), word alle geloofsbeoefening niks meer nie as ‘n voertuig tot heilsaamheid. Deur die uitvoering van die Groot Opdrag word Jesus se eie bedieningswerk, die Christopraxis, voortgesit in die wêreld en dit loop uit op ‘n nuwe lewe vir die nuwe dissipel. Volgens Root (2014:91) transformeer Christologie in die Christopraxis. Root (2014) het in diepte ‘n studie gedoen oor die posisionering van praktiese teologie. Volgens hom kan dit slegs geposisioneer word as die Christopraxis, die praktiese teologie van Jesus en van Hom as gekruisigde. Mense se lewens word aangeraak en getransformeer en dit vind uiting in ‘n ywerige, oorgegewe, Christusgefokusde kerk.

Die **Groot Fokus** val dus op Jesus. In dissipelmaking kan daar geen ander fokus wees nie. Die evangelie self lig Hom uit as Koning en Verlosser. Vir die gelowige is Jesus alle eer en aanbidding en “nabootsing” waardig. Daar kan resultate uit dissipelmaking voortspruit, soos gemeentes wat groei en gelowiges wat daadkragtiger word, maar die persoon van Jesus bly die spil waarom dissipelmaking draai.

In dié studie word perspektiewe uit die Skrif gebruik om die Groot Fokus op Jesus te verantwoord. Veral 1 Korintiërs 2 word hiervoor as vertrekpunt gebruik. In 1 Korintiërs 2:2 stel Paulus sy grondslag vir die bediening onomwonde: “Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus en wel oor Hom

as die gekruisigde”. Pretorius (2003:35) wys daarop dat daar in die Koninkryk van God ook ŉ fokus op die eer van God is. Die “Koninkryk van die hemele” en die “eer van God” word in dié studie as die breë konteks ondersoek waarbinne die spesifieke Groot Fokus op Jesus se persoon val.

Naas die Groot Fokus is ook die **Groot Gebod** ter sake in die nakoming van die Groot Opdrag. Die Groot Gebod word in Matteus 22:36-40 deur Jesus aangedui. Dit omvat die liefde tot God en die liefde tot die naaste. Die wet en die profete, eintlik die hele Ou Testament, wil die mens transformeer om ‘n vurige liefde teenoor God en die naaste te ontwikkel.

Met Jesus se koms na die aarde toe kry ons ŉ duidelike openbaring van God se wese. God het ons eerste liefgehad (1 Johannes 4:19) en sy liefde loop uit op die kruisiging en opstanding van Jesus, waardeur vir ons verlossing en toegang tot God se genade bewerk word. Jesus se lewe, dood en opstanding wys vir ons op ŉ nuwe manier hoe God se liefde teenoor ons lyk en hoe ons liefde vir Hom en ons naasteliefde behoort te lyk.

Jesus het werklik kom wys wie en hoe God is, en die fokus op die persoon van Christus gee aanleiding tot oorvloedige liefde by elkeen wat van Hom leer. Paulus verklaar self in 1 Korintiërs 13 hoe onontbeerlik die liefde is. Pretorius (2003:93) wys daarop dat liefde die raamwerk is waarbinne Paulus sy bedieningswerk doen. Dit stel die voorbeeld vir woordbedienaars en dissipelmakers in ŉ moderne gemeente, en aangesien jeugbediening as ŉ onlosmaaklike deel van die gemeentebediening gesien word, moet oorvloedige liefde ook die gesindheid wees waarmee die jeugbediening uitgevoer word (Van Deventer 2010).

## 1.3 PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE

### 1.3.1 Uitdagings in die kerk en in jeugbediening

Naas die noodwendigheid van die missionêre funksie van die kerk neem die studie ook die huidige stand van sake met betrekking tot die "welstand" van die kerk in aanmerking. Baie gemeentes groei nie en verloor selfs lidmate, soos blyk uit die navorsing wat hieronder bespreek word.

Schoeman (2014 en 2018) reflekteer in sy navorsing onder meer oor die huidige stand van die kerk, van gemeentes en van jeugbediening. Relevante en effektiewe jeugbediening is noodsaaklik vir die groei van die kerk van Christus. In sy identifisering van probleme verwys Schoeman (2018) onder meer na "tradisionele jeugbediening", wat praktyke insluit wat die meeste gemeentes aanwend in die godsdienstige onderrig van hulle jongmense, soos: Sondagskool, kategese, jeugfunksies, jeugkampe en belydenisklasse. Die meerderheid van hierdie aktiwiteite vind vir 'n paar uur gedurende die week (behalwe tydens skoolvakansies) op die kerkkampus plaas. Die empiriese navorsing van die huidige studie ondersoek onder meer die vraag of hierdie praktyke alleen genoegsaam is vir dissipelmaking in jeugbediening.

Ook Mark de Vries (2004) identifiseer probleme met betrekking tot jeugbediening. Hy definieer "tradisionele jeugbediening" soos volg: "Wat ek 'tradisionele jeugbediening' noem, het min te doen met styl of programme of persoonlikheid. Dit het te make met die plek van tieners in die geloofsgemeenskap. Gedurende die vorige eeu het kerk- en para-kerkjeugbediening toenemend (en dikwels onbewustelik) by 'n enkel-strategie gehou wat die kenmerkende karaktereienskap van hierdie model geword het: die isolasie van tieners van die volwasse wêreld en veral van hul eie ouers." De Vries (2004) en Nel (2018) wys daarop dat jeugbediening vanuit 'n inklusiewe benadering moet plaasvind: die bediening in 'n gemeente moet almal insluit – beide ouer lidmate en die jeug.

In Schoeman se onlangse navorsing (2018:51) waarin hy ook na Mark Holmen, die stigter van die Faith@home-bediening, se navorsing verwys, waarsku hy dat as die huidige tendense in die geloofstelsels en -praktyke van die jonger geslag voortduur,

kerkbywoning binne die volgende tien jaar met die helfte sal afneem. Hy noem hierdie tendense “skrikwekkende statistiek”. Sy navorsing wys onder meer die volgende tendense in die Amerikaanse samelewing uit:

- 61% van die jongvolwassenes van vandag was op ŉ spesifieke stadium tydens hul tienerjare aan die kerk verbonde, maar is sedertdien geestelik ontkoppel.
- Die Suidelike Baptiste-konvensie berig dat hul gemeentes tans 70-88% van jongmense verloor na afloop van hulle eerste jaar op kollege en dat die moontlikheid bestaan dat daardie jongmense nooit weer sal terugkeer kerk toe nie.
- ŉ Ander spesifieke studie (Holmens, 2010:28) het bevind dat 90% van die jeug wat tydens hulle hoërskooljare aktief in die kerk was, vanaf hulle tweede jaar van kollege wegval uit die kerk. In die woorde van Dawson McAllister, ŉ nasionale jeugbedieningspesialis, gaan “90% van die kinders wat aktief is in hoërskooljeuggroepe nie meer kerk toe teen die tyd wat hul tweedejaars op kollege is nie. ŉ Derde sal nooit teruggaan nie” (McAllister, 1996:41).

Schoeman (2018:51) dui ook ŉ ander tendens in die Amerikaanse samelewing aan: net soos die grafiek vir kerklidmaatskap van die jonger generasie ŉ afname toon, dui ŉ ander grafiek op ŉ toename in die aantal persone wat “geen” verklaar wanneer hulle gevra word om ŉ boksie te merk uit ŉ lys van godsdienste. Deur hulle keuse van “nie een van die bogenoemde nie” beweer hulle dus dat hulle geen affiliasie het met tradisionele godsdiensbeoefening nie. In 2012 het die “onverbonde” groep byna 20% van die Amerikaanse volwassebevolking verteenwoordig – wat beteken dat die getal in net een dekade verdubbel het (Bengston, 2013:7).

Bengston (2013:152) voer aan dat hierdie onderbreking van die oordrag van geloof soos ŉ sneeubal aan die vergroot is – in so ŉ mate dat byna ses uit tien nie-geaffilieerde jongvolwassenes uit gesinne kom waar die ouers ook nie-geaffilieerd is. Hierdie bevinding bevestig dat die nalatenskap van godsdiensuitlewing inderdaad van een geslag na die volgende oorgedra word. In die lig hiervan is ateïsme dus nie ŉ wegbreek van ŉ gesin se godsdienstige tradisie nie, maar verteenwoordig dit dikwels

ʼn kontinuïteit van die gesin se morele en etiese waarde-oriëntasies. Daar is tans ʼn hoë graad van ooreenkoms tussen generasies (kontinuïteit) met betrekking tot nie-godsdiens, en die oordrag van nie-godsdiens van ouers na hul kinders vind in veel groter mate plaas as in die onlangse verlede (Bengston, 2013:152).

Ook in Nederland het die verband met die kerk drasties onder lidmate verminder. Bredenkamp en Schoeman het bevind dat die jeug se verhouding met die kerk in die besonder uiters onstuimig is en dat talle lede met ʼn swak band met die kerk klaarblyklik die opsie oorweeg om hulle lidmaatskap te beëindig. Dit het die gevolg dat die gemeentes toenemend uit ouer persone bestaan (Bredenkamp & Schoeman, 2015:126).

Volgens die Handelinge van die GKSA (2012:509) dui die hoofstroom van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika aan dat hulle ook onderhewig is aan hierdie huidige wêreldwye verskuiwing. Die Gereformeerde kerk het gedurende 1990 tot 2010 meer as 30% lidmate verloor. Die mees ontstellende statistiek is egter ʼn afname van meer as 65% jeuglidmate gedurende dieselfde tydperk. Die totale lidmaattal van die Hervormde kerk het gedurende die tydperk van 1972 tot 2000 met 21 000 gedaal, terwyl die lidmaatskap van die jeug gehalveer is. Hierdie afname-tendens is ongelukkig stygend, soos blyk uit die verlies van bykans 60 000 lidmate gedurende die tydperk van 2000 tot 2010. Alhoewel die aantal volwasse lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk vir die tydperk van 1972 tot 2010 redelik onveranderd gebly het, was daar in 2010 ʼn beduidende afname in jeuglidmaatgetalle, van 1 000 000 tot 775 000 (Schoeman, 2014:4).

Schoeman (2018:51) dui aan dat hierdie resultate ʼn mens dring om te moet vra: "Wat gaan aan?" Ondersoek behoort gedoen te word na wat die redes kan wees waarom die kerk nie die jeug kan behou en selfs die getalle laat groei nie. ʼn Ernstige introspeksie blyk noodsaaklik te wees om te kan onderskei watter filosofieë en praktyke van geloofsvorming nie meer goed funksioneer nie of verouderd geraak het.

Die nakoming van die Groot Opdrag behoort ʼn kerk op te lewer wat lewend en dinamies is, vol van toegewyde Christus-volgelinge wat Hom gehoorsaam en sy opdragte uitvoer. Barna (2002:31) het navorsing in meer as duisend gemeentes gedoen en wys daarop dat dissipelmaking nie vanself gebeur net omdat daar ʼn kerk

of plaaslike gemeente is nie, maar dat dit afhanklik is van ’n intensionele en strategiese besinning oor die fasilitering van dissipelskap en van ’n filosofie ten opsigte van die dissipelmakingsmodel wat ontwikkel word. Dit is onontbeerlik vir ’n gemeente wat ’n dissipelmakende gemeente wil wees om doelgerig en aktief aan so ’n model te werk.

Barna (2002:36) se navorsing wys verder dat selfs onder wedergebore Christene 76% se spirituele groei beperk is omdat daar nie sinvolle dissipelskap-uitsette geformuleer word nie. Daar is dus ’n dwingende noodsaak vir ’n meer doelgerigte fokus op die dissipelskapproses en vir die definiëring van sinvolle stappe in dié proses. Barna (2002:55) sê gegewe die regte motivering sal die meeste gelowiges gewillig wees om deel te wees van so ’n lewenslange geloofsvormingsproses.

By jong lidmate kan daar benewens ‘n gebrek aan belangstelling selfs afwesigheid van die kerk voorkom, soos blyk uit Schoeman se navorsing waarna hierbo verwys is. Jongmense beskik oor ’n groot mate van fisiese, psigiese en verstandelike energie. Hulle passie en opgewondenheid oor ’n saak kan ’n hoogs effektiewe benutting van hierdie energie tot gevolg hê. Dean (2004:4) beskou dit as voor die hand liggend dat die vraag van plaaslike kerke moet wees waarom jongmense wat so vol passie is nie na kerke toe stroom nie en waarom hierdie passie nie sinvol ontgin en gekanaliseer word nie.

Dean (2010:10) se navorsing verwys na die Didache, ’n kort, anonieme geskrif wat uit die eerste eeu na Christus dateer. Die Griekse woord didache hou met leer en onderrig verband. Die Didache is ’n nie-kanonieke boek wat volgens oorlewering deur die twaalf apostels geskryf is en het ’n soort kurrikulum gevorm vir die vroegste kerk. Dit behandel die pad na die lewe en die pad na die dood en hanteer begrippe soos: liefde tot God en liefde tot die naaste, God as almagtige Wese, die voortdurende opsoek van God, vertroue in sy woord, die onderhouding van sy gebooie, die belydenis van sonde. Die dokument wys verder op die kritieke belangrikheid daarvan dat bedienaars andere ook moet onderrig. Dean (2010:10-12) verwys na hierdie leringe as die proses van basiese geloofsvorming. Volgens Dean (2010) kom praktiese-teologie-doktrine neer op die opdrag om jongmense te vorm en dissipels van hulle te maak. Hiervolgens kan jongmense nie net objekte van bediening bly nie, maar moet hulle self agente van bediening word – dus dissipels wat meewerk aan die Groot Opdrag. Nel (2018:235 en

2001:189-232) wys daarop dat die gemeentelike didache deel word van die oikodomein (die voortdurende skepping van die kerk deur die verkondiging van die evangelie) en lering tot uitlewing. Nel (2018) stel dit verder dat die lering tot uitlewing die mense van God bemagtig om God te verteenwoordig as sy mense op aarde.

Kragtens die Groot Opdrag in Matteus het bedienaars in die kerk die taak om dissipels te maak en so deel te neem aan die creatio continua van die kerk. Dit geld ook die jeugbedienaar. Die toekoms van die kerk word deur die Groot Opdrag bepaal.

### 1.3.2 Probleemstelling

Indien die jeugbedienaar die kerkafvalligheid wat uit die syfers hierbo blyk wil teenwerk, moet dissipelmaking onder die jeug ‘n prioriteit wees. Aangesien jeugleraars in gemeentes in hulle werk te doen kry met jongmense wat in die kerk opgegroei het en wat Jesus goed ken, maar ook met jongmense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie en wat geen kennis het van hoe ŉ gemeente funksioneer nie, moet daar besin word oor ‘n effektiewe proses van dissipelmaking oor hierdie hele spektrum.

Vanuit ŉ prakties-teologiese vertrekpunt vir jeugbediening speel die dissipelmaakproses dus 'n belangrike rol. Dit is ‘n dinamiese proses, wat impliseer dat verandering besig is om in so 'n jeugbediening te gebeur. Namate veranderinge binne die jeugbediening van ŉ gemeente plaasvind, figureer die opbou en uitbou van die jeugbediening, en die lede se geloofsvorming, as 'n sentrale doelstelling ten einde die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag te verwesenlik.

Teen hierdie agtergrond kan die navorsingsprobleem soos volg geformuleer word: **Hoe kan ‘n effektiewe proses van dissipelmaking in jeugbediening gevestig word om te verseker dat die kerk ywerig in diens van die Koninkryk van God staan?**

### 1.3.3 Hipotese

In die lig van die probleemstelling hierbo en die navorsing oor die belangrikheid van die Groot Opdrag, die Groot Gebod en die Groot Fokus, en met inagneming van die vermindering in kerklidmaatgetalle en die probleme waarvoor jeugbedienaars te staan kom, kan die volgende hipotese gestel word:

> **Daar is ‘n noodsaak vir die ontwikkeling van ‘n effektiewe kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening, ‘n kurrikulum wat ’n bydrae kan lewer dat die institusionele kerke ‘n effektiewe getuie en instrument in die Koninkryk van Jesus Christus kan wees.**

Soos vroeër genoem, toon syfers van die afgelope 30 jaar ‘n afname in kerklidmaatgetalle beide internasionaal en in Suid-Afrika. Baie mense verloor ook hulle geloof in God en in Christus, en dié neiging word in ‘n kontinuïteitsproses van ouers na kinders toe oorgedra. ‘n Nuwe ywer vir effektiewe dissipelmaking in jeugbediening is nodig en jongmense se natuurlike passie en geesdrif behoort na entoesiasme vir die evangelie oorgedra te word. Die effektiewe uitvoering van die Groot Opdrag van Jesus Christus bewerkstellig ‘n toegewyde, passievolle en hardwerkende kerk en jeugkerk. In die lig van bogenoemde is dit geregverdig om die volgende vrae te stel ten einde die hipotese na te vors:

- Hoe verstaan jeugleraars dissipelmaking onder die jeug?
- Hoe kan dissipelmaking kragtens die Groot Opdrag effektief deur jeugleraars uitgevoer word deur die daarstel van ’n kurrikulum?
- Watter kurrikulum-temas kan afgelei word deur navorsing te doen by gemeentes en organisasies wat ’n dissipelskapmodel gebruik?
- Watter kurrikulum kan saamgestel word deur empiriese, kwalitatiewe navorsing te doen?

### 1.3.4 Doelstellings van die studie

Die genoemde probleemstelling, hipotese en navorsingsvrae lei tot die formulering van die volgende doelstellings van hierdie ondersoek:

- Om die Groot Opdrag na te vors ten einde dit te verstaan. Daar moet grondige duidelikheid verkry word oor wat Jesus met die Groot Opdrag bedoel het ten opsigte van die maak van dissipels van alle nasies. Daar moet ook empiries nagevors word hoe leraars en spesifiek ook jeugleraars die opdrag verstaan.

- Om na te vors hoe die Groot Opdrag uitgevoer behoort te word en, voortvloeiend daaruit, empiries na te vors hoe jeugleraars die opdrag in die praktyk uitvoer. Daar word spesifiek gekyk na hoe die Groot Opdrag tans in die jeugbediening in Gereformeerde kerke, Nederduits Gereformeerde kerke en Hervormde kerke tot verwesenliking kom. Die huidige studie onderneem hierdie navorsing en wil ook leemtes uitwys rakende die huidige ontvouing van die dissipelmaakproses in jeugbediening.

- Om die begrip "dissipelskap" te bestudeer en 'n begrip daarvan te vorm, spesifiek met betrekking tot jeugbediening.

- Om verskillende modelle van en benaderings tot dissipelmaking na te vors ten einde temas vir die ontwikkeling van 'n dissipelmaakkurrikulum vir jeugbediening te identifiseer.

- Om na te vors wat bediening en mentorskap in die geloofsvorming van die tiener behels. Geloof is nie 'n statiese posisie nie, maar "a dynamic relational involvement in the life of God" (Ward, 2017:31).

- Om ten slotte 'n prakties-teologiese instruksie vir die uitvoering van die Groot Opdrag (Ganzevoort, 2006) in die vorm van 'n kurrikulum vir dissipelmaking binne jeugbediening te ontwikkel en voor te stel.

### 1.3.5 Uitgangspunte van die navorsing

- Die kurrikulum wat ontwikkel word, moet duidelik Bybel- en evangelie-gefundeerd wees met ‘n fokus op Christus die gekruisigde en opgestane Here.
- Daar is ‘n toenemende uitdaging vir gemeentes en die jeugbediening van gemeentes om jongmense op ‘n geloofspad te begelei ten einde dissipels van Jesus en volwasse gelowiges te word.
- Daar is ‘n brug nodig tussen die weet en die doen van die Groot Opdrag, te wete ‘n model of kurrikulum vir dissipelmaking. Jeugleraars het hulp en opleiding nodig vir die uitvoering van die Groot Opdrag.
- Die Groot Opdrag is deur Jesus self aan die kerk gegee. Dit vereis dat die evangelie oor taal- en volksgrense heen versprei word en dat daar van volgelinge dissipels gemaak word wat Jesus naboots en navolg. Dissipelskap is ‘n lewenslange proses van geloofsvorming en elke dissipel moet, nadat hy/sy gedoop is, daarin onderrig word om Jesus se bevele en leringe te onderhou. Die taak van enige jeugbediening is om uit te gaan, dissipels te maak, hulle te doop en te wys hoe om dit wat Jesus geleer het te onderhou. Dit is dus die plig van elke jeugbediening om dissipels in ‘n lewende verhouding met Jesus, die Leermeester, te bring.

## 1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE


In hoofstuk 4 word die navorsingsontwerp en -metodologie van die studie volledig uiteengesit. Hier word die organisering van die navorsing slegs in breë trekke uitgelig, met spesifieke verwysing na: die praktiese teologie as die veld van ondersoek, die keuse van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177) as ‘n toepaslike model om die doelstellings van die studie te bereik en die verloop van die navorsing volgens sowel ‘n deeglike literatuurstudie as ‘n empiriese, kwalitatiewe ondersoek.

### 1.4.1 Die terrein van die praktiese teologie

Die huidige navorsing se besinning oor wat in die kerk, en spesifiek in jeugbediening, aan die gang is, en die ontwikkeling van 'n kurrikulum vir die uitvoering van die Groot Opdrag in jeugbediening val binne die terrein van die praktiese teologie. Die leidende praktiese teoloog Richard Osmer verwys na twee vlakke van werksaamheid eie aan die praktiese teologie: "(1) the level of pastoral and ecclesial practice and (2) the metatheoretical level of research and theory construction in practical theology" (Osmer, 2011:1,2). Die huidige studie het te make met die eerste vlak, naamlik dié van pastorale en kerklike praktyk. Dit wil nie 'n bydrae maak tot metateoretiese wetenskapsontwikkeling nie, maar wil 'n kurrikulum ontwikkel wat in die praktyk gebruik kan word.

Die studie maak gebruik van die "paradigm of reflection" wat Osmer uitwys as deel van die pastorale en kerklik-praktiese vlak van praktiese teologie. Refleksie, of nadenke, lei tot die identifisering van probleme, soos onder andere dalende lidmaatgetalle in gemeentes en binne kerkverband en die feit dat programme vir ouer lidmate nie in die huidige konteks sonder meer ook van toepassing gemaak kan word op jeugdige lidmate nie. Refleksie lei verder tot die ontwikkeling van oplossings vir probleme wat geïdentifiseer word. Osmer (2011:2) lig vier take uit as deel van die proses van nadenke/refleksie in die praktiese teologie:

- "Descriptive-empirical: What is going on? Gathering information to better understand particular episodes, situations or contexts.
- Interpretive: Why is it going on? Entering into a dialogue with the social sciences to interpret and explain why certain actions and patterns are taking place.
- Normative: What ought to be going on? Raising normative questions from the perspectives of theology, ethics and other fields.
- Pragmatic: How might we respond? Forming an action plan and undertaking specific responses that seek to shape the episode, situation, or context in desirable directions."




*Source*: Osmer, R., 2005, *The teaching ministry of congregations*, Westminster/John Knox, Louisville, KY

**FIGURE 1:** Metatheoretical issues in practical theology.

**Figuur 1.2:** Metateoretiese kwessies in die praktiese teologie (Osmer, 2005)

Ook die Amerikaanse praktiese teoloog Bonnie Miller-McLemore wys op die noodsaak van praktiese teologie, “the need to understand theology in the midst of the everyday” (Miller-McLemore, 2012:105). Sy gaan voort: “Practical theology either has relevance for everyday faith and life or it has little meaning at all.”

In sy boek *Introducing Practical Theology: Mission, Ministry and the Life of the Church* beklemtoon Pete Ward dat besinning oor die kerk nie net vanuit teorie en doktrine gedoen kan word nie. “Practical theology needs to be fully rooted in the everyday practice of the Christian faith in the church and in the world” (Ward, 2017:3). Ward wys daarop dat praktiese teologie sowel ‘n bedienings- as ‘n missionêre dinamiek het. Dit sluit aan by Andrew Root se siening dat “the work of God in the world touches people’s lives and leads to transformation” (aangehaal deur Ward, 2017:44). Die huidige studie wil juis ‘n praktiese kurrikulum vir dissipelmaking onder die jeug ontwikkel wat sodanige transformasie in die lewe van mense en van die kerk teweeg kan bring.

Nel (2018:5-6) se navorsing toon dat daar eenstemmigheid is onder praktiese teoloë dat jeugbediening in die vak praktiese teologie geposisioneer word. Nel (2018) verwys ook verder na onder andere Zerfass (1974), Pieterse (1993) en Firet (1977; 1980) wat die metodologiese benadering tot praktiese teologie ontwikkel het. Nel (2018: 3-18) toon duidelik aan dat jeugbediening op die terrein van die praktiese teologie tuishoort.

### 1.4.2 Zerfass se prakties-teologiese model

Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974: 164-177) is bepalend vir die metode van die huidige navorsing. Dit is ŉ model wat die ondersoek struktureer volgens die bipolêre spanningsverhouding tussen teorie en praxis (Pieterse, 1993:175). Zerfass (1974) onderskei tussen ‘n basisteorie, wat Skriftuurlike navorsing behels, en metateorie, wat navorsing buite die Skrif om doen en die basisteorie aanvul en uit ‘n ander hoek beskryf. Die navorser het bevind dat Zerfass se interpretasie van basis- en metateorie die mees effektiewe navorsingsmetode vir hierdie studie bied. Dit is ŉ toepaslike model om te beskryf hoe die basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer. Die rede waarom dié metode en model gekies is, is omdat dit nie net in die praktiese teologie beproef en aanvaar is nie, maar ook geskik is om die doelstellings van die navorsing te bereik in die ondersoek na Christologie, dissipelskap en jeugbediening. Hierdie model dra by tot die opstel van ‘n kurrikulum gegrond op die Groot Opdrag in Matteus 28 en help om die wetenskaplike kwaliteit van die ondersoek te verseker.

De Wet (2006:84) waarsku dat die teologiese kwaliteit in ŉ gereformeerde benadering altyd beskerm moet word deur die hooffokus van die teorievormende arbeid te laat val op ŉ Skrifgebonde basisteorie, wat hermeneuties op die situasie (metateorie) gerig is. Die navorsing moet ook agogies en normatief gerig word op die vernuwing en voleinding van die handelingspraxis van die kerk (praktykteorie). Kruger en Venter (2001:570) toon aan dat slegs wanneer die situasie-analise in wisselwerking gebring word met die teologiese teorie, wat Skriftuurlik begrond is, dit funksionele waarde sal hê. Die praktiese teologie word van ander teologiese dissiplines onderskei deurdat dit, sonder om sy normerende aard prys te gee, die tussenvlak betree met die doel om effektief te bedien. (Lovell, 2010: 21).

### 1.4.3 Literatuurstudie en empiriese, kwalitatiewe navorsing

‘n Basisteoretiese, eksegetiese ondersoek na relevante Skrifgedeeltes rakende dissipelskap word in hierdie studie gedoen en teologiese literatuur oor dissipelskap in jeugbediening en ook lewenslange geloofsvorming word bestudeer.

Schoeman (2002:2) wys daarop dat metodologies vanuit 'n literatuurstudie-oogpunt 'n breë terreinverkenning deduktief gedoen kan word, sodat 'n prakties-teologiese raamwerk opgestel kan word waaruit 'n Christologies gesentreerde kurrikulum vir die maak van dissipels binne jeugbediening saamgestel kan word. Hierdie studie sal metodologies deduktief te werk gaan en vanuit hipotesevorming gestruktureer word.

Die metateoretiese navorsing bestaan uit die ondersoek en kritiese beoordeling van kontemporêre en buitekerkmodelle vir jeugbedening, naamlik YWAM (Youth with a Mission), Global Challenge, World Outreach en Every Nation-gemeente. Ook die Willow Creek-model en die doelstellings van die PDYM (Saddleback Purpose Driven Youth Ministry) word ondersoek.

Ter aanvulling van die basis- en metateoretiese navorsing word empiriese, kwalitatiewe navorsing in hierdie studie uitgevoer. Die studie fokus op jeugbediening, en diepte-onderhoude word gevoer met leraars en dosente betrokke by jeugbedieninge, -uitreike en -dissipelskap. Die navorser hou deurgaans veldnotas by gedurende en na die onderhoude. Die data wat versamel word, word statisties ontleed om patrone en neigings te onderskei.

Gegrond op die data wat verkry word en op grond van navorsing oor bepaalde modelle vir en benaderings tot dissipelmaking in jeugbediening word ‘n kurrikulum ten slotte saamgestel.

Bogenoemde werkswyse het sin in die lig van drie begrippe in die metodologie van die praktiese teologie wat Heitink (1993:159-162) as belangrik aandui, nl. begryp, verklaar en verander. Volgens Heitink (1993: 159-162) verwys “begryp” na ‘n hermeneutiese interpretasieproses. Tekste en handelinge moet verstaan word, veral in die lig van die Christelike tradisie. Om te “verklaar” word van die empiriese benadering gebruik gemaak. Tydens die empiriese navorsing word handelinge/optredes met betrekking tot hulle feitelikheid en potensialiteit geanaliseer.

“Verander” is die aksie-georiënteerde stap wat volg op “begryp” en “verklaar”. Binne die konteks van die huidige studie het “verander” betrekking op die opstel van ‘n nodige kurrikulum vir dissipelmaking wat binne jeugbediening gebruik kan word.

### 1.4.4 Die gebruik van bepaalde terme

Die dissipelmaakkurrikulum wat in hierdie studie ontwikkel word, is bedoel vir gebruik deur leiersfigure in jeugbediening. Dit sluit in jeugleraars, jeugmentors en jeugbedienaars. In die proses van kurrikulumontwikkeling word verskillende dissipelmaakmodelle en -benaderings nagevors. Al hierdie terme word in die loop van die studie gebruik. Hiermee ‘n kort verheldering van elk van die terme:

Kurrikulum – Vir die doeleindes van hierdie navorsing word ‘n kurrikulum beskou as ‘n samehangende, interaktiewe, prakties bruikbare skema vir dissipelmaking in jeugbediening. In hoofstuk 3 (3.4) word kriteria bespreek waaraan die huidige kurrikulum moet voldoen. In daardie gedeelte word ook uitvoeriger aangedui wat die aard van die kurrikulum is wat in die huidige studie ontwikkel word.

Model – Vir die doeleindes van hierdie navorsing word ‘n model beskou as ‘n konseptuele raamwerk wat die grondbeginsels aandui van die dissipelmaakproses in die jeugbediening van bepaalde gemeentes en organisasies.

Benadering – ‘n Benadering is minder formeel as ‘n model en ‘n kurrikulum. In hierdie studie dui dit breë gesigspunte ten opsigte van die fenomeen van dissipelmaking in jeugbediening aan.

Jeugleraar – ‘n Persoon wat die amp en taak van herder en bedienaar van die Woord binne jeugbediening vervul.

Jeugmentor – ‘n Persoon wat nie in ‘n leraarsamp staan nie, maar wat deur ervaring en opleiding toegerus is om as leidspersoon en raadgewer in jeugbediening op te tree.

Jeugbedienaar – ‘n Algemene term wat die rol van beide die jeugleraar en die jeugmentor kan insluit.

### 1.4.5 Keuse van dissipelmakingsmodelle en -benaderings vir die navorsing

Gegrond op die probleemstelling, hipotese en doelstellings van die studie het die navorser besluit om in sy navorsing te fokus op gemeentes en missionêre organisasies wat spesifiek met ‘n dissipelskapmodel en ook spesifiek in jeugbediening werk. Om ‘n diverse ondersoek te doen het die navorser gekyk na sowel kleiner as makro- plaaslike gemeentes. Die Every Nation-gemeente is klein en het minder as 500 lidmate, terwyl die Willow Creek- en Saddleback-gemeente makro-gemeentes is wat toonaangewend oor jeugbediening navorsing gedoen het. YWAM (Youth with a Mission) is ŉ missionêre organisasie wat deur middel van hulle DTS (Discipleship Training School) jongmense leer om lewenslank dissipels van Jesus te wees. World Outreach is ‘n missionêre organisasie wat Jo Graham se praktiese dissipelskapswerk in informele nedersettings uitvoer, met dissipels wat in ‘n derdewêreldkonteks soms nie eers tot ‘n Bybel toegang het nie. Nel (1998 en 2018) se navorsing oor jeugbediening en dissipelskap vir onder andere die NGK, GKSA en HK is toonaangewend en word hier bestudeer vanweë Nel se klem op inklusiewe bediening.. Dus het die navorser in sy ondersoek gefokus op:

- kleiner dissipelskap- en jeuggeoriënteerde gemeentes,
- makrogemeentes wat dissipelskap- en jeuggeoriënteerd is,
- missionêre organisasies gefokus op dissipelskap en jeug in ‘n eerstewêreldkonteks,
- missionêre organisasies gefokus op dissipelskap en jeug in ‘n derdewêreldkonteks en
- dissipelskap en jeugbediening in die NGK, GKSA en HK.

In Hoofstuk 3 (3.1 tot 3.2) word die motivering vir die ondersoek breedvoeriger bespreek.

## 1.5 HOOFSTUKINDELING

In die lig van die voorgaande probleemstelling en -uiteensetting en die aanduiding van die navorsingsmetodologie verloop hierdie studie soos volg:

In hoofstuk 1 word die motivering vir die studie gedoen. Die probleemstelling en probleemuiteensetting, die formulering van die navorsingshipotese, die doelstellings met die navorsing en die navorsingsmetodologie word bekend gestel.

In hoofstuk 2 word op Christologie gefokus. Basis- en metateoretiese navorsing word gedoen rondom die bedieningsleutels van die Groot Opdrag (om dissipels te maak), die Groot Gebod (liefde tot God en liefde tot die naaste) en die Groot Fokus (Jesus die gekruisigde en opgestane Here). Nel (2018) se agt elemente vir ‘n inklusiewe benadering tot jeugbediening word ook nagevors en die relevansie van die elemente vir ‘n dissipelmaakkurrikulum word uitgewys. Navorsing deur Graham (2009) vir die opstel van ‘n dissipelmaakkurrikulum word bekend gestel en beoordeel.

Hoofstuk 3 doen navorsing oor kontemporêre en buitekerkmodelle vir jeugbediening. Die praktiese sillabusse en werkswyses van organisasies en bedieningsgroepe soos YWAM, Global Challenge en World Outreach word in besonderhede bestudeer en geëvalueer.

Hoofstuk 4 beskryf die empiriese navorsing wat deur middel van die voer van diepte-onderhoude gedoen is. Dit word voorafgegaan deur ‘n bespreking van die ontwerp en metodologie van die empiriese navorsing. Die data wat deur die onderhoude verkry is, word geanaliseer en beskryf.

Hoofstuk 5 kom tot ‘n slotsom na aanleiding van die voorafgaande navorsing. ‘n Praktyk-teologiese kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening word saamgestel en voorgehou as die brug tussen weet en doen in verband met die Groot Opdrag. Hierdie kurrikulum word aan bepaalde kurrikulumvereistes gemeet.

## 1.6 WAARDE VAN DIE STUDIE

Die studie lewer ‘n bydrae tot die praktiese teologie deurdat dit ‘n leemte aan ŉ dissipelmaakkurrikulum, met ŉ Christologiese fokus en die Groot Gebod en Groot Opdrag as basis, binne die GKSA, NGK en HK navors en sodanige kurrikulum op ‘n geïntegreerde wyse opstel.

# HOOFSTUK 2

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT DIE SKRIF:

# DIE GROOT FOKUS OP JESUS DIE GEKRUISIGDE IN DIE EVANGELIES EN IN KORINTIëRS

# DIE GROOT GEBOD IN FILIPPENSE

# DIE GROOT OPDRAG IN MATTEUS

## 2.1 INLEIDING

Die navorser het in sy Meestersgraadverhandeling getiteld *Die groot fokus, gebod en opdrag as sleutels tot jeugbediening: ʼn Kategetiese studie* (Van Deventer, 2010) bevind dat daar ʻn leemte bestaan aan grondige navorsing oor die noodsaaklikheid van die dissipelmaakproses in jeugbediening en ʼn kurrikulum daarvoor. ʻn Verdere leemte, waarin hierdie studie homself verdiep, is navorsing oor die aard van ʼn Christopraktiese uitlewing van dissipelskap (Root, 2014). Dit sluit besinning in oor die vraag wat nodig is om dissipels te maak binne jeugbediening, en die hipotese dat daar ʻn noodsaak is vir die ontwikkeling van ʻn dissipelmaakkurrikulum vir jeugbediening en die uitwysing van die kerntemas van so ʻn kurrikulum. Hierdie studie bou voort op die navorsing in die M-verhandeling en daar sal dus in hoofstuk 2 en hoofstuk 3 kortliks na dié verhandeling verwys word. Die grootste leemte wat tydens daardie navorsing na vore getree het, is die gebrek aan ʻn rigtinggewende kurrikulum vir dissipelmaking in jeugbediening. Die huidige studie wil ʼn bydrae op wetenskaplike, prakties-teologiese vlak lewer deur die ontwikkeling en voorlegging van so ʻn kurrikulum vir die uitbouing van dissipelskap by die jeug.

Nel (1998:12 en 2018:213) en Weber (2017:4) beklemtoon die belangrikheid van Christologie en dissipelskap in jeugbediening, en Nel (2018) se navorsing rakende die inklusiewe missionale benadering van jeugbediening wys op die noodsaaklikheid vir

gemeentes om te fokus op jeugbediening en te besin oor hoe hulle dit moet benader. In hierdie hoofstuk word die Groot Fokus (Jesus Christus) en die Groot Gebod (meer liefde) kortliks geposisioneer om die Groot Opdrag (maak van dissipels) na te vors ten einde so 'n model of kurrikulum te ondersoek en voor te stel. Die eerste gedeelte van die hoofstuk belig perspektiewe vanuit die Skrif wat as grondliggende kriteria vir bediening aan die jeug dien. Die Groot Fokus, Groot Gebod en die Groot Opdrag vir en aan die jeug word deur hierdie perspektiewe bevestig. Die tweede gedeelte van die hoofstuk fokus spesifiek op die Groot Opdrag en die ondersoek na 'n kurrikulum vir die maak van dissipels.

Die basisteoretiese of Skrifondersoek in hierdie hoofstuk berus op die Zerfass-interpretasie van basis- en metateoreties. Daar is meer as een interpretasie van hierdie terme. Bates (2005:1) sien metateoretiese navorsing as die teorie wat hom besig hou met die interpretasie, ondersoek en beskrywing van die teorie self. Zerfass (1974:166 en verder) beskryf weer metateorie as teorie aan die ander kant van die basisteorie en stel voor dat, as basisteorie, die Skrif ondersoek word, terwyl die metateoretiese navorsing, dit wil sê buite die Skrif om, die basisteorie sal aanvul en vanuit 'n ander hoek sal beskryf. Die navorser het vir die doeleindes van hierdie studie Zerfass se interpretasie van basis- en metateorie gebruik.

Die basisteorie sal vanuit die eksegese van enkele toepaslike Skrifgedeeltes (MacIntyre, 2008:8) en die kritiese beskouing van Weber (2017:7) dat Jesus Christus die fokus moet wees, gevestig word. Pretorius (2003:15-241) en Van Deventer (2010) se navorsing in verband met die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag word ondersoek en basisteoretiese perspektiewe met betrekking tot jeugbediening word aangedui. Nel (2018) se navorsing oor die inklusiewe missionale benadering tot jeugbediening en dieselfde skrywer (1998) se navorsing oor die agt elemente vir 'n moontlike model word ook bekend gestel.

Van Deventer (2010) dui op die noodsaaklikheid van 'n bepaalde model vir 'n jeugbediening en is van mening dat so 'n bediening 'n basis moet hê wat uitgebou en waarop voortgebou kan word. Die kurrikulum wat uiteindelik voorgestel word, moet prakties bruikbaar wees. Pretorius (2003) beklemtoon die belangrikheid daarvan dat praktiese teologie wel prakties moet wees en verwys in dié verband na Stadelmann

(1998:220): “Theology, properly practiced, is born out of a practical pursuit of the fear of the Lord. It has the practical aim of glorifying God and serving his people; and it is done in the quite practical attitude of obedience in investigating, teaching, and defending the revelation of God. It is necessitated by the practical challenges, done in a practical spiritual attitude, and should serve practical aims.

Beide Pretorius (2003:1) en Stadelmann (1998:222) dui aan dat dit noodsaaklik is om binne die terrein van die praktiese teologie die bestaande praktyke in gemeentes te ondersoek. Pretorius (2003:1) toon verder aan dat duidelike beginsels noodsaaklik is ten einde hierdie doel te kan bereik.

Dit is spesifiek nodig dat die jeugbediening in ŉ gemeente dissipelskap moet verstaan en uitbou. Van Deventer (2010:121) kom in sy navorsing tot die gevolgtrekking dat in die praktiese teologie dissipelskap met die fokus op Jesus Christus in ŉ gemeente se jeugbediening ontplooi kan word, maar dat daar ‘n behoefte by jeugleraars bestaan aan ‘n Bybels gefundeerde kurrikulum om dit te bewerkstellig.

Daar sal hoofsaaklik na Van Deventer (2010:13-130) en Pretorius (2003:15-241) se navorsing verwys word om die Groot Fokus (Jesus Christus die opgestane Here); die Groot Gebod (meer liefde) en die Groot Opdrag (maak dissipels) te verantwoord ten einde ŉ kurrikulum voor te stel vir die maak van dissipels in ŉ jeugbediening.

Die Groot Gebod dui ŉ missionêre pad vir die kerk aan. Schalekamp (2005:1) sê dat ŉ missionêre ekklesiologie in praktiese teologie ontwikkel behoort te word vanuit die Bybelse beginsel dat "the church is seen as essentially missionary" (Bosch, 1991:372).

Dean (2004) wys weer op die passie wat nodig is vir die werk van dissipelskap. Dean (2004:22) skryf: “Practical theologians all, called to “translate” doctrine for the concrete task of forming young people in the Christ to become envoys of God. My guiding conviction is simply this: If the church is going to make sense to adolescents, then our ministry must be predicated on passion – the passion of Christ, the passion of youth, and the passionate faith that is made possible when these two things come together. Masshua (2016:35) dui aan dat die huidige generasie jongmense geweldig baie keuses en geleenthede het wat meerdere male nie opbouend is nie en dat dit nodig is

om die lewegewende Jesus-evangelie met hulle te deel en hulle passie te kanaliseer sodat jongmense dissipels kan word.

Matteus 4:19 rapporteer Jesus se oproep van die nuwe dissipels: “Volg my en ek sal julle vissers van mense maak.” Aan die begin van Christenskap was die natuurlike oorvloei van dissipel-wees dus om ook dissipels van Jesus te maak (Chan, 2012:7). Dit spruit uit Jesus se belofte: Ek sal dissipels neem en hulle dissipelmakers maak. Jesus roep elke dissipel en sê: “Gaan na al die nasies, doop hulle in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.”

Dissipelskap is nie ŉ program nie, maar daar is basiese temas wat deel uitmaak van ŉ organiese, aktiewe dissipelverhouding met Jesus (Plat in Chan, 2012:8).

### 2.1.1 Christologie in jeugbediening

Die term “Christologie” word in hierdie studie gebruik om Jesus Christus as die fokuspunt van die navorsing uit te wys. Christus staan sentraal in die ontwikkeling van ŉ dissipelskapsmodel. Die navorser sal Christologie benader vanuit navorsing gedoen deur Van Deventer (2010), Weber (2017:7) en Pretorius (2003), met verdere verwysing na Ortis (1975) se verklaring en posisionering van Christologie. Root (2014: 87-116) se studie oor Christopraxis met die fokus op Jesus en op Hom as die gekruisigde wys op die noodsaak van die Christologiese fokus in die praktiese teologie, en in die ondersoek na ŉ dissipelskapkurrikulum in jeugbediening moet die vertrekpunt Christologies bly (Root, 2014).

Vervolgens word kortliks ŉ breë definisie van Christologie asook ŉ breë begripverduideliking gegee, waarna die fokus op Jesus Christus ondersoek word.

Christologie is die vertakking van die Christelike teologie wat die persoon en wese van Jesus ondersoek. Letterlik beteken die woord “die studie van Christus”. Vir die doeleindes van die huidige studie word die term “Christologie” gebruik om te verwys na Jesus Christus as die Groot Fokus van dissipelmaking. Viljoen (2002:455-474) lê klem daarop dat Jesus as die Seun van God gesien word. Die tweede evangelie, Markus, plaas duidelik, ter posisionering van Chistologie, die teologie van die kruis

(theologia crucis) op die voorgrond (Vorster, 1983:130), dit wil sê die kruis vertel ons alles wat ons moet weet van wie God is en hoe God uitred.

Viljoen (2002:3) se navorsing oor Christologie verwys verder na die onderskeie name en aanspreekwyses van Jesus. Die konteks waarbinne Jesus bedien het, verklaar hierdie benaminge (Boring, 1985:131). Viljoen verwys onder meer na Jesus se benaminge as die Seun van God en die Seun van die mens. In die boek Markus word hierdie benaminge aangebied as die beste afbeelding van Jesus; dit verklaar die ontologie van Jesus Christus. Dreyer (2001:393) sê: "The names 'Son of God' and 'Son of Man' were the most important names that structured the image of Jesus."

Viljoen (2002) bied Jesus as die Seun van God soos volg aan: "The author introduces Jesus right from the start as the 'Son of God' (Markus 1:1). Voices from heaven confirm this status. The first time Jesus' status was confirmed was when Jesus was baptised (Markus 1:11). This happened again on the Mount of transfiguration (Markus 9:7). Even the evil had to confess this name (Markus 1:24; 3:11; 5:7). In reply to the question of the high priest Jesus Himself confirmed that He is the Son of God (Markus14:61). For the Jews these words signified blasphemy. However, most remarkably, the Roman soldier at the cross came to confess Jesus as Son of God (Markus 15:39)."

In verband met Jesus as Seun van die mens sê Viljoen (2002:3): "Contexts in which He used this name, are related to three aspects of his life:

- his earthly ministry (2:10, 28; 10:45);
- his passion and ascension (8:31; 9:9; 12:31; 10:33; 14:21, 41);
- his second coming (8:38; 13:26; 14:26).

The name 'Son of Man' is related to what is said in Daniel 7:13-14 about the 'one like a man.'" Die evangelie van Markus word beskryf as "the Gospel of the suffering Son of Man" (Viljoen, 2002).

Vorster (1991:48) wys verder op Jesus as dienaar: "The first aspect (of his earthly ministry) is related to the authority of Jesus over sin and the Sabbath. He is characterized as a servant for He did not come to be served, but to serve. A key passage in this regard is Mark 10:45: 'For the Son of Man did not come to be served

but to serve, and to give his life as a ransom for many'. This aspect is developed in several ways to teach his disciples not to try to be important, big or first …" Vorster dui aan dat dit beter is as die dissipels soos die Seun van die mens kom om te dien.

Viljoen (2002) beklemtoon op sy beurt die verband tussen Christologie en dissipelskap. Felix Just (2012) wys ook op die sterk verband tussen Christologie en dissipelskap, en in sy navorsing oor Matteus word Jesus gedefinieer as:


- Jesus die seun van Dawid (Matteus 1:1, 6, 17; 1:20);
- Jesus die seun van Abraham (Matteus 1:17; Matteus 3:9);
- Jesus die Koning en Profeet soos Moses (Matteus 2:13-21; Matteus 2:13-18);
- Jesus Immanuel (Matteus 1:20-23 wat Jesaja 7:14 reflekteer).

Henderson (2006) se navorsing oor Christologie en dissipelskap wys op temas van dissipelskap met die fokus op Christus, soos gevind in die Markus-evangelie.

Easter (2013) se navorsing oor Christologie fokus op die Lukas-evangelie en beskou ook die fokus op Jesus Christus as die vertrekpunt vir bepaalde temas van dissipelskap. Easter (2013) verwys verder na die fokus op Jesus Christus in Handelinge en die dissipelskapproses soos in Handelinge gesien.

Baffes (2011) konsentreer op die Johannes-evangelie in sy navorsing oor Christologie. Die belang van Christologie vir dissipelskap en die verband tussen die fokus op Christus en die maak van dissipels in 'n jeugbediening word deur sy navorsing bevestig.

Glen Lanier (2014) bied die volgende uiteensetting (Figuur 2.1) vir Christologie:




**Figuur 2.1** Skematiese uiteensetting van Christologie (Lanier:2014)

Die klem val op Jesus die Here, Seun van God, Seun van die mens en profeet. Lanier sê dat hierdie voorstelling gebaseer is op hoe Jesus, die fokus in Christologie, deur die Nuwe Testament uitgebeeld word.

### 2.1.2 Basisteorie van die huidige studie

Root (2014) ondersoek in sy navorsing die **Groot Fokus** op Jesus Christus. In die huidige navorsing word gekyk of hierdie fokus volgens 1 Korintiërs 2:2, en gebaseer op Pretorius (2003: 15-81) se navorsing hieroor, ook op die jeugbediening in ŉ gemeente van toepassing is. Die vers in Korintiërs lui: "Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde." Die hoofrede vir die skryf van Korintiërs 1 en 2 word ondersoek. Root (2009:77-93) wys empiries dat jongmense nodig het om Jesus, en spesifiek Hom as

die gekruisigde, as fokus te hê. Van Deventer (2010:13) maak dit duidelik dat ʼn fokus tot groter effektiwiteit in die bediening lei. Pretorius (2003:35) wys verder daarop dat binne die Koninkryk ʼn spesifieke fokus om God te eer noodsaaklik is. “Die eer van God” en die “Koninkryk van die hemele” word as die breë konteks beskryf waarbinne die fokus op Jesus gestalte kry. In hierdie hoofstuk sal beskouings uit die Skrif uitgelig word ten einde die Groot Fokus in perspektief te plaas.

Hierdie studie ondersoek verder en bou op die nakoming van die liefdesgebod in die uitvoering van dissipelmaking en die ontwikkeling van ʼn toepaslike kurrikulum daarvoor. Van Deventer (2010) verduidelik die **Groot Gebod** (die gebod van liefde) aan die hand van Filippense 1:3-11 en bevind dat dié gebod ook van toepassing is op die bediening aan die jeug in ʼn gemeente. Paulus sê onder meer in hierdie verse: “God is my getuie, Hy weet hoe ek na julle almal verlang met die liefde van Christus Jesus in my hart. Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.

Ook die **Groot Opdrag** volgens Matteus 28:18-20 word in hierdie navorsing ontleed, gemotiveer en verduidelik. Daar word aan die hand van Pretorius se studie (2003: 141-228) bevind dat die Groot Opdrag van toepassing is op jeugbediening binne ʼn plaaslike gemeentevorm.

Hierdie drie sleutels, die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag vorm die grondslag van die huidige studie oor dissipelskap binne ʼn jeugbediening en die ondersoek na die ontwikkeling van ʼn kurrikulum.

Benewens die drie sleutels is ‘n belangrike vertrekpunt die volwaardigheid van die funksionering van ʼn jeugbediening binne ʼn gemeente. ʼn Gemeente kan nie eenvormig wees in al sy bedieninge nie. Elke bediening het sy eie aard en sy eie behoeftes. In hierdie studie word ʼn kurrikulum ontwikkel wat ʼn sinvolle basis kan vorm vir dissipelmaking binne die kompleksiteit en diversiteit van die gemeente. Dreyer (2003:25-55) wys daarop dat jongmense deel is van ʼn geloofsgemeenskap. Van Deventer (2010:14) sê dit is nodig om jongmense in die gemeentelewe as volwaardige lidmate te ag wat God se stem kan hoor en dan daarop kan reageer. Die basisteoretiese bevindings van hierdie studie sluit dus die jongmense volwaardig in, met spesifieke verwysing na jongmense in kerklike gemeentes (Nel, 1998:4-7).

Bogenoemde sleutels en grondslae sluit aan by Venter (1996:247) se bevinding dat 'n basisteorie die ontginning van teologiese vertrekpunte behels en dat dit kyk na wat die Skrif bepaal met betrekking tot die bediening van die Woord van God.

Vervolgens word dus 'n eksegetiese ondersoek gedoen van relevante Skrifgedeeltes volgens gereformeerde hermeneutiese uitgangspunte (vergelyk De Klerk & Janse van Rensburg, 1999:8-26). Die Skrifgedeeltes handel oor die fundamentele temas ter sake vir hierdie studie: die Groot Fokus, die Groot Gebod, die Groot Opdrag en dissipelskap en hoe dit alles prakties-teologies beslag kry in inklusiewe jeugbediening. Die Christologiese basis van die navorsing is deurgaans duidelik.

## 2.2 BASISTEORETIESE SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE GROOT FOKUS: JESUS CHRISTUS

Hieronder volg Skrifgefundeerde basisteoretiese perspektiewe oor Christologie en dissipelskap binne jeugbediening met die fokus op Christus die gekruisigde.

### 2.2.1 Christologie en dissipelskap in die Matteus-evangelie

***Just (2012) se navorsing oor die Matteus-evangelie is verhelderend om 'n beeld van Christus te kry. Volgens Just wys Matteus vir Jesus as die Messias, die Seun van God, die rabbi en die leraar. Hy is ook die Seun van Dawid en die Seun van Abraham en is van koninklike afkoms.***

Just (2012) wys daarop dat Jesus as Seun van Abraham, Isak en Jakob sterker in die Matteus-evangelie na vore kom as in die evangelie van Markus. Jesus word ook in Matteus gewys as die Seun van Dawid en die koning van die Jode en Matteus beklemtoon Jesus se koninklikheid. Jesus word voorts in Matteus voorgestel as die groot profeet en leraar, dus as 'n nuwe Moses, en Hy word ook Immanuel genoem (Just, 2012). Just (2012) wys dan verder hoe hierdie titels en benamings Christologies uitwys hoe Jesus die vertrekpunt van dissipelskap is en dus sentraal moet staan in die ontwikkeling vqn 'n dissipelskapskurrikulum.

In die navorsing wys Just (2012) dan hoe dissipelskap en volgelingskap lyk wanneer daar op Jesus gefokus word. Die “ideale” dissipel word soos volg gedefinieer:

- ’n Dissipel of Jesus-volgeling is iemand wat die Koning gehoorsaam en doen wat die Koning bepaal (Matteus 5:19).
- In die Onse Vader-gebed word gebid dat God se Koninkryk kom; dus bevorder ’n dissipel wat op Jesus se navolgelingskap gefokus is Jesus se Koninkryk.
- Die ideale dissipel is ’n goeie student wat by sy leraar/onderwyser leer en begryp wat geleer word (Matteus 15:16).
- ’n Dissipel lewe so dat sy lewe ’n vrug van regverdigmaking dra. Dit word deur Just (2012) as ’n belangrike tema in die Matteus-evangelie uitgewys.

Just (2012) dui ook aan dat ’n dissipel sy of haar geloof uitleef en wys op die volgende tekste in dié verband:

- Matteus 3:10 sê dat ’n goeie dissipel vrug dra.
- Matteus 5:16 wys die lig van ’n dissipel wat skyn voor ander.

’n Jesus-gefokusde dissipel word volgens die Matteus-evangelie gevorm deur onderlinge gemeenskap met ander gelowiges en in die onderlinge verhouding met mekaar. Die verhouding is inklusief en word geken aan:

- Nederigheid;
- die hantering van sonde;
- vergewensgesindheid;
- die opbou van die plaaslike kerk.

Just (2012) bevind dus in sy bydrae tot Christologie en dissipelskap dat Jesus-gefokusde dissipelskap vrug lewer en nodig is vir die uitbou en opbou van lede binne ’n plaaslike gemeente.

### 2.2.2 Christologie en dissipelskap in die Markus-evangelie

***Henderson (2006) se navorsing oor Christologie in die Markus-evangelie wys op Jesus die Messias, Seun van die mens, rabbi en leraar. Sy wys in haar studie oor die Markus-evangelie duidelik die verband uit tussen die fokus op Jesus en dissipelskap. Hierdie verband lei volgens Henderson (2006: 36-46) tot die maak van dissipels wat, soos in die Markus-evangelie, tyd saam met Jesus deurbring. Sy wys daarop dat soos in geen ander evangelie nie Jesus die hele tyd by sy dissipels is en tyd met hulle spandeer.***

Henderson (2006:29) wys op die patrone van dissipelskap in Markus en lig formules of temas uit wat van toepassing kan wees op ŉ kurrikulum vir dissipelmaking. Sy wys hoe Jesus sy dissipels gaan vind het en na binne gebring het. Hy het hulle gaan haal waar hulle visvang (2006:31). Hy het in hulle konteks inbeweeg en hulle gaan haal. Henderson (2006:31) wys op die "way of the cross", dat dissipelskap duur is: "From this widely held perspective, Mark's 'way of the cross' teachings (Mark 8:34-9:1; 9:35-7; 10:42-5) provide interpretive keys to the evangelist's claims about the nature and calling of discipleship within his community. In turn, the gospel's defining trait of true discipleship has come to be seen in terms of a follower's willingness to suffer, and even to lose life, for the sake of the gospel (Mark 8:35), a willingness derived from a correct Christological understanding of Jesus' own passion."

Markus 3:13-15 wys op die uitstuur van die dissipels, en Henderson (2006:67-77) toon aan hoe Jesus Sy dissipels geleer het om werklik met krag te funksioneer met sy mandaat aan hulle om hierdie dissipelskapsmodel oor te dra. Haar navorsing noem dit "presence and practice" – Jesus was teenwoordig in hulle lewe en Hy het hulle opgebou en geleer wat ŉ dissipel doen. Die Markus-evangelie wys ŉ duidelike, direkte interaksie uit tussen Jesus en sy volgelinge en verskaf ŉ gedetailleerde uiteensetting ten opsigte van die gesamentlike doel om die Koninkryk van God te laat deurbreek.

Henderson (2006:95) se navorsing toon dissipelskap as die onderlinge meelewing met Jesus en die belewenis van sy teenwoordigheid, terwyl sy roeping en uitstuur van die dissipels die verhouding tipeer en definieer. Jesus bemagtig sy dissipels radikaal om ŉ nuwe regering op aarde in te stel, en dit realiseer deurdat hulle die nabyheid van

hulle Rabbi beleef. Deur sy teenwoordigheid word hulle geloof gevorm, en hulle leer hoe om volgelinge te wees wat met outoriteit ander kan leer.

In Markus 6 word vertel hoe Jesus die twaalf dissipels uitstuur. Henderson (2006: 138 -152) dui die onderskeid aan tussen Jesus se persoonlike aardse missie en sy uitnodiging aan sy dissipels om Hom te volg. Jesus nooi sy dissipels uit om die Koninkryk van God saam met Hom te vestig. Sy dissipels word bemagtig en bekragtig vir hierdie taak omdat hulle in sy teenwoordigheid tyd spandeer. “As we shall see, Mark carefully situates this successful discipleship venture at the precise narrative point where Jesus' own efforts have yielded patchy results (Mark 6:5-6). In many respects, Mark's portrait of discipleship reaches its climax in this passage, as the Twelve enact with striking effectiveness their role as authorized agents of Jesus' eschatological mission”.

Dissipelskap transformeer die dissipels om hulle lewe selfloos in te rig. Henderson (2006:169) verwys na die verhaal in Markus 6:30-44 waar vyf duisend mense deur Jesus gevoed is en dui spesifiek aan dat Jesus nie alleen die honger skare voed nie, maar dat Hy dinamies met sy volgelinge interaksie het om uit sy oorvloed die dissipels deel te maak van wat Hy doen.

Henderson (2006: 204) belig dissipelskap as ŉ handeling van gehoorsaamheid, sonder dat die dissipel altyd die motief verstaan. In dié verband verwys sy na Markus 6:12-13 waarin die eerste sending onsuksesvol is, terwyl Jesus steeds sy dissipels bly bemagtig.

Uit die bestudering van Jesus en sy dissipels in die Markus-evangelie kristalliseer ŉ aantal punte wat ter sake is vir die huidige studie. Henderson (2006) wys eintlik op ŉ model wat in dié evangelie gestalte kry. Dit bestaan uit die volgende stappe:

- Jesus bring eerstens sy dissipels na binne.
- Jesus bou sy dissipels op deur intimiteit en tyd in sy teenwoordigheid.
- Jesus stuur sy dissipels uit en leer hulle in kontekstueel relevante omstandighede hoe om sy Koninkryk te laat deurbreek.
- Jesus rig sy dissipels op, selfs al misluk hulle in hulle pogings.

- Jesus leer sy dissipels gehoorsaamheid.
- Jesus leer sy dissipels om van andere dissipels te maak.

### 2.2.3 Christologie en dissipelskap in die Lukas-evangelie en Handelinge

***Easter (2016:2) se navorsing oor Lukas en Handelinge toon insgelyks ŉ duidelike verband tussen die Christologiese fokus op Jesus en dissipelskap. Hy wys daarop dat die fokus op Jesus die metode is om ware dissipelskap te begryp en te beoefen. Sy navorsing wys na Jesus as die kern soos aangebied deur die skrywer Lukas.***

Ten opsigte van ŉ Christologiese begrip noem Easter (2016:2-3) die titels van Jesus wat Lukas aanbied, te wete:


- Jesus die Seun van Dawid, die Seun van God, wat soos geen ander mens nie ŉ diep verhouding met die Vader het; Jesus is nie aangeneem nie, maar is werklik die Seun van God (Lukas 6:35; Lukas 23:34,46).
- Jesus die Seun van die mens, die titel wat volgens die skrywer sy aardse roeping ten beste beskryf; terselfdertyd word uitgewys dat Hy as Seun van die mens aan die regterhand van God sit.
- Jesus die Redder (Lukas 1:47; 2:11 en Handelinge 5:31; 13: 23). Easter (2016:4) wys dat daar geen ander naam as Jesus Christus is waardeur ŉ mens gered kan word nie. Vir dissipelskap is ŉ oortuiging van Jesus as redder nodig.
- Jesus die Messias (Handelinge 9:20,22), asook Jesus wat moes ly. Easter (2016:5) beredeneer dit dat ŉ volgeling van die Messias ook deel sal hê aan sy lyding, en insgelyks aan sy opstanding.
- Jesus die opgestane Here (Lukas 24:46). Easter (2016:6) wys daarop dat Jesus eers as die opgestane Here herken en begryp is nadat Hy opgestaan het.

In Handelinge word die titel “die Christus” op veertien plekke gebruik, hoewel die fondasie van die prediking in die boek Handelinge na Jesus die Messias verwys (Easter, 2016:7). Easter (2016) se Christologiese gevolgtrekking is dat Jesus die gekruisigde die fokus moet wees. Hy stel dit dat Jesus by sy doop die eskatologiese profeet, gevul met die Heilige Gees, word vir bediening; by sy dood word Jesus die Koning wat moes ly om die Messias te wees, en dan word Hy geopenbaar as die Seun wat sit aan die regterhand van God.

Gegrond op die getuienis in Lukas kan tot die gevolgtrekking gekom word dat dissipels van Jesus gevul moet word met die Heilige Gees vir bediening en dat hulle Jesus moet erken as hulle Here. Dissipels word ook toegerus deur hulle leraar en herder, wat Jesus self is.

Dean (1998:43) dui uit die Lukas-evangelie aan hoe Maria as ‘n tiener geroep is om Jesus in die wêreld te bring, en wys daarop dat God steeds vandag jongmense roep om Jesus Christus in en na die wêreld te bring.

Die Anglikaanse sinode van Edmonton Alberta (2010) het as sinode oor Christologie navorsing gedoen uit die Lukas-evangelie en bied dit soos volg aan, wat ooreenstem met Easter (2016) se navorsing:




**Figuur 2.2** Christologie en dissipelskap in Lukas (Anglikaanse Sinode, 2010)

### 2.2.4 Christologie en dissipelskap in die Johannes-evangelie

***Baffes (2011) se navorsing oor Christologie en dissipelskap, toegespits op die Johannes-evangelie, wys op Jesus die Woord wat vlees geword het. Baffes (2011) se navorsing toon Jesus as die lewende water en ontplooi die perikoop uit Johannes 7:37-38 waar Jesus verklaar dat lewende water uit sy binneste vloei. Volgens die Johannes-evangelie het die Jode Jesus as meer as net 'n profeet begin sien, en sy dissipels het besef Hy was in die begin al by God en self God. Dit was Christologies 'n radikale openbaring om Jesus aan te bied nie net as die Messias nie, maar as God self.***

Wanneer Jesus deel dat lewende water uit sy binneste sal vloei, wat dan oorvloei na en uitvloei uit sy volgelinge, is dit 'n intensionele openbaring van wie Jesus is, en die fokus val op Hom as die Here (Baffes, 2011:144-150).

Baffes (2011:146) verwys in haar navorsing oor Christologie en dissipelskap in die Johannes-evangelie na die gedeelte waar Jesus lerende in die tempel is (Johannes 14:24). Daar is bespiegelinge of Hy werklik die Christus is en ook onsuksesvolle pogings om Hom te arresteer. Sy verwys dan na ŉ punt in Christologie as hoogtepunt, waar Jesus homself as die lewende water aanbied, en gaan verder om die simboliek daarvan uit te stip, soos in Johannes 7:37-38. Sy wys dat daar uit dissipels van Jesus lewende water moet vloei na andere. Baffes (2011:150) se navorsing toon implikasies dat dissipels van Jesus geroep word om sy beeld verder uit te dra, en deur op Hom te fokus, van andere ook dissipels te maak. Sy wys verder dat die volgeling van Jesus net soos Hy ook deur die Heilige Gees gevul moet wees vir die bemagtiging van bediening. Dissipels van Jesus dra sy liefde, die Heilige Gees en die teenwoordigheid van Jesus in hierdie wêreld uit.

Baffes (2011:151) se verdere argument ten aansien van dissipelskap is toegespits op hoe Jesus sy dissipels opbou en bemagtig. ŉ Dissipel kan ŉ volgeling word gevul met sy krag en kan hierdeur van andere dissipels maak.

Van der Merwe (1995:3) se navorsing wys uit dat dissipelskap deur die hele Skrif afgelei word. Daar word bevind dat in die Johannes-evangelie dissipelskap onlosmaaklik is van Jesus en van die leerling wees van Jesus. Van der Merwe (1995: 325-491) se studie wys intens hoe die dissipel Jesus naboots, Hom volg, gereelde openbaring ontvang en deel kry aan die ko-missie, oftewel die Groot Opdrag. Van der Merwe (1995:325-491) se navorsing belig ook duidelik die wyse waarop Jesus sy dissipels opbou, en die opbou van dissipels is ŉ belangrike tema in die maak van dissipels. Die lens waardeur dissipels gemaak word, is een van bemagtiging.

### 2.2.5 Christologie en dissipelskap in Korintiërs

***Die vasstelling van Jesus as ŉ fokuspunt in jeugbediening is in die navorser se Meestergraadverhandeling (Van Deventer, 2010) spesifiek uit Korintiërs nagevors, en saam met Pretorius (2003) en Root (2014) se navorsing oor Jesus as die fokus van bediening vorm dit ten opsigte van Christologie en Christopraxis die vertrekpunt van hierdie studie.***

Van Deventer (2010) het aangetoon dat daar ‘n leemte in die praktiese teologie bestaan aan ‘n kurrikulum, beginsels en prakties-teologiese metodologie vir die maak van dissipels in jeugbediening. In die ontwikkeling van so ʼn kurrikulum in die huidige studie vorm Jesus steeds die fokuspunt soos in al die evangelies aangetoon waar dissipelskap ter sprake is. Die fokus op Jesus lei tot die uitvoering van dit wat Jesus Christus beveel; dit bring dus mense in beweging (Root, 2014:267).

Die Skrifgedeeltes hierbo genoem en die navorsing daaroor waarna verwys is, bepaal dat Christologie die grondslag vorm van die huidige studie, wat ten doel het om dissipelskap prakties binne jeugbediening te laat realiseer. In die kurrikulum wat ontwikkel word, moet die fokus eerstens en sentraal op Jesus Christus, en Hom as die gekruisigde, val.

#### 2.2.5.1 Geskiedenis en ligging van die stad Korinte

Paulus plaas Jesus sentraal in sy brief aan die gemeente van die Korintiërs. Die stad Korinte is in 146 vC deur die Romeinse ryk verwoes (Leuschner, 2004:18). Volgens Quast (aangehaal deur Leuschner, 2004:18) het Julius Caesar die stad rondom 44 vC herbou en bevolk met vrygelate Romeinse soldate en hulle slawe. Dit het daartoe gelei dat Korinte die Romeinse regeringstelsel aangeneem het. Die Korintiërs het dus ook ʼn Romeinse voorkoms gehad. Witherington (1995:6) se navorsing toon dat oudsoldate hulle in Korinte kom vestig het en dat die stad se groei om hierdie rede drasties toegeneem het. Die stad was kosmopolitaans, met ʼn groot verskeidenheid bevolkingsgroepe, waaronder ʼn groot aantal Jode (Witherington, 1995:7). Leuschner (2004:18) toon aan dat Korinte in 29 vC verklaar is tot die hoofstad van Agaje. Dit was egter ook die woonplek van die Romeinse prokonsul.

Korinte het oor twee hawens beskik wat die handel in hierdie stad verder vergroot het en vanweë die Istmiese spele (Quast, 1994:21) wat daar gehou is, is ʼn groot premie op skoonheid en die estetiese geplaas (Pretorius, 2003:20).

### 2.2.5.2 Bevolking en godsdiens van Korinte

Soards (1994:4) se navorsing toon dat Julius Caesar Korinte bevolk het met ŉ wye verskeidenheid vrye mense. Verskeie bevolkingsgroepe is geteiken om die stad te bevolk, insluitende vanaf Griekeland, Sirië, Palestina en Egipte. Die meerderheid van die bevolking was dus slawe. Grieke is volgens Leushner (2004:19) hoofsaaklik as vreemdelinge (incolae) beskou. Die "incolae" wat voor die kolonie in Korinte gevestig is, het in ruïnes gebly. Koloniste en hulle afstammelinge is as burgers (cives) beskou. Groot getalle is gewerf om Korinte te koloniseer, veral uit die stedelike armoediges in Rome (Leushner, 2004:19; Horsley, 1998:23).

Galaty (2015:55) toon verder aan dat Korinte gekenmerk is deur die groot aantal tempels vir gode en godinne wat verrys het en die kompetisie wat daar was onder die inwoners om hierdie gode tevrede te stel, byvoorbeeld die hardloop van ŉ resies om afgode tevrede te stel. Groenewald (1967) en Leuchner (2004:19) en Van Deventer (2010:16) se navorsing wys dat die Afrodite-tempel, Akkorinte, geleë bo-op die berg, die middelpunt van die godsdienslewe van die stad was. Daar word bereken dat daar ongeveer duisend religieuse prostitute aan hierdie tempel verbonde was, onder wie Afrodite, die godin van liefde, skoonheid en vrugbaarheid (Witherington, 1995:14).

Daar is verskeie gode in Korinte aanbid, wat dus pertinent nie Jesus as fokus gehad het nie (Quast, 1994:21; Leuschner:2004).

As gevolg van die uitdagings wat die lede van die gemeente in Korinte gehad het in die aangesig van die afgode om hulle, het Paulus hulle fokus gevestig op Jesus Christus (Witherington, 1995:16).

### 2.2.5.3 Paulus se agtergrond en bekering

Paulus is omtrent in die jaar 10 nC gebore uit ŉ Joodse familie wat tot die Fariseërs behoort het (Van Deventer 2010:17). Paulus, wat by geboorte Saulus genoem is, het grootgeword in ŉ familie wat die wet en die reg uitsonderlik goed geken en hom breedvoerig hierin onderrig het (Elwell & Comfort, 2001:996).

Hoewel Paulus in Tarsus grootgeword het, het hy sy teologiese studies in Jerusalem voltooi onder Gamaliël, die kleinseun van Hillel, stigter van die Fariseërskool in Jerusalem. Hierdie studies op ŉ jong ouderdom het Paulus ŉ kenner van die Joodse geloof gemaak en hy was radikaal in die uitlewing van sy tradisie en godsdiens (Elwell & Comfort, 2001:996). Paulus was verder goed opgelei in die Griekse kultuur, poësie en filosofiese geskrifte, omdat Gamaliël ŉ "broad-minded" Joodse leermeester was (Frederickson, 1996:421).

Pretorius (2003:21) wys Paulus word as "Graeco-Roman Jew and Jewish Christian" getipeer en daarmee saam as iemand wat deur die Joodse, Hellenistiese en Romeinse kultuur beïnvloed is. In Handelinge 22:3 sê Paulus van homself: "Ek is ŉ Jood, gebore in Tarsus in Cilícië, maar opgevoed in hierdie stad aan die voete van Gamaliël, ŉ yweraar vir God soos julle almal vandag is" (vgl. 2 Korintiërs 11:22; Romeine 11:1; Galasiërs 1:13-14).

Pretorius (2003:21) toon dat Paulus se Romeinse burgerskap ŉ rol kon gespeel het in sy waardering van en positiewe gesindheid jeens die Romeinse regstelsel. Paulus skryf die brief aan die Korinte nadat hy moontlik al twintig jaar ŉ Christen was en daarom praat hy met gesag van die volwassenheid van geloof (Van Deventer, 2010:18).

Nadat Paulus die hoëpriester in Jerusalem se briewe wat hy aan die sinagoges in Damaskus geskryf het, ontvang het, is Paulus na Damaskus om die Christene daar gevange te neem en na Jerusalem te bring vir hulle verhoor (Elwell & Comfort, 2001:997).

Tydens die uitvoering van hierdie opdrag het Paulus in die buitewyke onderweg na Damaskus sy bekeringservaring beleef. Hierdie bekeringsmoment, waartydens die opgestane Jesus self ontmoet word, is van so ŉ groot belang dat daar by drie geleenthede ŉ gedetailleerde beskrywing hiervan voorkom: Handelinge 9:1-19; 22:1-21; 26:1-23 (Elwell & Comfort, 2001:997). Paulus beskryf self die verdere impak hiervan in Galasiërs 1:12-19: "Want ek het dit ook nie van ŉ mens ontvang of geleer nie, maar deur ŉ openbaring van Jesus Christus. Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het; en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd

onder my stamgenote, terwyl ek veral ʼn yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders. Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie en ook nie na Jerusalem opgegaan na dié wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly; en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here."

Na Paulus se bekering is hy deur Annanias gedoop, en daarna vir ʼn kort tydperk deur die Jode vervolg (Elwell & Comfort, 2001:997).

Hieruit vloei Paulus se oortuiging en mandaat dat hy deur Jesus Christus self geroep is, maar hy beklemtoon dat hy nie soos die ander apostels in Jerusalem opgelei is nie (McClelland, 1996).

Paulus se gediversifiseerde agtergrond, burgerskap en opleiding het hom uiters geskik gemaak om die evangelie vir die nasies te verkondig. Sy kennis van die Joodse geloof en die Romeinse regstelsel het hom verder uitstekend toegerus om sy opponente se argumente te weerlê (Frederickson, 1996:421).

#### 2.2.5.4 Paulus se fokus op Jesus Christus in die brief aan die Korintiërs

Van Deventer (2010) se navorsing word gebruik om die hooftemas wat deur Savage (1996:9-11) in sy studie oor die teenstanders in 2 Korintiërs beskryf word uit te lig. Pretorius (2003:26-39) se samevatting van die sentrale probleem word ook bestudeer. Die doelwit is om die sentrale probleem in Korintiërs 1 en 2 te ondersoek.

Savage (1996:12) lys ʼn aantal klagtes uit 2 Korintiërs. Volgens Pretorius (2003:26) was die gemeente in Korinte ontevrede en ongemaklik met Paulus se:

- weiering om te spog ("boast") (11:19);
- fisieke voorkoms (10:10a);

- kommunikasie (10:10b en 11:6); en
- weiering om finansiële bydraes van hulle te ontvang (11:7-11; 12:13-14).

Die volledig gedokumenteerde kenmerke wat Savage (1996:19-34) noem, word deur Pretorius (2003:27) in opgesomde formaat weergegee. Savage (1996:23) wys ŉ beheptheid met die self en ŉ beheptheid met belangrikheid en status uit as primêre kwessies in Korinte.

Van Deventer (2010:20-21) lig die volgende probleme uit: ŉ fokus op mense en die individue se behoeftes, die belang van statuur en hoe goed mense dink jy is, die groot kulturele en ekonomiese verskille tussen die inwoners, en hoe daar neergekyk is op arm mense. Die gemeente het geen fokus nie en gryp tendense aan om hulle selfgesentreerde behoeftes te bevredig.

Pretorius (2003:31) beredeneer dat die sentrale probleem op "roem buite die Here" neerkom. Hy wys daarop dat Paulus wel roem, maar ŉ ander standaard vir roem daarstel. Anders as in homself, roem Paulus in die Here (Hafemann, 1990:81).

Valse roem is dus enige roem wat nie in God gesetel is nie (Van Deventer, 2010:24). Paulus waarsku in Efesiërs 2:9 teen roem onder Christene veral omdat hulle nie hulleself deur goeie werke verlos het nie. In Efesiërs word uitgewys dat selfs die "goeie werke" deur "God reeds vooraf voorberei" is. Vers 10 verwoord dus ware roem, teenoor valse roem soos genoem in vers 9. Valse roem sal roem nie in die Here (1 Korintiërs 1:31) nie, maar buite die Here wees, en hierdie soort roem is demonies (vergelyk die verwysing na die Satan as die "owerste van die mag van die lug" in Efesiërs 2:2).

Die sentrale probleem volgens Pearson (1976:29) is dat sommiges binne die gemeente hulleself as volwassenes beskou het, omdat hulle in hul eie oë geestelike wysheid besit het. Pearson (1976:45-47) wys dat Paulus in 1 Korintiërs 2:6 en 3:1-2 aansluit by die teologiese terminologie van sy opponente en hulle wysheid weerlê en dat hy die gemeente op hul onvolwassenheid wys. Volgens Van Deventer (2010:23) geld dieselfde vir die "soeke na tekens" (1 Korintiërs 1:22). Hy sê: "Hierdie stellings wys tereg dat die wysheid en kennis wat sommige lede aanvoer as die oplossing vir

die sentrale probleme, juis die sentrale probleem is. Die fokus wat dus uit bogenoemde beredeneer word, setel in wysheid, kennis en tekens”.

Die groot probleme in die gemeente van Korinte sluit ook die volgende in:

- Daar was ŉ oordrewe fokus op die individue.
- Daar was baie verdeeldheid (Korintiërs 1:10) (Pretorius, 2003:32).
- Daar was nie eenstemmigheid oor die aard en identiteit van die partyskappe (1 Korintiërs) of oor wie die teenstanders van die Korintiërs was nie (Witherington, 1995:236).

Op al hierdie probleme het Paulus die antwoord: Jesus Christus. Hy moet die fokus wees. Hierdie wete is so kosbaar dat dit in Efesiërs 1:9-10 ŉ geheimenis genoem word: “Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.” Efesiërs onderskryf duidelik hoe Paulus die sentrale gemeentelike probleme gaan hanteer – deur sy fokus op die Here Jesus Christus. In 1 Korintiërs 2:2 sê hy: “…ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde.”

Die fokus op Jesus ontlok wel vrae vir die gelowige. “Hoe kan die gelowige in die Here roem?” vra beide Pretorius (2003) en Root (2014). Hoe kan die fokus wat op iets anders as die Here gerig is, soos wysheid, kennis en tekens, teruggebring word na Jesus toe? Pretorius het sekere tekste ontleed om ŉ antwoord op dié vrae te kry en het in sy navorsing dit die Groot Fokus genoem.


Volgens Root (2014:240) blyk dit dat wysheid en Skrifgeleerdheid nie erken word as die basis van geloof in God nie en dat die formele verstaan van die Skrif dus nie ŉ persoon by God sal uitbring nie. Wat dwaasheid is vir dié wat nie glo nie, is juis die wysheid van die woorde van die Kruis. Jesus die gekruisigde is die wysheid wat nodig is en juis die verkondiging van Hom as gekruisigde word ŉ struikelblok vir die Jode en die Grieke. Die Jode soek tekens, en die Grieke soek wysheid.

God vereis dat Hy die fokus is en dat ons op sy krag roem. Paulus se argumente is teenstrydig met dit wat die wêreld leer. God vereis dat daar volgens die bogenoemde kriteria geroem moet word in sy krag, en nie in die wysheid en sterkes in die Korintiese konteks nie. God kies die swakkes, sodat hulle juis in Hom roem en nie die Korintiese roemwaardige kriteria aanhang nie. Jesus Christus is die fokus, en binne Hom setel wysheid, geregtigheid, heiligmaking en verlossing. Christus Jesus word self die pad van heiligmaking en maak sodoende die menslike wysheid en kennis oor die proses van heiligmaking tot niet. Daarom word daar in Christus Jesus alleen geroem!

Volgens Root (2014: 240-241) kommunikeer Paulus in 1 Korintiërs "wysheid en insig", en hy argumenteer dat hy nie met aardse wysheid en geleerdheid (oftewel slim woorde) die getuienis van God verkondig het nie, maar alleen deur die fokus op Jesus Christus. Paulus vestig 'n nuwe fokuspunt vir die gemeente in Korinte, naamlik JESUS CHRISTUS die opgestane Here. Paulus voer aan dat die Heilige Gees aan hom die wysheid, kennis en insig gee om Jesus Christus te ken (Root, 2014:244).

Menslike wysheid steun op homself en gee nie aan God die roem nie. Paulus wys hier duidelik dat dit juis menslike wysheid is wat mense blind gemaak het vir God. Root (2014:147 – 184) wys nogmaals uit dat Jesus Christus ons deel maak van God, en dat Hy die wysheid is om te deel en te wys wat God op aarde doen.

Paulus fokus sy bediening op die gekruisigde Jesus. Die "woord van die kruis" is die krag van God (1 Korintiërs 1:18). Wat beteken die "woord van die kruis"? Ter opheldering hiervan word Pretorius (2003) se sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:18 hieronder weergegee.




**Figuur 2.3** Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 1:18 (Pretorius, 2003:53)

Pretorius (2003:41) maak ’n aantal gevolgtrekkings uit die sintaktiese ontleding hierbo:


- Die sinskonstruksie plaas die “woord van die kruis” in die fokusposisie.
- Paulus beklemtoon sy betoog verder deur twee groepe te onderskei wat staan of val by die “woord van die kruis”.
- Deur binne die sinskonstruksie “dwaasheid” en “krag van God” met mekaar te kontrasteer, word sowel aangespoor as vermaan dat die fokuspunt wat aanvaar moet word, die “woord van die kruis” is en dat hierdie fokus juis die “dwaasheid van die wêreld” is.

- Paulus kondig duidelik die fokus in 1 Korintiërs 2 reeds met 1:18 aan.

Verdere duidelikheid word deur Louw en Nida (1996:27) gegee, naamlik dat die “woord van die kruis” na die letterlike houtkruis en daad van die kruisiging verwys, en dat die kruis deur die Romeine as ’n simbool van veragting en eerloosheid gebruik is. Dit is binne die konteks van Korinte goed begryp. Jesus Christus se uiterste lyding word geïntensifiseer deur die houtkruis toe te lig, en die begrip hiervan weerlê die Grieke se wysheid (Van Deventer:2010).

Deur die fokus op Christus te vestig word “Woord” teenoor “Wysheid” en “Roem” gestel en “Eersug” teenoor “Kruis” (Root, 2014). Paulus stel dit duidelik dat die kennis van Jesus Christus elke menslike argument en roem weerlê en as dwaasheid blootlê.


In Figuur 2.4 hieronder word Pretorius (2003) se sintaktiese ontleding van die sleutelvers 1 Korintiërs 1:24 weergegee. Hierdie vers bevestig dat die fokus op Christus die enigste ware wysheid is; dat die enigste primêre uitset van ’n Christen is om op Hom en Hom alleen te fokus deur Hom te ken en van Hom te weet.




**Figuur 2.4** Sintaktiese ontleding van 1 Korintiërs 2:24 (Pretorius, 2003:53)

Root (2009:79) bevestig dat die verkondiging van Christus van die kruis sentraal staan in die gemeentelewe, en dat jongmense die moeilike vrae ten aansien van Jesus die gekruisigde mag vra.

Paulus wys ook in 1 Korintiërs 2:2 dat "Christus wat gekruisig is", die enigste fokus van sy bediening is. Root (2009:81) wys daarop dat die kruisiging van Jesus die diepte van God se liefde vertolk. Paulus bewys sy kennis van die misterie ten opsigte van die kruis. Die Griekse vertaling en konstruksie van die teks in 1 Korintiërs 2:2 is in dié opsig belangrik. Dit stel die fokus op Christus besonder sterk (Pretorius, 2003:53).




**Figuur 2.5** Die fokus op Christus (Pretorius, 2003:53)

Die 'ken' waarna Paulus verwys, het betrekking op Jesus Christus en Hom as die gekruisigde. Hierdie fokus en die opbou daarvan is duidelik waarneembaar in die ontleding hierbo (Van Deventer, 2010:33).

In hierdie hoofstuk is in besonderhede en in diepte op die Christologiese fokus op Jesus ingegaan. Dit is gedoen om die sentraliteit van Jesus in enige dissipelskapbediening te motiveer. Die huidige navorsing, gemik op 'n dissipelskapskurrikulum, het sy bestaansreg in die uitlig van Jesus as die kern van die evangelie en van dissipelskap.

### 2.2.6 Voorlopige samevatting van die Groot Fokus

Dean (2004:316) stel dit dat die soeke na wysheid en tekens ín Christus, en nie buite Hom nie, moet plaasvind en dat die Christelike teologie om Jesus en die kruis gesentreer moet word. Die Jode in Jesus se tyd kon wysheid en tekens by Hom soek sonder om in Hom te glo (vergelyk Johannes 2:23; 6:26; Markus 12:37), en Jesus nooi persoonlik die "kinders" eerder as die "wyses" in Matteus11:28. Wysheid en tekens buite Jesus Christus is twee gode, en jongmense moet weer hulle identiteit binne Jesus Christus – sy passie, sy lewe en Hom as die gekruisigde – vestig (Dean, 2004:16).

Moltmann (1993:19) wys in sy navorsing duidelik dat wie die persoon van Christus verwerp, God self verwerp. So 'n persoon is dwaas en bied weerstand teen die "woorde van die kruis" en derhalwe teen God self. Wie Jesus Christus het, het alles in Hom. Die "tekens" en die "wysheid" is in die persoon van Jesus reeds verkry. Wanneer 'n persoon dan waarlik Jesus ontmoet, gebeur een van die grootste wonderwerke. Jesus as Koning van die konings en Heerser van die heersers word deur Driscoll (2009:78) uitgelig as sentraal en die regerende party in 'n dissipel se lewe. Vandaar die fokus op Jesus in geloofsvorming of bediening.

Efesiers 1:4-11 toon duidelik aan dat Jesus sentraal is in God se plan. Ons, God se kinders, is "voorbeskik" om in Jesus as kinders aangeneem te word. God wil alles in die hemel en op die aarde "onder een hoof in Christus verenig." Ook jongmense kan hulleself in 'n nuwe plek, naamlik in Christus, vind (Dean: 2004:16). Jeugbediening is 'n volwaardige bediening waardeur Jesus as die gekruisigde en die opgestane Koning in jongmense se lewens ingebring word. Die punte hieronder geld dus ten opsigte van die jeugbediening in 'n gemeente:

- Om 'n dissipelskapsmodel binne jeugbediening te vestig, moet daar Christologies te werk gegaan word.
- 'n Jeugbediening moet op Jesus Christus fokus en in Hom as die Here roem, en niks anders leer en weet as Jesus Christus die gekruisigde nie (Van Deventer, 2010:34).

- Jeugleraars, saam met jeugmentors en tieners moet in die ontvouing en ontplooiing van die jeugbediening ŉ fokus hê – Jesus Christus.

## 2.3 BASISTEORETIESE SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE GROOT GEBOD: LIEFDE

### 2.3.1 Die Groot Gebod

Van Deventer (2010) toon dat liefde naas die fokus op Jesus die tweede belangrike tema in die bou van ŉ persoonlike verhouding met Hom is. Die Groot Opdrag om liefde te betoon moet in aanmerking geneem word wanneer ŉ kurrikulum vir dissipelskap ondersoek word.

Fields (2008:84) skryf in die boek *Your First Two Years in Youth Ministry*: "I am thrilled that youth ministry has become more professional ... but it isn't rocket science; youth ministry is about adults loving youth, building relationships with them, and pointing them to Jesus."

Jesus het gereeld nuwe mense genooi om deel te wees van sy dissipelkring en Hy stel tyd saam met Hom en ŉ persoonlike verhouding met Hom gelyk aan liefde vir God. Liefde vir mekaar vloei uit intimiteit met Jesus (McKnight, 2004:11).

Liefde beskryf die gesindheid waarmee jeugbediening uitgevoer behoort te word. Hierdie studie volg, in ooreenstemming met Nel (1998:88-96) se benadering, ŉ inklusiewe benadering tot jeugbediening. 'n Leraar wat binne 'n gemeente werk, moet liefde teenoor die gemeente betoon en dit sluit die jeug in. Wanneer daar dus na ŉ gemeente en gemeente-bediening verwys word, sluit dit tiener- en jongvolwassene-bediening in.

Die Skriftuurlike Groot Fokus op Christus lig uit dat Jesus se offer aan die kruis aan oorvloedige liefde uiting gee. Passie met liefde in die Judaïese Christendom is geassosieer met vryheid en die begrip "lyding van liefde" (Moltmann, 1993:270). Daarom wys Paulus op die oorvloedige liefde as die raamwerk waarbinne hy wil

bedien, te wete die uitleef van passie met liefde, met die veronderstelling dat lyding gepaard kan gaan met die uitleef van liefde.

Grimm (2016:13) se navorsing wys dat die institusionele gemeentes, met spesifieke verwysing na die United Methodist Church, transformasie nodig het in die uitvoer van die fokus op Jesus en die uitvoer van die liefdesgebod. Die uitvoering en uitlewing van oorvloedige liefde binne jeugbediening wys ook ’n direkte verband tussen Christologie, dissipelskap en die liefdesgebod in jeugbediening (Grimm, 2016:13-14).

Dean (2004:18) het die liefdesgebod ondersoek en bevind dat waar Jesus Christus se passie en liefde aan die jeug “bedien” word, oorvloedige, passievolle liefde die raamwerk sal wees waarbinne dit gedoen moet word. Deur hierdie gesindheid word die boodskap van die Skrif na die jong gelowige in ’n gemeente se jeugbediening oorgedra. Barna (2002:33) se navorsing toon dat ’n groot aantal mense geen rede insien om deel te hê aan ’n geloofsgemeenskap nie. Die rede vir hierdie negatiewe belewenis van die kerk word deur navorsing aangetoon as die ondervinding dat die kerk nie liefde uitleef of ’n plek is waar hulle lewensverandering beleef nie.

Die Groot Gebod word vervolgens kortliks vanuit die Skrif gedefinieer en geposisioneer alvorens die navorsing oor die dissipelmaakproses binne jeugbediening ondersoek word. Filippense 1:2-11 word vir hierdie basisteoretiese gedeelte gebruik, aangesien die gebed om toenemende en “oorvloedige” liefde daarin vervat word.

#### 2.3.1.1 Die liefdesgebod

Die liefdesgebod word in Markus 12:29-33 direk deur Jesus Christus self aangekondig. Vandaar die benaming die Groot Gebod. “Jesus antwoord hom: Die eerste (gebod) is: ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel, en met jou hele verstand en met al jou krag.’ Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie.”

Die liefdesgebod vat volgens Keener (1999:531) die hele etiese denksisteem saam en hy wys op Jesus se uitspraak en die gesaghebbende invloed daarvan in die uitlewing van geloof: “The distinctive primacy that love plays in virtually all early

Christian ethics would not have been possible had the Christians not derived this primacy from the mouth of the one Teacher who united them. Thence comes the early Christian 'law of love' (cf. Romans 13:8-10; Galatians 5:14; John 13:34)."

In die Filippense-brief word die Groot Opdrag, wat later in dié studie breedvoeriger bespreek word, reeds aan die begin van die boek openbaar, en volgens Pretorius (2003:96) word hierdie gebod ook progressief geopenbaar.

Root (2009:16) wys duidelik uit dat jongmense nodig het dat daar sigbaar binne 'n jeugbediening verhoudings is waardeur uitdrukking gegee kan word aan die liefdesgebod. Daarom is verhoudingsgebaseerde dissipelskap nodig in die dissipelmaakproses.

Pretorius (2003:115) se navorsing toon groot verskille binne die retories-kritiese metode onder skrywers oor die eintlike sentrale tema van Filippense. Van Deventer (2010:36) toon dat die daadwerklike liefde tot God en tot mekaar as 'n sentrale tema gesien kan word en dat hierdie tema toegepas kan word op jeugbediening. Filippense illustreer die horisontale dimensie (mense tot mekaar) asook die koinonia, wat later in die bespreking van Nel (1998) se navorsing belig sal word en deur sommige skrywers as die sentrale tema in Filippense beskou word. Sommige studies bring slegs die vertikale dimensie (tussen God en mense) in berekening (Van Deventer, 2010:36). Pretorius (2003:115) se navorsing toon dat sowel die horisontale as vertikale dimensie geldig is en beskou kan word as Jesus se gebod soos in Markus 12 beskryf, naamlik "Liefde tot God en liefde tot mekaar".

#### 2.3.1.2 Liefde in die gemeente

Filippense 1:3-11 lui soos volg:

"Danksegging en gebed vir die gemeente.

"Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, omdat julle van die eerste dag af tot nou toe **saamgewerk** het aan die verkondiging van die evangelie. Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat

die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

”Dit is ook heeltemal reg dat ek so oor julle almal dink, omdat julle my na aan die hart lê. Julle **deel immers almal** saam met my in die genade wat God my gee, sowel in my gevangenskap as in my verdediging van die evangelie en die bevestiging van die waarheid daarvan. God is my getuie, Hy weet hoe ek na julle almal verlang met die **liefde van Christus** Jesus in my hart.

“Ook **bid** ek dat julle **liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling**, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, **tot sy lof en eer**.” (Die navorser se beklemtoning.)

In hierdie gedeelte sien die leser:

- koinonia
- verhouding met God en
- verhouding met mekaar
- gesetel in liefde.

Christus se liefde het ŉ invloed op die liefdesgemeenskap en dit stem Paulus tot dankbaarheid. Die beklemtoning van bepaalde begrippe in Fillipense 1:3-8 toon dat die effek van **Christus se liefde** juis voorbidding en blydskap laat realiseer (Pretorius, 2003:107).

### 2.3.1.3 Die rol van gebed

Filippense 1:9-11 lui soos volg:

“Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag

wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.”

Die hooftema van Filippense 1:9-11 is die toenemende liefde en die effektiwiteit van hierdie liefde wat daaraan gemeet sal word dat diegene wie se liefde toeneem, sonder blaam geheel en al in die regte verhouding met God is (Van Deventer, 2010:37). Dit is ook in hierdie gedeelte duidelik dat die lof God toekom, en soos in die vorige gedeelte bespreek, roem Paulus weer in God (Oostenbrink, 1996:16).

Uit Filippense 1:1 wys Pretorius (2003:115) die volgende uit:

- Die opdrag van liefde tot God en liefde tot die naaste word deur Jesus Christus self as die grootste tweeledige gebod gegee.
- Die Heilige Gees laat liefde toeneem, en een van die sleutelaksies hiervan is gebed.
- As liefde toeneem, groei ŉn bediening en groei die onderlingheid.
- Liefde neem toe waar daar doelgerig daarvoor gebid word.

### 2.3.2 Gevolgtrekkings oor die Groot Gebod

- Van Deventer (2010:43) maak die volgende gevolgtrekkings en gee basisteoretiese perspektiewe oor die Groot Gebod: Die liefdesgebod word deur Jesus self gegee. Liefde tot God en tot die naaste word as die heel grootste gebod aan die kerk gegee. In die progressiewe Skrifopenbaring van die Nuwe Testament figureer die Groot Gebod duidelik.
- Verskeie liefdesbegrippe word doelbewus deur Paulus ingesluit terwyl hy God dank vir die werk in Filippense. Nel (1998) wys daarop dat tieners en jong gelowiges op ŉn inklusiewe basis in die gemeente voluit deel het aan hierdie liefdesgebod. Liefde, wat liefde in kennis en ŉn fyn aanvoeling insluit, het dus ook betrekking op bediening aan die jeug.

- Wanneer liefde eksponensieel toeneem, vestig en word die evangelie binne jeugbediening uitgebou. Deur Jesus Christus intiem te ken, nie net deur leerinhoud nie, word die optrede en uitsette van ŉ jeugbediening gekenmerk aan die oorvloedige liefde, fyn aanvoeling en onderskeiding van waarop dit werklik aankom.
- Die impak van Jesus se liefde deur die Heilige Gees word beleef wanneer die gebod (deur Jesus Christus gegee) in die vertikale en horisontale uitlewing van liefde realiseer.
- Liefde neem toe waar daar gereelde voorbidding en gebedsbediening vir mekaar in die jeugbediening en gemeente plaasvind. Wanneer die Groot Gebod lewend gehou word, is die evangelie binne die jeugbediening sigbaar.
- Die vrug van ŉ jeugbediening sal tot eer van God wees en die gestalte van Jesus Christus sal sigbaar wees in die aktiewe uitlewing van die liefdesgebod.

## 2.4 BASISTEORETIESE SKRIFPERSPEKTIEWE OP DIE GROOT OPDRAG

Die inklusiewe benadering van die huidige studie bring mee dat die Groot Opdrag in hierdie studie ook nagevors word met betrekking tot jeugbediening. Die fokus op Jesus Christus as die eerste sleutel tot jeugbediening impliseer duidelik dat wysheid, kennis en tekens nie die basis of fondament van ŉ jeugbediening kan uitmaak nie. ŉ Jeugbediening kan of mag geen ander uitset of uitkoms nastreef as om ŉ lewende verhouding met die persoon van Jesus Christus te fasiliteer en te bewerk nie. Die jeugbediening van ŉ plaaslike gemeente sal dus primêr daarop fokus om niks anders te weet as Jesus Christus nie en om Hom te ken as die gekruisigde en opgestane Here.

Die fokus op Jesus (die Groot Fokus) gaan in liefde oor tot dade. ŉ Mens kan nie op Jesus fokus sonder om deur die liefde (die Groot Gebod) ingetrek te word nie. En dan gee Jesus Christus self die Groot Opdrag tot dissipelmaking as taakomskrywing van

die gelowige, die kerk en die jeugbediening. (Van Deventer, 2010:43). Die jeugbediening van ŉ gemeente word geroep om die Groot Opdrag uit te voer, en in hierdie gedeelte sal basisteoretiese aspekte vir die dissipelmaking van lede van ŉ jeugbediening kortliks uitgelig word.

ŉ Dissipel word deur Hull (2006:34) gedefinieer as ŉ leerling en volgeling, iemand wat by ŉ meester gaan leer het. Wilkens (1998:70) toon aan dat "dissipel" die term is wat in die evangelies gebruik word om Jesus se volgelinge te definieer en dit kom meer as 230 keer in die evangelies voor asook 28 keer in Handelinge. Hull (2006:34) sê ŉ dissipel van Jesus is ŉ leerling wat Jesus volg, maar nie noodwendig Jesus as sy Here aanvaar nie. Die oorgawe aan Jesus Christus as Here van die dissipel se lewe vind vir ŉ ongelowige eers plaas wanneer die dissipel gedoop wil word.

Ortis (1977:100) wys daarop dat ŉ dissipel op Jesus moet fokus en ŉ nabootser van Jesus moet word. Dit is onder andere die plaaslike gemeente se rol om ŉ kurrikulum daar te stel sodat dissipels volgelinge van Jesus kan word. Deur te fokus op Jesus Christus, moet die Groot Opdrag uitgevoer word met toenemende liefde.

Die Groot Opdrag verskyn die eerste keer in die King James Bible (Pretorius, 20003:14) en word algemeen aanvaar as ŉ opdrag wat deur Jesus nie net aan die elf dissipels gegee is nie, maar ook aan die kerk. Die hele Skrif beklemtoon die opdrag. Van die suggesties daarvan met die geskiedenis van die toring van Babel (Genesis 11:1-9) tot by die klimaks van die evangeliese gebeure dien as die struktuur van die boek Handelinge (Witherington, 1998:110), die boek van dissipelmaking.

Pretorius (2003:144) se navorsing toon dat die Groot Opdrag ŉ belangrike sleutel is wat Jesus spesifiek voor hemelvaart aan die kerk gegee het. Dit dui aan wat die primêre funksie van die kerk op aarde is. Van Deventer (2010:53) sê dat hierdie opdrag daarom ook vir ŉ jeugbediening geld en het in sy navorsing probeer bepaal hoe ŉ jeugbediening hierdie opdrag kan uitleef sodat dit ook sy bestaansreg kan leef. Die huidige studie wil die leemtes uitwys wat daar in die kerk bestaan ten opsigte van die dissipelmaakproses in die jeugbediening en in daardie leemtes voorsien deur 'n dissipelmaakkurrikulum te ontwikkel.

Arias (1991:411) onderskei vyf belangrike gedeeltes in Matteus, te wete:

- die bergrede (Matteus 5-7);
- sending (Matteus 10);
- gelykenisse oor die Koninkryk (Matteus 13);
- onderwysing oor die kerk (Matteus 18);
- eskatologie en parousia (Matteus 24-25).


Pretorius (2003:145) is oortuig dat onderrig oor dissipelskap ook ŉ belangrike tema in die Matteus-evangelie is wat van belang is in die bediening van ŉ gemeente. Binne die paradigma van jeugbediening is die basisteoretiese navorsing wat deur Van Deventer (2010) gedoen is ŉ goeie vertrekpunt om die proses van dissipelskap uit te bou en leemtes in dié verband te identifiseer.

Die opdraggedeelte in Matteus 28:18-20 lui soos volg: "Jesus kom toe nader en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld'."

Pretorius (2003:148) se sintaktiese ontleding van dié gedeelte toon die volgende aan:

- Eerstens verwys die opdrag "gaan" na die dissipelmaking "van alle nasies". In die tweede plek verwys "gaan" na die "doop"-handeling en "leer hulle" dui op die wyse ("manner") waarop ŉ dissipel onderrig word nadat hy of sy reeds ŉ volgeling van Jesus geword het – dus die dissipelskapproses.
- Volgens Keener (1999:718) beklemtoon Jesus die opdrag aan die dissipels om te gaan as ŉ dringende bevel. Dié wat nog nie die evangelie gehoor het nie, is die ontvangers van hierdie boodskap van die Koninkryk en die dissipels moet in die diens van hierdie boodskap "gaan". Keener (1999:718) stel die opdrag selfs sterker deur aan te toon dat dit korrek vertaal moet word as "nadat julle gegaan het". Volgens Pretorius (2003:149) is hierdie standpunt van Keener (1999:718) die akkuraatste opsomming van wat die woord "gaan" impliseer.

Pretorius (2003:149) se afleidings uit sy sintaktiese ontledings bring hom tot ŉ skematiese voorstelling van die Groot Opdrag, wat vir die doeleindes van hierdie studie uitgebou sal word terwyl leemtes ook ondersoek sal word. Vir die verdere navorsing rakende die dissipelmaakproses sal hierdie voorstelling van Pretorius as rigtinggewend aanvaar word vir die Groot Opdrag ook in ŉ jeugbediening. Die voorstelling, wat hieronder in Figuur 2.6 weergegee word, kom ook in hoofstuk 1 van hierdie studie voor, maar dit is belangrik om weer daarna te kyk vanuit die basiesteoretiese perspektief.




**Figuur 2.6** Die Groot Opdrag-trapleer (Pretorius, 2003:150)

- Hierdie trapleer het aan die navorser bevestig dat ŉ kurrikulum nodig is om die trapleer in jeugbediening te implementeer. Die opstel van so ŉ kurrikulum is die doel van die huidige studie.
- Vroeër in die hoofstuk is argumente aangevoer dat die jeugbediening ŉ geïntegreerde en volwaardige plek binne ŉ gemeente inneem. Die jeugbediening van gemeentes moet dus deel hê aan die "gaan na die nasies".

### 2.4.1 Onderrig en dissipelskap

Nel (2018:40) wys daarop dat dissipelskap vir Jesus se dissipels hulle bestaansreg gegee het. Rengstorf (1976) lig uit dat dissipelskap algemeen was in die tyd van Jesus Christus se bestaan op aarde. ŉ Dissipel kon sy rabbi of leermeester kies, teenoor Jesus wat, anders as die norm, self sy dissipels kies en roep. Rengstorf (1976) wys verder daarop dat alhoewel dissipelskap gekenmerk is deur geweldige streng dissipline, met streng vereistes en standaarde, Jesus selfs tollenaars en Selote geroep het. Rengstorf wys geloof uit as ŉ vereiste vir dissipelskap: "Jesus offers Himself. This obviously gives a completely different turn to the whole relation of the disciples to Him … The emphasis is on the inner effect on Peter of what Jesus does. His self-awareness crumbles before the One who confronts him. He repents and believes, and it is thus, as a believer, that he is made a disciple by Jesus … Faith is the controlling factor … He (John) thus underlines the fact that the mark of the disciple of Jesus is faith in Him."

Dissipelskap word volgens Grimm (2016:18) aan ŉ lewenslange wandel met Jesus Christus geken, en dit onderstreep die leerling-leermeesterverhouding. Jesus Christus self staan sentraal in hierdie verhouding en nie alleen Jesus se leringe nie (Aden, 2006:3).

Die Groot Opdrag wat Jesus aan sy dissipels gee, is om dissipels van Hom te maak. Grimm (2016:18) wys daarop dat die opdrag nie is om Christene te maak nie. Handelinge 11:26 beskryf dat dissipels "Christene" deur ander genoem is, en dat dit nie ŉ benaming is wat hulle self uitgedink of gebruik het nie.

Hirsch (2006:103) sê dat "dissipelmaak" 'n lewenslange proses is waardeur mense begelei word om volgelinge van Jesus te word. Dit impliseer ook die leer en leiding van jongmense om meer soos Jesus te word. Hierdie navolgingskap en voortdurende "imitatio" van Jesus Christus word nie verkry deur sy leringe te begryp nie, maar deur Jesus, die Leermeester, self te ken en aan Hom gelyk te word.

Van Deventer (2010:50) toon die belangrikheid aan dat Jesus die opdrag aan sy dissipels gee nadat hulle vir 'n lang tyd saam met Hom geleef het. Wanneer die persoon van Jesus Christus op 'n persoonlike manier gevind word, word die betekenis van dissipel word en dissipel maak verstaan.

### 2.4.2 Die dissipelmaakproses

Dié gedeelte bou voort op Hawkins (2014) en Van Deventer (2010) se navorsing wat drie primêre temas in die proses van dissipelmaking uitlig, naamlik:

- gaan;
- doop;
- leer.

Ook Nel (1999) en Graham (2009) se navorsing, wat regstreeks van toepassing is op die ontwikkeling van 'n dissipelmakingsmodel in hierdie studie, word in dié gedeelte aan boord gebring om krities leemtes in die proses te ondersoek, oftewel die kriteria vir 'n kurrikulum uit te brei.

Die volgende aspekte van dissipelmaking kan uitgelig word:

Hendriksen (1973:999) toon aan dat Jesus se opdrag begin met: "Gaan dan na al die nasies, en maak hulle my dissipels". Volgens hom word "gaan dan" as eerste deel van die opdrag gegee, en hy vertolk hierdie woorde as: "Gaan dan, **omdat God jou beveel**, en Hy sal aan jou alle krag gee om die opdrag uit te voer." (Die navorser se beklemtoning.)

"Na die nasies" word vertolk as: "gaan" na al die verskillende bevolkingsgroepe toe. Louw en Nida (1996) beskryf mensegroepe of bevolkingsgroepe as: "... the largest

unit into which the people of the world are divided on the basis of their constituting a socio-political community – nation, people". Keener (1999:719) se bevinding is: "'All nations' probably signifies 'all peoples' rather than the modern concept of ʼnational states'" (Keener, 1999:719).

Die dissipels van Jesus word na die uithoeke van die aarde gestuur (Handelinge 1:8). Die opdrag om te gaan dissipels maak van die nasies strek dus verder as Jerusalem, hulle onmiddellike omgewing. Jesus se opdrag gaan oor grense heen en het ten doel dat die evangelie ook aan mense buite die Jodedom verkondig moet word. God se gedagte is om die hele mensdom in en deur Jesus Christus te laat deel aan Sy oorvloedige genade (Van Deventer, 2010:51). Ons kan dus ŉ inklusiewe tema in dissipelmaking onderskei.

Hendriksen (1973:999) toon verder ook die belangrikheid aan dat die opdrag sê daar moet spesifiek dissipels gemaak word. Hy sê die opdrag behels die volgende: nadat gegaan is, maak dissipels, nie "wedergebore Christene" nie. Die nuwe dissipel moet ŉ volgeling van Jesus gemaak word. Dit is die opdrag aan die kerk, en dit is dus noodsaaklik dat die hele geloofsgemeenskap, nie net die jeugleraar nie, betrokke is by die bekering en geloofsgroei van jongmense, met ander woorde by die bystaan en ontwikkeling van hulle geloof (Dean, 2004: 91).

### 2.4.3 Die doophandeling

ŉ Volgeling van Jesus Christus, oftewel ŉ dissipel, word deel van ŉ geloofsgemeenskap deur gedoop te word in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

In sy woordeboek van Bybelwoorde verklaar Strong (1996) die woord "doop" soos volg: "**βαπτίζω** [baptizo /bap•**tid**•zo/] verb. 1 to dip repeatedly, to immerse, to submerge (of vessels sunk). 2 to cleanse by dipping or submerging, to wash, to make clean with water, to wash oneself, bathe. 3 to overwhelm. Additional Information: The clearest example that shows the meaning of baptizo is a text from the Greek poet and physician Nicander, who lived about 200 B.C. It is a recipe for making pickles and is helpful because it uses both words. Nicander says that in order to make a pickle, the

vegetable should first be ‘dipped’ (bapto) into boiling water and then ‘baptized’ (baptizo) in the vinegar solution. Both verbs concern the immersing of vegetables in a solution. But the first is temporary. The second, the act of baptizing the vegetable, produces a permanent change. When used in the New Testament, this word more often refers to our union and identification with Christ, than to our water baptism, e.g. Mark 16:16: ‘He that believes and is baptized shall be saved’. Christ is saying that mere intellectual assent is not enough. There must be a union with him, a real change, like the vegetable to the pickle!”

Pretorius (2003:166-172) maak die volgende stellings rakende die doop:

- Doop is die hoofopdrag in dissipelskap.
- Doop beteken om onder water gedoop te word, soos ’n skip wat sink.
- Doop was ’n religieuse seremonie om reiniging aan te dui.
- Doop is ’n letterlike doophandeling wat met water uitgevoer word.
- Doping geskied in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die nuwe testament vestig die aandag van die doop veral op die Persoon in wie se naam jy gedoop word.
- Sonder geloof is die dissipels se inwyding ondenkbaar.

### 2.4.4 Die lewenslange leer van ’n dissipel

Die derde gedeelte van die dissipelmaakproses bestaan uit: “leer hulle om dit te onderhou”. Dit volg na die “doop hulle”-opdrag. Hendriksen (1973:1002) toon aan dat na ’n dissipel se doop die eerste kerk in praktyk die lering laat voortgaan het. Hendriksen (1973:1002) bevind dat elke dissipel wat gedoop is, deur Jesus Christus “bevestig” is in die amp om self ook hierdie opdrag te gaan uitvoer. Elke dissipel word deur God self beveel om dissipels te maak, hulle te doop en hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus beveel het.

Weerskante van die Groot Opdrag lê twee beloftes van God. Jesus Christus verklaar dat aan Hom alle mag in die hemel en op aarde gegee is en dat hierdie mag net deur God "gegee" kan word. Die dissipels word dus deur die Goddelike mag geïnspireer om te gaan dissipels maak. Jesus troos en bemoedig ten slotte met die woorde: "Ek is met julle al die dae, tot die voleinding van die eeue." Daarom is geen volgeling van Jesus ooit alleen nie, want die belofte saam met die opdrag is dat Jesus Christus al die dae deel van elke gelowige se uitvoering van die Groot Opdrag is.

### 2.4.5 Samevattende gevolgtrekkings oor die Groot Opdrag

Na 'n lang periode van volgelingskap en dissipels wees kry die dissipels die Groot Opdrag van Jesus self: gaan heen, maak dissipels van al die nasies, doop hulle en leer hulle.

Jesus gee die opdrag aan die dissipels vanuit die Goddelike outoriteit wat Hy besit. Alle mag is aan Hom gegee en Hy regeer as Koning met mag in die hemel en op die aarde. Die outoriteit word aan die dissipels oorgedra sodat hulle kan uitgaan en die opdrag volvoer in die wete dat dit 'n Goddelike opdrag is.

Die opdrag is om dissipels van "al die nasies" te maak. Daar moet grense oorgesteek word. Elke nasie, volk en taal moet die evangelie hoor en na bekering dissipels van Jesus gemaak word. Elke mensegroep moet bereik word as 'n bepaling van die Groot Opdrag. Dissipelmaking moet ook nie net gelowiges bereik nie, maar elkeen wat nie vir Jesus die gekruisigde ken nie.

Om 'n dissipel te wees impliseer 'n uiters noue band met Jesus – die dissipel moet 'n "nabootser" van Jesus word. Dissipelskap is nie iets ligteliks nie. Wie ook al 'n dissipel van Jesus word, moet weet dat hy sy kruis moet opneem en Jesus moet volg. Toewyding en volharding in geloof en liefde kenmerk 'n dissipel. Wie ook al die opdrag van Christus uitvoer, moet dissipelskap as 'n saak van erns aan die dissipel tuisbring.

As inlywing tot die geloofsgemeenskap moet die nuwe dissipel gedoop word in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Water het met reiniging te doen en die doop is 'n teken van die afwassing van die sonde, 'n teken van die aflegging van

die ou lewe en ’n nuwe begin. As gedoop en wedergebore leef die dissipel die nuwe lewe as ’n oorwinnaar in Christus.

Na die doop duur die lering van ’n dissipel nog voort. Die Groot Opdrag bepaal: Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. Dit impliseer dat dissipelwording nie ’n eenmalige proses is nie, maar ’n lewenslange proses waarin die dissipel leer om Jesus steeds meer getrou na te volg en om steeds meer kennis en insig in dissipelskap te verkry.

Aan die einde van die Groot Opdrag gee Jesus die belofte dat Hy altyd, tot die voleinding van die wêreld, by sy dissipels sal wees. Niemand pak die opdrag tot dissipelmaking dus alleen aan nie. Die Goddelike teenwoordigheid en bystand van Jesus self onderskraag en ondersteun dissipelmaking.

In Matteus word die opdrag aan die dissipels gegee en via hulle aan alle gelowiges en aan die kerk. Via die kerk word dit aan gemeentes gegee en binne ’n gemeente beklee jeugbediening ’n volwaardige plek. Die jeugbediening van ’n gemeente word dus ingesluit by die opdrag om te gaan, dissipels te maak, hulle te doop en hulle te leer om alles te onderhou.

Die navorser het ingesien dat daar vir die uitvoering van hierdie Goddelike opdrag ’n leemte bestaan deurdat daar ’n gebrek is aan ’n model of kurrikulum vir dissipelmaking. Dit is met die opstel van so ’n kurrikulum voor oë, spesifiek binne die konteks van jeugbediening, dat hierdie studie aangepak is.

## 2.5 VOLLEDIGE EN INKLUSIEWE JEUGBEDIENING – NEL SE AGT ELEMENTE

Nel (2018) se navorsing wys hoe die evangelie in jeugbediening op ’n volledige en inklusiewe wyse asook gedifferensieerd en gefokus gekommunikeer kan word deur die volgende elemente: kerugma/prediking; leitourgia/erediens; didache/onderrig; paraklese/pastorale sorg; koinonia/gemeenskap; diakonie/diens; marturia/getuienis; kubernesis/administrasie.

### 2.5.1 Kerugma/prediking

Senter (2001), soos aangehaal deur Nel (2018:242), wys dat kerugma/prediking in die hier en nou van tieners beweeg. Die dabar Jahwe word deur eksegese gevind, en aan die dabar word woord gegee deur kontekstueel relevante taal (dus ook tienertaal) in die kerugma. (Die woord "dabar" beteken "woord" in Hebreeus en kan die betekenis van die "Goddelike woord" en "profetiese woord" hê.) Kerugma geïnspireer deur die Heilige Gees is die kriterium vir God se Woord wat geopenbaar word, sodat die lidmate en jongmense ten volle aan die belewing van die prediking kan deel hê. Gebed is nodig vir kerugma (Letšosa, 2005:77).

ʼn Inklusiewe benadering is nodig wanneer prediking in ʼn plaaslike gemeente geskied sodat dit ook toegespits is op die jong lidmate in die gemeente. Dit is belangrik dat wanneer daar na jeugbediening verwys word, die boodskap die jeug wel bereik (Nel, 1998:89). Nel (2018:242) wys dat kerugma as sentrale modus God na die jeug bring. Prediking stel God dus voor aan die jeug.

### 2.5.2 Leitourgia/erediens

Letšosa (2005:67-71) het na leitourgia binne die formele erediens gekyk, en ook Van Deventer (2010:52) het dit binne ʼn formele erediens beoordeel. Vir doeleindes van hierdie studie sal ondersoek word watter elemente van die leitourgia ook vir die dissipelmaakproses buite die formele erediens geld.

Nel (2018:233) wys daarop jongmense in die erediens deur die leitourgia/prediking van Jesus Christus tot die teenwoordigheid van God toetree. Die jeug moet dit ten volle kan beleef en moet kan deel in die gemeente se belewenis van die ontmoeting; derhalwe moet die liturgie jeugsensitief wees (Dreyer, 2003:45). Nel (2018:234) wys daarop dat simboliek en die gebruik van simboliek die belewenis van die erediens kan verryk.

### 2.5.3 Didache/onderrig

Nel (2018:234) wys dat jeugbediening oor die algemeen met jong gelowiges werk wat begelei word in hulle verhouding met Jahwe. Die eerste kerk het aanvaar dat die lering van ŉ dissipel voortgaan na sy doop (Van Deventer, 2010:56). Die opdrag "leer hulle om dit alles te onderhou" bevestig dit. Elke Christen moet hierdie lerings- of onderrig-opdrag uitvoer.

Hendriksen (1973:1002) dui aan dat elke dissipel wat gedoop is, deur Jesus Christus "bevestig" word in die amp om self hierdie opdrag te gaan uitvoer. Elke dissipel word deur God self beveel om dissipels te maak, hulle te doop en hulle te leer om alles te onderhou.

### 2.5.4 Paraklese/pastorale sorg

Nel (2018:235) stel dit duidelik dat jongmense, soos volwassenes, ook pastorale versorging nodig het. Jongmense moet beleef dat God met hulle is, spesifiek in hulle nood. Paraklese wil die persoon eenkant roep en uitlei uit die lewe van onvolkomenheid en inlei in ŉ lewe van heil, ten spyte van die gebrokenheid. Nel (1998:91) stel dit soos volg: "Daar is te min modi wat so vanweë sy eie aard "verduidelik" dat kinders en jongmense alles nodig het wat die ander gelowiges nodig het, net meer en in gedifferensieer-toegespitste vorm." Hebbard (1995:248) toon aan dat lidmate opgelei en begelei moet word om andere pastoraal te versorg en dat die opleiding van die lidmate om die gemeente te bedien groot vrug dra in die positiewe uitbouing van gemeentes.

### 2.5.5 Koinonia/gemeenskap

Koinonia is die byeenkom van die geloofsgemeenskap (Handelinge 2:42-47). Binne hierdie byeenkoms vind die volharding in die leer van die apostels, die gemeenskaplike maaltyd en gebede plaas. Die getuienis van die gemeenskap het in die vroeë kerk daaglikse groei tot gevolg gehad (Van Deventer, 2010:56). Hierdie

geloofsgemeenskap in die gemeente moet hersien word en kinders en jongmense binne ŉ gemeente moet deel gemaak word daarvan (Nel, 1998:91).

Nel (2018:236) se navorsing wys uit dat Jesus die Woord was wat vlees geword het. Hy het sy Gees aan ons gestuur. Na gelang die Heilige Gees binne-in ons leef, ontdek elke mens sy mensheid, en deur ons eenheid in Hom word ŉ diep onderlingheid beleef.

### 2.5.6 Diakonia/diens

Nel (2018:236) wys daarop dat daar ŉ ontwikkeling was in die verstaan van diakonia deur die geskiedenis. Diakonia was eers alles wat die mense doen in die Naam van die Here. Diakonia moet deur gemeentes gekultiveer word, en deur liefdesdiens leef gemeentes hulle identiteit uit. Diakonia is die liefdevolle aktiwiteit wat uit liefde vir God ten behoewe van ŉ naaste gedoen word, in so ŉ mate dat navorsers dit die liefdesdiens noem (Nel, 1998:92). Hierdie begrip het verskraal tot diens van barmhartigheid en jongmense word nie aktief deelgemaak van hierdie diakonia in sy rykste vorm nie. Vir die daad van liefdesdiens is die beste voorbeeld te vind in Matteus 28:20-28:

> "Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Jesus Christus het sy lewe gegee, en met sy lewe die liefdesdaad aan die ganse mensdom bewys, en "groter liefde het niemand as dit nie".

### 2.5.7 Marturia/getuienis

Die kerk van Jesus moet missionaal wees, omdat God betrokke is in die heelheid en welheid asook gesondmaking van mense. Die mission ecclesia is deel van die mission Dei. Nel (2015b) en Guder (2015:63-77) sê die plaaslike kerk doen nie missie en

uitreike nie, maar is in missie. Die kerk is die gestuurde, en dit is 'n voorvereiste vir kerkwees. Die kerk is getuie, en getuienisse moet gegee word op wyses wat ook jeugvriendelik is en deur jongmense verstaan word.

### 2.5.8 Kubernesis/administrasie

"Die begrip beteken in kort dat ons terdeë bewus is daarvan dat ons in ons bediening onderweg is met 'n skip wat nie aan ons behoort nie, om 'n vrag wat ook nie ons eiendom is nie, te neem na 'n hawe wat deur die Eienaar en die vrag bepaal word. Hierdie vrag is so kosbaar want Jesus het reeds volledig daarvoor betaal." (Nel, 2018:239).

Nel (2018:239) wys verder daarop dat goeie administrasie bydra tot die eenheid en opbou van die gemeente. Jongmense moet deelgemaak word van hierdie proses en hulle gawes uitoefen.


Nel (1998:94) gebruik die begrip "stuurman" om hierdie element te verduidelik. Die vroeë kerk is voorgestel deur die skip, met Jesus as die stuurman, en die gawes word gebruik binne die uitlewing van die missie van die kerk, soos deur Romeine 12 geleer word. Dit behels daarom die sorgsame ontwikkeling van lidmate en spesifiek vir die doeleindes van hierdie studie jongmense wat in leidende rolle is. Elke lidmaat se onderskeie Godgegewe gawe moet binne die kerk/konteks gebruik word (Nel, 1998:94).

### 2.5.9 Gevolgtrekking oor die agt elemente

- Die agt elemente wat Nel (1998) aanvoer as temas van jeugbediening kan sinvol bestudeer word met betrekking tot die dissipelskapproses, waaruit die gemeenskap van gelowiges gebou word ten einde die liggaam van Jesus Christus op aarde te wees.
- Die wyses waarop die evangelie aan mense gekommunikeer is, word in die agt elemente vervat met spesifieke fokus op hoe Jesus Christus gestalte kry in jongmense se lewens (Van Deventer, 2010).

- Die agt elemente is praktiese temas waardeur die Groot Gebod en Groot Opdrag binne jeugbediening uitgevoer kan word, met die Groot Fokus op Jesus.
- Jeugbediening binne ŉ gemeente moet volledig deelneem en deel word van die agt elemente soos aangevoer vir die volledige bediening aan die jeug.
- Die agt elemente kan binne die Groot Opdrag prakties ŉ bydrae lewer tot die vorming van ŉ kurrikulum, oftewel dissipelskapproses, vir die maak van dissipels van jongmense binne ŉ jeugbediening.

Hieronder in figuur 2.7 volg ŉ voorstelling van die Groot Fokus, die Groot Gebod, die Groot Opdrag en die agt elemente wat hierbo bespreek is.




**Figuur 2.7** Die voorstelling van die drie sleutels, te wete die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag, en die agt temas in ŉ simbool vir jeugbediening (Van Deventer 2010)

## 2.6 DIE DISSIPELSKAPSPROSES VOLGENS GRAHAM SE NAVORSING

ŉ Uitgebreide bilbiografiese soektog is met die hulp van die biblioteek van die Universiteit van die Vrystaat gedoen en die soektog het geen navorsing oor ŉ Chistologiese kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening getoon nie. Die navorser het verder gevind dat daar nog geen navorsing gedoen is oor die kurrikulum wat Graham (2009) binne die missiologie gebruik nie. Graham se kurrikulum-temas kan opgeneem word in ŉ kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening, mits die temas prakties-teologies verantwoord kan word. Dié ondersoek word in hierdie studie onderneem. Die temas word as Skriftuurlik verantwoordbaar, volgens Zerfass (1974), aan die Skrif getoets in die basisteoretiese navorsing. Voorts word ondersoek of die temas in die dissipelmaakproses waarop Graham fokus, ŉ bydrae lewer tot hoe daar in die jeugbediening na dissipelskap gekyk behoort te word.

Die tien temas wat Graham aandui en die Skrifgedeeltes waarop hy dit grond, is die volgende:

1. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30).
2. Die noodsaaklikheid van bekering en geloof (Markus 1:15).
3. Om gedoop te word (Matteus 28:18).
4. Die vervulling met die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8).
5. Die opdrag om aan die Woord gehoorsaam te wees (Lukas 11:28, Johannes 8:31 en Matteus 6:14).
6. Liefde vir mekaar en vergifnis (Markus 12:31, Johannes 13:34 en Matteus 6:14-15).
7. Jy moet brood breek en wyn drink tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19).
8. Om te bid (Lukas 11:1-13).

9. Om te gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8).

10. Om weer dissipels van andere te maak (Matteus 28:19, Markus 16:15 en Johannes 20:21). Die nuwe dissipel het die opdrag: hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31) en verkondig die evangelie, en hier begin die siklus weer.

Hierdie temas moet gesien word binne die konteks van Jesus se instruksies vir die maak van dissipels:

Die dissipels van Jesus word na die uithoeke van die aarde gestuur (Handelinge 1:8). Die opdrag moet dus verder as Jerusalem, en verder as hulle onmiddellike omgewing, uitgevoer word. Jesus dui aan dat hierdie opdrag oor grense heen gaan en dat die evangelie aan mense ook buite die Jodedom verkondig word. God se gedagte is om die hele mensdom in en deur Jesus Christus te laat deel in Sy oorvloedige genade. Jesus Christus volg dus ŉ inklusiewe benadering in sy opdrag van dissipelmaking. Dié uitgaan in die wêreld in word goed deur Bonhoeffer (1937:40) beskryf: "the only way to follow Jesus was to live in the world".

### 2.6.1 Liefde tot God

Aansluitend by die Groot Opdrag val die klem in Jesus se lering op die Groot Gebod. Die liefdesgebod, die eerste van die tien temas wat Graham (2009) noem, word in Markus 12:29-30 uiteengesit en stel dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart, siel en verstand. Dit word deur Jesus aangebied as antwoord nadat die Joodse leiers Hom ondervra het rakende die grootste gebod. Volgens Graham (2009:27) is daar drie redes waarom dit as die belangrikste gebod gesien word, naamlik:

- Dit definieer die kern van ons geloof en fokus.
- Dit stel die Vader tevrede en bevestig ons kindskap.
- Dit definieer volgelingskap met eienskappe van gehoorsaamheid en gewilligheid om na die "Meester" te luister.

Volgens Drazin (2009:209) het Jode 613 gebooie en reëls, תרי"ג מצוות, taryag mitzvot, uit die Torah wat aangebied word. Jesus bied ŉ eenvoudige maar omvattende liefdesgebod in Markus 12:29-31 aan: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Die tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."

Graham (2009:28) voer verder aan dat Paulus in 1 Korintiërs 13 Jesus se gebod verder toelig deur daarop te wys dat godsdiens of enige geloofsuitset of verwagting sonder liefde waardeloos is.

Liefde is ŉ hartsmotief wat volgens Graham (2009:29) uitgedruk word deur:

- elke aspek van jou lewe as ŉ offer van aanbidding vir God aan te bied;
- gehoorsaamheid in alles wat jy doen;
- Sy teenwoordigheid bewustelik in elke area van jou lewe te soek;
- volkome te steun en vertrou op God en Sy woord; en
- liefde vir andere te openbaar.

Graham (2009:30) voer verder aan dat liefde toeneem en, soos aangetoon deur Walvoort & Zack (1985), dat hierdie liefde wat Paulus vir die gemeente het, setel in die oorweldigende liefde wat hy van Christus self beleef: "Paul called on God to witness to his feelings toward the Philippians. Paul was aware – as were his readers – that they could not know his heart. But God knew it perfectly. The affection Paul had for his readers was no mere human interest or attraction. It originated with the Lord Jesus Christ Himself. Christ's love had so overwhelmed Paul that His affection was Paul's very own. The fact that Paul told this to the Philippians demonstrates the reality and intensity of his praise for them."

Heitink (1999:99) wys dat Filippense 1:3-8 ŉ progressiewe opbou vir toenemende liefde uitlig. Die danksegging en gebed vir die gemeente van die Filippense in hierdie teksgedeelte spruit voort uit Christus se oorvloedige liefde wat Paulus beleef.

Heschel (1962) sien Jesus se liefde vir ons as die “ultimate pathos” van ŉ liefdevolle God wat Hom na die mens draai.

Dean (2004:18) verwys na die liefde en passie van Jesus wat geassosieer word met lyding vanuit sy vryheid en uit vrye keuse. Dit stel ons in staat om Hom en andere weer lief te hê met dieselfde passie.

Root (2009:109-116) toon die lewensveranderende krag daarvan wanneer jongmense in ŉ dissipelskapproses die liefde van God beleef en dan begryp hoe hulle in ŉ verhouding met God kan wees asook sy teenwoordigheid kan beleef.

### 2.6.2 Bekering

Μετάνοια word deur Thayer's Greek Lexicon (1996) verklaar as die verandering van gedagtes en deur Graham (2009:33) as die tweede tema van die dissipelmaakproses aangebied. God se goedheid en voorsiening van Genesis en die vrye keuse om vir Hom te kies word as deel van die bekeringshandeling gedefinieer. Verder voer Graham (2009:33) aan dat die mens ŉ vrye keuse het om na God terug te draai.

Volgens Zuck (1994:37) het Johannes die doper reeds in Matteus 3:2 aangekondig dat die Koninkryk van God naby is en dat mense hulle moet bekeer: “Seen in this light, the announcement of John the Baptist that the kingdom of God was near or close at hand (engiken), is also then understandable. John sought to prepare people to hear and respond to the message and ministry of Jesus by calling for repentance. In this regard John’s ministry was a reminder of a truth formerly expressed: ‘a broken and contrite heart, O God, you will not despise’ (Psalm. 51:17). John wanted to bring people to a place of repentance, an admission of spiritual impotence and an acknowledgment of the fact that purity of heart is the work of God alone.”

In ooreenstemming hiermee sê Zuck (1994:37) dat Jesus (Matteus. 4:17), die dissipels (10:7), en ander sendelinge soos Paulus (Handelinge 28:31; cf. 20:21) bekering en die dissipelskap in die Koninkryk van die hemel gepredik het (24:14). Zuck (1994:35) wys dat geloof in die goeie nuus en bekering deel is van mekaar namate jou gedagtes verander en vernuwe word: “Repentance involves a change of mind that manifests itself in a change of life. Believing the Good News means accepting or receiving what

Jesus says, which has implications for the subsequent conduct of one's life. The gospel of Mark as a whole becomes something of a commentary on this message, giving definition to what it means to repent and believe. In the incident involving Jesus' family, for example, He said, 'whoever does God's will is my brother and sister and mother'" (3:35).

Jamieson et al. (1997:12) se navorsing wys op verskeie skrywers in die Ou Testament wat per implikasie bekering aan volgelingskap asook gehoorsaamheid gekoppel het. Jamieson sê: "Ander kriteria van 'n ware profeet, buiten die twee bogenoemdes, is die ooreenkoms van sy uitsprake met die wet; dat hy nie welvaart belowe sonder bekering nie; sy eie sekerheid van sy goddelike missie (soms teësinnig ontvang, Jeremia 20:9; 26:12); dat hy die innerlike bevestiging van waarheid in andere laat voortkom/resoneer – wat vir hulle 'n sterker bewys van die Gees van God is as wat uiterlike wonderwerke of argumente (sou kon wees). Sy vrome lewe, blymoedigheid in lyding, en vryheid van fanatisme/godsdienswaansin bevestig hierdie kriteria. Wonderwerke, alhoewel bewyse, behoort nie vertrou te word as daar negatiewe kriteria betrokke is nie (Deuteronomium 13:2). Voorspellings wat vervul is in die profeet se leeftyd, vestig sy outoriteit van daar af (1 Samuel 3:19; Jeremiah 22:11-12; Ezekiel 12:12-13; 24:1-27)."

So lank as wat Christus van ons verwyderd is, so lank as wat ons Hom nie ken in 'n lewende verhouding nie, geniet ons geen voordeel van Hom nie. Ons moet ingeënt word in hom soos lote in die wingerdstok. Die Nederlandse Geloofsbelydenis behandel naas Christus ook die Heilige Gees. Die derde artikel lui: "Ek glo in die Heilige Gees" – die Heilige Gees wat die band van eenwording/vereniging tussen ons en Christus is/verwesenlik.

Op soortgelyke wyse behandel die derde boek van Calvyn se Institusie die Heilige Gees wat ons verenig met Christus. In noue verband daarmee word geloof behandel, waardeur ons Christus aangryp met 'n dubbele voordeel, te wete: genadige vergewing van sondes en die toerekening van die geregtigheid, en wedergeboorte wat hy in ons begin deur ons bekering te bewerk.

Voordat Calvyn in sy werk voortgaan na 'n volle bespreking van regverdigmaking, behandel hy bekering, en die konstante studie daarvan, volledig in hoofstuk iii.x, ten einde die waardeloosheid van 'n geloof wat nie gepaardgaan met 'n begeerte na

bekering nie te illustreer – bekering wat Christus in ons bewerk deur sy Gees wanneer ons aangekeer/aangegryp word deur geloof. Hoofstuk xi behandel die primêre en besondere voordeel wat ons van Christus ontvang wanneer ons met Hom verenig word deur die Heilige Gees, te wete regverdigmaking. Die onderwerp word voortgesit in hoofstuk xx wat gebed behandel, die hand, as't ware, om die seëninge te ontvang waarvan geloof oortuig is dat dit opgestoor/weggelê is by God, volgens die woord van belofte. Aangesien die Heilige Gees, wat ons geloof skep en onderhou, nie alle mense met Christus, die alleen-outeur van verlossing, verenig nie, behandel hoofstuk xxi die ewige verkiesing van God. Aan die uitverkiesing het ons dit te danke dat ons, in wie Hy geen goed voorsien het wat Hy nie voorheen reeds aan ons geskenk/toevertrou het nie, aan Christus gegee word. Met Hom word ons verenig deur die doeltreffende oproep/uitnodiging van die Evangelie. Hierdie onderwerp word voortgesit in hoofstuk xxv, wat die volkome regenerasie/herskepping/wedergeboorte/vernuwing en geluksaligheid behandel, naamlik die finale opstanding waartoe ons ons oë moet ophef, aangesien die verwerkliking/verwesenliking/vervolmaking van die geluksaligheid van die gelowiges maar net begin in hierdie wêreld.

### 2.6.3 Doop

Graham (2009:41) se navorsing toon dat nadat ŉ persoon besluit het om Jesus te volg, die volgende stap in die kurrikulum, oftewel die volgende stap in die dissipelskapproses, is om gedoop te word. Met verwysing na Handelinge 8:36-38 sê Graham (2009:41) dat die doop deel van die bewys en vrug van bekering is: "En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word? Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het beide in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop."

Graham (2009:41) sê:

- Die doophandeling is ŉ reaksie op die bekering.

- Om gedoop te word, is ’n bevel van Jesus volgens Matteus 28:19-20 asook Handeling 2:38, en die eerste vereiste wanneer ’n dissipel sy lewe vir Jesus Christus gee.
- Doop deur onderdompeling simboliseer wedergeboorte. Dit is die seremoniële “afwassing” deur die bloed van Jesus Christus en verteenwoordig die seremoniële oorgaan van die een plek na ’n ander soos in 1 Korintiërs 10:2 beskryf word. Romeine 6:3-8 beskryf dit in terme van ’n begrafnis gevolg deur opstanding.
- Met verwysing na Handelinge 22:16 wys Graham (2009:43) daarop dat die doop móét plaasvind wanneer ’n persoon besluit om Jesus te volg.

### 2.6.4 Die gawe van die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8)

Om met die Heilige Gees vervul te word, is die vierde tema in Graham (2009) se dissipelmakingsproses.

Oor die rol van die Heilige Gees sê Dean (2004:23): “... practical theology privileges the authority of Scripture and Christian tradition, but concedes their ambiguity because the Christian community is a lively fluid context where the Holy Spirit still speaks.”

Handelinge 2:38 wys op Petrus se reaksie nadat die nuwe bekeerlinge hom gevra het wat die volgende stap is om te doen: “Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.” (Παρακαλέω)

Graham (2009:50) wys daarop dat die dissipels na drie jaar se dissipelskapsopleiding deur Jesus Christus nie die teologie van sy kruisdood, opstanding en hemelvaart volkome kon omarm en begryp nie. Daar word spesifiek verwys na wat hulle te doen staan nadat Jesus na die hemel opgevaar het buiten om te wag. Jesus het belowe dat Hy die helper παρακαλέω, Gees van Waarheid sou stuur, die belofte van die Vader. Die doop met die Heilige Gees sou plaasvind.

Dieselfde handeling van onderdompeling en indompeling in word vir die doop met die Heilige Gees gebruik (Graham, 2009). Die dissipels word onderdompel in ŉ nuwe medium, in die Heilige Gees. Hierdie doping gaan gepaard met indompeling in die teenwoordigheid van God en die inwerking in ŉ nuwe verhouding met God, en volgens Johannes 14-16 sal die dissipels na die doop dieselfde werk as Jesus doen.

Dean (2004:15) stel dit as “the transforming potentia; of passion” wanneer die krag van die Heilige Gees toegelaat word om die lewe van ŉ jongmens te gebruik om die wêreld te infiltreer met Jesus se liefde. Namate ‘n persoon ‘n dissipel van Jesus word, ontvang jy die Heilige Gees wat jou in alle waarheid onderrig en jou in ŉ intieme verhouding met God lei (Dawkins, 2013:49).

Handelinge 1:4-5 dui op die belofte van die Vader wat tot vervulling kom: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ŉ paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”

Graham (2009:52) wys dus op die opvolgwerk van die Heilige Gees. Jesus het, soos in Johannes 1:29-34 beskryf word, gekom om die sonde van die wêreld weg te neem en die Heilige Gees te laat manifesteer.

Graham (2009:53) ondersoek ook Handelinge 1:8: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” Graham sê die Heilige Gees is God, net soos die Vader en Jesus elk God is – “Hy,” nie “dit” nie, ŉ wonderlike persoon wat dissipels van Jesus sal leer ken. Die Bybel stel ons nie aan die Heilige Gees voor deur ŉ bladsy van leerstellige verduidelikings nie, maar deur ons die Heilige Gees in aksie te wys:

- Eerstens ontmoet ons die Heilige Gees in die skepping. God het nie geskep deur die waai van ŉ toorstokkie nie. Hy het sy Woord gestuur – naamlik Jesus. Deur die Woord het Hy geskep: “Laat daar lig wees!” (Genesis 1:2). En oor die waters het “die Gees van God” gesweef. Die Heilige Gees is God wat werk deur skeppende/kreatiewe krag.

- In die Ou Testament sien ons dat die Heilige Gees skielik op mense gerus het en hulle bonatuurlike krag gegee het om wonderwerke te doen of te profeteer.

- Jesus, die Woord van God, is in Maria se baarmoeder verwek nadat die Heilige Gees haar oorskadu het. Die Woord (Jesus) en die Gees is altyd intiem verbind.

- Tydens Jesus se doop het die hemele geopen en die Vader het vanuit die hemel aangekondig: "Dit is My geliefde Seun wat Ek liefhet en in wie Ek ŉ welbehae het." (Matt 3:17). Terwyl God dit gesê het, het die Heilige Gees soos ŉ duif op Jesus neergedaal. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is hier te sien in samewerking. Jesus was vervul met die Gees en het sy openbare bediening begin in die krag van die Heilige Gees.

- Toe Jesus die siek vrou genees het, het krag vanuit Hom uitgevloei na die vrou se liggaam en is sy genees. Die Heilige Gees is God wat in krag werk om te genees. Wanneer Jesus duiwels uit iemand gedryf het, het Hy dit gedoen deur die krag van die Heilige Gees. Jesus het gesê Hy kan in werklikheid niks vanuit Homself doen nie, maar alleenlik soos wat Hy die Vader gehoorsaam en die Heilige Gees in Hom laat werk.

- Voordat Jesus gekruisig is, het Hy die dissipels vertel dat Hy sou weggaan – terug hemel toe. Hulle was besorgd, met goeie rede, maar Hy het belowe dat Hy hulle die Heilige Gees sou stuur, dat dit in werklikheid vir hulle beter sou wees om vervul te word met die Heilige Gees as om Jesus met hulle in die vlees te hê.

Deur sy navorsing wys Graham (2009:53) dat ons deur die Heilige Gees:

- krag ontvang om die wil van God te doen, met verdere verwysing na Esegiël 36:26-27;

- op ŉ dinamiese wyse Jesus as Immanuel beleef;

- as volgelinge en dissipels van Jesus sy werk kan voltooi;

- die krag en vermoë besit om te bid en vrylik te aanbid;

- die krag en vermoë besit om die wil van God te onderskei en sy woord te hoor; en
- krag ontvang om getuies van Jesus Christus te wees.

Graham (2009:57) wys op die prakties-teologiese metode vir doop deur die Heilige Gees wat in Johannes 14:18 gegee word. Die vertrekpunt is dat Jesus Christus nie sy dissipels alleen laat nie: “Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.”

Hy dui aan dat Jesus Christus die Heilige Gees stuur om Sy dissipels by te staan, soos in Johannes 14:25-26 verwoord word: “Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”

Verder toon Graham dat die Heilige Gees die dissipels bystaan in die uitvoer van die Groot Opdrag, soos uiteengesit in Matteus 28:16-20, Markus 16:14-18 en Lukas 24:44-49.

Graham (2009:57) wys dat die doping met die Heilige Gees geskied deur:

- bekering tot Jesus;
- ŉ gebed tot die Heilige Gees om in/met Hom gedoop te wees;
- geloof en vertroue dat die belofte van Jesus Christus waar is.

Graham wys ook daarop dat gawes en vrug sal voortspruit uit en deur die werking van die Heilige Gees in die lewe van ŉ dissipel.

Hoe word ŉ persoon dus ŉ dissipel en volgeling van Jesus? Deur bekering; deur doop met water; deur doop met die Heilige Gees.

### 2.6.5 Gehoorsaamheid (Lukas 11:28, Johannes 8:31 Matteus 6:14)

Gehoorsaamheid is die vyfde tema van Graham se benadering waaraan ons aandag gee.

Met verwysing na Matteus 28:18-20 vertaal Louw en Nida (1996) die woord "onderhou" ook as "gehoorsaam":

"36.19 φυλάσσωb; τηρέωc; τήρησιςc, εως f: to continue to obey orders or commandments—'to obey, to keep commandments, obedience.'

φυλάσσωb: πάντα ταῦτα ἐφύλαξα 'I have continued to obey all these commandments' Matthew 19:20.

τηρέωc: ἐὰν ἀγαπᾶτέ με, τὰς ἐντολὰς τὰς ἐμὰς τηρήσετε 'if you love me, you will keep my commandments' John 14:15.

τήρησιςc: ἀλλὰ τήρησις ἐντολῶν θεοῦ 'but obedience to God's commandments' 1 Corinthians 7:19."

Bianchi (2002:1103) toon aan dat daar eers geluister moet word na God se stem: "'Speak, Lord, for your servant is listening' (1 Samuel 3.9): These words tell us that listening, according to Judaeo-Christian revelation, is the fundamental attitude called for in prayer. They also contest a tendency we often have, despite our genuine desire to pray, to fill our prayer with such a flood of words that we effectively reduce God to silence."

Oor die belangrikheid dat Christelike gebed eerstens daaroor gaan om te luister sê Bianchi (2002:1103) verder: "Christian prayer is essentially an act of listening: it is not the expression of a human desire for self-transcendence as much as the welcoming of a presence and a relationship with an Other who precedes us and in whom we find our origin."

God, asook gebed, word dus gedefinieer deur ŉ verhouding in terme van gespreksvoering. Deur gebed word erken dat God die een is wat praat en die gelowige erken hierdeur God se inisiatief deur na Hom te luister.

By die brandende bos praat God met Moses (Eksodus 3.1) en Moses luister. Hieroor sê Bianchi (2002:1103) die volgende: "Vision is the domain of human initiative, in which we seek to reduce the distance between ourselves and God. It is the domain in which we make ourselves the protagonists and attempt to climb towards God. But the God who reveals himself introduces Moses into the domain of listening and maintains a distance between himself and Moses that cannot be crossed, because it is the distance that makes a relationship possible: 'Come no closer!' (Exodus 3.5). What was a remarkable sight then becomes, for Moses, a familiar presence: 'I am the God of your father' (Exodus 3.6)."

Moses se "dissipelskap"-verhouding word deur hierdie gebeure by die brandende bos getipeer. Hy is ŉ "dissipel" wat luister en dit wat hy hoor, uitleef. Alles wat hy leer en hoor, gehoorsaam hy en onderhou hy. Tydens gebed openbaar God Homself as die een wat reeds teenwoordig was voordat die mens probeer het om Sy teenwoordigheid te beleef. Deur te luister word God se teenwoordigheid duidelik.

Bianchi (2002:1103) sê verder in dié verband: "This tells us that the one who truly prays is the one who listens. 'Listening is better than sacrifice' (1 Samuel 15.22) – better, in other words, than a relationship between God and a human being built on the fragile foundation of human initiative".

Indien gebed ŉ dialoog is wat aan ons verhouding met God uitdrukking gee, is dit deur gehoor te gee dat ons bekendgestel word aan hierdie verhouding, hierdie verbond, hierdie wedersydse verbondenheid: "Gehoorsaam/luister na My stem, dan sal Ek vir julle ŉ God wees, en julle sal vir My ŉ volk wees" (Jeremia 7:23).

Ons kan sien hoekom die opdrag om gehoor te gee regdeur die Skrif weerklink: dit is deur gehoor te gee dat ons die lewe van God binnetree/betree, of beter nog, dat ons God toelaat om ons lewe binne te kom.

In Deuteronomium 6:4-5 sê die Here: "Hoor, Israel, die Here onse God is ŉ enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag." Hierdie gebod van liefde is deur Jesus bevestig as sentraal in die Skrif (Markus 12:28-30). Die teks onthul dat deur gehoor te gee ("Hoor, O Israel!") leer ons

God ken (die Here is "'n enige Here"). Vanuit die ken van God kom liefde ("jy moet die Here jou God liefhê").

Deur "gehoor te gee" of te luister kom ons wese tot stand. Ons word kinders van die Vader, en dit is nie toevallig dat die Nuwe Testament na Jesus, die Seun, die Woord wat vlees geword het, verwys as die Een na wie geluister behoort te word nie: "Luister na Hom!" sê die stem vanuit die wolk op die berg van verheerliking (Markus 9:7).

Deur te luister na die Seun, betree ons 'n verhouding met God, en in geloof kan ons Hom "Abba" (Romeine 8:15; Galasiërs 4:6) en "onse Vader" (Matteus 6:9) noem. Luister maak ons kinders van God. Soos wat ons luister, dring die doeltreffende Woord en die herskeppende/nuutskeppende Gees van God ons binne en word die beginsel van ons verheerliking, ons herskepping/nuutskepping in die beeld van Christus bevestig. Dit is hoekom ons 'n "luisterende hart" (1 Konings 3:9) nodig het – soos wat ons luister met ons ore, moet ons hart dit ook doen.

In die Bybel is die oor, wat nie net eenvoudig die orgaan van gehoor is nie, maar die setel van kennis en die intellek, direk verwant aan die hart, wat op sy beurt die verenigende sentrum van die emosionele, rasionele en wilskragtige vermoëns van die persoon is. Namate ons luister/gehoor gee, ontwikkel ons 'n hart wat "wys en verstandig" is (1 Konings 3:12), en groei ons in onderskeidingsvermoë. "Laat enigeen wat 'n oor het, hoor/luister na wat die Gees aan die gemeente sê" (Openbaring 2:7).

Aangesien "hoor" werklik so sentraal is tot die geloofslewe, verg dit waaksaamheid, met ander woorde oplettendheid omtrent waarna ons luister (Markus 4:24), na wie ons luister (Jeremia 23:16; Matteus 24:4-6,23; 2 Timoteus 4:3-4) en hoe ons luister (Lukas 8:18). In die besonder moet ons onderskei tussen woorde en die Woord. Ons moet die Woord voorkeur/voorrang gee bo die ontelbare menslike woorde wat ons hoor en met "'n eerlike en goeie hart" (Lukas 8:15) luister.

Wat anders word nog vereis in ons luister na die Woord? Ons vind 'n antwoord in die verduideliking van die gelykenis van die saaier (Markus 4:13-20; Lukas 8:11-15). Dis nodig dat ons weet hoe om die Woord te internaliseer, andersins bly dit oneffektief en faal dit om vrugte van geloof voort te bring (Markus 4:15; Lukas 8:12). Ons behoort ook tyd te neem om te luister en moet volhard in ons hoor/luister, andersins sal die

Woord nie vrugte van stabiliteit, standvastigheid en diepte van geloof dra nie (Markus 4:16-17; Lukas 8:13). Dit is verder nodig om versoeking te weerstaan deur die verleiding van ander wêreldse "boodskappe" en "woorde" te weier, andersins sal die Woord gesmoor word, onvrugbaar bly en nie in staat wees om die vrugte van volwassenheid van geloof te produseer nie (Markus 4.18-19; Lukas 8.14). As ons nie luister/hoor nie, sal ons gebed onmoontlik vind!

Graham (2009:27) wys ook op die belangrikheid van luister as ons gehoorsaamheid wil kweek. Hy sê dat Jesus die "Shema" ("luister") koppel aan Levitikus (McKnight, 2005:8). Graham (2009:68) se navorsing toon dat daar by gelowiges leemtes bestaan ten opsigte van hoe God se stem deur 'n dissipel gehoor kan word. Hy lig egter die volgende belangrike punte uit:

- bestudering van die Woord;
- gebed;
- prediking en lofsang; en
- koinonia.

Graham (2009:69) sonder die "Onse Vader"-gebed, wat Jesus in Matteus 6:9-13 aan sy dissipels voorhou, uit as 'n riglyn vir gebed deur 'n dissipel.

### 2.6.6 Liefde vir mekaar

Liefde vir mekaar en vergiffenis tussen mense is die sesde tema van die Graham-benadering. Graham (2009:69) toon aan dat daar 'n paar aspekte ten opsigte van die liefdesgebod is wat in 'n dissipelskapproses beklemtoon moet word, naamlik:

- Neem die gestalte van 'n dienskneg aan (Fillipense 2:1-11).
- Was mekaar se voete (Johannes 13:1-17).
- Hê mekaar lief soos Jesus ons liefgehad het (Johannes 13:34-35).
- Die liefdesgebod is die sleutel van dissipelskap.

Daar is volgens Graham (2009) ook verdere moontlikhede om liefde in gehoorsaamheid te toon, naamlik:

- offergawe ("offering");
- gehoorsaamheid ("obeying");
- om niks buite die teenwoordigheid van Jesus te doen nie ("doing everything in His presence");
- om op Jesus te steun ("leaning on Jesus");
- om ander lief te hê ("loving others").

Drie temas in die praktyk vir die uitvoering van die liefdesgebod word so beskryf (Graham 2009:74):

- aanvaarding van mekaar se diversiteit (Romeine 15:7);
- vergifnis van mekaar (Kolossense 3:13);
- omgee vir mekaar (Galasiërs 6:2).

Die liefdesgebod is vroeër in hierdie hoofstuk breedvoeriger bespreek, maar dis belangrik om hier weer eens, saam met Graham (2009), aan te toon dat die liefdesgebod 'n kern- of sleuteltema vir die maak van dissipels is.

### 2.6.7 Gemeenskaplike maaltye (Lukas 22:19)

Die gemeenskaplike maaltyd, die sewende van Graham se temas, word in gehoorsaamheid aan Jesus Christus ingestel. Die begin van alles, ook ons gehoorsaamheid aan Jesus, is die liefde, en spesifiek God se liefde vir ons. Graham (2009:81) sê in dié verband: "Jesus spent three years coaching the twelve, giving them instructions in living God's way. Then He told them to pass on those instructions to the next generations of believers. We are learning to obey the commands that Jesus gave His followers. If we are to follow Him, we must know what He tells us to do. But before we started on the commands of Christ, we focused on His great love for us ...

Everything begins with God’s love for us and everything is sustained by that love. Because I have been won by His love, I have decided I want to give my life to this man and follow Him.”

Graham wys op die handelinge wat gevolg het op die vroeë Christene se onsekerheid oor wat hulle te doen staan noudat hulle van Jesus gehoor het. Die “hoor” is die eerste punt. Graham (2009:82) wys op die daaropvolgende gebeure, gebaseer op Handelinge 2:37-46:

> *“Peter replied ‘(2) Repent and (3) be baptized, every one of you, in the name of Jesus Christ for the forgiveness of your sins. And you will (4) receive the gift of the Holy Spirit. The promise is for you and your children and for all who are far off – for all whom the Lord our God will call.’ With many other words he warned them; and he pleaded with them, ‘Save yourselves from this corrupt generation’. Those who accepted his message were baptized, and about three thousand were added to their number that day. They (5) devoted themselves to the apostles’ teaching and to the (6) fellowship, to the (7) breaking of bread and to (8) prayer. Everyone was filled with awe, and many wonders and miraculous signs were done by the apostles. All the believers were together and had everything in common. Selling their possessions and goods, they (9) gave to anyone as he had need. Every day they continued to meet together in the temple courts. They broke bread in their homes and ate together with glad and sincere hearts, praising God and enjoying the favor of all the people. And the Lord added to their numbers daily (10) those who were being saved.”*

Die vyfde, sesde en sewende temas word in die Graham-benadering aangebied met die wete dat “devot(ing) themselves to the apostles’ teaching (5) doesn’t mean they just had Bible studies, but that they obeyed the teaching. They listened and obeyed. Fellowship (6) refers to the love that makes us one ... Breaking of bread (7) is the lesson”. Graham (2009:82) sê dat die liggaam en bloed van Jesus onderskei moet word ter volkome versoening van al ons sonde en om deel te kry aan Hom.

Graham (2009:82) trek die verband tussen die gemeenskaplike maaltyd en nagmaal (Matteus 26:26-30; 1 Korintiërs 11:23-26), met die leringstema wat gedefinieer word as:

- "Back": Die Groot Fokus op Jesus Christus – en Hom as die gekruisigde.
- "In": Ons het deel aan Hom (as die gekruisigde), sy lyding en sy opstanding.
- "Forward": Die fokus op Jesus herinner ons aan die oorwinning wat aan die kruis behaal is.

Die gemeenskaplike maaltyd het daagliks in die huise van die navolgers van Jesus plaasgevind. Uit hierdie maaltyd het die Nagmaal gegroei wat ter gedagtenis aan die offer van die liggaam en bloed van die Here Jesus gevier word. Die Nagmaal verteenwoordig die sterkste uitdrukking van God se liefde teenoor sy mense.

Dean (2004:120) se navorsing toon dat jongmense ŉ geweldige groot aantrekking na die gemeenskaplike maal het. Hier word ook spesifiek verwys na wat nagmaal beteken, te wete die onderskeiding van Jesus se liggaam en bloed en die begrip dat dit gegee en vergiet is as volkome versoening van al ons sonde. Daar is leemtes in Graham (2009:84) se eksegese ten opsigte van die volle betekenis van die gemeenskaplike maal en van nagmaal. Die huidige navorser is van mening dat beide die gemeenskaplike maal én die nagmaal deel uitmaak van ŉ dissipelskapsproses. Dit sal later in die studie breedvoeriger hanteer word.

### 2.6.8 Gebed (Lukas 11:1-13)

Jesus Christus se dissipels het duidelik gesien dat om naby Hom te leef gedefinieer word deur ŉ lewe van gebed en ŉ naby verhouding met die Vader. In die dissipelmaakproses stel Graham (2009:87) dit duidelik dat gebed as lewenstyl ŉ essensiële deel van lewenslange geloofsvorming is. "God loves us passionately and it is His will to bless us. He sent Jesus to bless us (Acts 3:26) and all mankind.The greatest tool in that battle is our prayers. We don't understand this perfectly but He uses our prayers to change the world. He waits for us to pray, 'Thy kingdom come. Thy will be done on earth as it is in heaven.' When we pray, He works. In prayer, we

pull down what Satan has built in people's lives, and call down from heaven the will of God. Our prayers are like bullets in His hands" (Graham, 2009:91).

Die volgende aspekte van gebed word deur Graham (2009:91) uitgelig:

- "Pray at all times"
    - Gebed bring ons nader aan Jesus.
    - Gebed maak ons bewus van sy teenwoordigheid.
    - Gebed bou ons gees.
    - Gebed maak ons bewus van sy stem in ons lewe.
- "Pray together"
    - Bid saam as kleingroepe/selgroepe.
    - Bid saam as ŉ groter gemeente.
- "Pray persistently"
    - Individuele gebed.
    - Gesamentlike gebed.

### 2.6.9 Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8)

Jesus het sy dissipels gereelde toerusting gegee met betrekking tot die hantering van finansies asook die rentmeesterskap van gawes binne die gemeente.

- **Om te gee is deel van aanbidding:** Aanbidding het dus ook gee as ŉ komponent. Graham (2009:92) verwys na Lukas 21:1-4 om die gee-gedeelte van dissipelskap aan te bied as komponent van beide aanbidding én die dissipelskapproses. Hierdie Skrifgedeelte behandel die weduwee wat slegs twee klein muntstukkies in die offergawekis gegooi het. Jesus wys daarop dat sy in haar gebrek meer ingegooi het as al die ander; sy het alles ingegooi wat sy gehad het om van te lewe.

- **Om te gee dui ŉ hartsgesindheid aan:** ŉ Volgeling se hartsgesindheid word bepaal deur sy gesindheid om vir die uitbouing van die Koninkryk te gee (1 Timoteus 6:10). Graham (2009:93) wys ook daarop dat dissipels se harte verander deur te gee.
- **Om te gee bring vryheid:** Lukas 21:1-4 wys die vrou se gesindheid om as ŉ aanbiddingshandeling alles te gee wat sy het, in volle vertroue dat God in al haar behoeftes sal voorsien (Graham, 2009:93).
- **Om te gee is om in die toekoms te saai:** 2 Korintiërs 9:6 stel dit dat wie karig saai, sal karig oes. Dissipelskap het te doen daarmee om talente en gawes te saai ter uitbouing van die Koninkryk (Graham, 2009:94).
- **Om te gee is om te deel in die hart van God:** God is die goeie gewer en het selfs sy eie Seun nie gespaar nie. Om te gee is om te deel in die karakter van God (Graham, 2009:94).
- **Om te gee is om deel te wees van gemeentebou:** Elke plaaslike gemeente het finansiële ondersteuning nodig om bedieninge en gemeente-uitsette te laat realiseer. Dissipels van Jesus word geleer dat hulle gee deel is van die uitbouing van die plaaslike gemeente en geloofsgemeenskap.
- **Om te gee is om jou naasteliefde prakties te wys:** In Handelinge 2:44 en 4:32 word die eerste kerk en liefdesgemeenskap gedefinieer deur melding te maak van hulle gee-gesindheid. Liefde word prakties gewys deur aan mekaar se nood aandag te gee (Graham, 2009:96).

### 2.6.10 Maak dissipels

In die aanbieding van sy benadering tot dissipelmaking bied Graham (2009:103) die tiende tema aan as "die maak van dissipels". Dissipels wat al die dinge onderhou wat hierbo genoem is, kry telkens die opdrag om weer dissipels te gaan maak. Die dissipel word geleer om weer andere te leer hoe om alles te onderhou wat Jesus beveel het.

Jesus se openbare optrede in Markus begin in Markus 1:14 met: "Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God

verkondig. Hy het gesê: 'Die tyd het aangebreek, en die Koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie'." Aan die einde van sy aardse bediening stuur Hy dan in Matteus 28:19-20 sy dissipels uit met die opdrag om self te gaan dissipels maak.

Soos telkens reeds gesê, moet die jeugbediening noodwendig hierby betrek word. Dean (2004:22) sê dat praktiese teologie jongmense betrokke maak by God se missie. Dit neem die "teks" in die kontemporêre konteks en roep jongmense tot self-gewende liefde wat Jesus se passie reflekteer. Deur aanbidding in die praktyk word jongmense getuies vir Jesus. Dit word die uiteindelike uitdrukking van marturia/getuienis wat die doel het om van andere dissipels te maak (Dean, 2004:22).

Graham (2009:99) wys op die volgende aspekte wat progressief by die maak van dissipels betrokke is:

- **Word vissers van mense asook getuies van Jesus** (Markus 1:17; Handelinge 2:42-47).
- **Versprei die evangelie.** Soos wat die dissipels saam met Jesus geleef het, het die evangelie versprei en daar is daagliks mense by die getal gelowiges gevoeg (Handelinge 2:46-47).
- **Betoon naasteliefde.** Markus 12:31 wys dat daar geen groter gebod is as naasteliefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. Soos vroeër in hierdie hoofstuk aangedui, is liefde noodsaaklik in die dissipelskapproses en vir die uitvoer van die Groot Opdrag.
- **Soek en vind dié wat verlore is.** Jesus is gesien as 'n vraat en wynsuiper. Volgens Lukas 19:10 bied Hy as antwoord aan dat Hy gekom het vir dié wat verlore is. Dit is ook die taak van die dissipel oor nasiegrense heen om dié te soek wat verlore is en van hulle dissipels te maak.
- **Leer hulle om alles te onderhou.** Die proses word oor en oor herhaal om dissipels te maak van alle nasies.

### 2.6.11 'n Opsomming van Graham se benadering

Die volledige benadering wat Graham (2009:9) aanbied vir evangeliebediening omvat die tien temas soos bespreek. Hierdie temas pas in by die drie sleutels wat vroeër genoem is, naamlik die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag. Die huidige navorsing ondersoek, benewens Nel se benadering en Graham se temas, ook ander dissipelskapsmodelle om uit te kom by 'n dissipelmakingskurrikulum wat kan werk in jeugbediening. Graham se omvattende benadering tot missionêre bediening wat, soos in die bespreking aangedui, volledig Skrifgegrond is, is bruikbaar om ingesluit te word in 'n dissipelmakingskurrikulum en ander modelle kan hieraan gemeet word. Opsommenderwys word Graham se temas net weer uitgelig:

- Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30).
- Bekering en geloof (Markus 1:15).
- Word gedoop (Matteus 28:18).
- Vervulling met die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8).
- Wees aan die Woord gehoorsaam (Lukas 11:28, Johannes 8:31 Matteus 6:14).
- Wees lief vir mekaar en vergewe (Markus 12:31, Johannes 13:34, Matteus 6:14-15).
- Breek brood en drink wyn tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19).
- Bid (Lukas 11:1-13).
- Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8).
- Maak dissipels (Matteus 28:19, Markus 16:15, Johannes 20:21), hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31), verkondig die evangelie en so begin die siklus weer.

## 2.7 SAMEVATTING

Alle mag is deur God die Vader aan Jesus gegee en Hy regeer met alle mag in die hemel en op die aarde. Die opdrag tot dissipelmaking wat Hy aan die dissipels gee, word vanuit sy mag en outoriteit gegee en Hy dra ook sy outoriteit aan hulle (en aan ons as dissipelmakers) oor. Dit bemoedig en versterk die dissipels. Daarby kom die vertroosting van Jesus se belofte dat hy met elkeen van ons is, al die dae tot aan die voleinding van die aarde.

Die opdrag word aan die dissipels gegee wat Jesus vir homself uitgesoek het, en deur hulle geld die opdrag ook elke gelowige en die kerk, waarvan die jeugbediening volledig deel uitmaak. Die bediening in ‘n gemeente moet inklusief wees. Ook binne jeugbediening moet dus dissipels gemaak word.

Die opdrag is om dissipels van die nasies te maak. Elke mensegroep moet bereik word. Dissipelmaking is dus nie beperk tot lidmate van ‘n gemeente nie. Ook buitekerklikes en kerklose mense moet opgesoek word en deel gemaak word van die dissipelmakingsproses.

Jesus self dui ook die oorkoepelende proses van dissipelmaking aan: Hy bring sy dissipels in, Hy bou hulle op en Hy stuur hulle uit. Dit verteenwoordig die groot stappe in die ontwikkeling van ‘n kurrikulum vir die dissipelmakingsproses. Daarbinne word fyner gedetailleerde stappe ondersoek vir die uitvoering van die opdrag in die praktyk binne jeugbediening.

Na dissipelwording moet die gelowige gedoop word in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees as inlywing tot die geloofsgemeenskap. Die proses hou nie daarmee op nie. Elke dissipel moet geleer word om Jesus se bevele te onderhou en moet ook weer op sy/haar beurt uitgaan om dissipels te maak, te doop en te leer om Jesus se leringe te gehoorsaam. So word ‘n dissipeleringsirkel vir die kerk voltrek.

## 2.8 GEVOLGTREKKINGS VIR JEUGBEDIENING

In die vier evangelies word die Groot Opdrag deur Jesus Christus aan die kerk en dus ook aan die jeugbediening gegee. Die proses van dissipelmaak word progressief deur Jesus in die opdrag uiteengesit: maak dissipels, doop hulle, leer hulle om alles te onderhou. Dit is ‘n prakties-teologiese omskrywing van die taak van die gelowige. Deur die opdrag/bevel van voortgesette lering na die doop word dissipelskap ‘n lewenslange proses en ‘n lewenslange geloofsvorming. Die dissipel word ‘n navolger en “nabootser” van Jesus.

Die taak van die jeugleraar ten opsigte van dissipelmaking is duidelik: die opdrag is dat elke nasie die evangelie moet hoor en volgelinge van Jesus gemaak moet word; die dissipels moet gedoop word as inlywing tot die geloofsgemeenskap; hulle moet geleer word om alles te onderhou wat Jesus geleer het. Die leerinhoud is omvattend (alles wat Jesus “beveel” het), maar kan saamgevat word in die Groot Fokus op Jesus Christus en die Groot Gebod (om mekaar lief te hê).

Dit is elke jeugbediening se taak om die Groot Opdrag na te kom en om dissipels in ’n lewende verhouding met die Groot Leermeester, Jesus Christus, te bring.

# HOOFSTUK 3

# PRAKTIESE MODELLE EN BENADERINGS VIR ONDERSOEK NA ’n KURRIKULUM VIR DISSIPELMAKING IN JEUGBEDIENING

## 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bou, soos hoofstuk 2, voort op die ondersoek in die navorser se Meestersgraadverhandeling. In daardie studie is leemtes geïdentifiseer ten opsigte van die beskikbaarheid van ’n kurrikulum en prakties-teologiese, implementeerbare beginsels vir die maak van dissipels in jeugbediening. Ook die wesenstemas vir die ontwikkeling van so ’n kurrikulum moet geïdentifiseer word. Voorts sal huidige modelle en temas wat in die praktyk gebruik word, ondersoek word, spesifiek in die lig van Christologie en dissipelskap en gebaseer op die Groot Gebod, ten einde ’n relevante model of kurrikulum te ontwikkel en voor te stel.

Lovell (2009:34) se navorsing wys daarop dat Zerfass se model van basis- en metateorie, waarna ook in hoofstuk 2 verwys is, aansluiting vind by die praktiese teologie, spesifiek deurdat die praxis, wat volgens Zerfass op die teorie volg, verbeter word (Zerfass, 1974:164-177). Venter (1995:89) toon in sy metateoretiese navorsing dat verskeie vakgebiede hulself besig hou met die navorsing van een en dieselfde werklikheidsveld, en die metateoretiese basis van hierdie hoofstuk berus op die bestudering van verskillende tipes modelle en benaderings wat almal met die praktiese teologie verband hou. Heyns & Pieterse (1998:50) wys dat wanneer kennis van ander vakdissiplines aanvullend by die praktiese teologie gebruik word, dit ’n unieke blik op die werklikheid gee. Pieterse (1993:107) sê: “Deur ’n meer holistiese kyk op die werklikheid vanuit ’n Koninkryksperspektief te neem, kan Woord en werklikheid saam gesien word. Dit open die moontlikheid om Praktiese Teologie te bedryf waarin teorie en praktyk, Woord en werklikheid, in ’n bipolêre spanningseenheid op mekaar betrek kan word.”

In hoofstuk 2 word die verskillende sienings van basis- en metateorie soos deur Bates (2005) en Zerfass (1974) verduidelik word, uiteengesit. Die huidige studie berus op

die model van Zerfass, wat metateorie beskryf as teorie aan die ander kant van die basisteorie (Zerfass, 1974:166 en verder). Zerfass stel voor dat die Skrif basisteoreties ondersoek word en dit het ons in hoofstuk 2 gedoen. Daarop volg die metateoretiese navorsing buite die Skrif om wat die basisteorie aanvul en vanuit ʼn ander hoek beskryf. Hierdie navorsing word in die huidige hoofstuk gedoen waar die aandag op modelle en benaderings in die praktyk val.

Die oogmerk hiermee is dat ʼn praktykmodel uiteindelik daargestel kan word wat hermeneutiese wisselwerking tussen die meta- en basisteorie tot gevolg het. Die navorsing is gerig op ʼn dissipelskapmodel binne ʼn gemeente, met spesifieke verwysing na die jeug. Die modelle wat in die huidige hoofstuk ondersoek word, word ook krities beoordeel ten opsigte van die bruikbaarheid daarvan in jeugdissipelskap. Moontlikhede vir verdere ondersoek sal ook aangedui word.

Dissipelmaking staan sentraal. Barna (2002:5) se navorsing wys dat gemeentes weer geleer moet word om ʼn fokus op Jesus Christus te kry en lewensveranderende gemeenskappe moet bou wat dissipels kan maak. Die proses hou nooit op nie, want nuwe dissipels staan ook onder die Groot Opdrag.

## 3.2 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK VAN PRAKTIESE DISSIPELSKAPMODELLE EN –BENADERINGS

Volgens Dean (2004:2) is jeugbediening gerig op jongmense “who (are) searching for something, for someone to die for, a worthy cause”. In die uitlê van ʼn dissipelskappad in jeugbediening word ʼn model gesoek wat hierdie soeke van jongmense kan versadig.

Naas die ondersoek na die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag, asook die werk van Nel en Graham, word daar in hierdie hoofstuk na modelle binne gemeentes en organisasies gekyk en ‘n kritiese beskouing en beoordeling daarvan word gedoen. Daar word gekyk of daar ooreenkomste met die dissipelskapproses van Graham (2009) is en of die temas wat Graham aandui, deel uitmaak van hierdie bedieninge se proses om dissipelskap binne jeugbediening gestalte te laat kry.

Jongmense is op soek na ŉ saak wat die moeite werd is om jou lewe aan te wy, en Dean (2004:31) argumenteer dat om ŉ volgeling van Jesus te wees juis vir jongmense hierdie sinvolle lewensdoel kan gee. Newport (2016) bevind dat 95% van jongmense in die VSA glo dat daar wel ŉ God is, maar hulle glo nie dat dit werklik saak maak nie, want daar is nie ŉ verduideliking of definisie van wat dit beteken dat daar ŉ God is nie. Wanneer die volgelingskap van Jesus/God gedefinieer word, kan dit vir jongmense ook die "meriete" van die God-wees, dit wil sê ŉ "cause", definieer. Barna (2002:46) stel die gebrek aan ŉ doelwit of fokus of "cause" by lidmate soos volg: "The chief barrier to effective discipleship is not that people do not have the ability to become spiritually mature, but they lack the passion, perspective, priorities and perseverance to develop their spiritual lives."

Barna (2002:36) se studie wys dat tot 76% wedergebore Christene se spirituele groei beperk is omdat daar nie sinvolle dissipelskap-uitsette geformuleer is nie. Kerke het ŉ geweldige geleentheid om mense se lewenslange geloofsvorming Vyf n negentig persent van alle wedergebore Christene glo dat die plaaslike kerk die plek is waar hulle geestelik groei en waar hulle geloof gevorm word (Barna, 2002:46).

Jesus se dissipelskapsmetode om mense in te trek en deel te maak van sy werk, is ŉ groot bron van inspirasie. Hy bied dissipelskap en volgelingskap aan nie as ŉ program nie, maar as ŉ lewenswyse (Hull, 2006:24).

Die volledige taak van dissipelmaking is dié van ŉ hele gemeente. Chan (2012:34) bevestig dat elke lid van ŉ gemeente gawes het wat hulle moet deel, en dat die maak van dissipels nie alleen die opdrag van die predikant of die sendeling is nie, maar van elke lidmaat, insluitende die jongmense.

Deur jeugbediening en -dissipelmaking word die waarheid van die evangelie ook van geslag na geslag oorgedra en word jeugdiges medewerkers in die Koninkryk van God. Die waarde van tieners in die opbou van die liggaam van Jesus word bevestig in plaas daarvan dat hulle 'n gemarginaliseerde groep in die gemeente is. Bowendien word die konteks van elke generasie op dié manier in die kerk ingebring en so bly die kerk steeds relevant.

Greg Stier (2016) sê: “God has a track record of choosing teens to accomplish great spiritual feats.” In die ou testament is daar die voorbeelde van Josef, Samuel en Dawid. Stier wys daarop dat in die Nuwe Testament die dissipels waarskynlik ook baie jonk moes wees. Hy lig uit dat in Matteus 17 slegs Petrus en Jesus tempelbelasting betaal, alhoewel al die dissipels teenwoordig was. Volgens Exodus 30:14 was tempelbelasting net betaalbaar deur dié wat ouer as twintig jaar was. Stier sê dan: “And God used this *‘youth group’* to reach the world!”

Tieners is by uitstek geskik vir die uitdra van die evangelie, sê Stier. Hulle is idealisties, visionêr en onrealisties. Hulle “lack of realism and judgment allows them to see visions and have dreams that those of us who have been worn down by the realities of life may no longer see ... We tend to get worn down by life and they get fired up by causes” (Stier 2016).

‘n Doelwit met die ontwikkeling van die huidige kurrikulum is juis om hierdie vuur van jongmense in die diens van Jesus te benut. Dit het daarom sin om evaluerend te kyk hoe verskillende gemeentes en organisasies met die jongmense omgaan in die proses van dissipels maak.

## 3.3 KRITIESE REFLEKSIE

Die onderskeie modelle en benaderings wat in hierdie hoofstuk ondersoek word, sal telkens met mekaar vergelyk word. Die vergelykings sal progressief ontwikkel na gelang die modelle nagevors word. Ná die bekendstelling en bespreking van elke model/benadering word ’n vergelyking met ander modelle getref aan die hand van die volgende vrae:

- Watter bydrae lewer die model of benadering tot die ontwikkeling van ‘n kurrikulum vir disspelmaking in jeugbediening?
- Watter leemtes merk die navorser op in die spesifieke model?
- In watter opsigte vergelyk die model positief met ander modelle wat deel uitmaak van die navorsing?

- In watter opsigte vergelyk die model negatief met ander modelle wat nagevors is?

  In hoofstuk vyf sal 'n samevatting gegee word van die vergelyking tussen die onderskeie modelle.

## 3.4 GRONDSLAG VIR DIE ONDERSOEK NA DISSIPELSKAPMODELLE IN JEUGBEDIENING

Dean (2004:25) sê dat teologie wat passie ernstig opneem, 'n platform skep vir jongmense om 'n kardinale brug te vind tussen hulle geleefde ervaring van adolessensie en historiese gebruike van Christelike geloofsgemeenskappe. Passievolle plaaslike gemeentes moet vir jongmense hierdie brug skep tussen hulle konteks en die uitlewing van hulle geloof.

Osmer (2005) merk op dat jongmense in die praktyk binne die geloofsgemeenskap gehelp moet word om hulle identiteit te vind gegrond op die Bybelse narratief van God se verhouding met die wêreld. Ons word nie uit die wêreld geneem nie, maar moet as die kerk die Koninkryk in die wêreld inneem.

Begrotings en toerusting in plaaslike gemeentes word meer in volwassenes geïnvesteer as in die kinders. Navorsing toon dat daar groot vrug is om gemeente-finansies ook in jongmense se geloofsvorming te investeer. Dan word daar 'n balans verkry in die distribusie van finansies sodat naas die volwassenes ook die kinders en jongmense bereik en opgelei kan word. Investering in die jonges kan selfs meer vrug dra as dié vir volwassenes, want jongmense en kinders verander makliker as volwassenes ten opsigte van die manifestering van hulle geloofsuitlewing (Barna, 2002:96).

Dean (2004:23) sê jeugbediening hoort binne die dissipline van die praktiese teologie. Praktiese teologie behels die gedissiplineerde opvoering en uitvoering van die Groot Opdrag. Die jeugmentor se taak word ook gekenmerk deur vryheid sodat hy of sy kan aanpas by die jeugkonteks en die spesifieke uitdagings daarvan en sodoende vorm

kan gee aan die Opdrag binne jeugbediening. Dean (2004:23) se term hiervoor is "geïmproviseerde rasionaal", 'n manier van dink wat die Christelike tradisie in gesprek plaas met uitdagende bedieningskontekste: "As a result, practical theology privileges the authority of Scripture and Christian tradition, but concedes their ambiguity because the Christian community is a lively fluid context where the Holy Spirit still speaks" (Dean, 2004:23).

Dissipelskap is nie 'n program nie, maar 'n proses. Daar is basiese temas wat deel uitmaak van 'n organiese, aktiewe dissipelskapverhouding (Plat in Chan, 2012:8) en wat verdien om ondersoek te word. Dissipelskap is om by Jesus 'n internskap te doen en sy student te wees (Chan, 2012:16). Watson (1981:22) wys die uniekheid van die roeping tot dissipelskap uit en stel dit as 'n roeping in verhouding met Jesus self; Jesus roep 'n dissipel tot Homself. Jesus se dissipels word geroep om Hom te volg en hulle lewe heelhartig aan Hom te wy.

Ogden (2003:21) lig die groot gaping uit tussen hoe Jesus dissipels gemaak het en hoe gemeentes tans dissipelskap sien, en stel dat gemeentes eers self hierdie gaping moet ontdek ten einde by 'n dissipelskapsmodel uit te kom. Daar is 'n geweldige noodsaak vir 'n meer intensionele fokus op die dissipelskapproses en vir 'n duideliker definiëring van sinvolle uitsette vir so 'n proses. Hierdie insette help gelowiges om die sin van dissipelmaking in te sien en gegewe die regte motivering sal die meeste gelowiges gewillig wees om deel te wees van so 'n lewenslange geloofsvormingsproses (Barna 2002:55).

Hieronder volg die navorsing oor verskeie dissipelskapmodelle wat van belang is vir die praktiese teologie van jeugbediening. Die Willow Creek Seekers-model (WCS) en Purpose Driven Youth Ministry (PDYM) word by die ondersoek betrek as gevolg van hulle groeiende jeugbedienings en omdat die modelle gewild is as hulpmiddels of strategieë in jeugbediening (Clark, 2013:1).

In die navorsing oor bestaande modelle en tendense hieronder word krities gekyk na die onderskeie gemeentes en bedieninge se praktiese implementering van die sleutels en temas wat Skrifgefundeerd in die vorige hoofstuk na vore gekom het, naamlik:

- **Die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag.** Dit geld as sleutels tot jeugbediening. In die navorsing oor Simply Mobilizing, die Every Nation-gemeente, die Willow Creek Soekerdiensstrategie, Youth with a Mission, die Purpose Driven Youth Ministries en World Outreach wat volg, word krities gekyk of hierdie gemeentes en organisasies die drie kernsleutels in hulle dissipelmaakproses en bediening aan en vanuit die jeug identifiseer, en of die praktyk van hierdie drie sleutels deel uitmaak van hulle model.
- **Jesus se dissipelskapmodel.** Dit word deur Hawkins uitgelig as "bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit" en was die eerste praktiese model van dissipelmaking. Hawkins (2007:11-30) se navorsing dui aan dat 'n dissipelskapmodel vir jeugbediening ook van Jesus se strategie gebruik moet maak.
- **Graham se dissipelskap-temas.** Daar word krities ondersoek in watter mate hierdie temas deel uitmaak van die instellings wat ondersoek word se jeugbediening binne plaaslike gemeentes. In die proses word ook ondersoek of Graham se eie benadering moontlik leemtes mag hê.

### 3.4.1 Die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag

In vorige hoofstukke is hierdie sleutels omvattend behandel. Die Groot Fokus is Jesus Christus, die Groot Gebod is die liefdesgebod en impliseer dat bediening met steeds meer liefde gepaard moet gaan, en die Groot Opdrag is die dissipelmaakopdrag. Daar word dus in die navorsing wat volg, gekyk of en hoe die verskillende bedieningsmodelle hierdie sleutels benut.

### 3.4.2 Jesus se dissipelskapsmodel (Markus 3:13-15)

- **"He brought them in".** Jesus het sy apostels na Homself toe geroep. Die inisiatief was Syne, nie hulle s'n nie.

- **"He built them up".** Jesus het sy apostels geroep sodat hulle "met Hom kan wees". In die noue omgang met Hom het hulle geleer wat hulle weer sou moes uitdra.
- **"He sent them out".** Na die bemagtiging en toerusting van die dissipels is hulle uitgestuur om die wêreld te verander. Hy het hulle "vissers van mense" gemaak.

### 3.4.3 Graham se dissipelskap-temas

Die temas wat Jo Graham aanbied, wat ook in die vorige hoofstuk breedvoerig behandel is, is omvattend en volledig Skrifgefundeerd. Om dié rede word dit as een van die norme gebruik in die ondersoek na en beoordeling van die onderskeie praktiese bedieningsmodelle wat volg.

In sy boek *Following Jesus* begelei Jo Graham die student en mentor deur tien opdragte wat Jesus sy dissipels gegee het. Nie net is die aanbiedingstyl daarop gemik om studente te help om hulle eerste treë as volgelinge van Jesus te begin neem nie, maar die sessies weerspieël ook Jesus se leerstyl, naamlik om te lewe en te leer binne groepsverband. Aangesien die oorhoofse fokus is om nie net dissipels te maak nie, maar juis dissipels-wat-dissipels maak, sluit Graham se boek sowel die mentor as die student se notas in met die doel om studente te inspireer om ook 'n mentor vir iemand anders te word.

Nie net is hierdie praktiese handleiding die produk van Jo Graham en sy vrou, Jenny, se hoogs suksesvolle arbeid as ervare sendelinge en kerkplanters vir meer as 25 jaar in Maleisië, Japan en Mosambiek nie, maar dit word ook aangewend as essensiële bron van toerusting deur organisasies soos World Outreach International en Simply Mobilizing UK wat ook, net soos Graham, daarop gefokus is om kerke en jongmense te mobiliseer om dissipels van Jesus te maak van veral die onbereikte nasies. Die Grahams self het hulle program pet hierdie temas met oorweldigende sukses toegepas. Hulle is tans in Japan woonagtig en is daarop gefokus om kerke en jongmense te mobiliseer om dissipels te maak van die onbereikte nasies, spesifiek in Sentraal-Asië.

Volgens pastoor Chris De'ath, wie se baanbrekerswerk bygedra het tot die ontstaan van die North Canterbury Youth Services in Rangiora, Nieu Seeland, het hierdie jeugbediening in Nieu Seeland vir jare verskeie dissipelskapprogramme beproef met min genoegdoening. Hulle het dus "Following Jesus" van die Grahams met groeiende skepsis benader, "...maar ons het spoedig 'n deeglike en omvattende kursus ontdek wat hoogs doeltreffend is. Ons gebruik dit nou uitsluitlik, beide een-tot-een en in groepsverband; dit is geskik oor generasies heen en is bewese kruis-kultureel." (De'ath, 2015)

Ter wille van relevansie vir hierdie gedeelte word die tien temas van Graham (2009:9) se kurrikulum hier weer herhaal:

1. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30).
2. Bekering en geloof (Markus 1:15).
3. Word gedoop (Matteus 28:18).
4. Vervulling met die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49, Handelinge 1:4,8).
5. Wees aan die Woord gehoorsaam (Lukas 11:28, Johannes 8:31, Matteus 6:14).
6. Liefde vir mekaar en vergiffenis (Markus 12:31, Johannes 13:14, Matteus 6:14-15).
7. Breek brood en drink wyn tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19).
8. Bid (Lukas 11:1-13).
9. Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8).
10. Maak dissipels (Matteus 28:19, Markus 16:15, Johannes 20:21). Hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31) en verkondig die evangelie, en so begin die siklus weer.

Hieronder in Figuur 3.1 volg 'n skematiese voorstelling van Graham se tien temas binne die konteks van Jesus se model en die sleutels van die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag:

| GROOT FOKUS | GROOT GEBOD | GROOT OPDRAG |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| | 1. | Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30) |
| | 2. | Bekering en Geloof (Markus 1:15) |
| BRING IN | 3. | Word gedoop (Matteus 28:18) |
| | 4. | Vervulling met Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49, Handelinge 1:4,8) |
| | 5. | Wees aan die Woord gehoorsaam (Lukas 11:28, Johannes 8:31, Matteus 6:14) |
| BOU OP | 6. | Liefde vir mekaar en vergifnis (Markus 12:31, Johannes 13:34, Matteus 6:14-15) |
| | 7. | Breek brood en drink wyn tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19) |
| | 8. | Bid (Lukas 11:1-13) |
| STUUR UIT | 9. | Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8) |
| | 10. | Maak Dissipels (Matteus 28:19, Markus 16:15, Johannes 20:21); hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31); verkondig die evangelie; en die siklus begin weer. |

**Figuur 3.1:** Voorstelling van Graham se benadering binne die konteks van Jesus se model en die sleutels van die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag.

### 3.4.4 Simply Mobilizing

In die kritiese ondersoek na dissipelmaakmodelle in jeugbediening word kortliks kennis geneem van die werk van die missionêre beweging Simply Mobilizing wat in die VSA begin is en wie se metodes vandag wêreldwyd aanhang vind. Hulle is gerig op die toerusting en "mobilisering" van gelowiges om wêreldwyd missionêre kerke te stig. "Simply Mobilizing is all about seeing every believer living a life on mission with

God and every church a missional church, facilitating God's people on mission with God" (https://simplymobilizing.com/). In 'n aanlyn-artikel, "Mobilization and the Bible", sê Max W Chismon die volgende oor hierdie mobilisering: "The Bible is not a 'random collection of unrelated devotional stories' as many think it is. The Bible is authored by God (2 Timothy 3:16) and comprises but one story, the story of God on mission. Think about this for a moment. If it wasn't for 'God's mission', there simply wouldn't be a Bible! We need to take this thought of the Bible being a story about God on mission, and move it one step further. From Genesis chapter twelve onward, the Bible becomes a story about God on mission **with His people.**"

Die belangrikheid van dissipelmaking oor grense heen word deur Simply Mobilizing beklemtoon. Grondliggende uitgangspunte van die beweging is die volgende:

- "Die Bybel is die storie van God op missie. Die Bybel en die kerk is die resultaat van God se soeke om alle mense met Homself te versoen." (Graham, 2011).
- "Simply Mobilizing is 'n internasionale beweging daaraan toegewy om al God se mense te mobiliseer tot betekenisvolle betrokkenheid by God se doeleindes, in lyn met God se strategie vir 'n wêreld in afwagting om die goeie nuus van redding/saligmaking te hoor" (Graham, 2011).
- "Die grootste getal van gelowiges in die hele geskiedenis bestaan op die aarde in hierdie generasie. Die kerk vandag praat meer tale, is meer kultureel divers en meer geografies verspreid as ooit te vore. Die potensiaal om die grootste oes ooit in te samel is moontlik in hierdie generasie – indien die kerk gemobiliseer word" (Graham, 2011).
- Simply Mobilizing stel hom ten doel om gelowiges by te staan in die vorming van 'n Bybelse wêreldbeskouing wat betekenisvolle betrokkenheid van al God se mense in die wêreld tot gevolg het. Daar moet 'n Christelike beweging ("mobilization") van mense wees – die presiese rede waarom ons steeds bly voortbestaan op aarde.

## 3.5 DIE EVALUERING VAN ‘N CHRISTELIKE KURRIKULUM

Deurslaggewend vir kurrikulum-evaluering in die huidige studie is wat hierdie studie met die ontwikkeling van ‘n kurrikulum beoog. Die ondersoek fokus op die opdrag tot kerkbou deur dissipelmaking, soos deur Jesus aan sy dissipels beveel is, met spesifieke verwysing na jeugbediening, en die navorser wil ‘n breë kurrikulum saamstel om die Groot Opdrag effektief binne jeugbediening tot uitvoer te bring.

Dit verskil van die tradisionele siening van kurrikulum as ‘n fyn uitgewerkte leerplan met bepaalde temas, subtemas, aktiwiteite en ‘n verskeidenheid pedagogiese materiaal vir elke les. Laasgenoemde is die tipe kurrikulum waaraan kritiese navorsing die meeste tyd bestee. Dit is die tipe kurrikulum waarvan Stacie Reck in ‘n artikel, “Analyzing and evaluating Christian religious education curricula” (Reck, 2012), sê: “… there is a lack of systematical pedagogical evaluation of Christian religious education material.”

Binne die Afrikaanse susterskerkverband word oorwegend van hierdie tipe kurrikula gebruik gemaak in die onderrig van kinders deur katkisasie of Sondagskool. Binne ‘n oorhoofse godsdienstige doelwit word lesse vir die kinders uitgewerk wat sekere Bybelse en kerklike temas behandel met die oog op kennisverwerwing en groei in die geloof. Met inagneming van ouderdom word op sekere onderrigmetodes besluit wat aanpas by die ontwikkelingstadium van die kind. Vir hierdie tipe praktiese lessituasies kan spesifieke pedagogiese norme wat op lesmetodiek van toepassing is, aangelê word, soos Reck (2012) se navorsing dan ook benadruk.

Long (2018) en verskeie ander navorsers onderskei weer tussen “content-centered” en “learner-centered” kurrikula. Eersgenoemde, dit wil sê inhoudgefokusde leerplanne, draai om die inhoud van die materiaal wat aan die leerders oorgedra word. Die vroegste vorme van Sondagskool in die laat agtiende eeu het volgens Long (2018) hierdie fokus gehad, met klem op doktrinale kategese en/of Skrifstudie en Skrifmemorisering. Aan die begin van die twintigste eeu het die klem verskuif na leerdergefokusde onderrig, met die student en sy/haar behoeftes en belangstellings in die kollig.

Pleuddemann, soos aangehaal in Long (2018), het in 1989 gewys op die valse en gevaarlike dichotomie wat op hierdie manier geskep word en het die integrasie van die twee uitgangspunte bepleit. Ook Starr (1989:87) staan die “integration of learning biblical content with the practical problems of life and ministry” voor. Die konteks waarbinne die leerders leef, het dus nou ook belangrik geword.

In onlangse navorsing ontwikkel en toets navorsers verskeie modelle van godsdienstige onderrig in verskillende milieu’s, soos vir klein kinders, in skole, in besigheid, en so meer. Dit val buite die bestek van die huidige studie om in besonderhede op hierdie navorsing in te gaan, maar daar kan op ‘n paar belangrike aspekte gewys word:

Alhoewel Reck (2012) se artikel meer op die opvoedkundige/pedagogiese komponente van ‘n kurrikulum fokus as op die teologiese aspekte wat daarin verweef is, verwys die navorser ook onder meer na die belangrikheid van spiritualiteit en spirituele ervaring by jongmense wanneer ‘n kurrikulum saamgestel word. Insgelyks moet belangrike kontekstuele verskille met betrekking tot multikulturele groepe, veelrassigheid, rykdom en armoede, ouderdom en geslag in aanmerking geneem word.

Margaret Edgell (2010) fokus in ‘n artikel, “Preparing business students to be salt and light: Three models of faith formation in business tested head-to-head”, op die komplekse aard en dinamika van geloofsvorming. Sy verwys na geloofsvorming onder Christelike studente en lig drie modelle uit vir die geloofsvorming van studente binne ‘n sakemilieu, waarby ook ‘n sekulêre model ingesluit is.

Michael Christie et al. (2015) behandel in hulle navorsing transformerende leer. Deur middel van leer kan studente hul grondliggende blik op die wêreld, wat deur verskeie insette in hul lewens vasgelê is, verander. “The aim of transformative learning is to help individuals challenge the current assumptions on which they act and, if they find them wanting, to change them. This includes a mental shift as well as a behavioural one. The hope of transformative learning is that better individuals will build a better world.” (Christie et al., 2015) Die transformerende rol van leer/opvoeding is belangrik binne ‘n Christusgesentreerde kurrikulum vir dissipelmaking.

Al die gesigspunte hierbo genoem is relevant vir die huidige studie. Hierdie studie wil nie gedetailleerde lesplanne met die gebruik van kreatiewe pedagogiese materiaal opstel nie. Dit wil ‘n breë kurrikulum vir jeugbediening ontwikkel waarbinne die Groot Opdrag van Jesus Christus in sy volheid nagekom word. Om te bepaal of so ‘n kurrikulum geldigheid het, moet daar wel oor metingskriteria besin word.

Die volgende sleutelkriteria is deur die navorser geïdentifiseer met die oog op die evaluering van die tipe kurrikulum wat ontwikkel word. Sommige daarvan sluit aan by aspekte hierbo genoem.

### 3.5.1 Skriftuurlikheid

Vir ‘n kerklike kurrikulum bly die Bybel die grondslag en uitgangspunt van alle onderrig. Bybelgeletterdheid is klaarblyklik aan die afneem en die kerk het ‘n groot taak in hierdie opsig. Die Hervormers se norm van sola Scriptura is hier van belang.

Eerstens vorm die Skrif die uitgangspunt vir die spesifieke openbaring van God se wil en raadsplan aan die leerders. Tweedens word die gesag van die Skrif bo alle ander kennis gestel. Die Hervormers het die Skrif beskou as norma normans non normata – die standaard van standaarde sonder ‘n hoër standaard (Long, 2018). Die gesag van die Skrif oorstyg dus die gesag van kerkvaders, konsilies, rade, kerkowerhede en geloofsuitgangspunte.

Die eerste vraag is dus of die volle waarheid van die Skrif in die kurrikulum oorgedra word.

### 3.5.2 Christusgesentreerdheid

In noue aansluiting by Skrifgefundeerdheid is die volgende maatstaf of die kurrikulum Christologies gefokus is. Die waarheid van die Skrif behels die skepping, sondeval en verlossing en die finale voleinding van alle dinge. Verlossing en versoening word deur die kruisdood van Jesus bewerkstellig. Christus is die goue draad deur die hele Skrif, en die Nuwe Testament stel Hom as gekruisigde en opgestane Here sentraal. Johannes Calvyn word in dié verband deur Long (2018) aangehaal: “God … ordained

his word as the instrument by which Jesus Christ, with all his graces, is dispensed to us." 'n Kurrikulum wat die Groot Opdrag wil volvoer, moet Jesus as fokuspunt hê.

### 3.5.3 Transformasie van die gelowige

Waar tradisionele kurrikula feitlik uitsluitlik gefokus het op die openbaring van God en sy plan, het daar gaandeweg 'n korrektief ingetree wat raakgesien het dat ook die respons van die student belangrik is. Daar is nie 'n óf/óf-keuse tussen die twee nie. Albei is kernbelangrik, of soos Long (2018) dit stel: "Revelation is before Response, but Revelation requires Response."

Die student wat aan die kurrikulum blootgestel word, moet dus gelei word tot 'n transformerende respons op die waarheid van die evangelie van Jesus Christus in sowel denke as gedrag. Om 'n dissipel van Jesus te word behels die verlossende begrip van regverdigmaking voor God deur die kruis én die "nabootsing" van Jesus, die nakom van alles wat Hy geleer het. Laasgenoemde loop daarop uit dat die dissipel op sy/haar beurt ook weer dissipels maak. Die vraag is dus of die kurrikulum geloofsgroei bewerkstellig en 'n transformerende respons by die jongmense teweegbring.

Dit hang ten nouste saam met die spirituele honger wat universeel by mense bestaan. Reck (2012) sê in dié verband: "There is a spiritual essence that all humans share. It is a craving within for transcendence and meaning."

Hull (2006:130) wys op 'n sesvoudige verandering wat plaasvind in ŉ bekeerling wat ŉ dissipel word: die verstand, karakter, verhoudings, gewoontes, diens en invloed transformeer.

Die transformasie van die gelowige behels ook die verwerwing van "selfloosheid". Jesus het homself minder gemaak ter wille van die mens. In sy diensgerigtheid was Hy die voete van sy dissipels. Wanneer 'n dissipel Jesus dus naboots, moet sy/haar lewe dus ook vir Jesus weerspieël. Daar moet selfopoffering wees, vergiffenis van ander, 'n ingesteldheid van dienswilligheid en liefde teenoor mekaar.

### 3.5.4 Inagneming van konteks

Soos vroeër genoem, het daar na die vroegste eensydige klem op inhoudgefokusde kurrikula mettertyd 'n verskuiwing gekom na 'n leerdergefokusde benadering. Weer eens moet beklemtoon word dat daar nie tussen dié twee gekies moet word nie. Daar moet wel 'n besef wees dat die leerder se eie belangstellings, behoeftes en lewenservaringe ook belangrik is en dat elke leerder vanuit 'n bepaalde milieu kom.

In sy werk as jeugbedienaar kry die navorser byvoorbeeld met uiteenlopende jongmense te doen – vanaf dié wat in tradisionele kerke opgegroei het tot dié wat nie eers weet hoe 'n kerk funksioneer nie; vanaf toegewyde gelowiges tot dié wat Jesus glad nie ken nie; jongmense uit verskillende statusgroepe van die samelewing; jongmense van verskillende kultuurgroepe en verskillende rassegroepe. Die kurrikulum moet sensitief wees vir die onderlinge verskille en moet oor grense heen mense kan intrek in die gemeenskap van die heiliges.

### 3.5.5 Die vestiging van 'n verhouding met Jesus

Jongmense kan op 'n koel, rasionele wyse geleer word van God; hulle kan Jesus se leringe ingeprent word, maar as hulle nie daartoe gebring word om in 'n lewende, persoonlike verhouding met Jesus te tree nie, is die kurrikulum 'n mislukking. Jong harte en lewens moet toegewy word aan Hom, want daarsonder is daar geen geloofsgroei en lewensverandering nie. Dra die kurrikulum by tot die vestiging van so 'n diep verhouding met Jesus?

### 3.5.6 Klem op die liefde

Liefde tot God en liefde tot die naaste – die twee gebooie waarin die hele wet en die profete vervat word – moet sentraal staan in enige kerklike kurrikulum.

Die kernwaarde van liefde word selfs sekulêr wyd erken. Clarence Lack (1969) sê in sy artikel, "Love as a basis for organising curriculum", dat "… aspects of love are basic to the central organizing foci for curriculum: love is basic to the learning that takes place to fill human needs."

Die mens se behoefte aan liefde word in verskillende vakdissiplines en deur bekende wetenskaplikes uitgelig. Abraham Maslow (Lang, 1969) wys op die universele behoefte aan liefde, terwyl die sielkundige en filosoof Eric Fromm hierdie behoefte soos volg beskryf: "The deepest need of man… is the need to overcome his separateness, to leave the prison of his aloneness" (Lang, 1969). In 'n terugblik oor veertig jaar se werk vertel antropoloog Ashley Montagu dat hy deur die jare in sy kantoor na talle mense van alle ouderdomme en klasse geluister het as hulle hul hoop en vrees met hom gedeel het. "As I look back over the long, full years, one truth emerges clearly on my mind – the universal need for love" (Lang, 1969).

Die antwoord op hierdie "separateness" en die "prison of aloneness" lê in Jesus Christus. Die vraag is of die kurrikulum hierdie behoefte ondervang. God het ons immers eerste liefgehad en daaruit vloei die eis van liefde tot Hom en tot die naaste.

Ook die implikasies daarvan binne die gemeenskap van die gelowiges is belangrik. Aspekte van die liefde in die praktyk van elke jongmens se lewe sluit in: selfrespek, selfdissipline, sosiale verantwoordelikheid, lewensbeskouing en lewensdoel. Dit is 'n geweldige omvang van menswees wat deur die dissipelmaakkurrikulum aangeraak word. 'n Fokus op die liefde is dus 'n essensiële evalueringskriterium vir die kurrikulum.

### 3.5.7 'n Siklus van interne opbou en uitwaartse uitreiking

Die missionêre aard van die kerk vereis 'n uitreiking na buite oor grense heen, maar dit beteken terselfdertyd dat nuwe dissipels ingetrek word in die gemeenskap van gelowiges. Daardie gemeenskap moet voortdurend interaktief opgebou word en gelowiges moet in hulle geloofsgroei gelei word. Dissipels wat so opgebou is, kan dan weer uitgaan en op hulle beurt dissipels maak. Hierdie sikliese verloop, tussen binne en buite, stel 'n verdere kriterium vir die effektiwiteit van 'n kurrikulum vir dissipelmaking in jeugbediening.

## 3.6 EVERY NATION-GEMEENTE

Every Nation Churches & Ministries is ‘n wêreldwye organisasie van kerke en kampusbedienings wat ŉ hoë premie plaas op dissipelskap. Hulle gebruik die “purple book” vir hulle nuwe lidmate en het bepaalde temas van dissipelskap waarvolgens hulle werk. Hierdie temas word vervolgens aangedui en ondersoek met die doel om te bepaal watter sou as beginsels gebruik kon word by die vasstelling van ŉ dissipelskapmodel. Every Nation se Skrifbegronding van die verskillende temas word telkens aangedui.

### 3.6.1 ŉ Sondebesef as eerste stap

Sonde, redding en bekering staan sentraal in Christenskap. Brookes (2017:15), as woordvoerder van Every Nation, wys ŉ sondebesef uit as die eerste stap in die dissipelskapproses by die Every Nation-gemeente. Dit gaan om ŉ begrip van sonde en ŉ sondebesef, gepaardgaande met ŉ begrip van redding wat nodig is. Sy navorsing wys dat ŉ nuwe volgeling die volgende moet begryp:

- Die mens se oorspronklike ontwerp en wat die effek van die sondeval, soos in Genesis 1-3 vertel word, op die mens se skeppingsdoel was.
- Wat die effek van sonde was en is (Efesiërs 2:1; Levitikus 11:44; Jesaja 59:1-2; Romeine 3:9-23; Romeine 6:23; Hebreërs 9:27), en hoe ŉ nuwe dissipel deur Jesus weer in die regte verhouding met God kom.
- God se ingreep (Hebreërs 9:22; Hebreërs 10:4; Jesaja 53:5; Johannes 1:29) op die aarde en in die mensdom.
- ŉ Dissipel ontvang ŉ nuwe hart by God en deur Jesus Christus (Esegiël 36:26; Johannes 1:12-13; Johannes 3:3-7; Johannes 1:12-13; 2 Korintiërs 5:17; 1 Johannes 5:4).
- ŉ Nuwe dissipel begin dan leer dat hy/sy genade ontvang alleen deur geloof in Jesus en nie deur dade nie (Efesiërs 2:8 9; Titus 3:4-5; Titus 2:11-12; Romeine 6:15; Efesiërs 2:10; Matteus 16:24).

Dean (2004:180) wys daarop dat die passie van Jesus wat ons sonde op Hom geneem het en daarom redding bewerk, ŉ nuwe volgeling van Jesus help om in ŉ verhouding te kom met ŉ lewende God en ŉ erkenning bewerk dat God na ons toe draai. Dit sluit aan by Hawkins (2001:11) wat daarop wys dat iemand ingetrek word by Jesus ("He brought them in").

**Tekortkoming**

Die navorser bevind dat die feit dat ŉ nuwe dissipel nie die begrippe sonde, bekering en redding begryp nie, nie ŉ kriterium kan wees vir die volgende dissipelskapstema van fokus op en gehoorsaamheid aan Jesus nie. Die begrippe sonde, redding en bekering kan slegs progressief deur die dissipel ontdek en begryp word en kan nie vooraf as kriterium gestel word nie.

### 3.6.2 Die fokus op en gehoorsaamheid aan Jesus

Broocks (2017:15) wys daarop dat Jesus in dié bediening die fokus is, wat ooreenstem met die Groot Fokus op Jesus, en wel op Hom as gekruisigde, wat in hoofstuk 2 uiteengesit is.

- ŉ Dissipel leer dat elke persoon ŉ verlosser nodig het, en ontwikkel ŉ begrip vir Jesus Christus wat die Here van sy lewe word (Handelinge 2:36; Filippense 2:6-11; Kolossense 2:6; Lukas 6:46-49; Markus 7:21-23).
- Jesus Christus is die ingang om weer in ŉ verhouding met God te kom (Matteus 7:13-20; Matteus 5:17-19).
- Verhoudings met andere gebeur in en deur Jesus Christus (1 Korintiërs 5:11; 1 Korintiërs 5:1-2; 2 Korintiërs 6:14-16; Matteus 18:21-22; Filippense 2:3-4). Deur dus op Jesus te fokus kom ŉ dissipel in die regte verhouding met God en daaruit groei ook verhoudings met andere.
- Namate Jesus die fokus word op die dissipelskappad, word liefde vir mekaar geleer en geleef (1 Johannes 1:5; 1 Johannes 1:6; 1 Johannes 2: 3-4; Matteus 22:34-40; 1 Johannes 4:20).

Dean (2004:104) sê dat jongmense ŉ soeke het na ŉ "awesome God" om op te fokus en aan wie hulle gehoorsaam kan wees.

**Tekortkoming:**

Die navorser bevind dat Jesus Christus die fokus moet wees, maar dan spesifiek Hom die gekruisigde. Broocks, as woordvoerder van Every Nation-gemeente, fokus nie genoegsaam op Jesus as die gekruisigde in die maak van dissipels nie. Die fokus op Jesus moet dus sterker gedefinieer word wanneer daar gekyk word na ŉ kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening.

### 3.6.3 Bekering en doop

Broocks (2017:15) hanteer bekering en doop in ooreenstemming met navorsing soos in hoofstuk 2 uiteengesit. Bekering is ŉ belangrike tema in die dissipelskapproses, soos uitgewys in Matteus 18. Ander Skrifgedeeltes werp ook lig op bekering en doop:

- Die begrip van verlore wees word vir die nuwe dissipel uitgestippel en word gevolg deur ŉ begeerte om na God as jou Vader terug te keer (Lukas 15:11-24).
- Bekering (metanoia) is nodig vir elke mens (Handelinge 3:19; Lukas 13:2-5; Handelinge 26:20; Eksodus 22:3). "According to the Bible, repentance involves conviction of sin, sorrow for sin, turning from sin, and a willingness to make restitution", aldus Broocks (2017:5).
- Bekering word verduidelik as ŉ terugdraai na God (Efesiërs 2:8; Handelinge 26:18; Johannes 3:16; Jakobus 2:19; Johannes 6:47; 1 Johannes 5:4-5).
- Wanneer ŉ mens Jesus as sy Verlosser aanneem, is daar ŉ uitwendige teken van bekering, naamlik die waterdoop (Matteus 28:19; Handelinge 2:41; Handelinge 8:12; Handelinge 8:35).

In sy omskrywing van die term "bekeer" verduidelik Chan (2012:18) dat die nuwe dissipel omdraai en in die teenoorgestelde rigting loop; die oproep tot bekering verwag

dus aksie. Broocks (2017:15) wys op enkele Nuwe Testamentiese beelde om die nuwe dissipel te help met ŉ begrip van die waterdoop:

- Sterwe en opstanding (Romeine 6:4-5).
- Die Israeliete wat die Rooi See oorkruis (1 Korintiërs 10:1-2).
- Besnydenis (Kolossense 2:11-12).
- Die vloed (1 Petrus 3:20-21).
- Paulus vergelyk die doop met ŉ begrafnis – om begrawe te word moet jy eers sterf (Romeine 6:1-4).
- Doop is die openlike verklaring dat ŉ persoon Jesus volg.

Broocks (2004:18) sê: "Each of the Bible's pictures of baptism shows the old life being put away and the new life emerging. In baptism we publicly display what Jesus did through his death and resurrection. We also show that we have identified with this. By obeying his command to be baptized, we identify with the power of the cross and the resurrection to deliver us completely from the power and authority of sin."

### 3.6.4 Die Heilige Gees en gawes van die Heilige Gees

Broocks (2017:47-52) wys op die doping met die Heilige Gees, wat elke dissipel bystaan en onderrig in die waarheid.

- Matteus 3:11, Johannes 14:26 en Handelinge 2:38 word deur Broocks (2004:15) aangehaal wanneer daar in die Every Nation-kerkverband daarna verwys word dat die Heilige Gees volledig deel is van die dissipelmaakproses in hierdie lewenslange geloofsvorming. Broocks (2004:15) voer verder aan dat ŉ dissipel van Jesus dan al hoe meer sal leer oor die Heilige Gees.
- ŉ Dissipel word voorgestel aan wie die Heilige Gees is (Johannes 14:16; Johannes 14:17), asook hoe die Heilige Gees ŉ volgeling bystaan (Matteus 10:19-2; Johannes 14:26; Johannes 16:13-14; Handelinge 1:8; Romeine 8:14-27; 2 Timoteus 1:14).

- Dissipels leer omtrent die vrug van die Gees en hoe die Vader verheerlik word wanneer ŉ dissipel vrug dra (Johannes 15:8; Galasiërs 5; 1 Korintiërs 13:13 en 1 Korintiërs 3:16).
- Elke dissipel kry gawes van die Heilige Gees, en daar word aan ŉ nuwe dissipel geleer wat die gawes van die Gees is (Romeine 12:6-8) asook wat die leierskapsgawes is (Efesiërs 4:11-12) en hoe dit funksioneer as gawes van die Heilige Gees (1 Korintiërs 12-14). Dean (2004:15) sê dat wanneer jongmense se gawes ontgin word, met inbegrip van die gawes van die Heilige Gees, dit ŉ transformerende krag het om die passie van jongmense te kanaliseer na die uitbou van die Koninkryk.
- Doop met die Heilige Gees (Matteus 3 en Lukas 3).

Broocks (2017) wys dat die dissipel geleer word van die belofte dat die Heilige Gees gegee sal word (Matteus 3:11; Handelinge 11:15-17; Handelinge 2:1-6; Handelinge 8:14-18; Handelinge 9:17-19; Handelinge 10:44-48; Handelinge 19:1-6), asook aan wie die Vader die Heilige Gees gee (Lukas11:13).

Dean (2004:15) sê oor die werking van die Heilige Gees: "Christ's passion transforms adolescent desire into sacrificial love that finds expression in the witness of the church and is made visible in the practices of Christian community that shape human relationships according to a "cruciform pattern" of self-giving love. The Holy Spirit employs these relationships to infuse the world with Christ's redeeming passion."

### 3.6.5 Die Woord van God

Broocks (2017:55-61) dui as ŉ verdere tema van dissipelskap by Every Nation-gemeente aan dat die dissipel vertroud gemaak word met die Woord van God, sodat die dissipel die Woord as die stem van God in sy lewe kan leer ken. Die Bybel word dan die lewende Woord in die lewe van ŉ dissipel.

- **Gesag en krag van die Woord.** As ŉ beginpunt leer die dissipel van die gesag en krag van die Woord van God (Handelinge 6:7 en 8:14). Die Woord leer ons om die skepping te verstaan (2 Petrus 3:5), hoe die eerste dissipels die Woord

hanteer het (Handelinge 2:42), die twee grootste prioriteite van die eerste kerkleiers (Handelinge 6:4), wat gebeur as God se Woord versprei word (Handelinge 6:7), wat die Woord van God gedoen het in Efese (Handelinge 19:20), hoe die Woord na ons toe kom (deur die Heilige Gees) (1 Korintiërs 2:13 en 2 Timoteus 3:16), wat Johannes die doper sê oor die Woord van God (Jesus) (Johannes 1:1), en wie die Woord is (Johannes 1:14; Hebreërs 4:12, Johannes 12:48).

- **Die voordeel daarvan om God se Woord te leer.** Die Skrif (Woord van God) leer ook dat God in Josua 1:8 vir Josua belowe dat as hy hom sou hou aan die Woord, God sy planne sou seën. As jy oor God se Woord mediteer (Psalm 1:1-3; 2 Timoteus 3:16-17), sal jy vrug dra en sal jy wees "soos 'n boom by waterstrome". Wanneer 'n dissipel in versoeking kom, net soos Jesus ook in versoeking gestel was, word dit volgens Matteus 4:1-11 deur die Woord oorkom. Oorwinning oor sonde geskied vanuit die Woord (Psalm 119:98-100; 105;165 en Spreuke 4:20-22).

- **Geestelike honger na die Woord.** Die liggaam het die Woord nodig soos water (Psalm 119:81); in die onderwysing van die seuns van Korag in Psalm 42:1-2 word 'n honger en dors na die Woord van God beskryf; ons lees van die belewenis van God se teenwoordigheid (Psalm 84:1-2;1,10); Jesus leer dat jy vol en versadig sal word deur die Woord (Matteus 5:6); die Woord is van kardinale belang in die lewe van dissipels (Psalm 119:72, 103,127).

- **Gehoorsaamheid aan die Woord.** Jakobus 1:22-25 wys dat jy die Woord moet doen en nie net hoor nie. As jy dit nie doen nie, is jy soos iemand wat in 'n spieël kyk en dan vergeet; as jy doen wat die Woord leer, is jy geseënd; 'n jongmens word geleer om die Woord te bestudeer (Handelinge 17:11); Jesus dui aan die een wat hoor en doen (Lukas 6:46-49), is "hy wat My liefhet"; Johannes 8:31-32 wys dat as jy vashou aan Jesus se lering, jy waarlik sy dissipel is; gehoorsaamheid is die bewys van liefde (Johannes 14:21,23-24) – elke een wat gehoorsaam is, het Jesus lief.

### 3.6.6 Dissipelskap en leierskap

Broocks (2017:63-72) se dissipelskapuitleg wys dat leierskap in die dissipelmaakproses ontwikkel word, wat nou aansluit by Hawkins (2004) se aanduiding dat Jesus sy dissipels "opgebou" het.

- **Die Groot Opdrag: maak dissipels**

  Jesus roep sy dissipels om van andere dissipels te maak (Matteus 28), en nadat ons dissipels word, maak ons ook weer dissipels (Matteus 28:20); Handelinge 6:7 wys dat wonderwerke volg as ons dissipels maak soos Jesus dissipels gemaak het; 2 Timoteus 2:2 leer ons dat ons dan andere leer hoe om dissipel te word (Lukas 5:27-28); Jesus roep sy dissipels om volgelinge te maak en hulle te doop (Matteus 28:19), en weer eens klop dit met Hawkins (2004) se siening dat die dissipel ingebring word, opgebou word en uitgestuur word. In Handelinge 6:7 versprei die Woord as gevolg van die dissipels wat gehoorsaam was aan hierdie opdrag.

  Daar is ŉ koste verbonde aan dissipelskap. Volgens Markus 8:34 is daar drie dinge wat verwag word: ŉ volgeling van Jesus moet "sy kruis opneem, homself verloën en My volg"; Lukas 14:28-33 tref ŉ vergelyking met die bou van ŉ toring en met oorlog – die koste moet bereken word; dissipelskaproeping is dus ŉ radikale versoek van Jesus; Lukas 14:27 en 33 wys ook wie nie dissipels kan wees nie: die een wat nie sy kruis dra en agter Jesus aangaan nie en die een wat nie afsien van al sy besittings nie.

- **Die fokus van dissipelskap**

  Kolossense 2:13 -15 leer dat Jesus se kruisdood die betaling is om ons regverdig te maak sodat ons Hom kan verteenwoordig; Paulus stel dit uitdruklik dat Jesus, en spesifiek Jesus die gekruisigde, sy Groot Fokus is (Kolossense 2:1-2); Paulus roem in die kruis van Jesus (Galasiërs 6:14); Paulus wys ook daarop dat hy saam met Jesus gesterf het (Galasiërs 2:20).

- **Die karakter van ŉ dissipel**

God gee sy bonatuurlike krag om deur ons as dissipels te werk en ons verkry deel aan die goddelike natuur (2 Petrus 1:3-4); geloof lei tot deursettingsvermoë en dit lei tot geloofsvolwassenheid (Jakobus 1:2-4); die dissipel leer dat swaarkry volharding en deursettingsvermoë kweek (Romeine 5:3-4) en so word die karakter van ŉ dissipel gebou.

- **Leierskap saam met dissipelskap**

  In Matteus 4:19 vra Jesus eers sy dissipels om Hom te volg en later, in Matteus 10:1, gee Hy hulle outoriteit. Jesus het hulle geleer met die doel dat hulle sal doen wat Hy gedoen het. Dit reflekteer weer eens Hawkins (2004) se "bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit". Die sentrale gedagte in Markus 6:7-13 word soos volg deur Broocks uiteengesit: "Die sentrale oproep tot dissipelskap is om self te leer om Jesus te volg en om ander ook in dié proses te help om dit te doen" (Broocks, 2017:18).

  In Matteus 28:18-20 stuur Jesus sy dissipels uit om van nasies dissipels te maak, om hulle te doop, om hulle te leer met die seker wete dat Hy al die outoriteit in die hemel en op die aarde het, en dat Hy met hulle is tot die voleinding van die wêreld.

### 3.6.7 Geestelike familie en kerklewe

Broocks (2017: 75-84) wys op die belangrikheid dat die nuwe dissipel moet groei binne sy geloofsgemeenskap en geestelike familie (Matteus 16:18; Handelinge 2:42-47; Efesiërs 4:4-6). Ortis (1975:100-109) lig uit dat ŉ dissipel deel word van ŉ geloofsgemeenskap en binne hierdie geloofsgemeenskap groei na volwassenheid in die geloof. Dit is nodig dat dissipels gesag respekteer, ten einde as ŉ volgeling ook ander dissipels te kan leer hoe om nederige volgelinge van Jesus te wees (Ortis, 1975:113).

### 3.6.8 Die kerk lewe uit oorwinning

Jesus stel dit aan Petrus dat die hekke van Hades nie bestand is teen die kerk nie. Jesus is die hoeksteen (Efesiërs 2:20) van die kerk. Jesus verklaar self: "Ek het die wêreld oorwin" (Johannes 16:33). Paulus vergelyk Jesus se liefde vir die kerk met 'n man wat sy bruid liefhet. Deur die liefde van Jesus het ons deel aan sy opstanding en is ons "meer as oorwinnaars" (Romeine 8:37).

- **Die kerk as liggaam van Jesus**

  In 1 Korintiërs 12:27 word verwys na God se liggaam wat uit baie lede bestaan en elke lid is belangrik in die Koninkryk; ook in 1 Korintiërs 12:14-22 word elke lid se belangrikheid uitgewys. Die Bybel heg volgens Murell (2017:77) groot waarde aan diversiteit, met ons eenheid gesetel in Jesus (Efesiërs 4:3, asook Jesus se gebed in Johannes 17:20-21); die waarskuwing teen onenigheid (Spreuke 16:28; Spreuke 6:16-19) word ook vir elke dissipel as waarskuwing uitgewys.

- **Leierskap in die kerk**

  Volgens Murell (2017:80) is die vroeë kerk deur die Heilige Gees geïnspireer. In Handelinge 6:1-7 word uitgewys hoe die gelowiges swaarkry verlig het in die gemeenskap om hulle; die apostels het mense aangestel om om te gee vir die weduwees. Vyf rolle van outoriteit, en dus leierskap, word uitgewys deur die vyfvoudige bediening in Efesiërs 4:11-16: apostels, profete, evangeliste, herders, leraars. Elkeen het 'n rol om te speel en hierdie gawes word deur Jesus in die gemeente saamgevoeg.

  Dean (2004: 73-92) het 'n dieptestudie gedoen oor jongmense se behoefte aan 'n geloofsgemeenskap waarbinne passie uitgeleef word, en het ontdek dat "fidelity", oftewel getrouheid aan mekaar, vir jongmense 'n inspirasie is en hulle motiveer om gawes binne die kerk te deel en tot voordeel van die Koninkryk aan te wend.

- **Dissipline in die kerk**

  Die verantwoordelikhede van leraars, ouderlinge en leiers word uiteengesit in onder andere Johannes 21:15-17, Handelinge 20:28, Esegiël 33:1-9 en Esegiël 34:2-5. Hierdie tekste dui ook aan hoe ŉ nuwe dissipel in ŉ gemeente teenoor die leiers optree, in ag genome dat Jesus die hoof van die kerk is (Efesiërs 4:15). Die gemeenskap help mekaar om te groei en in 1 Korintiërs is daar riglyne oor hoe sonde in die gemeente hanteer moet word, ook as iemand volhard met sonde. In Hebreërs 12:8 wys die skrywer die resultaat waar daar geen dissipline is nie: "Dan is julle onegte kinders." Broocks (2017:84) sê in dié verband: Ons proklameer, ons ondersoek, ons word gedissiplineer.

- **Nagmaal**

  In Matteus 26:26-28 stel Jesus die nagmaal in, en die eerste Christene het gereeld nagmaal gehou (Handelinge 2:42). Ook vandag vier gemeentes gereeld die nagmaal ter gedagtenis aan die breek van die liggaam van Jesus en die vergieting van sy bloed. Dit konstateer die oorwinning van Jesus oor die dood.

## 3.6.9 Gebed en aanbidding

In Filippense 4:4, 1 Timoteus 2:8 asook in Jakobus 5:16 word ŉ dissipel gebed geleer. In ons persoonlike gebed moet Jesus se gebedslewe nageboots word (Markus 1:35), en Jesus leer sy volgelinge om in hulle binnekamers te bid (Matteus 6:6). In die Onse Vader-gebed van Jesus word ons geleer om tot God die Vader te bid. In Deuteronomium 32:6, Jesaja 63:16 en Maleagi 2:10 leer die Ou Testament dat God ook ŉ Vader is, maar voor Jesus is Hy nie aangespreek as ABBA nie.

- **Die krag van gebed**

  Die krag van gebed word in Matteus 7:7-11 vir die dissipels uitgelig en hulle word geleer dat dié wat soek, sal vind; Markus 11:24 leer wat nodig is vir ons

gebede om verhoor te word; ons kan die Heilige Gees ontvang deur gebed (Matteus 21:22); dissipels word geleer om aan te hou bid (Lukas 18:1-8) en om in die naam van Jesus te bid (Johannes 14:12-14); so kom die dissipel na God deur Jesus (Johannes 14:6); Handelinge 4:31 wys die resultaat van gebed: die kragtige werking van die Heilige Gees om die evangelie te gaan verkondig.

- **Gesamentlike gebed**

  Die dissipels wag in Handelinge 1:13-14 vir die Heilige Gees, en in Handelinge 4:23-24 bid die dissipels; daar is gebedsversoeke van nuwe dissipels in die middel van vervolging (Handelinge 4:29-30); die kerk bid terwyl Petrus in die gevangenis is (Handelinge 12:5,12); die dissipels bid voor hulle na die nasies gestuur word (Handelinge 13:3); die noodsaaklikheid van gesamentlike gebed word vir die nuwe dissipels geleer (Matteus 18:19-20).

  Daar word ook vir ander gebid; dus as't ware volgens 'n gebedslys. Paulus bid vir die gemeente van Efese (Efesiërs 1:17-19). Verdere aansporing tot gebed word gevind in Filippense 1:9-12; Kolossense 4:2-12 en 2 Tessalonisense 3:1-2, asook in Filemon 4-6. So word 'n dissipel aangespoor om al sy begeertes aan Jesus bekend te maak. In die konteks van hierdie studie beteken dit 'n jongmens kan sy gebedslys ook so voor Jesus lê.

- **Aanbidding**

  Die mense wat God soek (Johannes 4:32-24), aanbid Hom ook. Ons lofprysing sê iets van hoe God 'n dissipel se eerste liefde is (Deuteronomium 5:8-10); daar is 'n waarskuwing in Hebreërs 10:24-25 dat ons nie moet wegbly van die samekomste nie; ons innerlike houding maak aanbidding goed vir Jesus (Hebreërs 12:28-29); oor die geweldig breedvoerige onderwerp van aanbidding word vir 'n dissipel gewys hoe in Psalms aanbid is (Psalm 47:1; Psalm 96:8-9; Psalm 98:1,4-6; Psalm 149:3 en Psalm 150:3-6). Die vroeë kerk het in twee aanbiddingsplekke ontmoet – in die tempel en in die huise (Handelinge 2:46 en Handelinge 20:20).

Dean (2004:113) wys op die belangrikheid van lofprysing en die begeleiding van jongmense om dissipels te word wat God loof en verheerlik. Veertien persent van volwasse gelowiges in die VSA erken hulle het nog nooit God se teenwoordigheid beleef nie, en Barna se navorsing toon dat lofprysing en aanbidding as ŉ leefstyl geleer moet word vir ŉ dissipel (Barna, 2002:58).

### 3.6.10 Geloof en hoop

ŉ Dissipel leer die definisie van geloof as deel van sy dissipelskappad. Hebreërs 11:1 gee ŉ definisie van geloof, wat na ons toe kom deur die Woord van God (Romeine 10:17); geloof wat deur die liefde werk, het krag (Galasiërs 5:6); regverdigmaking geskied deur geloof (Galasiërs 2:16; 3:11; 3:26); die lering moet dus wees dat die dissipel sy geloof in Jesus plaas (die Groot Fokus).

- **Geloof en redding**

  Paulus deel saam met Silas aan die tronkbewaarder dat hy gered kan word deur in Jesus te glo (Handelinge 16:30-31); Paulus het die Romeine (Romeine 10:9-10) geleer oor geloof en regverdigmaking; Romeine 5:1-3 en Romeine 3:22-26 wys wie God regverdig maak en hoe regverdigheid verkry word; hy leer ook hoe die regverdige moet lewe (Romeine 1:17) en hoe ons gered word (Efesiërs 2:8); deur geloof word ons kinders van God (Johannes 1:12).

- **Gehoorsaamheid in geloof**

  Jakobus 2:17 wys uit dat geloof saam met dade moet gaan. ŉ Dissipel kan uit Hebreërs 11 leer wat geloof kan doen. ŉ Dissipel se geloof vergroot namate hy meer en meer die volgende ervaar:

  God is kragtig = God het alle mag (Romeine 4:18-21);

  God is getrou + God is gewillig (Hebreërs 11:11).

  Abraham is ten volle oortuig (Romeine 4:21) van God se beloftes.

- **Geloof en hoop is nou verbind met mekaar**

Hebreërs 11:6 stel dit dat ŉ dissipel in God moet glo en tot Hom moet nader; dit is onmoontlik om God te behaag sonder geloof (Hebreërs 11:6); die verband tussen geloof en hoop leer die dissipel in Hebreërs 11:1 en Hebreërs 6:19; en 1 Johannes 3:2 sê dat ons nou deur ons geloof kinders van God is.

### 3.6.11 Rentmeesterskap en finansies

Dissipels word geleer hoe om rentmeesters te wees (2 Korintiërs 9:6-8); die gevaar van rykdom word in dissipelskap uitgewys en volgens Markus 4:18-19 kan die rykdom die evangelie uitdoof; die sorge van die lewe kry aandag in Matteus 6:25,28,31 en 34; Jesus leer dat jy nie God én mammon kan dien nie (Lukas 16:13).

Bybelse beginsels oor finansies word vir nuwe dissipels binne hulle konteks geleer, byvoorbeeld hoe jongmense in ŉ Westerse konteks met sakgeld omgaan. Deuteronomium 8:18 leer die dissipels wie hulle die vermoë gee om welvaart te kry; Jesus leer ons om te gee (Lukas 6:38) en leer ons die beginsel van saai en oes (2 Korintiërs 9:6); God het die blymoedige gewer lief (2 Korintiërs 9:8) en God gee mense welvaart (2 Korintiërs 9:11).

God word eerste gestel deur ŉ dissipel, en in 2 Kronieke 31:5-6 en Spreuke 3:9 leer ons wat die Israeliete gedoen het met hulle eerste oes; Maleagi 3:8-10 wys wat gebeur as jy jou tiende gee; ŉ kenmerk van ŉ dissipel is radikale vrygewigheid soos in Lukas 21:1-4 deur Jesus geleer word; in 2 Korintiërs 8:1-5 wys Paulus na die Macedoniërs se geloof. Broocks (2017:113) sit ŉ formule vir hulle omstandighede uiteen:

moeilike uitdagings + geweldige armoede + oorborrelende vreugde
= ryk in barmhartigheid.

### 3.6.12 Evangelisasie en uitreiking (Matteus 28:18-20)

Elke persoon is in bediening en elke gelowige het ŉ bediening (2 Korintiërs 5:18) – so word die nuwe dissipels geleer; elke gelowige het ŉ boodskap (2 Korintiërs 5:19); ons is Jesus se ambassadeurs (2 Korintiërs 5:20); en Johannes 13:35 wys wat ander sal dink as ons Jesus volg sodat ons houding teenoor ongelowiges ook belangrik is.

Romeine 1:14-16 en Romeine 10:13 wys dat Kornelius se handeling God behaag het. Die verhaal van Petrus en Kornelius kom voor in Handelinge 20:20-22.

- **Probleme vir dissipels**

 ŉ Dissipel is dapper; die eerste gelowiges het fisies gely (Handelinge 4:29-31; Handelinge 9:22-28; Spreuke 29:25); ŉ dissipel het soms geestelike konflik; 2 Korintiërs 4:4 wys wat met ongelowiges gebeur, en Kolosensse 2:8 wys hoe mense gevange geneem kan word deur vreemde leringe; wanneer dissipels preek, gaan mense se harte oop (Handelinge 16:14); ŉ dissipel word ook geleer dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie (Efesiërs 6:12).

- **Wonders en tekens**

 Wanneer die dissipels in geloof uitgestap het (Handelinge 2:43 en 3:16), het wonders en tekens plaasgevind; in Samaria vind wondertekens plaas en mense het na die boodskap geluister (Handelinge 8:6-8); tekens en wonders was nie net vir die apostels bedoel nie, maar ook vir mense wat na hulle gekom en geluister het (Handelinge 14:5-10); Jakobus se instruksie in Jakobus 5:14-16 is dat as iemand siek is, hy die ouderlinge moet roep om hande te kom oplê; Jesus het beloof dié wat glo, sal groter tekens as Hy doen (Johannes 14:12); die kreupel man by die hek word gesond (Handelinge 3:6-7 en 16).

- **Gaan na die uithoeke van die aarde**

 ŉ Dissipel ontvang krag wanneer die Heilige Gees oor hom kom (Handelinge 1:8), en dissipels moet na die uithoeke gaan. Die eerste belofte wat Jesus vir sy volgelinge gegee het, was dat Hy hulle vissers van mense sou maak (Matteus 4:19) en die laaste opdrag (Matteus 28:19) is om na die nasies te gaan; die dissipels moet vir die nuwe dissipels leer om alles te onderhou wat Jesus beveel het (Matteus 28:19-20). Jesus het aan die kruis gesterf sodat elke volk, taal en nasie Hom voor sy troon kan aanbid (Openbaring 5:9).

 Chan (2012:28) wys dat nadat Jesus opgestaan het en aan sy dissipels verskyn het, hulle nie noodwendig die verwagting gehad het om die mandaat

te kry om alles te doen wat Hy gedoen het nie, maar Jesus sê vir hulle "gaan en doen nou alles wat ek gedoen het".

### 3.6.13 Opstanding en die ewige lewe (Psalm 9:7-8 en Hebreërs 9:27-28)

Hawkins se navorsing toon dat 'n dissipel, namate hy in geloof groei, 'n deeglike begrip van Jesus se kruisdood asook opstanding moet verkry (1 Korintiërs 15:3-6).

"According to the Bible, all of us have three inescapable appointments: death, resurrection and judgement" (Broocks, 2017:125-133). Elke persoon sterf en daar is een oordeel, en dié wat hulle lewe vir Jesus gegee het, deel in sy opstanding (Hebreërs 9:27). Ons sal almal voor die regterstoel verskyn (Romeine 14:10), en Paulus was nie bang vir die dood nie (Filippense 1:21), want hy het geweet Jesus is sy wins. In 1 Korintiërs 15:13-19 en 1 Korintiërs15:26 word die vyand uitgeroei en ons kry 'n nuwe liggaaam (1 Korintiërs 15:42-44), maar Paulus wil steeds vir Jesus ken (Filippense 3:10-11).

Paulus het hoop om die opstanding te verkry (Filippense 3:11, Handelinge 24:15); Paulus het geloof in die opstanding (Handelinge 24:16); ons burgerskap is in die hemel (Filippense 3:20); ons liggame staan saam op (Filippense 3:21); elkeen verskyn voor God se regterstoel en ontvang wat hy lewend in die liggaam verrig het – goed of kwaad (2 Korintiërs 5:10); Jesus het die mag van dood en sonde gebreek (Hebreërs 2:14); en Jesus het die mag oor die dood (Hebreërs 2:14). Ons word van die dood bevry (Hebreërs 2:15).

Die regverdigheid van God teenoor die mens se sondige natuur: 'n dissipel word geleer dat jy moet vrug dra en jy kan nie aanhou met sondig nie (Jakobus 2:10).

Hawkins (2007:38) wys dit as 'n kernvereiste vir die nuwe dissipel uit dat Jesus se regverdigheid asook die oordeel van sondaars begryp moet word (Handelinge 10:42).

Daar is oordeel van sondaars (Hebreërs 9:27; Matteus 7:21; Matteus 7:22-23; Matteus 25:31-46); en daar is 'n hel (Matteus 13:41-42; Matteus 25:41; Markus 9:43; Lukas 16:23-24; 2 Tessalonisense 1:9); 'n dissipel leer wie geoordeel gaan word (Matteus

23:29-33; Matteus 24:48-51; Johannes 3:36; Romeine 2:8; Openbaring 20:15 en Openbaring 21:8).

Die woord leer ons ook om God te vrees (Deuteronomium 10:12; Klaagliedere 12:13; Jesaja 8:13; Matteus 10:28; Lukas 1:50 en Handelinge 10:35); die oordeel van die regverdiges word geleer (Romeine 14:10-12; 2 Korintiërs 5:10) en wat op die oordeelsdag gebeur (1 Korintiërs 3:9-15) sodat die dissipels die prentjie kry soos geopenbaar in die Woord.

Die eerste vuur toets en die gelowiges ontvang ŉ kroon as die werk van ŉ dissipel die toets deurstaan. Wat sal gebeur as ons werk deur vuur getoets word en die toets deurstaan: Dawid leer in Psalm 116:15 van die ontferming van God; Openbaring 14:13 oor die saligwording van die gelowige; ŉ kroon vir die gelowige (Filippense 4:1; 1 Tessalonisense 2:19 20; Timoteus 4:7-8); die beloning as jy deursetting in die toets het (Jakobus 1:12); wat belowe God (Matteus 6:4, 5:6 en 6:16-18; Openbaring 4:9-11)?

Chan (2012:316-323) verduidelik dat hierdie gedeeltes ŉ volledige begrip rakende die sterwe en opstanding aan die dissipels gee. Die nuwe dissipel kry dus ŉ geheelprent van dissipelskap.

### 3.6.14 Vergelyking van Every Nation met ander modelle

Die Every Nation-gemeente lewer in verskeie opsigte ‘n waardevolle bydrae tot die huidige navorsing, onder andere met betrekking tot die saamstel van kurrikulum-temas. Die Skrifgetrouheid waarmee die gemeente die konsep van dissipelskap hanteer en die ondersoek en uitbou van die beginsels in Matteus 28 lei tot ‘n duidelike Skrifgefundeerdheid van elke kurrikulum-tema in hierdie model. Dit blyk ook dat die Every Nation-gemeente ‘n nuwe tema oplewer, te wete dié van rentmeesterskap, alhoewel dit ’n mate van ooreenstemming toon met Nel (2018) se navorsing oor die kubernesis en administrasie van talente en gawes as ‘n tema in ‘n inklusiewe benadering.

Die leemte in die Every Nation-gemeente is steeds dat daar nie duidelik gespesifiseer word dat hierdie dissipelskap-temas ook van toepassing is op hulle jeugbediening nie.

Daarteenoor toon Nel (2018) se benadering tot jeugbediening die noodsaaklikheid van inklusiwiteit, wat inhou dat dissipelmaking nie net op die volwassenes in ‘n gemeente van toepassing is nie, maar ook op die jeug. Die gebrek aan ‘n inklusiewe benadering tot jeugbediening is dus ŉ leemte in die dissipelskapmodel van die Every Nation-gemeente. Die model vergelyk wel positief met Graham (2009) se kurrikulum deurdat albei praktiese dissipelmaking onderskryf en uitvoer en albei hulle temas op Skrifgetrouheid fundeer. Beide modelle ondersteun die hipotese dat daar ‘n noodsaak is vir die ontwikkeling van ‘n Christopraktiese kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening.

ŉ Negatiewe waarneming is die onduidelikheid rondom *hoe* die dissipelskapmetode die replisering van dissipels moontlik maak, met ander woorde hoe word dissipels geleer om weer ander dissipels te maak? Hoe word die model gerepliseer as ŉ lewenslange geloofsvorming van die dissipel, en spesifiek die jeugdige dissipel, binne die gemeente?

Die klem op sondebesef in die Every Nation-model stem ooreen met Graham (2009) se sondebesef en bekering as ŉ tema van dissipelskap. Van verdere belang is Every Nation se klem op gehoorsaamheid aan die Woord van die Here. Aan die negatiewe kant het die Every Nation-gemeente nie die groot uitset, soos Hawkins (2007: 11-30) leer, om dissipels na binne te bring nie. Hulle laat dissipelskap groei deur te fokus op reeds bestaande lidmate.

### 3.6.15 Evaluering van die Every Nation-model

Die Every Nation-gemeente lei mense na binne, maar krities beskou, is dit nog onduidelik hoe die plaaslike kerke alleen groei sonder uitreiking na buite. Dit is nie duidelik in watter mate die Groot Opdrag aan dissipels om die nasies te bereik uitgevoer word nie. Daar is verder relatief min empiriese navorsing om te bepaal wat die stand van sake is ten opsigte van prakties-teologiese uitkomste van hulle onderskeie gemeentes se jeugbedienings.

Vroeër is ook aangedui dat Every Nation se beklemtoning van ‘n begrip van sonde, bekering en redding as ‘n “voorwaarde” vir die volgende kurrikulum-tema van fokus op

Jesus en gehoorsaamheid aan Hom nie steek hou nie. Dissipelmaak is ‘n proses en die begrippe sonde, redding en bekering word progressief deur ‘n dissipel ontdek en begryp.

Every Nation plaas in hulle missionêre model ook nie genoeg klem op Jesus as gekruisigde nie. Sonder hierdie fokus van die gekruisigde Jesus kan dissipels nie gemaak word nie en kan ‘n dissipelmaakkurrikulum dus nie ontwikkel word nie.

## 3.7 DIE WILLOW CREEK SOEKERDIENSSTRATEGIE (WCS)

### 3.7.1 Inleidend: Willow Creek en die soekerdiensbeweging

Die “seeker services” van Bill Hybels se Willow Creek Association word vir die doeleindes van hierdie studie die Willow Creek Soekerdiensstrategie (WCS) genoem.

Pretorius (2003:245-271) het aan die hand van Pritchard (1996) se boek *Willow Creek Seeker Services: Evaluating a New Way of Doing Church* ŉ breedvoerige diepte-ondersoek na WCS as ŉ gemeentemodel gedoen. Pretorius kyk na hoe die WCS ŉ dissipelskapmodel volg en implementeer binne hulle breëre gemeente, met spesifieke verwysing na hulle jeugbediening genaamd Elevate by Willow South Barrington, die studentebediening genaamd Student Impact en ook die Young Adults- en For Parents-bediening. Verder is Promised Land ŉ uitgebreide program om kinders met die evangelie toe te rus (Walker, 2003:2). Al hierdie sake getuig van ŉ erns en effektiwiteit om lidmate toe te rus om self die Groot Opdrag na te kom.

Hieronder sal kortliks na Pretorius se navorsing verwys word. Spesifiek vir hierdie studie sal gefokus word op watter dissipelskaptemas in die WCS-model gevind word, asook hoe dit relevant kan wees vir dissipelmaking in jeugbediening. In die navorsing sal ook beoordeel word of daar tekortkominge in die model is. Die jeugbedienings Elevate, Student Impact en Young Adults by Willow South Barrington sal veral in die lig van die dissipelmaak-temas van Graham (2009:9) beoordeel word. Ook samevattende inligting oor en die verband tussen die Groot Fokus (GF), Groot Gebod

(GG) en Groot Opdrag (GO), soos deur Pretorius ondersoek (2003:243-270), sal beoordeel word. Daar sal verwys word na basisteoretiese perspektiewe uit hoofstukke 2 en 4 van die huidige studie, asook na dissipelskaptemas wat in hoofstukke 2 en 4 bespreek is.

Die navorser sal, na ’n kort beskrywing van die WCS, die positiewe waardering van Pretorius (2003:234-270) evalueer in die lig van die drie sleutels Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag en die temas vir die maak van dissipels, en daarna die model aan die hand van die dissipelskaptemas verder ondersoek. Daar sal kortliks gevolgtrekkings oor die model gemaak word en besluit word oor die bruikbaarheid van die sleutels Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag, asook van die dissipelskaptemas in ’n dissipelmaakprogram.

Willow Creek beklemtoon die feit dat verlore mense vir Jesus saak maak. Cousins et al. (1990c) toon aan dat dissipels ingebring word deur evangelisasie. Daar word by Willow Creek verskillende stappe gebruik om ’n nie-gelowige te bereik:

- “To get Nonchurched Harry seeking.
- To help the seeker become a believer.
- To take the fear out of evangelism for the average believer.
- To make witnessing a natural part of life.
- To organize the zealots so they aren’t randomly alienating people but are wisely deployed for concerted evangelism.

Hawkins (2007:11) wys daarop dat Jesus se model ook eers dissipels ingebring het en hulle deel gemaak het van die dissipelskring.

Die Willow Creek-gemeente in Illinois het ’n viervoudige doelstelling en gee ook prominensie aan die sogenaamde “Handelinge 2-model” van die eerste gemeente:

Die stigter, Bill Hybels (aangehaal deur Gilbreath, 1994: par. 19; vgl. Cousins et al., 1990), beskryf die strategie om persone in te lyf by die gemeenskap van die heiliges: dit word gedoen deur Verheerliking van Jesus, Evangelisasie, Edifikasie en Koinonia. In die praktyk word dit gedoen deur Lering, Koinonia, Gebed en Nagmaal.

Die WCS funksioneer volgens vyf G-strategieë: GRACE, GROWTH, GROUPS, GIFTS, GOOD STEWARDSHIP.

**Genade:** Jy verkry deel aan Jesus Christus deur genade (Efesiërs 2:8-9).


**Groei:** Daar is sigbaar groei en verandering in jou lewe deur die gelyk word aan Jesus (2 Petrus 3:18); hierdie strategie stem ook ooreen met Hawkins (2007) se navorsing dat ’n dissipel opgebou word.

**Groepe:** Deelname aan die liggaam van Jesus vind plaas deur sinvolle verhoudings met andere te bou (Handelinge 2:46); die groepe stem ook ooreen met Hawkins (2007) se navorsing om iemand deel te maak van en in te bring in die geloofsgemeenskap.

**Gawes:** Ander moet gedien en bedien word in die mate wat jy gawes en geloof ontvang het (Romeine 12:6-8).

**Goeie rentmeesterskap:** Dit behels “honoring God with material resources and supporting the church in appropriate ways (Philippians 4:11-19)” (Hybels, 1999:3).

Die jeugbediening van die WCS-model gebruik verder die onderstaande konsepte om hulle dissipelskappad verder uit te bou met inagneming van die vyf G’s:




**Figuur 3.2** Elevate Youth WCS

Die vyf G’s wat bo beskryf is, is ’n praktiese wyse van begeleiding in ’n proses van dissipelskap. Wanneer iemand die genade van Christus aanvaar het (Broocks, 2017:23), word die persoon verder begelei tot groei (dissipelskap), om deel te wees van ’n groep (koinonia), om gawes te gee (Broocks, 2017:47-53) en dienswerk te doen. Hamilton (2000:par. 44, 45) wys, soos Pretorius (2003:245), daarop dat die Willow

Creek Assocation (WCA) ŉ parakerklike organisasie is wat gemeentes in leierskap en gemeentestrategie toerus. Die navorsing het bevind dat die WCA hulleself wel as ŉ kerk sien en nie primêr as ŉ organisasie nie (Pritchard, 1996:30-58).

Verskeie gemeentes het begin om die basiese strategieë van Bill Hybels se Willow Creek-megagemeente in South Barrington, Illinois, na te volg, waarna Hybels in 1991 die WCA gestig het om hierdie gemeentes sinvol en intensioneel by te staan (Pritchard, 1996:30-58). ŉ Verskeidenheid konferensies, werkswinkels en toerustingsmateriaal word deur WCA aangebied (Pretorius, 2003:246). Deur e-pos bly geaffilieerdes asook nie-geafillieerdes in kontak met die gemeente (Howie, 2003:1). In die meer as ses duisend gemeentes wat wêreldwyd deur die WCA bedien word, word getallegroei direk aan laasgenoemde toerusting gekoppel (Nyberg, 1999: par. 4, 5).

Die WCA word deur Pretorius (2003; 247) beskryf as die organisatoriese arm van die "seeker sensitive movement". Gilbreath (1994: par. 12, 13) haal Hybels aan wat die "seeker sensitive movement" soos volg beskryf: "a growing awareness among thousands of church leaders that local churches lost their evangelistic effectiveness many decades ago and that something should be done about it."

### 3.7.2 Navorsing oor Willow Creek

Daar word voortdurend navorsing gedoen en artikels gepubliseer oor die Willow Creek Association. Senior personeel van Willow Creek en leiers in die WCA deel graag inligting oor hulle metodes. ŉ Onlangse studie onder die titel "Reveal" in *Christianity Today* (Februarie 2008) het WCA op die voorgrond geplaas as ŉ organisasie wat deursigtig is oor hulle kerkgroei en evangelisering.

Pritchard (1996) se boek oor die bediening is getitel *Willow Creek Seeker Services: Evaluating a New Way of Doing Church*. Pritchard (1996:14,15) sê dat hy navorsing vir ŉ PhD wou doen sonder om voorstanders of kritici van Willow Creek te ondersteun. Hy probeer deur sy navorsing die vraag beantwoord: "Hoe probeer Willow Creek buitekerklike individue help om hulle tot die evangelie te bekeer?" Hy beskryf onder meer waarom WCA ŉ sekere metode volg. Hy doen moeite as teoloog en sosioloog

en het gesprekke gevoer met voltydse WCA-personeel. Sy navorsing behels onderhoude met ongeveer sewentig leiers, personeellede, persone asook lidmate. Intieme navorsing is deur die gemeente aan hom beskikbaar gestel en hy het dit vir ongeveer twee en ’n half jaar bestudeer, asook Willow Creek se dienste en programme bygewoon (Pritchard, 1996:15).

Pretorius (2003) se navorsing oor Pritchard en Willow Creek lig die volgende in dié verband uit: “I don’t list these comments to pat myself on the back. The point is that those I have described generally believe I have succeeded in accurately representing them. When they haven’t agreed with my understanding, I have often put their responses in the text or endnotes to give an alternative perspective. This openness to others’ feedback is an acknowledgment that Willow Creek is very complicated. The best sociologists acknowledge that empirical reality is very messy. It is not easy to describe a church with fifteen thousand weekly attenders” (Pritchard, 1996:16).

### 3.7.3 Eienskappe van die WCS

Die WCA se WCS-model is daarop gefokus om lidmate wat “soekend” is te bedien en is sensitief teenoor soekers en nuwe dissipels. Vandaar die benaming “seeker sensitive movement”, met “soekers” wat dui op mense wat nog nie gelowiges is nie, of gelowiges wat nie meer deel het aan ’n geloofsgemeenskap nie. Hieruit spruit die soekersensitiewe eredienste.

Die gemeente het die volgende ten doel: “Helping churches turn irreligious people into fully devoted followers of Christ”. Dit sluit volledig aan by die huidige studie deurdat hulle mense inbring en opbou. Die model plaas wel ’n groot gewig daarop om lidmate na die “kern” te neem, en daar is nie ’n duidelike uitwaartse strategie nie.

Pretorius (2003) wys daarop dat die WCA in Suid-Afrika se uitset is: “that each church would reach its redemptive potential” (visie), “to envision, equip and encourage Christian leaders to build prevailing local churches” (missie) (Anon, 2003a:1). Hulle volg ’n “Handelinge 2-model” van die eerste gemeente:

> *“One way we describe it is that the church exists for the four-fold purpose of exaltation, evangelism, edification, and social action. Then there's the Acts*

*2 model, where the first-century church devoted itself to teaching, fellowship, prayer, and Communion. Sometimes we just go down these grids looking for those marks of a biblical church, then we keep lining Willow Creek up against them to see how we're doing" (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 19; vgl. Cousins et al., 1990).*

Vervolgens word die Willow Creek-strategie evaluerend beskou aan die hand van die groot liefdesopdrag, die groot fokus op Jesus en temas van dissipelmaking wat deur Graham uitgelig en vroeër uitvoerig bespreek is.

### 3.7.4 Die Groot Gebod: liefde tot God en tot die naaste (Markus 12:29-30)

Dean (2004:116) haal in sy navorsing aan uit Moltmann se boek (2001), *The Spirit of Life: a Universal Affirmation: "*Every lived moment can be lived in the inconceivable closeness of God in the Spirit: Interior intimo meo said Augustine – God is closer to me than I am to myself.*"* Hieruit straal 'n oorweldigende liefde vir God.

Die WCS het 'n doelbewuste en doelgerigte uitset om die evangelie te bevorder deur vriendelike, liefdevolle verhoudinge (Pritchard, 1996:21, 118). Dissipelskap vind plaas deurdat lidmate aktief begelei word om mee te werk aan die evangelie deur met hulle gawes te dien (vgl. die Netwerk-kursus in Malan, 2003:4). Ook hierdie diens toon die dissipel se liefde tot God. Hybels beklemtoon in sy boek (2005) *Net te Besig om nie te Bid nie* dat die ontwikkeling van gawes en "aktiewe meewerking" aan gebed van kardinale belang is in 'n volgeling van Jesus se lewe. Dit strook met Broocks en Murrell (2017) se dissipelskappad.

### 3.7.5 Groot Fokus: Jesus Christus die gekruisigde

Die WCS bereik 'n geweldige groot aantal mense, en spesifiek nuwe bekeerlinge, met die Groot Fokus. Duisende mense wat Jesus Christus as hulle Verlosser aanneem, raak betrokke by en word deel van Willow Creek: "I believe that the Holy Spirit is using this persuasive process to convince nonbelievers. The result? Thousands of

unchurched Harrys and Marys made commitments to Christ at Willow Creek during the years of my research and writing … We should honor them for their efforts and the resulting fruit of their labor. The Lord has used them and is using them" (Pritchard, 1996:190, 205).

Broocks (2017:24) se dissipelskapmetode wys dat die begrip vir genade ŉ vertrekpunt is van dissipelskap. Die feit dat WCS se eerste "G" vir "Grace" staan, is betekenisvol. Die eerste stap vir lewensverandering by WCS is dus genade; daarna volg die ander G's soos hierbo beskryf. Hybels se tipering van Christenskap as "D-O-N-E" teenoor die "D-O" van ander godsdienste is ŉ treffende getuienis dat Willow Creek die evangelie van verlossing en genade wil oordra (Pretorius, 2003:281). Hybel sê in dié verband: "Christianity is not merely a religion. Christianity is spelled differently. It's spelled D-O-N-E. The reason it's the word done is because Christ has done for us what we could not do for ourselves" (Hybels, aangehaal deur Pritchard, 1996:179).

### 3.7.6 Bekering en geloof (Markus 1:15)

Die WCS-gemeente funksioneer volgens die model van die eerste gemeente in Handelinge 2 en lê volgens Hybel dus klem op: "teaching, fellowship, prayer, and Communion". Dit is vier ononderhandelbare beginsels in die WCS, waarvan die eerste twee Skrifgesag betrek (Hybels, 1997).

Die dissipelskapmodel pas ook in by figuur 3.1 vroeër in die hoofstuk deurdat buitekerklike mense deur opregte liefde na binne gebring word en deel het aan die eredienste wat gerig is op soekers. Dit sluit jongmense en kinders in, wat deel gemaak word van die tienerbediening en -programme en so na binne getrek word (soos ook in Cousins et al. [1990a] se voorbeeld).

ŉ Hoë premie word op Skrifgesag geplaas: "First, we at Willow Creek will not tolerate biblical infidelity, a discounting of the clear teachings of Christ. Second, we insist on the enforcement of Scripture, the living out of the teachings of Christ. We'll defend not only the inerrancy and authority of Scripture, but also the indisputable importance of applying biblical teaching to our daily lives in practical ways" (Hybels, 1997).

In ’n onderhoud met *Christian Century* deel Hybel die volgende ten opsigte van sy Skrifbeskouing: “It would be the classic historic Christian theology. We would fall right in line with the Billy Graham Evangelistic Association or Wheaton College or any of these classic evangelical institutions. Our statements of faith would probably be almost identical” (Banks, 1997:par.5, soos aangehaal deur Pretorius, 2003:288).

Dissipelskap word dikwels gereduseer tot kopkennis en nie as lering tot uitlewing wat transformasie in die lewenslange geloofsvorming van ’n geloofsgemeenskap laat plaasvind nie. Barna sê: “Ons het begrip vir die informasie, maar nie vir die implementering daarvan nie” (Barna, 2002:90).

### 3.7.7 Word gedoop (Matteus 28:18)

Die doophandeling in die WCS-model word as deel van die groei gedefinieer en geïmplementeer, spesifiek ten opsigte van die “meer soos Jesus word” oftewel die Groot Fokus. Die “Growth”-gedeelte van dié bediening lê juis klem hierop: “There is ongoing evidence of a changing life and a pursuit of Christ-likeness (2 Peter 3:18)” (Hybels, 1999:3).

### 3.7.8 Vervulling met die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8)

In die bewese lewensverandering en die “meer soos Jesus word” by dissipels word die kragtige werking van die Heilige Gees ook as deel gesien van die dissipelskapproses (2 Peter 3:18) (Hybels, 1999:3).

Navorsing wat die WCS gedoen het rakende die bou van ’n konteksueel relevante geloofsgemeenskap, het bevind dat die meer tradisionele gemeentes nie die gemeente inrig volgens die Handelinge-model waar die Heilige Gees se gawes toegelaat word om kragtig te funksioneer nie. Daar is ook bevind dat in die uitbou van kleingroepe daar nie ’n dissipelskapfokus by hierdie gemeentes is nie. “They don't have a discipleship and small-group emphasis. I find that most traditional churches do not understand or practice biblical worship” (Gilbreath, 1994:12). Gemeentes fokus

volgens Gilbreath hoofsaaklik op prediking tydens die erediens op 'n Sondag. Klem word dus op lering geplaas en spesifiek op 'n Sondag, terwyl die Handelinge-model van gemeentes eerder daarop gerig is om lede te aktiveer en te begelei om die gawes van die Heilige Gees te gebruik (Gilbreath, 1994).

### 3.7.9 Gehoorsaamheid aan die Woord (Lukas 11:28, Johannes 8:31 Matteus 6:14)

Daar is reeds verwys na Hybels en die WSC se ononderhandelbare siening dat die Skrif die finale gesag het. Graham (2009:5) se navorsing wys, net soos die standpunt van Hybels (1993), dat die leer van die Skrif deel is van 'n dissipel se GROEI (nommer 1 van die G's in die WCS-model): "There is ongoing evidence of a changing life and a pursuit of Christ-likeness (2 Peter 3:18)" (Hybels, 1999:3).

Die ononderhandelbare standpunt rakende Skrifgesag van die WCS word soos volg deur Hybels (1999) uiteengesit:

- 'n Hoë premie word op Skrifgesag geplaas.
- Die Woord moet geleef word; dit gaan om die uitlewing van dit wat Jesus geleer het en die praktiese toepassing daarvan op die alledaagse lewe.

Die wesenlike verskil tussen die Christendom en ander gelowe is volgens Pritchard (1996: 157-171) dat die Christendom mense leer dat jy alleen uit genade gered word. Dit is die evangelie volgens die Skrif wat Hybels spesifiek in die WCS-model uitwys wanneer hy na D-O-N-E verwys. By ander gelowe word die uitlewing van geloof gespel: "D-O" (Pritchard, 1996:179).

Dean (2004:41) sê dat die tradisionele Christelike opvoeding en die wyse waarop die Bybel daar geleer word, saam met die sosiale wetenskap en wyses van opvoedkunde nie werklik 'n poging aanwend om groei te bewerkstellig nie. Dit is kritiek belangrik dat daar na die jongmens se leefwêreld gekyk word en dat die Christelike lering en dissipelskap daarby aanpas, met behoud van die Skrifgesag.

### 3.7.10 Liefde vir mekaar en vergiffenis (Markus 12:31, Johannes 13:34, Matteus 6:14-15)

WCS het as een van hulle G's die Groepe. Deelname aan die liggaam van die kerk word bevorder deur sterk te fokus op die groep. Hybels (1999:3) beskryf dit as: "Participating in the body of Christ and connecting with others in significant relationships (Acts 2:46)."

Pretorius (2003) wys op die WCA se "swaardpuntfokus" op nie-gekerktes en deur aan die nie-gekerktes aandag te gee word die liefdesopdrag uitgevoer. Mense word in hulle nood bygestaan. "Having a single focus also benefits workers by helping them gauge their effectiveness. Our food pantry has one purpose: to get food and clothing to people in need. If it does nothing else but provide those necessities, it's a success. So, every time a pantry volunteer receives a thank-you note saying, "I don't know what I'd do without you", we know the pantry is reaching its goal" (Cousins et al., 1990a).

Die WCS bring nie-kerklikes na binne om deel te word van die gemeenskap van die heiliges en om gedissipel te word. Hierdie gemeente word gekenmerk deur groot liefde vir die buitekerklike en dien buitestanders met liefde. Dit het gereeld ontvanklikheid vir die evangelie tot gevolg (Cousins et al., 1990a).

In die prediking kom dit sterk na vore dat gewone mense deel het aan die evangelie, en Hybels wys nie die soeker se foute die hele tyd uit nie, maar fokus sterk op genade en bekering terwyl die waarheid in liefde gebring word. "Hybels then has opportunity to appeal to these common characteristics in order to persuade Harry" (Pritchard, 1996:124).

### 3.7.11 Breek brood en drink wyn tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19)

In die WCS word Groepe ook aangemoedig om saam nagmaal te gebruik. Dit strook met Skrifnavorsing dat dissipels nagmaal moet gebruik en so deel kry aan Jesus se liggaam [Handelinge 2:46] (Hybels, 1999:3). In navolging van die Handelinge 2-model wy die gemeente hulle aan "teaching, fellowship, prayer and Communion. Sometimes

we just go down these grids looking for those marks of a biblical church, then we keep lining Willow Creek up against them to see how we're doing" (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 19; vgl. Cousins et al., 1990).

### 3.7.12 Bid (Lukas 11: 1-13)

Hybels (1999:3) wys op Gawes as een van die WCS se G's. Daarvolgens moet 'n persoon se gawe/s en passie geaktiveer en gekultiveer word in die uitbou van die liggaam (Romeine 12:6-8). Binne WCS se jeug word gebed en die kragtige verhoring van gebed gesien as 'n gawe van die Heilige Gees.

In ooreenstemming met die Handelinge 2-model (wat "teaching, fellowship, prayer and Communion" as fokus het) leer lidmate dan ook om hulle toe te wy aan gebed. In die jeugbediening van die WCS word tieners geleer hoe om hulle gawes en spesifiek ook gebed aan te wend vir die uitbou van die Koninkryk (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994:par. 19).

### 3.7.13 Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8)

Hybels (1999:3) wys daarop dat dit nodig is dat Gawes (een van die WCS se G's) in ooreenstemming met 'n persoon se individuele gawe/s en passie geaktiveer en gekultiveer word in die uitbou van die liggaam (Romeine 12:6-8). Die Rentmeesterskap-beginsels, asook hoe om God te eer met jou finansiële gawes, oftewel alle gawes, is beginsels wat geleer word vir nuwe lidmate. Daarom plaas die WCS 'n groot premie daarop dat lidmate geleer word om te gee en bydraes te maak tot die plaaslike gemeente en nood in die onmiddelike omgewing en verder. Dit strook met die gee-beginsel soos alreeds getoon in hierdie studie as 'n dissipelskapsbeginsel (Filippense 4:11-19).

### 3.7.14 Maak dissipels (Matteus 28:19; Markus 16:15; Johannes 20:21), hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31), verkondig die evangelie en die siklus begin weer.

Kerke leer nie lidmate op ŉ sistematiese wyse nie maar gewoon lukraak. Ook word Bybelkennis oorgedra maar nie die praktiese toepassing nie. Die inhoud van lering is dus nie die probleem nie, maar die toepassing op ŉ sistematiese, doelgerigte wyse (Barna, 2002:91).

In dissipelmaking by WCS word mense se onderskeie gawes en hulle passie geaktiveer en gekultiveer sodat hulle as dissipels kan bydrae tot die uitbouing van die liggaam (Hybels 1999:3). Dissipelmaking word gedoen vanuit groot liefde vir die buitekerklikes. Dit maak hulle ontvanklik vir die evangelie en bevestig Cousins et al. (1990a) se standpunt dat die skep van ŉ dualisme tussen die uitdra van die evangelie en hulp aan mense vals is.

### 3.7.15 Beoordeling: Die WCS gee praktiese uitvoering aan die Groot Opdrag

Die WCS het bewys dat hulle pogings om die Groot Opdrag suksesvol uit te voer werk. Hulle uitreikprogram is beslis ŉ model waaruit geleer kan word hoe om ŉ plaaslike gemeente uit te bou en prakties aan die Groot Opdrag te laat deelneem. Willow Creek se uitreikingsprogram is doelgerig en ŉ integrale deel van hulle beplanning. Die WCS se liefde vir die buitekerklikes verteenwoordig ŉ bewese metode om doelgerig oor die grense van die gemeente te beweeg en buitekerklikes te bereik. Willow Creek verstaan dat dissipelskap ŉ lewenslange proses is, is sensitief vir waar iemand hom- of haarself op ŉ gegewe moment in die proses bevind en doen fyn beplanning in die lig van laasgenoemde.

Pretorius (2003) verduidelik die WCS se “evangelism think tank” en Cousins et al. (1990c) lewer verdere getuienis dat die WCS moeite doen om te probeer verstaan waar persone hulleself in die dissipelskapproses bevind. Die hoorders word in vier kategorieë ingedeel, aldus Cousins et al. (1990c):

- “Non-churched Harrys”. (Dit is persone wat nog nie in ’n verhouding met Jesus belangstel nie en nie Willow Creek of enige ander gemeente se samekomste bywoon nie.)
- “Seekers”. (Dit is persone wat reeds geestelik sensitief is en al eredienste iewers elders of by WCS bywoon maar nog nie hulle lewe vir Jesus Christus gegee het nie.)
- “Average believers”. (Dit is diegene wat nog afgeskrik word deur die opdrag om ander te evangeliseer en volledig in ’n dissipelskapverhouding te wees.)
- “Zealots”. (Hulle het die gawe van evangelisering en wil ander evangeliseer. Hulle het begeleiding nodig om ander met sensitiwiteit na Jesus te lei.)

WCS is ’n gevestigde en beproefde model wat van groot nut kan wees om die drie sleutels, naamlik die Groot Fokus, Die Groot Gebod en die Groot Opdrag verder uit te bou asook metodes en beginsels vas te stel vir die maak van dissipels in spesifiek jeugbediening. Talle mense is al deur die WCS na Christus gelei. Hulle leer dat liefde prakties uitgeleef moet word. Die WCS skep praktiese strategieë en kategorieë wat gemeentes kan help om meer effektief te wees in die implementering van ’n dissipelmaakproses. Die WCS neem die gesag van die Skrif as basis en het uitstekende materiaal geskep wat deur gemeentes gebruik kan word om lidmate toe te rus (Pretorius, 2003:255).

### 3.7.16 Algemene tekortkominge van die WCS

Pretorius (2003:262) het die WCS se metodiek krities bekyk en sê dat die fokus by die WCS soms op geluk, behoeftes en die persoonlike vervulling van die buitekerklike persoon val. Die konteks van die lidmaat word dus in ’n wêreldse sin beïnvloed en daar geskied nie noodwendig lewensverandering nie.

Die Bybelse gemeente van Korinte het trots geword op hul aardse voorspoed en geestelike gawes en hulleself wysgemaak dat die Here hulle bo ander mense geseën het. Die konteks, uitdagings en struikelblokke van die gemeente in Korinte is ook vandag van toepassing op gemeentes. Die raakpunte tussen die gemeente in Korinte

en die institusionele, Westerse wêreld is deur Witherington (1995:119) ondersoek en hy sê die volgende:

> *"1 Corinthians 1 raises deep and abiding questions for our own culture, which is in many ways very much like the culture of Roman Corinth. For instance, this chapter requires that we ask how much of our sense of self-worth and identity is grounded in our culture's evaluation of us in terms of wealth, education, and the like, and how much of it is grounded in our identity as sinners saved by grace. It also requires us to ask how much our values in life, what we really long for, are dictated by culture and how much by the gospel. Christian attitudes about wealth, family, country, and other things held dear are often more grounded in certain cultural assumptions than in any Christian teaching. Demographic studies of Christian congregations show that race, class, occupation, and numerous other factors often determine where one goes for worship. Whatever else one may say about Corinthian Christianity, it was not ethnically, racially, sexually, or socially monochrome."*

Witherington se navorsing van 1 en 2 Korintiërs wys op die gevaar van ŉ verkeerde fokus op persoonlike vervulling en ŉ oordrewe fokus op die self. Hierdie "gevaar" is ook die vernaamste kritiek wat Pritchard (1996) op die WCS uitspreek.

Pritchard (1996:207, 208) wys die volgende probleme in die WCS-model uit:

> *"The problems of the Willow Creek seeker service are the mishaps of an inadequate Christian response to the American culture. In essence then, a Christian worldview is Christ's + view of the world. Willow Creek's unintended failures result from an uncritical use of various cultural tools and ideas. As various staff explained to me, "We are activists and pragmatists". They know what they are seeking to do (reach unchurched Harry with the gospel) and have developed an intuitive and pragmatic understanding of their culture to do this. Their zeal and ingenuity in their efforts need to be applauded by the broader church. As I have already noted, I believe that the evangelical church has much to learn from Willow Creek. Yet the failure of Willow Creek is significant. The lack of thoroughly Christian understanding*

*of the dynamics of American culture results in significant compromises. Hybels and his staff approach the various aspects of culture as merely pragmatic tools to further the communication of the gospel. They do not understand that these cultural tools are double edged swords and often cut those who wield them.”*

### 3.7.17 Tekortkominge van die WCS-model gemeet aan die dissipelskaptemas en -metodes soos reeds in hierdie hoofstuk bepaal

**Liefde tot God:** Een van Graham (2009:9) se temas is dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30). As ons dit as meetinstrument gebruik vir ŉ kritiese beskouing van die WCS-strategie, word die volgende bevind:

Die WCS-strategie moet waaksaam wees en seker maak dat die fokus steeds Jesus is en wat Hy wil hê, en nie dit wat by die gehoor ŉ positiewe indruk sal skep nie. Laasgenoemde mag nooit die fokus wees nie. Dit verteenwoordig die verleiding van ŉ soeke na eer en roem (Van Deventer, 2010).

Om die evangelie te kommunikeer vanuit ŉ wêreldse fokus kan tot gevolg hê dat die liefde vir die verlorene uit ŉ onegte plek kom. Om met ŉ jongmens ŉ dissipelskappad te loop net as ŉ program of uitset, kan ook oneg wees, en daar kan onbegrip wees vir omstandighede van die persoon wat nog verlore is (Pritchard, 1996:248). Dit kan lei tot blote empatie in plaas van die liefde tot die naaste wat Jesus voorskryf.

**Bekering en geloof (Markus 1:15):** Die WCS-strategie moet waaksaam wees en verseker dat die fokus altyd Skrifgetrou bly. Genade en bekering moet steeds deur die uitleg en verstaan van die volle lering van Jesus teweeg gebring word.

**Word gedoop (Matteus 28:18):** Die doop en vervulling met die Heilige Gees moet vanuit Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8 verkondig word.

**Wees aan die woord gehoorsaam (Lukas 11:28, Johannes 8:31 Matteus 6:14):** Die WCS wil graag ŉ “Acts 2 church” herskep en doen veral ŉ beroep op Handelinge

2:42. Hybels sê dat die Willow Creek-gemeente ŉ suiwerder weergawe van die Nuwe Testamentiese kerk is as gemeentes wat ŉ meer tradisionele model gebruik (Hybels, aangehaal deur Gilbreath, 1994: par. 14, 15). Tog word ŉ doelbewuste strategie aangehang wat op die buitekerklike se ervaarde behoeftes ("felt needs") en op persoonlike vervulling fokus, en wat nie in Handelinge 2 of elders in die boek Handelinge gevind word nie. Die eerste gemeente het volhard in die "leer" en die "gemeenskap van die heiliges", met die gevolg dat die Here nuwe mense by die gemeente gevoeg het (Pretorius, 2003:257).

**Liefde vir mekaar en vergiffenis (Markus 12:31, Johannes 13:34, Matteus 6:14-15):** Daar kan nêrens uit Handelinge afgelei word dat die eerste gemeente se groot uitset die vervuldheid van die buitekerklike persoon was nie. Die doel was om die evangelie aan alle mense te verkondig en dissipels te maak.

Jesus het sy lewe vir hierdie missie gegee. Hy het gekom om dié wat verlore is te vind (Markus 10:45); Hy het niks teruggehou van dié wat Hy liefhet nie. Toe Hy gesê het "alle mag is aan My gegee in die hemel en op aarde", het hy die oppermag binne alle realms en in alle tye daarby ingesluit. Deur hierdie Goddelike mag word onvolmaakte dissipels in staat gestel om ander onvolmaakte dissipels te maak sodat die goeie nuus die uithoeke van die aarde kan tref en nasies kan verander (Hull, 2006:26). Liefde en vergiffenis vir mekaar spruit uit Jesus se groot liefde.

Die dissipelmaking van die WCS is meer gerig op die selfvervulling van die buitekerklikes as op ŉ wesensverandering wat uitloop op ŉ Jesus-vervulde liefde vir mekaar. William Law sê die volgende in hierdie verband: "Christianity is not a school for the teaching of moral virtue, the polishing of our manners, or forming us to live a life of this world with decency and gentility. It is deeper and more divine in its designs, and has much nobler ends. It implies an entire change of life, a dedication of ourselves, our souls, our bodies unto God in the strictest and highest sense of the words".

**Maak dissipels (Matteus 28:19, Markus 16:15, Johannes 20:21), hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31), verkondig die evangelie en die siklus begin weer:** Die Groot Opdrag vloei uit die Groot Fokus, en is nie die fokus nie. Die Groot Opdrag word dan ook gesien as die opdrag om die buitekerklike na binne te bring. Die ontleding van die "gaan oor die grense" en "nasies" word dan die "rigting" van die Groot

Opdrag. Die Groot Opdrag dui ŉ duidelike uitwaartse rigting aan na die buitekerklike, maar die “rigting” van die Groot Opdrag is nie alleen uitwaarts nie. Daar is stappe in ŉ proses van wisselwerking tussen die gemeente en die samelewing. In die huidige studie kom die korrektief op sommige van die modelle en benaderings deurdat dissipels binne én buite die gemeente gemaak word. Daar is ‘n uitwaartse uitreiking, maar die dissipels word ook ingebring in die gemeente en daar opgebou. WCS het wel ook die fokus om mense in te bring in die gemeenskap van gelowiges.

Paulus as gestuurde van die Here maak uit die staanspoor sy fokus op Christus bekend en verdedig sy apostoliese gesag as iemand wat die verstand en gees van die Here het (1 Korintiërs 2:2). In die proses kies hy om eerder mislukking as sukses (in wêreldse terme) te benadruk. Hy verkeer in “swakheid”, “vrees” en “bewing” (1 Korintiërs 2:2), nie primêr vanweë die druk van die samelewing nie, maar omdat hy God vrees. Sy fokus op Christus veroorsaak ŉ gesindheid van nederigheid en afhanklikheid wat min byval gevind het in ŉ samelewing wat groot waarde aan hoë persoonlike status geheg het.

Paulus wil verder hê dat sy hoorders met hom moet identifiseer; hy wil fasiliteer en nie forseer nie. Diegene wat nie op hulleself vertrou nie maar hulle swakheid erken, kan met Paulus en sy nederige ingesteldheid identifiseer (1 Korintiërs 1:26-28). Paulus word juis verwyt omdat hy so ánders opgetree het as sy indrukwekkende teenstanders, wat uitmuntend gevaar het volgens die norme en metodes van die samelewing, te wete die retoriek en kragdadige optrede (Pretorius, 2003).

Wanneer jongmense geleer word om met ŉ fokus op Jesus ook op die kruis as teken van swakheid te roem, word die “egtheid” van jeugbediening, soos Root (2007:17) dit stel, juis ondervind. Paulus se fokus op Christus maak hom vry van sy tradisies. Twee keer in die diskoers herhaal hy sy fokus duidelik: “om die evangelie te verkondig”.

Pretorius (2003:158) sê die volgende in dié verband: “In 1 Korintiërs 1:23 het hy aangetoon dat juis hierdie fokus ŉ struikelblok vir die Jode was. Verder moet in ag geneem word dat Paulus hier vir die Korintiërs skryf en juis besig is om die argumente aan te haal waarvoor die hoorders hom verwyt het (vgl. weiering om te spog, weiering van vergoeding [v. 18] en swakheid [v. 22; 2.2.5]). Hierdie mededelings van Paulus sou dus nie deur die Korintiërs as gebruikersvriendelik beskou gewees het nie. Paulus

sê glad nie wat hulle volgens die destydse populêre opvatting wou hoor nie en is steeds besig met sy hoofargument oor die 'woord van die kruis'" (Pretorius, 2003:158).

(Oor Pretorius se navorsing die volgende: Die huidige studie het slegs enkele punte van die WCS-model nagevors vanweë die relevansie daarvan vir dissipelmaking binne die jeugbediening van 'n gemeente. Pretorius (2003) het omvattende en deeglike navorsing gedoen oor Willow Creek en PDM en leemtes uitgewys vir diegene wat dit oorweeg om die WSC te gebruik.)

**Dissipelskap en lewenslange geloofsvorming:** Pritchard (1996:268) se navorsing bewys dat twee derdes van die persone wat naweke die soekerdienste bywoon, nie "unchurched Harrys" is nie, maar "churched Larrys". Die gevolg is dat hulle kan vervlak in hulle geestelike groei en dit is moeilik om dit te meet en te toets. Hybels se oplossing is om aan te beveel dat gereelde seminare en werkswinkels aangebied word, beradingsmoontlikhede uitgebrei word en die prediking opgeskerp word. Hy sê:

> *"We want to develop fully devoted followers of Jesus Christ. They should think Christianly, act Christianly, relate Christianly. I know I haven't drawn that target on the wall often enough. Too often I've been caught preaching as if the goal of my ministry were to help people lead happy, well-adjusted lives and be more helpful to each other. Baloney! We have to shoot much higher than that. I want to preach in such a way that I help produce people who can rise above petty scrapes and get on with following Jesus Christ. Second, I rigorously and regularly have to measure my preaching against this bull's-eye. Are the messages I'm preaching contributing to that? Are they really leading people to become more devoted to Christ? It's so easy to drift, incrementally and unconsciously, from that goal. But when that happens, my preaching, no matter how clever or prayed over or prepared, is undermined" (Hybels, 1990:31).*

## 3.7.18 Vergelyking van WCS met ander modelle

Die Willow Creek Soekerdiensstrategie hanteer dissipelskap en die ontwikkeling van dissipelskap vanuit die benadering van 'n makrogemeente, met Rick Warren wat as

prominente senior pastoor leiding gee aan die gemeente (Pritchard, 1996). Die leemte in die ontwikkeling van dissipels is die swaar steun op die senior leraar wat, volgens Pritchard (1996), as charismatiese leier groot verantwoordelikheid vir die gemeentesukses dra. ‘n Positiewe aspek van die model is die beginsel om lede van buite na binne te bring. Dit is juis een van die sterk eienskappe van hierdie model.

Kritiek teen hierdie model is die feit dat daar ‘n groter fokus is om mense in die gemeentekring in te bring as om oor grense uit te gaan en dissipels te maak; ŉ gaan-na-die-nasiesfokus ontbreek dus. Die gewig lê dus anders as by Graham (2009) wat weer swaarder leun op die gaan oor grense heen, eerder as om mense na die eie kerk toe te bring soos die WCS.

Die WCS het wel ŉ inklusiewe benadering ten opsigte van jeugbediening, maar die kurrikulum kom in sekere opsigte meer teoreties voor as wat dit prakties uitgevoer word. Dit is ‘n leemte met betrekking tot die huidige studie wat vanuit die hipotese ten doel het om ŉ *prakties* uitvoerbare kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening te ontwikkel.

Die WCS toon ooreenkoms met die Every Nation-gemeente deurdat beide modelle die plaaslike gemeente, gemeentegroei en gemeentebou laat realiseer, ook spesifiek deur die insluiting van die jeugbediening by gemeentegroei.

Die WCS se lering ten opsigte van gee is ŉ positiewe bydrae as tema van dissipelskap en dit belig die opdrag van Jesus om alles te onderhou wat Hy beveel het. Dit is goed om te gee as dit vrywillig gedoen word. In 2 Korintiërs 9:7 word gesê: “Laat elkeen doen net soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie teësinnig of onder dwang nie, want God het ’n blymoedige gewer lief.” Wanneer die dissipel uit die hart gee, is dit deel van “die vorm van aanbidding” wat God goedkeur (Jakobus 1:27). Iemand wat behoeftige mense vrygewig help, werk hand aan hand met God. God beskou sulke vrygewigheid as iets wat aan Hom geleen word (Spreuke 19:17) en Hy sal dit terugbetaal (Lukas 14:12-14).

### 3.7.19 Samevattende gevolgtrekkings

ŉ Bemarkingstrategie kan nie op gelyke voet staan met die Groot Opdrag nie. Jesus is die een wat dissipels van Hom maak deur die mag en krag van die Heilige Gees. Daarom het "sukses" nie net betrekking op dié wat tot bekering kom nie, maar ook dié wat lewenslank ŉ dissipelskappad loop en by wie die lering in uitlewing gestalte kry.

> *"The potential pitfalls of pursuing credibility do not invalidate its importance. But biblical credibility (respect and honor) cannot be achieved as a goal. Ironically, the more one focuses on gaining credibility, the less likely one will have it"* (Pritchard, 1996:196).

Die Willow Creek-gemeente beskryf hulleself as ŉ "Handelinge 2-gemeente" wat ongelowiges wil begelei om toegewyde volgelinge van Christus te word. Hulle gee praktiese uitvoering aan ŉ viervoudige doelstelling van lofprysing ("exaltation"), evangelisering, opbou en sosiale aksie met die fokus op die vyf G's: "grace"; "growth"; "groups"; "gifts"; "good stewardship".

Die relevansie en waarde van Christenskap (genoem "Christianity 101" of "User friendly doctrine") word verder uitgebou deur tematiese prediking en die verdediging van die waarheid van die Bybel.

Die WCS wil die evangelie van die verlossing deur Jesus uit genade alleen aan die buitekerklike verkondig (Groot Fokus), en hulle bevorder die evangelie met praktiese, liefdevolle bedienings (Groot Gebod) en verstaan dissipelskap as ŉ proses (Groot Opdrag). Oorvloedige liefde, wat gepaard gaan met kennis en fyn aanvoeling, word deur die bediening as oplossing voorgestel om effektief en spontaan die verlangde persepsie ("image") by die buitekerklike te skep.

Bemarkingstrategieë kan daartoe lei dat die evangelie "as produk" gewysig word om die buitekerklike (verbruiker) se behoeftes te pas. ŉ Oordrewe beklemtoning van die behoeftes van die buitekerklike kan ook daartoe lei dat die Christen-dissipel se verdere groei verwaarloos word.

Die WCS lê wel klem op die volgende dissipelskaptemas:

- Liefde vir God en die naaste.

- Die Groot Fokus Jesus Christus.
- Die Groot Opdrag en dissipelskap as uitset vir die gemeente en vir intensionele tiener- en kinderbediening.
- Die tema van bekering en geloof en genade.
- Die doophandeling vir dié wat tot bekering in Jesus kom.
- Die vervulling deur die Heilige Gees en die gebruik en aanwend van gawes.
- Nagmaal word gedoen.
- ŉ Hoë premie word op gebed geplaas.
- Die Woord staan sentraal.
- Die dissipelmaakproses gaan voort en daar word weer van andere dissipels gemaak.

## 3.8 YOUTH WITH A MISSION (YWAM)

Youth with a Mission (YWAM) is ŉ interkerklike, evangelistiese, missionêre organisasie. Loren Cunningham en sy vrou Darlene Cunningham het dit in 1960 gestig. Cunningham was net 20 jaar oud toe hy in 1956 ‘n visioen gesien het van golf op golf jongmense wat die woord van God oor kontinente heen uitdra. Hy het op die visioen gereageer en YWAM gestig. Hul primêre doelwit is steeds om God te ken en Hom bekend te maak. YWAM het meer as 15 000 voltydse vrywilligers asook meer as 1 100 bedieningsareas in 180 lande en deel bediening met die meerderheid kerke. Daar word sowat 25 000 korttermynsendelinge jaarliks opgelei.

Oor die Groot Opdrag het Loren Cunningham gesê: “Vandat ons vir YWAM se universiteit begin beplan het, het ons die vraag gevra: hoe hanteer ons die Groot Opdrag? Dít is die hooftema van hierdie U van N-werkswinkel” (Malmstadt, 2007). (U van N staan vir die “University of Nations”, die Christelike universiteit wat deur YWAM gestig is.)

Malmstadt (2007:11), verduidelik verder: “Die eerste aand het ons die werkswinkel met Loren Cunningham se uitdaging begin: ‘doen dit net’ en behou die visie. Hy en Mark Anderson het ook verduidelik hoe die U van N kan wys dat die konsep van dissipelgemeenskappe deel uitmaak van Impact World Tours. Mens kan dink dat hierdie plan ’n impak op miljoene kan hê. Ons moet die Here se wil oor hierdie metode vra. Watter metodes ook al bevestig word, ons moet dit gehoorsaam en Jesus se woorde in die laaste gedeelte van Matteus 28:20 onthou: ‘En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld’. Die universiteit is deur die Here in die lewe geroep om te help om die Groot Opdrag uit te voer. Dit is ons plig!”

Praktiese teologie is volgens Root (2007:19) prakties in die sin dat dit na menslike handelinge verwys en in hierdie studie word die YWAM DTS nagevors om juis die prakties-teologiese in die menslike handelinge uit te lig. In YWAM woon ’n jongmens ’n DTS, oftewel Discipleship Training School, by. Die leerplan daarvan, wat oor twaalf weke strek, is belangrik vir die huidige studie. In die gedeelte wat volg, word dus elke week se tema bespreek en die leerinhoud word kortliks genoem. Daarna toon die navorser aan watter praktiese en praktykgerigte dissipelskapmetodes gevolg word. ’n Gevolgtrekking word gemaak, leemtes uitgewys en aan die einde van die hoofstuk word ’n vergelyking getref met dissipelskap-temas wat reeds as belangrik aangedui is.

Die navorser se ondersoek na YWAM se dissipelskapkurrikulum het die volgende ingesluit: besoeke aan basisse in Worcester en Potchefstroom, onderhoude met YWAM-basisleiers asook die e-bronne rakende die YWAM-kurrikulum. Die inligting omtrent die weeklikse kurrikula kom uit die Expanded DTS Curriculum, goedgekeur deur YWAM GLT op 25 Augustus 2001 in Nairobi, Kenia.

Die kursus van ses weke het ‘n tematiese lyn wat logieserwys ontvou. Dit begin by God die Almagtige. Deur sy Gees wil Hy hom aan mense bekend maak en hulle sy waarheid leer. Dit word in die tweede week opgevolg met God se plan vir mense, volke en die skepping self en die inspirasie van die jong mense om tot eer en verheerliking van God te leef. Week 3 toon die pad aan om die mens in ‘n persoonlike verhouding met God te plaas. Die werk van Satan, die sonde van die mens en die verlossende genade deur die kruisdood en opstanding van Jesus word dus in dié gedeelte verhelder. Die volgende stap, in week 4, is om in die lig van die verlossingswerk van

Christus te fokus op die verhouding tussen God en sy kinders en sy kerk. Dissipel wees, die nabootsing van Jesus, is nou belangrik. Hierop volg die roeping en die opdrag van God aan sy kinders, en in die sesde week word die kind van God se respons op sy roeping en opdrag behandel.

### 3.8.1 Discipleship Training School (DTS) week 1

- **Tema**

Die DTS bevestig dat God Homself aan alle mense wil openbaar en dat Hy wil hê mense moet Hom vind en in ’n lewende verhouding met Hom wees. Die opleiding word gebou om die volgende temas:

Die DTS wil God se hart openbaar, naamlik om in ‘n versoende verhouding met sy kinders te wees en deur hulle die boodskap van die verlossing in Christus na die nasies toe uit te dra. Die missionêre taak is om ‘n lewensveranderende verstaan van God en sy weë teweeg te bring en volgelinge vir Jesus te ontwikkel.

Die beweging kan dit nie op sy eie doen nie, maar soek die Heilige Gees op om aspekte van die waarheid en van God te openbaar. God gee ons sy Gees om ons te help om Jesus te volg. ‘n Dissipel van Jesus word gevul met die Heilige Gees en getransformeer om “gelykvormig te wees aan die beeld” van Christus (Romeine 8:29).

In die uitvoering van die Groot Opdrag lê die YWAM DTS klem op ‘n persoonlike respons teenoor God deur aanbidding, gebed en gehoorsaamheid. Om Jesus te gehoorsaam is in der waarheid die grootste vorm van aanbidding. Dit is ook ‘n bewys van die liefde van ‘n dissipel vir Jesus. Hy was self die toonbeeld van gehoorsaamheid aan die Vader en vereis van ons gehoorsaamheid: “As julle my liefhet, sal julle my opdragte uitvoer” (Johannes 14:15).

Daar word verder beklemtoon dat God ‘n liefde en honger vir sy Woord deur die Heilige Gees aanmoedig. Deur die Bybel te lees en te bestudeer leer die bekeerling om die drie-enige God te ken. “Dit is juis die Skrif wat oor my getuig,” sê Jesus self vir die Fariseërs. Om die Woord in te neem en te absorbeer bring mee dat die transformerende krag van God oortuigings, waardes en gedrag radikaal verander. Dit

lei tot ‘n nuwe lewe in Christus soos in Romeine 12 verkondig word. Die Bybel is die stem van God en die DTS help om ‘n lewenswyse te kweek waar God se stem gehoor word.

- **Kernbegrippe**

Die dissipelskappad begin met die leer en verstaan van wie God is. Fundamenteel is die wete dat God nie-geskape is. Hy is die begin en die einde van alles, voor alles en na alles. Daarvan getuig die Skrif self: “Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!” (Psalm 90:2.) En Paulus verklaar in sy brief aan die Kolossense: “Voor alles was Hy al daar.” God is van niks afhanklik vir sy bestaan nie. Reeds aan Moses het Hy sy aard bekend gemaak: Ek is wat Ek is. God is oneindig en ewig. “’Ek is die Alfa en die Omega,’ sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige” (Openbaring 1:8). Sy almagtigheid, alwetendheid en alomteenwoordigheid dui aan dat Hy oneindig is. Hy is die nie-geskape Skepper wat buite tyd staan maar in tyd skep.

Vir ons as beperkte wesens is dit onmoontlik om God in sy volledigheid te ken, maar in sy woord en in die skepping openbaar Hy homself as liefdevol, regverdig, heilig, genadig. Hy word nie maklik kwaad nie en is vol medelye, barmhartig, goedgesind, vergewensgesind, geduldig en getrou. Hierdie inherente goedheid van God word so deur Tozer (1961) beskryf: “By His nature He is inclined to bestow blessedness and He takes holy pleasure in the happiness of his people.”

God is soewerein. Hy is die hoogste gesag en het beheer oor die skepping. Ook die geskiedenis en die toekoms word deur Hom beheer terwyl Hy terselfdertyd rekening hou met die realiteit van mense se keuses.

God is sowel transendent as immanent. Hy bestaan buite en onafhanklik van die skepping, maar is ook teenwoordig en aktief betrokke in die skepping en woon binne-in gelowiges.

God is ook ‘n persoonlike, relasionele wese. In sy aard as drie-enige God wat uit die Vader, die Seun en die Heilige Gees bestaan, is hy ‘n verhoudingswese wat ook met sy skepping in verhouding tree. Daarom is die mens op sy beurt as ‘n verhoudingswese geskape, sodat hy deur ‘n vrye deel van gedagtes, emosies en besluite in ‘n persoonlike verhouding met God kan staan.

In die verhouding met God speel aanbidding en gebed ‘n deurslaggewende rol. Aanbidding en verering is die regte respons op God se liefde. Daar is baie verskillende maniere om God gesamentlik of alleen te aanbid en aanbidding behoort in elkeen se leefwyse weerspieël te word. Gebed bring ons in ‘n direkte verhouding met God. Hy wil hê dat ons tot Hom bid en ons behoeftes en bekommernisse met Hom deel. Gebed in die naam van Jesus is baie kragtig. God wil op sy beurt ook dinge wat op sy hart druk met mense deel. Die Heilige Gees praat op ’n verskeidenheid maniere persoonlik en duidelik met mense (bv. deur ’n innerlike stem, ’n beeld of deur ander mense). Die persoonlike boodskappe of instruksies moet nooit teenstrydig met die Bybel wees nie en mag deur ander bevestig word.

God reik uit na dié wat verlore is. Hy wil hê dat hulle Hom vind en dat almal deur Jesus Christus verlos word. Jesus is die finale openbaring van God as liefdevolle en regverdige wese.

Deur die skepping kry elke mens ‘n algemene openbaring van wie God is. God se spesifieke openbaring van Homself en sy raadsplan word in die Bybel vir ons gegee. Die Bybel is sy geïnspireerde en gesaghebbende woord en lê die norm neer vir ons lewe. Dit behoort op so ‘n manier gebruik te word dat dit ons geloof versterk, ons denke vernuwe en ons leer hoe om die regte keuses te doen. In ons omgang met die Bybel kan ons onder meer dit lees, bestudeer, memoriseer en daaroor mediteer. Deur die Heilige Gees sal die Here ons onderrig en sy waarheid openbaar. Dit is essensieel om die waarheid wat ons reeds oor God ken te glo en te gehoorsaam ten einde verdere openbaring te verwerf.

- **Praktyk**

Nadat die kernbegrippe hierbo genoem gevestig is, word die volgende in die dissipelskapproses van YWAM aangemoedig:

- Lofprysing en aanbidding – op individuele vlak asook gesamentlik.
- Om gehoorsaam te wees en te luister na God se stem.
- Om God se Woord te lees, te bestudeer, daaroor te mediteer en dit toe te pas.
- Om eerlik in gebed met God te tree.
- Om ons gereeld aan die besige lewe te onttrek en private tyd met God deur te bring en in afhanklikheid van Hom te leef.
- Om liefde te leef in verskillende verhoudings en omstandighede.
- Om geloof op alle gebiede te beoefen.
- Om uit te reik na dié wat verlore is.

### 3.8.2 DTS week 2

- **Tema**

Die tema is God se skeppingsdoel vir individue, mensegroepe en die aarde. Dus word ŉ begrip gevorm van hoe om ŉ Goddelike lewensbeskouing te kry, asook van die skepping en die roeping van individue. DTS-studente word geleer om alles uit God se perspektief te begin sien.

Die DTS bevestig God se planne vir ŉ individu, mense en nasie. Dit wil mense inspireer om verantwoordelike besluite te neem wat God vreugde bring en Hom verheerlik. Dit onderrig en beoefen verantwoordelike bewaring in elke lewensopsig. Daar word geleer dat één persoon ŉ Koninkryksverskil kan maak in enige groep mense, op enige plek en in enige gedeelte van die samelewing. Die opleiding moedig kreatiwiteit in beide gedagtes en dade aan. Die DTS beoefen dinamiese intersessie wat deur die Gees gelei word en wat so ŉ impak het dat dit beide die een wat bid en die situasie waarvoor gebid word, verander.

- **Kernbegrippe**

God het die hemel en die aarde en alles daarbinne geskape. Die heel eerste openbaring van God in die Bybel is van Hom as Skepper: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep” (Genesis 1:1). Jesaja bevestig dit: “Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik” (Jesaja 40:28). Anders as die mens, wat materie tot sy beskikking het, skep God uit niks behalwe sy Woord.

Die mens is die kroon van die skepping. Alle mense is na die beeld van God geskape en bevestig sy grootheid en heerlikheid. Elkeen is waardevol ongeag ras, geslag, ouderdom en status, en elke mens is in God se oë uniek en beteken vir Hom iets.

Omdat Hy alles geskep het, behoort alles aan Hom (vergelyk Psalm 50:12: “... want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My”). Ook die mens behoort aan Hom en staan onder sy heerskappy. Mense moet op so ‘n manier werk en leef dat God daardeur vereer en verheerlik word.

Die verhouding met God, met die self en met ander mense is die kerndeel van ons lewe. Die Tien Gebooie stel die standaard van hierdie verhoudings: ‘n intieme verhouding met God waar Hy met hart en siel liefgehê word, en ‘n liefdevolle, nie-naywerige verhouding met die naaste.

Al behoort die mens aan God, het Hy die mens geskape met ‘n vrye wil om vir of teen Hom te kies. Wat van belang is, is dat alle mense geskape is met die vermoë om die bestaan van God raak te sien en met ‘n gewete om te weet en te doen wat reg is. Die mens is dus nie ‘n blote handpop van God nie, maar is as selfstandige wese geskep met die vermoë om self ook te skep, idees te genereer en oplossings vir probleme te vind. Die mens kan en moet besluite neem wat historiese gebeure op die aarde beïnvloed.

God respekteer dus die gawes en verantwoordelikhede wat hy aan mense gegee het deur ruimte te maak vir hul eie inisiatiewe en keuses. Hy wil inderdaad saam met die mens werk om sy raadsplanne te verwesenlik. Intersessie behels die interaksie tussen mense en God en dra by tot die verwesenliking van God se planne vir mense, plekke en omstandighede. (Intersessie kan die gebruik van teksverse insluit.)

Die mens is as opsigter deur God in beheer gestel van en verantwoordelik gemaak vir die hele skepping. Terreine waarvoor die mens verantwoordelik is, sluit in: verhoudings, die omgewing, persoonlike gesondheid, die waarde van werk, om verantwoordelike keuses te maak, die waarde van rus, mededeelsaamheid, finansies, geestelike gawes, gasvryheid en die waarde van tyd. In sy ganse lewe moet die mens God aanbid en tot sy eer leef.

Dit was van die begin af ook God se doel dat mense vrugbaar moet wees en moet vermeerder. Gemeenskappe, nasies en kulture wat die wese van God openbaar, moet gevestig word. In die Bybel word kernbeginsels geopenbaar waarvolgens ‘n nasie of gemeenskap gebou behoort te word. Hierdie beginsels kan verskillend in nasies toegepas word binne die konteks van die familie, kerk, kuns en vermaak, ekonomie, media, gesondheid, regering en opleiding. God het aan die mensdom gawes gegee om mekaar op baie verskillende maniere binne dié sfere te dien. Alle beroepe het gelyke waarde en kan ‘n konteks wees waardeur ‘n gelowige God kan verheerlik (bv. as ‘n boer, prediker, politikus, kunstenaar, winkeleienaar, verpleër, onderwyser en evangelis).

- **Praktyk**

Bepaalde denkwyses en houdings vir die praktyk moet gekweek en aangemoedig word. Wat die mensdom en die skepping betref, moet daar respek en erkenning wees van die waarde van elke individu – oud en jonk, manlik en vroulik, van watter ras of afkoms ook al. Mense tesame met hul verskillende kulture, persoonlikhede en gawes moet waardeer en geëer word. Die DTS wil ‘n houding van verwelkoming en gasvryheid bewerkstellig. In hul onderlinge verhoudinge moet mense mededeelsaam, groothartig en vrygewig wees.

Terselfdertyd moet daar ‘n houding van respek en verantwoordelikheid vir die skepping wees en ‘n erkenning dat alles wat ons het van God af kom en gebruik moet word om Hom te eer en te verheerlik. Ook in ons daaglikse werk moet ons die begeerte aankweek en openbaar om Hom te eer.

God vereis van die mens ywer en getrouheid. In sy daaglikse lewe en werk moet hy uitnemendheid en volharding toon en sy lewe moet diensbaar wees aan ander.

‘n Gees van moontlikheid en positiwiteit moet gekweek word. Dit lei tot ‘n soeke na nuwe moontlikhede, oplossings en kreatiewe alternatiewe. Onderliggend hieraan lê ‘n gees van hoopvolheid, vreugde en tevredenheid.

Vanuit die verhouding met God die Skepper moet die mens daarna streef om ‘n suiwer gewete te hê en te onderhou. God se morele wet lê ten grondslag aan die lewe en moet erken en eerbiedig word.

- **Aktiwiteite om te doen**

Hierdie praktyke word deurgaans in die DTS beklemtoon. Van hulle word in die skedule ingebou, ander word bloot in informele interaksies uitgeleef. Die doelwit is dat elke persoon verantwoordelikheid neem om op die wyses hieronder genoem met andere om te gaan.

1. Tree in dat God se wil in nasies, kulture en dele van die samelewing sal geskied.
2. Behartig finansies, tyd en energie op ’n verantwoordelike manier.
3. Respekteer dit wat aan jouself en die gemeenskap behoort en neem verantwoordelikheid daarvoor.
4. Soek geleenthede waar die waarde en uniekheid van elke individu aanvaar en bevestig word.
5. Dra jou kultuur met respek oor en aanvaar die manier waarop ander uiting aan hulle kultuur gee.
6. Raak vertroud met die besonderhede van ’n paar mensegroepe wat nog nie bereik is nie.
7. Neem self die verantwoordelikheid om konflik in jou eie verhoudings te hanteer.
8. Wys op praktiese maniere jou liefde vir God en jou medemens.
9. Bewys vrygewigheid en gasvryheid teenoor ander.

10. Ondersoek nuwe idees, vra vrae, luister aktief, oorweeg verskillende moontlikhede en los probleme op.

### 3.8.3 DTS week 3

- **Tema**

Die hooftema vir week 3 is God se verlossing. Die sonde van die mens en die reddende kruisdood van Jesus in antwoord op die sonde word behandel. Jesus word as die Here herken en erken.

Die DTS bely dat Jesus Christus die Here is en dat Hy die enigste uitweg tot redding is. Die werklikheid van Satan en sy strategieë word onder die loep geneem en sy afbrekende krag in die lewe van die mens word uitgelig. Deur die sonde het daar vervreemding van God en vrees gekom, maar God tree in die volheid van die tyd op teen Satan.

Die geweldige Goddelike krag van die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus vernietig die angel van die Satan. Jesus leef as Koning en gehoorsaamheid aan Hom word die norm. So word vrees vir die Here (‘n absolute eerbied en ontsag vir die outoriteit van God) en ‘n haat teenoor die sonde gevestig.

Die DTS leer dus dat Christus die weg en die waarheid is. Deur Hom alleen is redding vir die mens moontlik.

- **Kernbegrippe**

Satan en sy strategieë is ‘n werklikheid. Hy is ‘n wese wat geskep is en uit trots teen God gerebelleer het. Satan is boos. Hy mislei en kla aan en is ‘n dief, verleier en leuenaar. Hy is in elke opsig die vyand van God wat God se doelstellings teenwerk.

Met die sondeval van Adam en Eva is die mens en die skepping fundamenteel beïnvloed. Deur ongehoorsaam te wees het hulle die deur vir Satan oopgemaak om wederregtelik van hulle af weg te neem wat God vir hulle gegee het, naamlik om oor die skepping te regeer.

Deur na Satan te luister het Adam en Eva teen God se bevel aan hulle ingegaan. Die minagting van God se gebooie is sonde en deur die sondeval is elke mens sondig van aard. Daar is nie een wat uit homself geregverdig is nie. Deur sondigheid verdien elke mens die oordeel van God.

In die skepping kan die gevolge van die sonde ook gesien word. Gebrokenheid, lyding, siekte en dood is van die gevolge van die sonde wat ons ervaar. Die DTS leer ook dat alle nasies, gemeenskappe en kulture in een of ander mate op nie-Bybelse fondasies gebou is.

‘n Verdere kernbegrip is dat God vanuit sy liefde vir die mensdom sy enigste Seun, Jesus Christus, na die aarde toe gestuur het om redding vir die mens te verwerf. Terwyl Jesus volledig God gebly het, het Hy sy voorregte as God prysgegee om volledig mens te word, maar as mens het hy in ongebroke gemeenskap met God bly leef. Hy is deur die Gees van God gevul en gelei om God se ewigheidswerk te kom verrig, God se raadsplanne te vervul en God se karakter in elke situasie uit te leef en uit te dra.

Alhoewel Jesus op elke moontlike manier versoek is, het Hy nooit sonde gedoen nie. Hy het nooit sy Goddelike suiwerheid verloën nie. Op hierdie regverdige wese het God se oordeel oor die sondes van die wêreld neergekom en Hy het aan die kruis tot redding van die mensdom gesterf.

Jesus het liggaamlik op die derde dag uit die dood opgestaan en daarna nog vir 40 dae aan sy dissipels verskyn. Na die 40 dae het hy na die hemel opgevaar en daar sy regmatige plek aan die regterhand van die Vader ingeneem waar Hy tot vandag bly.

Samevattend dui die DTS aan dat Jesus deur sy lewe, dood en opstanding die Satan oorwin het en die begin van God se Koninkryksheerskappy ingestel het.

- **Praktyk**

Die realiteit van Satan, sonde en verlossing deur God bestaan. ’n Dissipel kan, soos deur Jesus in sy lewe en aan die kruis geopenbaar, sekere eienskappe en gesindhede bekom en ontwikkel, naamlik:

Dapperheid soos dié van ‘n kryger; ‘n gesindheid van verering en aanbidding van God; haat teenoor die bose en die sonde; die wil en begeerte om in die regte verhouding met God te staan; nederigheid en nie selfverheerliking nie; dankbaarheid omdat alles uit die hand van die Vader kom; onderskeidingsvermoë; saamwerk met God om sy Koninkryk uit te brei; teëstaan van die duiwel; volle vertroue dat God met my is; seëvierend oor die verleidinge van Satan; eerbiedig en vol ontsag vir God; ‘n bereidheid om opofferings te maak; geloof; hoop; liefde; volharding; lankmoedigheid; ‘n gesindheid van verwagtinge hê; ‘n besef van onwaardigheid; waaksaam en bedag wees; ‘n bereidheid om die wêreld te verander.

- **Aktiwiteite om te doen**

Hierdie aktiwiteite moet weer eens deur die loop van die hele DTS beoefen word. Sommige aktiwiteite word gestruktureerd aangebied, maar ander word slegs op ‘n informele wyse tydens interaksies met mekaar uitgeleef. Daar word van elke persoon verwag om verantwoordelikheid te neem om op hierdie manier met ander om te gaan.

1. Identifiseer die werk van Satan wat rondom jou gebeur en staan dit teë.
2. Probeer ernstig om sonde te sien soos wat God dit sien.
3. Sê vir God dankie vir Jesus.
4. Kyk wat die kruis onthul oor God se karakter en planne en aanbid God daarvoor.
5. Probeer om met mense en met God in gemeenskap te tree soos Jesus dit gedoen het.
6. Dien mekaar deur Jesus se voorbeeld te volg.
7. Identifiseer nie-Bybelse fondamente in die kulture rondom jou en tree in vir God se waarheid om dit uit te roei.
8. Bestudeer en dink na oor Skrifgedeeltes wat toepaslik is op die konsepte in hierdie week se tema.

### 3.8.4 DTS week 4

- **Tema**

God se familie: sy kinders en sy kerk. Word meer soos Jesus.

Die DTS bevestig elkeen se kennis van en vertroue op God as die persoonlike "Vader", "Redder" en "Vriend". Daar word klem gelê om by elkeen 'n bewustheid te ontwikkel van die waarde en belangrkheid wat ons in God se oë het.

Gedurende dié week is daar geleentheid vir elkeen om sy verlede, hede en toekoms by die kruis neer te lê en as kind van God verder te leef. Dit behels om meer soos Jesus te word, en die primêre rol wat die Bybel en die Heilige Gees in dié proses speel, word beklemtoon. Daar word ook ruimte gegee vir die Heilige Gees om in en deur mense te werk tot heiligmaking. Persoonlike heiligheid is noodsaaklik en word slegs verkry deur God se genade toe te eien.

Verder word God se liefde vir en toegewydheid aan sy kerk binne dié week se tema beklemtoon en bevestig. Elkeen word aangemoedig om by 'n plaaslike gemeente betrokke te raak en deel te neem aan hulle aktiwiteite.

In hierdie nadenke oor en uitlewing van die belangrikheid van die kerk en die gemeente as 'n familie word 'n atmosfeer ontwikkel waar eenheid en verskeidenheid/diversiteit ewe veel waarde het. Die beoefening van gesonde verhoudings en die opbou van mekaar word beklemtoon en aangemoedig. Terselfdertyd is daar vir elkeen die geleentheid om spirituele gawes te ontdek en te demonstreer om sodoende ander mense te dien. Daar is ook aanmoediging om van mekaar te leer.

- **Kernbegrippe**

Elke gelowige ontvang die Gees van God wat die ewige lewe gee en ons in God se familie aanneem. Die Heilige Gees openbaar die Woord van God aan gelowiges en verseker hulle keer op keer van God se liefde en die sekerheid dat Christus in hulle woon. Deur die Woord bied die Heilige Gees ook troos aan die kerk en aan elke individuele gelowige, en waar die Gees werk, is vrede en vreugde. Versterking van geloof, die vernuwing van denke, die oortuigende uitdra van die liefde van God word

alles deur die teenwoordigheid van die Heilige gees geïnspireer. Ook gesondmaking, hetsy fisiek, emosioneel of geestelik, word deur die Gees bewerk. Dit is God se begeerte dat die gelowige ‘n heilige lewe sal lei, met ander woorde die manier waarop hy met God en met ander mense omgaan, moet wees soos Jesus dit gedoen het. ‘n Sleutel tot hierdie heilige, Jesus-navolgende lewe wat die vrugte van die Gees dra, is om voortdurend krag en leiding van die Gees wat in ons woon te soek.

Alhoewel Satan deur die kruis oorwin is, gaan hy steeds voort om mense te mislei en in sonde in te trek. As antwoord hierop kan gelowiges voortdurend steun op God en sy Gees wat hulle in staat stel om die leuens en verleidinge van Satan te herken, teen te staan en te oorwin. In Jesus is die gelowige vry van die gevangenskap van die sonde (in sommige gevalle mag spirituele bevryding selfs nodig wees).

Vergiffenis en die prysgawe van eiegeregtigheid is sleutels tot ‘n Jesus-gebaseerde lewe. Die gelowige moet met die Heilige Gees binne-in hom saamwerk om die waarheid te glo en te gehoorsaam. Daarby moet die gelowige berou hê oor vals oortuigings, sondige houdings soos trots en ongeloof, vernietigende gewoontes soos skinder en begerigheid, en elke ander ongehoorsaamheid. Die berou moet verder uitloop op restitusie waar dit nodig sou wees.

Alle gelowiges is deel van die liggaam van Christus, of die kerk, en God het “elkeen van hulle afsonderlik in die liggaam saamgevoeg soos Hy dit wou hê” (1 Korintiërs 12:18). So verkry elke gelowige ‘n plek en ‘n taak as deel van die liggaam, maar gelowiges is ook onderling afhanklik van mekaar.

Twee aspekte van die kerk kan onderskei word: die plaaslike groep gelowiges (modaliteit) en die missionêre organisasie (sodaliteit). Van gelowiges word verwag dat hulle sal deel word van en hulleself sal verbind aan ‘n kerk waar hulle gereeld kan saamkom om te aanbid, die Woord van God te hoor en gemeenskap met ander gelowiges gemeenskap te hê.

Deur die Heilige Gees gee God ‘n verskeidenheid gawes aan die kerk, soos profesie, onderrig en bemoediging. Gelowiges moet hulle gawes gebruik om andere in Christus op te bou. Jesus moet in al hulle verhoudinge weerspieël word. Goeie, Godvresende verhoudings getuig van wedersydse verootmoediging en onderdanigheid. Die

verhoudings is suiwer, liefdevol, respekvol en nederig, en die mense eer mekaar in hulle samehorigheid en interafhanklikheid.

- **Praktyk**

Gelowiges as deel van die kerk van God moet aangemoedig word om bepaalde denkwyses en houdings te kweek en uit te leef. Wat belangrik is, is die versterking van persoonlike geloof, die bou van karakter en die vestiging van gesonde verhoudings.

Geloof en vertroue op God moet voortdurend verdiep word. Deur op die Heilige Gees te steun word daar weer en weer bevestiging gekry van God se liefde en verbintenis tot ons. Dit gee aan ons sekerheid en ‘n vaste wete dat ons aan Hom behoort en maak ons volwasse in die geloof.

Daaruit vloei die vrugte van verantwoordelikheid, geduld en tevredenheid. Daar moet volharding wees – met jouself en met ander in die uitvoering van jou opdrag as gelowige. Nederigheid en die gewilligheid om onderrig te word tesame met die bereidheid om te verander kenmerk die gelowige. Daar is ‘n strewe na integriteit soos dit in Filippense 2:12 & 13 verwoord word: “Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer”. Om met integriteit te lewe beteken ook om deursigtig te lewe.

‘n Bewustheid van en afkeer aan die sonde moet ontwikkel word, en nou daarmee saam ook berou en vergewensgesindheid. Die hoop en vertroue op God moet nooit verflou nie en deur gereelde omgang met God en sy Woord steeds sterker bevestig word.

In die omgang met medegelowiges en die naaste lê die DTS klem op die inagneming van andere en liefde teenoor mekaar, wat meebring dat ‘n mens bereid is om die aanspraak op jou eie regte te laat vaar. Die gawes van gee en ontvang word onderling gevier deur mekaar te aanvaar en te eer en respek teenoor mekaar te betoon ongeag verskille wat daar mag wees. ‘n Gees van diensbaarheid en mededeelsaamheid moet doelbewus gekweek word.

Reinheid/suiwerheid in die omgang met mekaar word aangemoedig en klem word gelê op toegewydheid, lojaliteit en ontferming. In die liggaam van Christus word die een nie hoër geag as die ander nie. Alles word met wedersydse lojaliteit en erbarming gedoen in ‘n gees van vreugde en vrede. Selfbeheersing span die kroon op die houding en gedrag van die gelowige.

Die student moet ten slotte ook die regte houding kweek met betrekking tot lojaliteit teenoor God se karakter, ontvanklikheid vir God se liefde en respek vir God se woorde.

- **Aktiwiteite om te doen**

Elke persoon moet die verantwoordelikheid op homself neem om te groei in ‘n verhouding met die Here, met Jesus die gekruisigde en opgestane Seun van God, met die Heilige Gees wat aan ons die waarheid leer en met die mede-lede van die liggaam van Christus. Die DTS rus hul studente toe vir hierdie taak deur die volgende aktiwiteite formeel of informeel aan te moedig:

1. Neem aktief verantwoordelikheid vir jou eie groei.
2. Reageer toepaslik op God en ander wanneer jy te doen het met die verlede, regte wat prysgegee moet word, sonde, vergiffenis van ander, en so meer.
3. Werk saam met die Gees wat diep binne-in jou werk wanneer jy besig is met aanbidding en jou bediening.
4. Leef die vrugte van die Gees uit (liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, guns, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing).
5. Erken persoonlik wanneer jy versoek word en kies om dit te weerstaan.
6. Ontwikkel verhoudings waar mense wedersyds aan mekaar verantwoording kan doen sodat julle mekaar geestelik kan versterk.
7. Werk as ’n span saam: elke lid maak ’n unieke bydrae en neem dienooreenkomstig verantwoordelikheid.

8. Wanneer toepaslik, neem leierskapinisiatief volgens jou gawe en persoonlikheid.
9. Ontdek, verstaan en gebruik persoonlike geestelike gawes om mekaar te dien. Dit sluit die konteks van 'n kleingroep in.
10. Werk op 'n toepaslike manier saam met plaaslike kerke.
11. Bou mekaar doelbewus op deur omgee, seën, aanmoediging, deel, bevestiging, diensbaarheid, gebed, gee, en so meer. Dit sluit die konteks van 'n kleingroep in.
12. Bou doelbewus verhoudings met 'n verskeidenheid mense, ook dié wat anders as jyself is.
13. Maak 'n gewoonte daarvan om ander te help sukses bereik.
14. Geniet dit om te ontspan. Hê saam pret.
15. Leer bymekaar deur te luister, te praat, vrae te vra, te debatteer en onderwerpe te bespreek. Dit sluit die konteks van 'n kleingroep in.
16. Bestudeer en dink na oor Skrifgedeeltes wat van toepassing is op die konsepte in hierdie kategorie.

### 3.8.5 DTS week 5

- **Tema**

God se wêreld: sy roeping en sy opdrag. Doen die werke van Jesus.

Die DTS glo dat God interaktief is en mense verantwoordelik maak vir sy skeppingswêreld. Hulle moet dié wêreld beheers en daarna omsien. Die mens is geskape as 'n morele wese wat self kan dink en kies, maar wat voor God verantwoordelik staan vir sy denke en keuses.

Die mens word nie in duisternis aan homself oorgelaat nie. God se lig oorkom die duisternis en God gee aan mense die toerusting om aktief die bose met die waarheid

teen te staan. Die DTS vervul ‘n roepingsfunksie in dié verband. Deur die DTS-studieweke word die studente tot aksie uitgedaag om mense van elke taal, volk en nasie in te bring en op hul plek langs God se troon te laat staan.

Die DTS gaan van die standpunt uit dat alle gelowiges deur God geroep word om in enige deel van die samelewing “voltydse diens” te lewer. Gelowiges kan hul bemagtiging en toerusting by die Heilige Gees vind en moet dit daadwerklik opsoek.

Die boodskap van Jesus bring hoop vir mense en nasies. Daarom werk die DTS hard om die studente te inspireer en toe te rus en gereeld aan hulle geleenthede te gee om die evangelie op toepaslike en sensitiewe wyse te deel met dié wat verlore is. Die beoefening van intersessie/spirituele oorlogvoering in die belang van mense en nasies word aktief aangemoedig. God se hart van medelye en ontferming moet met dié wat nood het gedeel en teenoor hulle uitgeleef word. Elke enkele gelowige wat sensitief is vir die werk van die Heilige Gees het die potensiaal om ‘n betekenisvolle bydrae te maak in die uitvoering van die Groot Opdrag. Daarom word elke individu uitgedaag om sy eie, persoonlike lewensrigting en -doel met God se hulp te vind.

- **Kernbegrippe**

Voor Jesus opgevaar het na die hemel, het hy sy dissipels opdrag gegee om na al die nasies te gaan om die evangelie van God se Koninkryk te leef, verkondig en onderrig, en om van die vyand terug te neem wat God s'n is.

Een van die maniere waarop God se Koninkryk reg deur die wêreld uitgebrei word, is die onderskeiding van die vyand se strategieë deur gelowiges en oorwinning van die vyand deur intersessie. Wanneer gelowiges deur die werking van die Heilige Gees bemagtig word, kan hulle ook die werk van die vyand oorwin deur in die teenoorgestelde gees daarop te reageer (reageer met nederigheid op trots, met mededeelsaamheid op hebsug, en so meer).

Alle gelowiges word deur God geroep om op elke terrein van hulle lewe tot die verheerliking van God te leef (die algemene roeping). Daarby moet elke gelowige die voorreg en verantwoordelikheid aanvaar om altyd gereed te wees om die evangelie op ‘n doeltreffende en gepaste wyse met ander te deel. Met die oog hierop word die basiese beginsels van interkulturele kommunikasie in die DTS behandel sodat

studente en personeel op dié wyse toegerus word om met mense van ander kulture te praat. Daar is tot vandag toe steeds nasies/bevolkingsgroepe met min of geen kennis nie van die evangelie en elke gelowige het die voorreg en verantwoordelikheid om op die een of ander manier op hierdie behoefte te reageer, byvoorbeeld deur gebed, uitreiking, die gee van gawes en ondersteuning (die algemene roeping). Ook het die gelowige die voorreg en roeping om God se genade en medelye uit te leef teenoor dié wat nood het (die algemene roeping).

God het elke mens geskape met bepaalde talente, vermoëns en gawes. Ook is elkeen met ‘n spesifieke persoonlikheid geskep. Deur uit te vind en te ondersoek hoe jou eie Godgegewe ontwerp lyk, kan jy duidelikheid kry oor die spesifieke roeping wat God vir jou het. Gelowiges is medewerkers van God en deur ‘n diep persoonlike omgang met Hom en met ander gelowiges word ‘n mens se spesifieke roeping onthul en ook die toerusting en leiding wat God vir die uitvoering daarvan gee. Die Heilige Gees bemagtig en rus gelowiges toe om sowel hul algemene as spesifieke roeping uit te leef. Gebed en raadgewing deur ander speel ‘n wesensrol in die uitbouing en versterking van die gelowige se vermoë om sy roeping te herken en daarop te reageer.

God het liefde en respek asook ‘n doelwit vir nasies en volke as sodanig en nie net vir die individue in ‘n groep of gemeenskap nie. Sy verlossingsboodskap moet na verskillende kultuur- en mensegroepe toe uitgedra word en daartoe roep hy die liggaam van Christus waarin elke gelowige ‘n noodsaaklike funksie vervul. Niemand mag die voorreg en verantwoordelikheid daarvan om in verskillende sfere van die samelewing te dien verloën nie. Sommige gelowiges word geroep na nasies, volke, kulture en ook situasies wat vir hulle “vreemd” is, terwyl ander weer in ‘n bekende omgewing moet dien.

- **Praktyk**

God se roeping en opdrag, die tema van week 5, vereis bepaalde houdings en gesindhede van sy kinders. Die DTS moedig die ontwikkeling daarvan op formele en informele maniere aan. Kinders van God leef in blydskap en antwoord met vreugde op hul Meester se roepstem. Hulle oefen hulleself in die ontwikkeling van dankbaarheid teenoor die Here: dankbaarheid vir sy goedheid en guns, dankbaarheid

vir die ewige verlossing wat Jesus bewerk het, en dankbaarheid vir die voorreg om ander in die evangelie te help deel.

Moeilike tye moet met geduld en volharding in die geloof hanteer word. Dit is beide ‘n gawe en ‘n plig. Vertroue op God en sy ewige arms dra die gelowige deur elke situasie. Paulus lê klem op volharding in sy brief aan Timoteus: “Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos ‘n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie. Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Jesus Christus is, en die ewige heerlikheid kan ontvang” (2 Timoteus 2:9,10).

Ononderhandelbare beginselvastheid en gehoorsaamheid aan wat Jesus geleer het, is belangrike houdings om aan te kweek en in te oefen. Hierdie leringe van Jesus vereis ‘n gesindheid van diensbaarheid en onselfsugtigheid en ook verantwoordelike bewaring van alles in die skepping. Daar moet respek wees vir die bydraes van ander mense en die eie ek moet nooit op die voorgrond tree nie.

Terselfdertyd moet ons ons uniekheid en roepings vier, ons motivering vir bepaalde optredes moet suiwer en eerbaar wees en ons moet liefde en hoop verkondig en uitleef. Daar moet vreugde daarin wees om God se wil te doen, ‘n begeerte om Hom tevrede te stel en ‘n bewustheid dat daar rekenskap gevra sal word oor al hierdie dinge.

Die gelowige moet self God se medelye en genade teenoor ander uitleef. Toegewyde, respekvolle diens in sy Naam en die begeerte om na Hom te luister kenmerk die lewe van God se kinders.

Wanneer gelowiges daarna streef om God te ken deur studie en deur na Hom te luister, kan hulle van Hom wysheid en onderskeidingsvermoë verwag. Deur sy Gees kan ons met dapperheid en ywer sy werk doen.

Die DTS lei die studente om getrouheid in die diens van God aan te kweek, om ‘n passie vir die verlorenes te hê en aangevuur deur liefde met hulle te werk. Gasvryheid, samewerking, geduld, lojaliteit en die erkenning en viering van ander kulture word aangemoedig. Liefde is die dryfveer agter alles.

■ **Aktiwiteite om te doen**

Op die praktiese vlak moedig die DTS die volgende aktiwiteite aan en skep geleenthede daarvoor:

1. Herken die vyand se werk in situasies en oorwin dit deur intersessie.

2. Reageer altyd op 'n manier wat vir God aanneemlik is, ongeag hoe mense jou behandel.

3. Staan tyd af vir gebed, op jou eie of saam met ander, sodat jy God se wil en begeertes kan leer ken. Neem aktiewe stappe om sy plan uit te voer (wees dus God se medeskepper).

4. Gaan soek die verlorenes en, waar moontlik, bou verhoudings met hulle.

5. Tree vir die verlorenes in nasies, bevolkingsgroepe en gemeenskappe in. Noem spesifieke individue by die naam.

6. Wees gereed om oral waar jy gaan die evangelie te verkondig (bv. in winkels, op die bus, op straat, in jou woonbuurt).

7. Deel die evangelie op 'n manier wat pas by die gehoor.

8. Formuleer, oefen en deel jou persoonlike getuienis van hoe God tans betrokke is by jou lewe. Dit help om dit eers neer te skryf.

9. Neem deel aan of ontwikkel aktiwiteite waarin jy met nuwe gelowiges 'n pad kan stap en dissipels kan maak (bv. bou vriendskappe, kry 'n groep bymekaar vir Bybelstudie of 'n bespreking, gaan saam met hulle na 'n plaaslike kerk of kleingroep).

10. Skep 'n groter bewussyn van al die armes en behoeftiges regdeur die wêreld.

11. Wees bewus van omstandighede en mense in nood. Reageer op so 'n manier dat dit die Koninkryk van God uitdra (bv. gee kos vir honger mense, speel met kinders, tel rommel op, skep mooi uit 'n vervalle plek, help oumense, bring geluk te midde van ongeluk).

12. Verkry groter begrip van die huidige stand van wêreldwye sendingwerk as antwoord op Jesus se laaste opdrag.
13. Reageer op een of ander manier op die nasies/bevolkingsgroepe wat min of geen bewustheid van die evangelie het nie (bid, gaan, gee, ondersteun).
14. Ander se idees, visie, gawes, talente en vermoëns moet doelbewus beklemtoon, erken en ingesluit word.
15. Vra ander vir terugvoer sodat jy kan ontdek wat jou gawes is en wat die spesifieke plan is wat God vir jóú het.
16. Oefen die gebruik van jou eie gawes en versterk dit. Werk om jou doelwitte, soos wat jy dit tans verstaan, te bereik.
17. Bid vir mekaar op so ŉ manier dat dit elkeen help om God se wil te ken en te doen.
18. Dink na oor hoe jy alles wat God jou gegee het, kan gebruik om die grootste verskil moontlik te maak.
19. Daag mekaar uit en moedig mekaar aan om, na DTS, God se algemene en spesifieke roeping na te jaag, wat ook al die konteks mag wees (bv. met ŉ sendingagentskap, in ŉ beroep of in verdere opleiding).
20. Ondersoek persoonlik ŉ wye verskeidenheid geleenthede om God in die toekoms te dien. Dit sluit verdere opleiding, waar nodig, in.
21. Bou verhoudings en dien mense van ander nasies en kulture en in onbekende situasies.
22. Doen navorsing oor spesifieke gemeenskappe en bid vir hulle.
23. Stel jouself op verskeie maniere bloot aan dinge wat mense se gedagtes vorm, asook aan ander kulture en ander dele van die samelewing. (Jy kan bv. ŉ moskee besoek, na die nuus kyk, teater toe gaan of vir die regering bid.)

24. Bestudeer en dink na oor Skrifgedeeltes wat van toepassing is op die konsepte in hierdie kategorie.

### 3.8.6 DTS week 6

- **Tema**

'n Reaksie op God: ken God en maak Hom bekend.

- **Kernbegrippe**

In hierdie laaste week van die DTS word die studente finaal toegerus om uit te gaan en alles toe te pas wat hulle geleer het.

Hulle moet seker maak dat hulle 'n grondige kennis het van YWAM Internasionaal se geskiedenis, visie, doelstelling, geloofstandpunt, die Manila-verbond en goedgekeurde korporatiewe dokumente soos die Rooisee-verbond. Die dokumente is beskikbaar in die "U of N Reference Guide".

Hulle moet YWAM Internasionaal se waardes en bedieningsfilosofie soos uiteengesit in die "Foundational values" en "Christian Magna Carta" ken en verstaan. Hierdie dokumente is ook beskikbaar in die "U of N Reference Guide".

Verder moet hulle 'n grondige kennis hê van YWAM Internasionaal se drieledige bedieningsroeping, naamlik Evangelisasie en Sending oor grense heen, Opleiding en Barmhartigheidsbediening (asook ander bedienings binne hierdie roepingsfere). Daar is baie dokumentasie beskikbaar oor die verskillende bedieninge, onder andere in die "Go Manual", ""Global Perspectives" en "U of N Catalogue".

Studente word geleer dat die DTS toegang verskaf tot YWAM en al hul bedieningswyses in die "Family of Ministries". Die DTS lê die gemeenskaplike grondslag vir die hele bediening.

Die studente moet begryp dat YWAM primêr 'n apostoliese uitreikbeweging is wat nog altyd baanbrekerswerk gedoen het in verband met die nuwe dinge wat God besig is om te doen. Dit moet so bly.

Daar moet kennis en begrip wees van spesifieke geleenthede wat YWAM aan studente bied om na die DTS bedieningswerk te doen.

- **Praktyk**

Denkwyses, gesindhede en eienskappe wat gedurende hierdie week in die praktyk aangemoedig word, sentreer om die YWAM-beweging. Die studente moet besef dat YWAM deel van ‘n wêreldwye beweging is wat inklusief te werk gaan. Die grondliggende ingesteldheid is een van diensbaarheid.

In hul bedieningswerk moet spanwerk en lojaliteit teenoor die span aanvaar word. Daar moet met ywer en entoesiasme, maar tegelykertyd met nederigheid, gewerk word. Gawes wat deur die Heilige Gees gegee word, moet gebruik word en daar moet respek vir mekaar se gawes en die beoefening daarvan in verskillende bedienings wees.

Die YWAM-uitreiking word gekenmerk deur bepaalde maniere van dink en doen, waaronder onderlinge eerbied en waardering, onderlinge ondersteuning, gasvryheid, grootmoedigheid en sensitiwiteit. Studente moet soepel en buigsaam wees in hul benadering en moet altyd bereid wees om te leer. Hulle is deel van ‘n groter geheel en daarbinne word verhoudings gebou waaraan hulle toegewyd moet wees.

- **Aktiwiteite om te doen**

Weer eens word praktiese aktiwiteite aangemoedig en geleenthede daarvoor word geskep in die formele onderrig of in informele interaksie met mekaar.

1. Doen intensief verdere navorsing oor die geskiedenis van YWAM. Die boek *Is That Really You God?* deur Loren Cunningham, sowel as ander YWAM-boeke en -stories, is vir dié doel beskikbaar.

2. Lewe en werk op so ’n manier dat dit YWAM se waardes uitdra en YWAM se uiteensetting van doel, geloof en missie bevestig.

3. Leef vandag die YWAM-storie uit wat more oorgedra gaan word.

4. Lees deur ’n U van N-katalogus om te kyk of daar verdere YWAM- en U van N- opleidingsgeleenthede is.

5. Behou kontak met YWAM-kantore, -bedienings en individuele personeel buite die DTS. Besoek byvoorbeeld ander kantore of spanne, kyk na YWAM-videos, gesels met sprekers.

6. Ondersoek en ontdek praktiese geleenthede, hetsy plaaslik of internasionaal, om na afloop van die DTS binne YWAM te dien.

7. Neem deel aan ’n aktiwiteit wat YWAM se drieledige bedieningsroeping verteenwoordig: Evangelisasie en Bedienings oor grense heen, Opleiding en Barmhartigheidsbediening. (Die student kan as leier of as bedieningsgenoot daaraan deelneem.)

8. Doen intersessie vir YWAM op die manier wat God aan jou wys.

Namate die opleiding vorder, kan die leier van die DTS met behulp van die kernbegrippe wat deurgaans aangedui is, tred hou met konsepte wat weekliks deur sprekers, boeke, ens. behandel is. Die oorblywende konsepte kan dan op ander maniere, soos deur Bybelstudie of dagstukke, by die opleiding ingesluit word.

### 3.8.7 DTS-opleiding

Die kernbegrippe wat in elke tema geïdentifiseer is, moet op een of ander manier in die opleiding by die DTS behandel word. Die volgende is ’n uiteensetting van sprekeronderwerpe vir ’n hele week, of ‘n gedeelte daarvan, wat aan die vereistes voldoen.

- **God se aard en karakter**
  - Bou aan jou persoonlike verhouding met God. Hoor Sy stem.
  - Aanbidding en gebed.
  - Voed jou hart deur die Woord en Bybelstudie.

- **Kulturele mandaat/Koninkryk van God**
    - Gebed as intersessie.
    - Goddelike verhoudings.
    - Bewaring/werk.
    - Skep saam met God.
    - Bybelse wêreldsiening.
- **Geestelike oorlogvoering**
    - Die Persoon en werk van Jesus – die kruis.
- **Vrees vir die Here**
    - God se vaderhart.
    - Sonde, belydenis en herstel.
    - Die riglyn.
- **Om eiereg te laat vaar.**
    - Identiteit in Christus.
    - Vernuwe jou denke.
    - Persoon en werking van die Heilige Gees.
    - Verhoudings in die liggaam van Jesus – vriendskap, man-vrou, ouer-kind, verhoudings met die teenoorgestelde geslag.
    - God se roeping.
    - Gawes/roeping/doel.
    - Hoe leef mens as deel van die liggaam/gemeenskap/spanwerk?
    - Verbond van Abraham.

- **Die Groot Opdrag**
    - Geskiedenis van hoe die evangelie bevorder word.
    - Deel die evangelie met verlorenes.
    - Basiese beginsels van interkulturele kommunikasie.
    - ‘n Hart vir verlorenes.
    - Bevolkingsgroepe wat nog nie bereik is nie/10-40-venster.
    - Armes en behoeftiges.
    - Dissipelskap van nasies.

Daar word ook bepaalde voorstelle gemaak vir **toepassing in die opleidingspraktyk:**

Die eerste punt behels die leierskap in die klaskamer. Daar word na ‘n tersaaklike lesing rondom die kernbegrippe geluister en daarna lei die onderwyser die klas om seker te maak hulle verstaan wat God sê. Daar is dan geleentheid vir persoonlike terugvoer.

Tweedens is dit noodsaaklik dat die studente ook in groepe moet werk. Kleingroepe word aangewys wat dan gestruktureerd en gereeld bymekaarkom. Aanvullend word spontane kleingroepe binne die klasverband gevorm wat deelneem aan besprekings en interaksies. Daar word ook geleenthede geskep vir een-tot-een-gesprekke tussen studente en DTS-leiers of tussen studente onderling.

Wat individuele werk betref, word studente aangemoedig om in joernale te skryf en op dié manier nadenkend om te gaan met wat hulle tydens die DTS ervaar. ‘n Joernaal kan vir die student ‘n sleutel tot eie geloofsgroei wees.

Daar is gereeld geleentheid vir studente om terugvoer oor hulle studie en praktiese werk te gee en hulle insigte met die groep te deel.

Die aanbied van uitreikweke waaraan die studente deelneem, bied ‘n belangrike konteks waar al die onderskeie temas en werksaamhede beter verstaan en prakties toegepas kan word.

### 3.8.8 Gevolgtrekking oor YWAM se DTS

YWAM bring gelowiges en ongelowiges binne, en maak hulle deel van ŉ geloofsfamilie. Daar word wyd internasionaal en oor grense heen gewerk. YWAM plaas ŉ hoë premie op die deelmaak van nuwe dissipels.

Graham se dissipelskapsbenadering, wat vroeër vollediger behandel is, bevat temas wat in hierdie studie as kernbelangrik beskou word vir dissipelmaking. As YWAM binne dié konteks geëvalueer word, is dit duidelik dat al die temas vir dissipelmaking wat Graham uitlig, teenwoordig is in die DTS-kurrikulum, te wete:

- Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30).
- Bekering en geloof (Markus 1:15).
- Om gedoop te word (Matteus 28:18).
- Die vervulling met die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8).
- Gehoorsaamheid aan die Woord (Lukas 11:28, Johannes 8:31 en Matteus 6:14).
- Liefde vir mekaar en vergiffenis (Markus 12:31, Johannes 13:34 en Matteus 6:14-15).
- Brood breek en wyn drink tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19).
- Bid (Lukas 11:1-13).
- Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8).
- Jy moet weer dissipels van andere maak (Matteus 28:19, Markus 16:15 en Johannes 20:21), jou naaste liefhê soos jouself (Markus 12:31) en die evangelie verkondig, waarop die siklus weer begin.

YWAM se geskiedenis met die DTS getuig van ŉ fokus op Jesus, wat in die huidige studie as die Groot Fokus geïdentifiseer is. Die opdrag om dissipels te maak kom van

Jesus self. In week 3 van die DTS en in die praktiese werk van YWAM word duidelik gemaak dat Christus die Here is en dat die mens se verlossing net deur Hom bewerkstellig word. Sy lewe, kruisiging en opstanding is God se oorwinnende antwoord op die werk van Satan.

YWAM se DTS is gerig op dissipelmaking wat kennis van God se raadsplan en werk en gehoorsaamheid aan Jesus se bevele en leringe insluit. Daarby lewer YWAM dissipels wat weer op hulle beurt dissipels maak, sodat die siklus van dissipelmaking nie ophou nie. Ook dit word in Graham se model as essensieel aangedui.

Dit is duidelik dat YWAM ook Jesus se dissipelskapmodel, wat deur Hawkins (2007:11-13) uitgewys word, navolg:

- Hulle stuur jongmense tydens die DTS na verskillende nasies.
- Die DTS bring dissipels na binne.
- Hulle bou dissipels op.
- Hulle stuur dissipels uit.

Die DTS-opleiding word baie deeglik beplan en is gerig op ‘n grondige toerusting van jongmense om hulle in staat te stel om in die praktyk te gaan werk, maar daar is minder inligting beskikbaar oor hulle praktiese werk in die veld. Daar sal dus op prakties-teologiese vlak verdere navorsing gedoen kan word oor die dissipelskappad van die studente na hulle DTS-opleiding.

### 3.8.9 Vergelyking van YWAM met ander modelle

Die YWAM-model se uitstaande kenmerk is die gaan na die nasies toe, wat sterk ooreenkom met Graham (2009) se uitgangspunt. Beide het die vertrekpunt van die dissipelering van nasies, met die spesifieke fokus op jeugbediening. Uit die benaming van YWAM, Youth with a Mission, is dit reeds duidelik dat jongmense ter sprake is.

Daar tree wel leemtes in die YWAM-model na vore wanneer dit vergelyk word met dié van Every Nation en WCS. Waar laasgenoemde gemeentes is, is YWAM nie spesifiek ‘n plaaslike gemeente of deel van ’n plaaslike gemeente nie. Die positiewe eienskap dat YWAM nasiegefokus is, is dus in die keersy ook negatief deurdat die inklusiewe benadering tot jeugbediening binne ‘n gemeente ontbreek. Die YWAM se besondere bydra tot die kurrikulum en temas van die kurrikulum wat in die huidige studie ontwikkel word, is die klem op gehoorsaamheid aan God se Woord en God se stem. Daar word in vergelyking met ander modelle baie swaarder gewig geplaas op die luister en gehoorsaam wees aan God se Woord, en dit het moontlik ’n groot effek op die getal van die jongmense wat deel het aan hulle gaan-na-die-nasiesbeweging.

YWAM vergelyk positief met Nel (2018) in die opsig dat die YWAM in hulle DTS ’n inklusiewe benadering ten opsigte van die jeug volg. Hulle maak elke ouderdom deel van wat in die dissipelskapproses gebeur. Waar Nel se werk gemeente-gefokus is, is YWAM nie ’n plaaslike gemeente nie, maar ’n missionêre organisasie spesifiek gefokus daarop om dissipels onder die jeug te maak. Hawkins (2007: 11-30) wys daarop dat dissipels intensioneel na binne gebring moet word en dit is juis ‘n leemte in die YWAM-model deurdat daar nie binne gemeenteverband ook gewerk word nie.

Samevattend kan gesê word dat YWAM se klem op gehoorsaamheid aan die Woord ’n positiewe bydrae tot die kurrikulum-ontwikkeling van die huidige studie lewer in die sin dat gehoorsaamheid aan die Woord ook as ’n evalueringskriterium vir ’n kurrikulum uitgelig word soos in 3.4.

## 3.9 NEL SE AGT JEUGBEDIENINGSVELDE GETOETS IN ’n DISSIPELSKAPMODEL

Die navorser vind empiries asook teorieties groot baat by die navorsing oor Nel se temas vir dissipelmaking (1998). Die navorser het die agt temas getoets aan ’n dissipelskapmodel waarbinne ’n omvattende bediening aan die jeug kan plaasvind en waaraan getoets kan word of die fokus op Jesus Christus val, of die bedieningsareas


binne die liefdesgebod aangepak word en of die opdrag om dissipels te maak uitgevoer word.

Van Deventer (2010) het bevind dat Nel se fokus op Jesus Christus die agt velde aktiveer ten einde jeugbediening as ŉ dissipelmaakmodel te differensieer en sodoende ŉ Bybelgefundeerde benadering daar te stel. Amenhouer (aangehaal deur Nel, 1985:19) stel dit soos volg: “Let’s get out their way (uit die jeug se pad) so that they can see for themselves the altogether beautiful person of Jesus Christ.”

Dissipelskap binne jeugbediening word verwerklik wanneer die fokus op Jesus val, die liefdesgebod uitgeleef en jongmense ingebring word deur spesifiek die agt dissipelskaptemas toe te pas. Die jeugbediening word verder uitgebou deur die Woord van God as riglyn te gebruik om hierdie temas te inkorporeer en toe te pas. Die evangelie word op ŉ kontekstueel relevante wyse uitgedra om dissipels van al die nasies te maak.

Met die fokus tydens byeenkomste op Jesus Christus as die primêre rede vir die prediking waarbinne die waarheid verkondig word, word jongmense in liefde begelei om kragtige instrumente te word en word hulle ondersteun om in hierdie gebroke wêreld dissipels te wees (Nel:1985:41).

Hieronder in Figuur 3.3 volg ŉ voorstelling van die agt temas van Nel se dissipelskapmodel soos in Van Deventer (2010) se navorsing weergegee:




**Figuur 3.3** Die agt elemente van dissipelskap volgens Nel se benadering.

### 3.9.1 Die inklusiewe benadering tot dissipelskap

Nel (1985:13) se navorsing beklemtoon die vinnig veranderende lewe van jongmense reeds in 1985 en Schoeman (2017) bevestig hierdie geweldig vinnig veranderende wêreld binne die huidige jeug se milieu. Die navorser is van mening dat ten spyte van die kontekstuele verandering die basiese boublokke van "bring in, bou op en stuur uit" steeds in jeugbediening toegepas kan word. God teenwoordig word tasbaar beleef binne jeugbediening. Die diepe belewing en woordgetroue kennis van die waarheid bring mee dat daar deur die fokus op Jesus Christus, op meer liefde en op die maak van dissipels 'n model vir die uitbou van die Koninkryk gevestig kan word.

Dreyer (2003:41) se navorsing dui op die rykdom van die geloofsgemeenskap wanneer die jongmense binne die gemeente verwelkom word en kan deelneem aan alle sfere van gemeente wees. Nel (1998:13) toon duidelik dat die openbaring en lering van God betrekking het op sowel volwassenes as die jeug. Jongmense word as volledig deel gesien van die gemeente wanneer daar besin word oor God se deel

wees van en by sy mense. Bediening aan en deur families is ’n kardinale deel van kerk wees.

Nel (1998:23) beklemtoon die gemeente as ruimte waarbinne jongmense uitdrukking kan gee aan hulle geloofslewe en ook toerusting kan ontvang. Nel sê dat dit kan geskied deur middel van die agt elemente wat hy uitlig en dat jeugbediening op dié manier uitgebou kan word. Tieners vind dus deur die inklusiwiteit binne ’n geloofsgemeenskap ’n ruimte waar ’n geborgenheid gevestig word. In hierdie ruimte het hulle ’n plek waar die veranderinge binne hulle konteks verwelkom, begryp en geïnkorporeer word. So word die jongmense se geloofsvorming en groei in hulle verhouding met Jesus Christus bewerkstellig.

Meyers (1985:32) bied hierdie benadering as:

> *“God het ’n plan om Sy gemeente dinamies op te bou en uit te brei. Die inklusiewe benadering per definisie sluit dan jongmense in in die opbou van die jeug binne die geloofsgemeenskap, en die groei, dink en uitbou gebeur saam met die volwassenes binne die gemeente; dus is dit noodsaaklik om ’n jeugbediening binne ’n gemeente in ooreenstemming te bring met hierdie waarheid. Soos wat die gemeente uitgebou word en groei, is dit dus deel van die gemeentestrategie om die bediening aan die jeug ten volle te inkorporeer in die strategie en leierskapbeplanning; jongmense word dus as volle lidmate gesien en hulle belewenis van die kerk laat hulle met ’n ‘volledige lidmaatbelewing’. Die groei en strategie binne die gemeente word gefokus op die hele gemeente en daarmee saam die inklusiwiteit van die jeugbediening in die geheel, en jongmense kry deel en insae in die beplanning asook groei.”*

Meyers (1998:32) wys hoe ’n geloofsgemeenskap ontwikkel en gesamentlik lewenslange geloofsvorming aangryp deur op Jesus te fokus en uitvoering te gee aan die meer-liefde-opdrag asook die maak van dissipels binne jeugbediening.

### 3.9.2 Nel se inklusiewe benadering ten opsigte van die fokus op Jesus, die liefdesgebod en die maak van dissipels.

Nel (1998:88) se model ten opsigte van die volledige deelmaak van jongmense aan ŉ geloofsgemeenskap wys as essensie uit dat die geloofsgemeenskap se hooftaak is om getuienis oor Jesus Christus te gee (Nel, 1998:80). Die inklusiewe benadering tot jeugbediening bring dus die gemeente se getuienis oor en fokus op Jesus ook na die jeug toe (Nel, 1985:33).

Versteeg (1979) sê dat wanneer die liefdesgebod binne jeugbediening gestalte kry, liefde en meelewing in ŉ gemeente en ook die diakonia die tieners ook saamvoeg in die liggaam van Christus. Nel (1998:91) voer aan dat die deel wees van die liggaam ook intensioneel op tieners gerig moet word en sien die uitlewing hiervan in diakonia en koinonia. Hierdie dissipelskapelement word gedefinieer deur selfopoffering en selfverloëning. Elke jongmens moet leer om te sterf vir die self en te leef vir Jesus. Binne en buite die geloofsgemeenskap moet die jongmens in ŉ lewende verhouding met God deur Jesus Christus wees wat sal manifesteer in *"self-giving service"*. Die Groot Gebod van liefde word in en deur dissipelskap nagekom; daarom moet die jeugbediening georganiseer word met ŉ dissipelskapkurrikulum.

Nel (1998:74) se navorsing stel die dissipelskapsopdrag soos volg:

> *"Die doel van ŉ jeugbediening is om die jeug ten volle as deel van die gemeente op te lei, sodat die jeug saam met die gemeente relevant kan wees in die wêreld."*
>
> *"Christene, Koninkryksmense maak ŉ verskil. Dit is die roeping van ŉ gemeente. Die gemeente 'skuld' die kosmos hierdie kwaliteit mens. En jeugbediening is op die 'produksie' van hierdie kwaliteit lidmaat gerig" (Nel, 1998:74).*

Die katkisasiemodel as formele lering en onderrig kan deel uitmaak van die Groot Opdrag en ŉ element in die dissipelmaakproses wees. Die missie van God lei tot die missie van die kerk (Nel, 1998:93). Die dissipelskap realiseer dus vir ŉ gemeente ten diepste as jongmense volledig deel word daarvan (Dreyer 2003:137). Nel (1998:94) stel dit soos volg: "Ook hierdie modus van God se koms na die gemeente en deur die

gemeente na die wêreld omsluit die jeug en moet met die oog op onder andere hulle missionêre betrokkenheid gedifferensieer word. In die paradigma van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie van die gekome en komende Ryk van God kan die belangrikheid van hierdie modus moeilik oorbeklemtoon word."

### 3.9.3 Vergelyking van Nel se benadering met ander modelle

Die bydrae wat Nel (2018) se inklusiewe benadering tot die maak van dissipels binne jeugbediening gebring het, was toonaangewend en rigtingveranderend vir plaaslike gemeentes in Suid-Afrika, spesifiek in die GKSA, NGK en HK. Dié benadering het volgens van Deventer (2010) jeugbedienings getransformeer van speletjiesbyeenkomste tot jongmense se volwaardige deel wees van 'n gemeente. Hierdie benadering vul ook die leemtes by YWAM en Every Nation deur diepte te gee aan hoe die jeugbediening binne die groter gemeente funksioneer. Nel se inklusiewe benadering en die agt elemente van die kommunikasie van die evangelie lewer 'n direkte bydra tot die ontwikkeling van die dissipelmaakkurrikulum in die huidige studie.

Nel (2018) se agt elemente dien dus in die vergelyking met YWAM, Every Nation-gemeente en WCS ook as die eienskappe wat by hierdie modelle ontbreek om die Skrifbeginsels vir die inklusiewe benadering te inkorporeer in die strategiese taak (Osmer, 2008).

### 3.9.4 Samevatting

Jesus Christus as fokus word deur Woordgetrouheid aan jongmense gebring en sy selfverloënende aard word deur mentors beklemtoon wat in en deur liefde jongmense begelei om volwasse gelowiges te word. Van Deventer (2010) wys dat jongmense gelei word in 'n liefdevolle verhouding met mekaar asook met God: "In toenemende liefde vir die jeug en hulle unieke, vinnig veranderende wêreld, beweeg die gemeente om gedifferensieerde modi te implementeer om die boodskap van die evangelie op 'n relevante manier te kommunikeer, ten einde die jeug te begelei na 'n verhouding met Jesus Christus".

Die jongmense word deur die gebruikmaking van Nel (1998) se elemente na binne gebring en opgebou en weer uitgestuur.

## 3.10 PURPOSE DRIVEN YOUTH MINISTRIES (PDYM)

### 3.10.1 Inleiding

PDYM is die breinkind van Doug Fields wat vir agtien jaar verantwoordelik was vir die jeugbediening van die Saddleback-kerk in Kalifornië. Hy het *Purpose Driven Youth Ministry (PDYM)* geskryf wat baie toekennings ontvang het, in meer as twintig tale vertaal is en wêreldwyd as handboek vir jeugbediening gebruik word.

Van Deventer (2010) het navorsing oor die PDYM se uitsette gedoen en die navorser het ook persoonlik in 2016 die gemeente in Orange County, Kalifornië, gaan besoek en self beleef hoe die teoretiese prakties gestalte kry. Volledigheidshalwe sal kortliks hierna verwys word en dan sal die bediening gemeet word aan die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag asook die tien temas van Graham. Dit sal gedoen word deur die bril van "bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit". PDYM se bediening is primêr gerig op persone wat nog nie Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser en Saligmaker ontmoet het nie. Strobel (1999:4) sê daar word na kerkgangers wat Jesus nog nie volg nie, verwys as soekers. PDYM het ŉ uitwaartse bediening sodat die lidmate kan uitgaan na die gemeenskap en die soeker na binne kan bring.

### 3.10.2 PDYM se bedieningsmodel

Fields (1998:11,19) beskryf PDYM se jeugbedieningsmodel en dui spesifieke dissipelskaptemas aan ten opsigte van die uitdra van die evangelie deur PDYM:

- God werk kragtig met elke persoon.
- Die lewe van ŉ mentor asook die lewe van ŉ tiener word ontwikkel ten opsigte van sy of haar lewende, persoonlike verhouding met Jesus binne die

gemeente. Die navorser sien dat die "bring na binne"-gedeelte van dissipelskap hiermee ooreenstem (Groot Opdrag).

- Die visie- en missie-aanduiding van die jeugbediening:
  - PDYM beveel aan dat in die uitbou van ŉ jeugbediening daar duidelik bepaal moet word wat die bestaansreg van die bediening is en wat die primêre fokus moet wees (Groot Fokus).
  - Stel vas wie is die fokusgroep op wie die bediening gerig moet word.
  - Die leefwêreld van die jongmens moet begryp en nagevors word sodat die primêre visie, oftewel Groot Fokus, gestalte kan kry in dissipelmaking (Groot Opdrag).
- PDYM se beklemtoning van begrip vir die leefwêreld van die jeug:
  - In die ondersoek na en ontwikkeling van begrip vir die tiener se konteks word ŉ kurrikulum vir jeugbediening ontwikkel. Hierdie kurrikulum en uitsette is daarop gerig om die fokus gestalte te laat kry.
  - Geloofsvolwassenheid in kinders word gestimuleer onder meer deur programme gerig op lewenslange geloofsvorming.
- Gesinne word betrek:
  - Gesinsbediening word aangemoedig en uitgebou en daar word deeglike beplanning gedoen om te verseker dat jeugbediening nie afsonderlik en onafhanklik van die breëre geloofsgemeenskap groei nie. (Bring hulle in en bou hulle op met ŉ inklusiewe benadering.)
- Mentors:
  - Mentors word geleer om sterk te dien en te lei en ander jongmense op te lei om dieselfde te doen. (Bring hulle in, Die Groot Opdrag, en inklusiewe benadering.)

Die PDYM-model benadruk die persoonlike verhouding met Jesus Christus wat eerstens by die jeugleier self opgebou moet word. Volgens Fields (1998:33) kan daar

nie dissipels gemaak word as die jeugdissipelmaker nie self ŉ dissipel is nie. Geen program kan kompenseer vir ŉ persoon wat nie self ŉ verhouding met God het nie (Van Deventer, 2010).

### 3.10.3 Die vyf uitsette van die jeugbediening

Warren (2002:102) wys op die vyf kerk-uitsette van die PDYM se jeugbediening, wat ten volle deel vorm van die groter gemeente se uitsette en belyn is daarmee:

- aanbidding – liefde tot God
- bediening – liefde tot jou naaste
- evangelisasie – maak dissipels
- gemeenskap – die doophandeling
- dissipelskap – lering tot uitlewing.

Volgens Fields (1998:46) spruit hierdie vyf primêre doelstellings uit die Nuwe Testament en is dit noodsaaklik om aan te dui dat die doelstellings van PDYM (die jeugbediening van Saddleback-gemeente) dieselfde is as dié van PDM (die groter Saddleback-gemeente). Hierdie doelstellings is:

- Die verkondiging van die evangelie

  Fields (1998:47) verwys in sy werk na die onvoldoende getuienisse wat gelewer word oor ŉ persoonlike verhouding met Jesus Christus. Hy verwys na Handelinge 1:8 wat aan dissipels gegee word as ŉ verdere metode van dissipelmaking, naamlik die lewer van getuienis van die goeie nuus en die setel daarvan in die persoon van Jesus Christus. Mentors kan dan deur hulle voorbeeld jongmense wys hoe om die evangelie op ŉ eietydse wyse oor te dra en hulle daarin begelei. Dit geskied namate die Groot Opdrag toenemend belangrikheid verkry in die uitbouing van jeugbedienings.

- Lofprysing en aanbidding

  Lofprysing en aanbidding, oftewel “worship”, word deur PDYM gesien as ŉ geleentheid om God se teenwoordigheid te beleef. Aanbidding word deur lidmate individueel asook as ŉ kollektief gedoen, en dit word gesien as meer as net musiek. Dit dui op ŉ lewe wat die bewys is van ŉ dissipel wat homself oorgegee het aan die volgelingskap van Jesus Christus (Fields, 1998:48).

- Onderlinge gemeenskap

  ŉ Geloofsgemeenskap het toenemend progressiewe lidmaat-oriëntering en nuwe-lidmaatkursusse nodig vir nuwe lede van die geloofsgemeenskap. Hierdie programme moet op inklusiewe wyse van toepassing wees op jeugbediening sodat die jongmense hulself volledig as deel van God se familie mag uitleef (Fields, 1998:48). Die onderlinge “fellowship” is een van die belangrikste komponente van jeugbediening en die inrigting en kultivering hiervan is van kardinale belang in die uitbou en argitektuur van dissipelskap binne jeugbediening.

- Dissipelskap as doelwit

  Jeugbediening word ingerig as ŉ ruimte waar lewenslange geloofsvorming geskied en waarin die opdrag om ŉ dissipel te word en dan van andere dissipels te maak uitgevoer word. Fields (1998:49) wys daarop dat elke dissipel die verdere opdrag het om van andere dissipels te maak.

- Die doel van bediening

  Met liefde as uitgangspunt is die primêre uitset van PDYM-bediening, met spesifieke verwysing na jeugbediening, om jongmense se konteks te verstaan en hulle nood te verlig (Fields, 1998:50). Die jeugbediening word ŉ veilige en opwindende ruimte waar jongmense se passie, drome en talente verstaan en ontgin word met die doel dat hulle tot volwasse gelowiges en dissipels groei.

Fields (1998:51) se vyf uitsette behels:

- Verheerliking – God word verheerlik deur aanbidding.
- Evangelisasie – God word deur evangelisasie gekommunikeer.
- Lidmaatskap – God se familie word deur onderlinge meelewing geïnkorporeer.
- Volwassenheid – Deur dissipelskap word ons volwasse.
- Bediening – God se liefde word gedemonstreer deur bediening.

Fields (1998:57) sê: "Our youth ministry exists to reach non-believing students, to connect them with other Christians, to help them grow in their faith, and to challenge the growing to discover their ministry and honor God with their life."

Dissipelskap in die PDYM word in die praktyk deur die volgende gedemonstreer (Fields, 1998:52):

- Evangelisasie word: UITREIK.
- Onderlinge gemeenskap word: KONNEKTEER.
- Dissipelskap word: GROEI.
- Bediening word: ONTDEK.
- Aanbidding word: EERBIED.

Dissipelmaking in die PDYM-jeugbediening word dus binne 'n groter gemeenskap en binne die PDM-gemeente deel van die gemeente se strategie. Dit word soos volg geïllustreer:




**Figuur 3.4** Jeugbediening van PDYM (Fields, 1998:87)

### 3.10.4 Die konsentriese sirkel van die PDYM-jeugbediening

In figuur 3.4 hierbo kan gesien word dat die jeugbediening in die PDYM dit as sy taak sien om tieners vanaf die buitenste gedeelte van die konsentriese voorstelling as deel van die gemeenskap na die episentrum of die kern te neem. Toenemend na binne word die volgende onderskei:

- Gemeenskap ("community"):

  Jongmense wat nog nie deel van die geloofsgemeenskap is of hulself tot enige bediening verbind het nie, kan as ŉ gemeenskapstiener of -soeker geklassifiseer word. Die goeie nuus van Jesus Christus word met liefde en deernis aan hulle bekend gemaak. So word hulle uitgenooi om deel van die toeskouers te word.

- Toeskouers ("crowd"):

  Jongmense wat meer gereeld die eredienste bywoon en betrokke wil raak, val in die toeskouersfeer. Nie elke toeskouer is ŉ dissipel van Jesus nie en hulle word soms ingenooi en saamgeneem deur ander jongmense om die dienste by te woon of kom saam met hulle gesin.

- Lidmate ("congregation"):

  Die lidmate onder die jongmense is oorgegee aan Jesus Christus. Hulle is betrokke by die gemeente, woon kleingroepe by en vorm deel van die bedienings by hulle gemeente.

- Deelnemende lidmate ("committed"):

  Die deelnemende jongmense se lewens getuig daagliks van Christus. Persoonlike Bybelstudie en gebed is kardinaal. Hulle dien met gawes en is betrokke in bedienings. Hulle fokus is om dissipels te maak binne die gemeente, maar ook om oor die grense heen dissipels te maak.

- Kern ("core"):

  Die kernjongmense vervul die sleutelrolle ten opsigte van die uitvoer van die Groot Gebod. Hulle word as volwasse gelowiges beskou en leef hulle gawes uit in die geloofsgemeenskap, bedien ander en kry ook geleentheid om leiers in die jeugbediening te wees. Hierdie tipering spruit uit Jesus wat twaalf dissipels gehad het saam met wie Hy die meeste tyd deurgebring het en op wie Hy sy energie toegespits het. Daar word na Lukas 10 verwys om die volgende toepassing te maak: die inwoners van die dorpies waardeur Jesus gegaan het, stel die gemeenskap voor; die skare wat na Hom geluister het, is die toeskouers; die twee en sewentig volgelinge is die lidmate; die twaalf stel die deelnemende lidmate voor en die drie dissipels, Petrus, Jakobus en Johannes, is die kern (Fields 1998:90).

Die PDYM wil elke jongmens bereik waar hy is en hom/haar bedien om te groei tot geloofsvolwassene in die kern van die gemeenskap.

Fields (1998:105) beveel die volgende metodiek aan om persone in te bring en te begelei na die kern van die konsentriese sirkel:

- **Gemeenskap (Fields, 1998:105-114)**

  Evangelisasie is 'n doelgerigte proses onder leiding van die Heilige Gees en nie 'n program nie. Liefde en geduld is noodsaaklik in die jeugbediening om

gewillige harte te kweek sodat nie-gelowiges bedien kan word met die evangelie van Jesus Christus.

’n Evangeliese jeugbediening sal ’n evangeliese benadering volg, met volle begrip dat dit intensioneel sal wees en geweldige moeilike uitdagings sal bied. Te midde van teenkanting en struikelblokke moet daar radikale pogings aangewend word om die nie-gelowige met die evangelie te bereik.

Die uitreiking na alle nasies is ’n ononderhandelbare deel van die jeugbediening en word as ’n opdrag van God beskou: om te gaan en dissipels te maak. Om in liefde verhoudinge met nie-gelowiges te bou, om ’n konteks binne ’n jeugbediening te skep waaraan ook die nie-gelowige kan behoort, is deel van die PDYM.

- **Toeskouers (Fields, 1998:114-136)**

Vestig ’n ruimte waar tieners welkom voel, ’n ruimte wat kontekstueel relevant is asook ’n ruimte waarin geleer kan word. Die omgewing het ’n groot invloed op die tiener. In die skepping van spasies is die “bring hulle in”-gedeelte soos volg ontsluit: met musiek wat relevant en kontekstueel gepas is, met ’n eerste ontmoeting en verwelkoming, die gebruik van foto’s en spasies wat warm en gemaklik is. Dit moet pret wees sodat die ongelowige tieners nie afgeskrik word deur die stereotipiese beeld van gemeentes nie.

### 3.10.5 PDYM gemeet aan enkele van Graham se dissipelskapstemas

- **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30)**

Doug Fields is ’n voormalige jeugleraar en hy skryf in verband met die “bring hulle in”-gedeelte van PDYM se bediening dat jy eerstens die kerngroep leer hoe om aktief deel te neem aan die aktiwiteite van die geloofsgemeenskap (Fields, 1998:172-192). Tweedens beskou PDYM die jeugbediening as inklusief en jukstaponerend teenoor die hele Saddleback-gemeente.

Jongmense is die kerk van vandag. Die gemeente gaan doelgerig met die jongmense om om lewenslange geloofsvorming en dissipelskap te kweek, en die jeug word as volledig deel van die kerk hanteer.

Die PDYM-model konsentreer ook daarop om jongmense te leer hoe om van ongekerktes lidmate te maak. Die model bemagtig die jongmense op verskeie vlakke, onder andere ten opsigte van Nel se agt elemente en vra verantwoordelikheid van jong dissipels. Tieners word geleer om te wandel in die goeie werke wat vir hulle voorberei is en word geleer om hulle Heilige Gees-gawes te vind, uit te bou en uit te leef. Die PDYM het verskeie metodes om jongmense hulle gawes te laat ontdek en om tieners te begelei in hulle gawes en passie. Daar word meer tyd aan die kern ("core") spandeer ten einde hulle op te rig om aktief in die gemeente se bediening te werk.

- **Formele lering**

Codrington (2004:11) wys op die belangrikheid van begrip van die woord van God vir die verskillende generasies en die noodsaaklikheid om die woord oop te breek met inagneming van die verskillende generasies. Die groter gehoor in die PDYM-konteks bestaan uit volgelinge van Jesus en ongelowiges; daarom word daar klem gelê op kreatiwiteit in die kommunikasie van die evangelie (Warren, 2002:71).

- **Didache/onderrig**

Onderrig is een van die sleutelaspekte binne die PDYM. Fields (1998:122) dui aan dat die gebrek aan waarheid en onderrig in die waarheid, asook ŉ tekort aan antwoorde een van die wesenlike tekortkominge in jeugbedienings is. Die PDYM het ŉ wye verskeidenheid programme geïnkorporeer om die onderrig binne die jeugbediening te doen. Die onderrig word veral toegespits op die "crowd", "committed" en "core" van die tieners, terwyl die "community" nie by die onderrig ingesluit word nie.

- **Liefde vir mekaar en vergiffenis (Markus 12:31, Johannes 13: 34, Matteus 6:14-15)**

  Fields (1998:137-155) wys op die gemeentelike lewe van die tieners. PDYM het lewens-/klein-/selgroepe waar daar intens en intensioneel verhoudinge gebou word. Fields (1998:138) se navorsing lig die belangrikheid van outentieke gemeenteskap en verhoudingsgedrewe kleingroepe uit. Gemeet aan die navorsing in hierdie studie is die "bring hulle in en bou hulle op" duidelik sigbaar in die metodiek van die Saddleback-gemeente. Kleingroepe fokus op die volgende: onderlinge diakonia volgens Galasiërs 5:13, genade met elkeen se geloofspad volgens Romeine 15:7, die leer om te vergewe volgens Kolossense 3:13, begrip dat ons mekaar dra volgens Galasiërs 6:2, en onderlinge lering soos in Romeine 15:14.

  Fields (1998) gebruik die teks in 1 Tessalonisense 2:8 om die liefdesbeginsel te beklemtoon in die maak van dissipels: "Terwyl ons so na julle verlang het, was dit vir ons aangenaam om aan julle nie alleen die evangelie van God mee te deel nie, maar ook ons eie lewe, omdat julle vir ons dierbaar geword het."

- **Breek brood en drink wyn tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19)**

  Die jeug moet tot betrokkenheid in die gemeente gelei word. Tieners word aktief deel van nagmaal in die PDYM-model en nagmaal word gesien as deel van hulle geloofsvorming en lering. Tieners word verder deur kreatiwiteits-, lofprysings- en aanbiddingsbediening geleenthede gegee om die jong geloofsgemeenskap te lei en te begelei tydens eredienste.

- **Maak dissipels (Matteus 28: 19, Markus 16:15 Johannes 20:21), hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31) en maak weer dissipels**

  Fields (1998:156-172) en die PDYM-model praat van die "committed" wat werklik binne die uitbou van dissipelskap deel gemaak word van elke aspek van bediening binne die gemeente. Tieners word begelei om by die sentrum uit te kom vanaf die "community" soos uitgebeeld in figuur 3.4.

PDYM-bediening bevat die volgende dissipelskaptemas wat inpas by Graham se temas:

- "**H** ang time with God"
- "**A** ccountability"
- "**B** ible memorization"
- "**I** nvolvement with the church body"
- "**T** ithing commitment"
- "**S** tudy Scripture"

### 3.10.6 PDYM en die Groot Fokus

PDYM se fokus op Jesus Christus is belyn met die PDM se fokus, alhoewel dit nie so duidelik geformuleer word nie (Fields, 1998:36). Warren (2002:56) se navorsing wys dat deur te fokus op Jesus Christus die evangelie suiwer verkondig word, en deur dit intensioneel en met liefde aan ongekerktes te kommunikeer, word 'n behoefte aan die Groot Opdrag aangewakker.

Fields (1998:46) staan die drie beginsels, naamlik bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit, voor – sonder om hierdie spesifieke bewoording te gebruik. Die Groot Opdrag word deur die PDYM gesien as Jesus se opdrag. Wanneer jongmense persoonlik in 'n verhouding gelei en begelei word, bereik jeugbediening sy primêre doel. Fields (2008:6) verklaar dat jy jou met niks anders kan vul as Jesus self nie. Jesus is dus die fokus en sleutel tot die geloofsvorming van jongmense in die PDYM-model. Fields (2008:4) bevestig verder dat dissipelskap hieruit vloei.

### 3.10.7 PDYM en die Groot Gebod

Die liefdesgebod is die dryfveer van die PDYM, en hulle uitsette word ook gegrondves in die liefdesgebod. Deur verhoudings te bou en tyd te maak, word die liefdesgebod in 'n jeugbediening sigbaar, en 'n jeugbediening kan nie sonder hierdie verhoudings

relevant of lewensveranderend wees nie (Fields, 1998:236). Die Saddleback-gemeente se senior leraar, Rick Warren, stel die visie van die groter gemeente en daarmee saam die PDYM-jeugbediening, soos volg (Warren, 2002:210):

> *"One of the primary reasons for Saddleback's growth is that we love new people. We love visitors. We love the lost. For fifteen years I've watched our members express that love in practical ways: setting up and taking down chairs. The reason why some churches remain small is because they aren't loving. Love draws people in like a powerful magnet. A lack of love drives people away."*

Van Deventer (2010) wys daarop dat ŉ gemeente en tieners se geloofsgroei geaktiveer word wanneer meer liefde toegepas word om jongmense nader aan Jesus Christus te bring, en die PDYM leef liefde uit en leer die mentors hoe om dit outentiek te modelleer (Fields, 1998:46). PDYM het ten doel om deur die onderhouding van die liefdesgebod jongmense tot geestelike volwassenheid te lei. Die Groot Opdrag definieer die modus waarvolgens die PDYM elke faset van hulle jeugbediening laat realiseer, naamlik deur meer en toenemende liefde (Fields, 1998:223).

### 3.10.8 PDYM en die Groot Opdrag

Die PDYM se verdere doelstellings word ontleen aan die Groot Opdrag (Fields, 1998:223). Die PDYM se proses van dissipelmaking word verwerklik deur persone van die gemeenskap na die kern te lei en hulle te vorm. Fields (1998:96) plaas ŉ hoë premie op die verkondiging van die evangelie aan die gemeenskap ten einde die toeskouers te begelei in die oorgawe van ŉ aanbiddingslewe. Daarna word die tiener deur die doop ŉ lidmaat. Verder in die geloofsvorming word die jongmense se gawes en talente ontwikkel as deelnemende lidmate, en as dissipels word hulle verder geleer om deel van die kern te wees.

Die gemeente en die gemeente se jeugbediening volg dieselfde benaderings en strategieë. ŉ Inklusiewe benadering word gevolg (Fields, 1998:44) en die jeugbediening neem ten volle deel aan die dissipelmaakproses van die groter gemeente.

### 3.10.9 PDYM en die agt elemente van Nel

- **Prediking**

  PDYM sien prediking as deel van die geloofsvorming en binne die tienerbediening geskied dit op 'n relevante manier binne die konteks van die tiener se lewe (Fields, 1998:123).

- **Erediens**

  As deel van "bring hulle in en bou hulle op" word die PDYM-model vir eredienste so gehanteer dat binne die tieners se leefwêreld daar met hulle geïdentifiseer word. God se toetrede tot hulle lewens word deur lofprysing en aanbidding op 'n tienervriendelike wyse beantwoord (Fields, 1998:47).

- **Pastorale sorg**

  Binne die PDYM word daar ook pastoraal na die jongmense gekyk deur bekwame mentors en spanne op te rig ten einde die jongmense tot welheid te bring (bou hulle op).

- **Onderlinge meelewing**

  Die PDYM gebruik die doophandeling in Matteus 28 om lidmate deel te maak van die onderlinge meelewing as volwaardige lidmate (Fields, 1998:46).

- **Naastediens**

  Fields (1998:277) leer jongmense om uit te giet, en dit maak deel uit van "stuur hulle uit". Nadat jongmense opgebou is, kan hulle hul talente en gawes uitleef deur naastediens te lewer en andere te bedien.

- **Getuienis**

  Getuienisse vorm 'n groot deel van die PDYM-model, en daar word verskeie getuienisgeleenthede geskep om die jeugbediening lewendig te hou en jongmense die geleentheid te gee om die evangelie oor te dra. Tienergetuienis dra baie krag vir jongmense (Fields, 1998:132). Weeklikse getuienisse word by die PDYM aangehoor.

- **Administrasie en rentmeesterskap**

  Mentors binne die PDYM kry baie opleiding om die geloofsvormingspad van andere te fasiliteer en opleiding en geleenthede te skep om gawes te identifiseer ter uitlewing van die tieners se geloof. Die gawe van administrasie word aangegryp en aangemoedig in tieners wat vanuit hierdie gawe kan funksioneer om 'n dienende geloofsgemeenskap binne die jeugbediening te skep (Fields, 1998:192).

### 3.10.10 Vergelyking van PDYM met ander modelle

Die PDYM-model se uitstaande eienskap is die vermoë om jongmense na binne te bring. Hulle vermoë om kontekstueel relevant te wees dra by tot die gewilligheid by jongmense om die evangelie aan te hoor.

In vergelyking met Graham (2009) se kurrikulum is daar 'n beduidende verskil ten opsigte van die gaan-na-die-nasies-opdrag. Die opdrag om uit te gaan, het meer ten doel om mense deel te maak van die PDYM, en is nie hoofsaaklik daarop gerig om "na die nasies" toe te gaan nie.

In vergelyking met die Every Nation-gemeente blyk die leemte dat PDYM nie baie duidelik uiteen sit hoe dissipelskap prakties uitgevoer word nie. PDYM het nie 'n pertinente kurrikulum vir dissipelmaking nie, maar hulle voer wel die opdrag uit deur uit te reik, te konnekteer, te groei, te ontdek en eerbied uit te oefen. Die PDYM-model het ook die Skrifbeginsel van "gaan na die nasies" gedeeltelik in die jeugbediening geïnkorporeer met die inbring van jongmense na binne.

In vergelyking met Nel (2018) se benadering kan gesê word dat PDYM die praktyk van inklusiewe jeugbediening toepas in hulle hantering van die jongmense by die Saddleback-gemeente.

PDYM en YWAM verskil van mekaar in die sin dat YWAM 'n intensiewe DTS-program het, terwyl, soos vroeër genoem, die PDYM nie 'n duidelike uiteensetting van sy dissipelmakingsproses gee nie. PDYM beoefen wel elke Sondag hulle praktykte en uitsette soos deur Fields (1998:51) voorgestel.

### 3.10.11 Gevolgtrekking

- Die PDYM het baanbrekerswerk gedoen om ŉ inklusiewe benadering tot jeugbediening prakties-teologies te vestig. Die fokus op Jesus is sentraal, die tieners word geleer om in liefde op te tree en om dissipelskap aan te gryp.
- Die Saddleback-gemeente aanvaar en integreer jeugbediening en volg ŉ inklusiewe jeugbedieningsbenadering.
- Die PDYM het strategieë en metodes om jongmense van buite na binne te bring – hulle "bring in".
- Die nakoming van die liefdesgebod en die maak van dissipels word deur vyf metodes bewerkstellig, naamlik aanbidding, bediening, evangelisasie, onderlingheid en dissipelskap.
- Binne die jeugbediening se "bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit" word vyf kategorieë gebruik vir die begeleiding na geloofsvolwassenheid, te wete van gemeenskap na toeskouer, na lidmate, na deelnemende lidmate, na die kern.
- Die navorser meen daar is ŉ leemte in die opsig dat die konsentriese sirkel meer na binne gefokus is; die doel is sterker om by die kern uit te kom as om ook van binne na buite te werk.
- Soekers word op ŉ intensionele wyse na binne gebring.
- Die navorser meen die PDYM sou hulle fokus kon formaliseer ten einde duidelikheid te gee rakende die primêre doel van dissipelskap.
- Die opbou van tieners word kragtig verwerklik wanneer daar getuienisse gebruik word om te deel wat God in die tieners se lewe doen.
- Die Skrif en Skrifopenbaring weeg baie swaar in die PDYM-model en die prediking kry baie aandag in die beplanning om geloof te vorm en tieners op te bou ten einde hulle uit te stuur.

- Gemeenskapsdiens, oftewel diakonia, word ewe veel in die jeugbediening as in die volwasse gemeenskap aangemoedig en gemodelleer. Die dissipelskapselement van "deel uit en gaan uit" word op baie praktiese en relevante wyse vir die tieners in hulle konteks moontlik gemaak word.
- Die jeugbediening leer die jongmense en bou hulle op deur die stelsel om aan die vyf kategorieë gelowiges bediening te gee. Op dié wyse word die jeug ingewy en begelei om volwasse dissipels te wees.
- Onderlingheid gebeur waar tieners gedoop word as inlywing tot die geloof. Dit maak deel uit van die "maak dissipels"-temas. Die ontwikkeling van onderlingheid onder en binne die jeugbediening geniet baie aandag en word as lewensnoodsaaklik gesien. Die navorser sien nie duidelik die verband tussen onderlingheid en die doop nie.

## 3.11 JEUGBEDIENING EN DIE GROOT FOKUS

Die Princeton Theological Seminary in die VSA het deur Dean (2004:6) nagevors dat tieners se passie vir Jesus gevestig en uitgebou moet word. Indien dit nie gedoen word nie, leef jongmense hulle passie op ander wyses uit. Dean (2004:6) toon verder aan dat daar ŉ helder, duidelike fokus op Jesus moet wees as jeugbediening wil slaag.

Van Deventer (2010) se navorsing toon die volgende sienings oor die fokus op Jesus: Meuller (1999:378) is van oortuiging dat die deurslaggewende suksesfaktor van jeugbediening en dissipelskap gesetel is in die fokus op Jesus; Folmsby (2007:19) stel dit veel sterker, naamlik dat jeugbediening sal misluk indien die fokus nie op Jesus is nie; Barna (2001:122-135) toon aan dat ŉ jeugbediening se primêre fokus Jesus Christus en die begeleiding van jongmense in ŉ verhouding met Hom moet wees.

Deur die boodskap van die evangelie word ŉ jeugbediening bemagtig om juis dit te doen wat die evangelie vereis, naamlik om die jongmense in ŉ verhouding met Jesus Christus te bring, wat die primêre taak van ŉ jeugbediening is (Oestreicher, 2008:72).

## 3.12 JEUGBEDIENING EN DIE GROOT GEBOD

Oestreicher (2008:47) skryf dat wanneer daar diep, liefdevolle verhoudinge binne jeugbediening gebou word, lewenslange geloofsvorming haalbaar is. Kopkennis sonder liefde het geen uitwerking of vrug binne jeugbediening nie. Maxwell (1995:163) stel dit soos volg: “People do not care how much you know, until they know how much you care”.

Yousaf (2008:122) doen ryk werk onder tieners, en sy navorsing toon dat wanneer diep verhoudings in liefde gevestig word, dit die katalisator is vir geloofsgroei. Groeschel (2008:130) toon aan dat in die mate wat die onderlinge liefde groei, die liefde vir die buitekerklike ook groei.

## 3.13 VERSKILLENDE FASETTE VAN DIE UITLEWING VAN JONGMENSE SE DISSIPELSKAP

Oestreicher (2008:68) wys daarop dat jongmense bepaalde behoeftes het en uitlewingsmoontlikhede ten opsigte van dissipelskap en geloofsvorming binne ’n gemeente moet hê.

- Onderrig
    - Geleenthede vir onderrig moet geskep word (Oestreicher, 2008:87).
    - Daar moet ’n liefde vir die proses van onderrig gevestig word (Codrington, 2004:112).
    - Hull (2006: 209-226) maak verder melding van die afrigtermodel, “coaching”, en die huidige ontwikkeling daarvan as ’n onderrigstyl. Dit is nie vir die doel van hierdie studie ondersoek nie, maar die navorser is van mening dat daarin ’n verdere veld van ontdekking lê vir die maak van dissipels.

- Prediking
  - Die goeie nuus moet duidelik verstaanbaar en kontekstueel relevant (Davies, 2002:27) gepredik word.
  - Die prediking moet ten doel hê om radikaal veranderde tieners te sien (MacDowell, 1996:11).
- Erediens
  - ŉ Ruimte moet geskep word vir die uitlewing van die tieners se belewenis van God ook deur die liggaamlike uitdrukking van lofprysing (Foster, 1998:169).
  - Codrington (2004:252) sê die musiekidioom van verskillende generasies moet begryp word.
- Pastorale sorg
  - Sinvolle verhoudings moet gevorm word om tieners so met identiteitsontwikkeling by te staan (Miles, 1999:29).
  - Ruimte vir mentorskap en pastorale sorg is noodsaaklik binne jeugbediening (Yousaf, 2008:88).
  - Daar moet mentors opgelei word om tieners te begelei (MacDowell, 1996:7-11).
- Onderlinge meelewing
  - Tieners en jeugbediening skuif van ŉ program na verhoudings wat gebou word (Oestreicher, 2008:72).
  - ŉ Jeugbediening ontwikkel koinonia deur liefde vir mekaar aan te moedig en hierdie tema binne die koinonia word dikwels afgeskeep. Definitiewe strukture moet geskep word om die onderlinge meelewing binne ŉ jeugbediening te bevorder. Die Nuwe Testamentiese Kerk word primêr gekenmerk deur die toenemende omgee vir mekaar (Yousaf, 2008:122).

- Diens
  - Jongmense wil diens lewer en wil, soos Dean (2004) opmerk, hulle enorme passie uitleef en diensgeleenthede verkry.
  - Die liefde moet sigbaar word deur die diens (Barna, 2006:22).
- Getuienis
  - Root (2009:58) verwys onder meer na "place sharing" en wys dat in die dissipelskapverhouding met jongmense die volwassene hom- of haarself moet kan inkarneer in die pyn van die jongmens, sodat die jongmens kan beleef dat Jesus begrip het vir dit wat die jongmens nou hanteer.
  - Van Deventer (2010) wys op 'n uitwaartse strategie sodat buitekerklikes gevind en begelei word in die bou van 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus. Die getuienisse, wat deel uitmaak van jeugbediening, skep 'n atmosfeer waar kragtige getuienisse ander aanraak om ook 'n verhouding met Jesus te soek.
  - Geloofwaardigheid word geskep deur hierdie persoonlike getuienisse tot opbou van gelowiges, asook ongelowiges, te benut (Groeschel, 2008:132-133).
- Administrasie
  - Beplanning vir die uitbou van bediening, spesifiek vir doeleindes van hierdie studie binne jeugbediening, is kardinaal en Chow (2003:19) se navorsing toon dat jongmense geleer en gementor moet word om hulle gawes, met spesifieke verwysing ook na administratiewe gawes, te ontwikkel. Die fokus op Jesus, gepaard met toenemende liefde en die maak van dissipels, lei tot die ontwikkeling van die bediening se kubernesis.

Jongmense moet in hul dissipelmaking geleer word om hierdie verantwoordelikheid op hulle te neem en die bediening uit te bou ten einde 'n dissipelskapmodel te vestig

(Chow, 2003:129). Namate die samelewing verander, moet die strukture ook aangepas word ter wille van relevansie (DeVries, 2008:70).

## 3.14 VERSKILLENDE FASETTE VAN DISSIPELMAKING

Dean (2004:41) verwys na ŉ Sondag-erediens as iets wat die potensiaal het om "the most wasted hour of the week" te wees indien jeugbedienings nie in pas gebring word met die passie van Jesus Christus wanneer dissipelmaking plaasvind nie.

Wat dissipelmakng betref, is Hawkins (2007:11-30) se navorsing rigtinggewend. Hy lig Jesus se drieledige model uit (Markus 3:13-15):

- He brought them in

  Jesus het apostels aangestel; Hy het hulle na homself toe geroep.

- He built them up

  Jesus het die apostels na homself toe geroep dat hulle met Hom kon wees. Vir die volgende drie jaar het hulle nou saam met hom geleef.

- He sent them out

  Jesus het apostels aangestel, Hy het hulle na homself toe geroep sodat hulle met Hom kan wees en sodat Hy hulle mag uitstuur om te preek. Jesus het hulle bemagtig en toegerus om die wêreld te verander.

Barna (2002) weer wys uit dat ŉ dissipel aan die volgende drie sake geken kan word:

- ŉ Dissipel beleef hoe sy toekoms verander deur Jesus Christus as sy Verlosser en Saligmaker aan te neem, en die Christelike geloof is die deurslaggewende lewensfilosofie.
- ŉ Dissipel ondergaan ŉ volledige lewensverandering deur die navolging van Jesus se leer en lewe. Sy verhoudings, waardes en perspektiewe verander.

- ’n Dissipel se wêreldbeskouing verander. Hy of sy het ’n diepere begrip van die ware bedoeling en impak van Christenskap, en dissipelskap word ’n lewenslange geloofsvormingspad.

Navorsing deur Barna (2002:108) toon dat gemeentes in hulle definisie van dissipelskap groot verskille het, maar dat daar oor die volgende eenstemmigheid is:

- Passie: Gemeentes erken en bevind dat dissipelskap oor die algemeen sonder passie is, wat die produk is van organisatoriese programmering.
- Diepte: Kennis is gewoonlik onvoldoende. Persoonlike groei met lewenslange geloofsvorming deur dupliserende dissipelmaking bring diepte.
- Volwassenheid: Elke gelowige moet sy hoogste aardse potensiaal in Jesus bereik; daarom is geestelike volwassenheid ’n aanduiding of die dissipelskapproses suksesvol is.
- Praktyk: Daar moet groot klem gelê word op hoe ’n gemeente ’n “highly effective disciplemaking church” kan word.
- Proses: Daar is metodes en beginsels vir dissipelskap, maar daar moet onthou word dat dit ’n lewenslange proses is.
- Interaktief: Dissipelskap word in gemeenskap en in koinonia uitgeleef, sodat al die gawes in die liggaam van Christus deel het aan die uitvoering van die opdrag.
- Multi-fasette: Alle dissipels moet in verskeie aspekte van die dissipelskappad groei, asook in die ontwikkeling en aanwending van hulle verskillende gawes.
- Lewenslank: Dissipelskap is nie ’n eenmalige kursus nie, maar lewenslange geloofsvorming en uitlewing.
- Gefokus op Jesus: Jesus is die fokus en sy manier van doen word deur ons gedupliseer, sodat ons ook in ons geloofsvorming verander word na Sy beeld.

In die proses van dissipels maak moet daar oor grense heen uitgereik word. Chan benadruk dit dat dissipels na die nasies moet gaan (2012:303) en meen verdere studie

van hoe dit in en deur plaaslike gemeentes gedoen kan word, is nodig. Chan (2012:30) plaas terselfdertyd ŉ hoë waarde op die plaaslike kerk en is van mening dat die dissipel moet deel hê aan die plaaslike kerk.

Vervolgens word weer kortliks gelet op die dissipelmaak-temas wat Graham aandui, met ‘n aanduiding van toepaslike navorsing in dié verband, spesifiek binne die konteks van jeugbediening:

- **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30)**

W W Norton (in Dean 2004:77) sê dat identiteit binne die liefde van God asook ŉ begrip en sekerheid van sy liefde kernbelangrik is in adolessensie. Sommige kerke beskryf adolessensie as ŉ identiteitskrisis en sien die dissipelskapproses as ŉ manier om die waarheid van die liefde van God oor te dra en tiener-identiteit daarbinne te vorm.

Chan (2012:21) skryf dat volgelingskap nie ŉ sombere opoffering is nie. Wanneer ŉ mens die Here liefhet met jou hele hart, siel en verstand en andere soos jouself, maak die liefde van God en die liefde vir God dissipelskap ŉ baie vreugdevolle pad.

Geloof en die navolging van Jesus begin by die verloëning van die self en die opneem van ŉ mens se kruis op ŉ lewenslange geloofspad. Enige iets minder is ŉ “Jesuslose Christenskap” (Bonhoeffer, 1937:64).

Root (2009:109-116) toon die lewensveranderende krag daarvan wanneer jongmense in ŉ dissipelskapproses die liefde van God beleef en dan begryp hoe hulle in ŉ verhouding met God kan wees en sy teenwoordigheid kan beleef. Hawkins (2007:16) verduidelik dat Jesus sy dissipels leer van ŉ verhouding met Hom. Hierdie verhouding leer die jong dissipel hoe om God met sy hele hart lief te hê. Dit sluit aan by Root (2009:109) se verhoudingsgebaseerde benadering van jeugbediening en dissipelskap. In die proses van vernuwing na die beeld van Jesus transformeer jou verhouding met Hom en in die proses om Hom lief te hê, het jy ook andere toenemend lief (Hull, 2006:139).

### ■ Bekering en geloof (Markus 1:15)

Dit is nodig dat die hele geloofsgemeenskap betrokke moet wees by die geloofsgroei van jongmense. Bekering en die bystaan en ontwikkeling van geloof by die jongmense is nie net die jeugleraar se funksie nie (Dean, 2004:91).

Niebuhr (2006) se navorsing toon dat jongmense ŉ geloofskeuse moet maak. Daar is ŉ gegewe moment waar hy of sy ŉ keuse moet maak oor ŉ verhouding met Jesus of ŉ bewussyn moet verkry van ŉ reeds bestaande verhouding met Hom.

Chan (2012:18) definieer die begrip bekeer en verduidelik dat die nuwe dissipel omdraai en in die teenoorgestelde rigting loop; die oproep tot bekering verwag dus aksie.

Hawkins (2007:24) vergelyk wat Paulus in 2 Timoteus 1:2-4 gedoen het met Jesus en sy dissipelskapmodel. Daar was ŉ noue verhouding tussen Jesus en sy dissipels en Paulus het ’n soortgelyke noue verhouding met Timoteus (hy dink “onophoudelik dag en nag” aan Timoteus.) Op dié manier word Timoteus se geloof opgebou.

Barna (2002:20) wys daarop dat ŉ beginsel vir dissipelskap die verstaan van genade is asook die begrip dat redding alleen deur Jesus Christus moontlik gemaak is. Hierdie wete gee die krag om op God se liefde met liefde te reageer en vandaar dan die bekering.

In ŉ bekeerling wat ŉ dissipel word en is, is daar ŉ sesvoudige verandering wat plaasvind namate ons gedagtes verander en ons aan Jesus gelyk word (Hull, 2006:130):

- Die verstand transformeer.
- Die karakter transformeer.
- Verhoudings transformeer.
- Gewoontes transformeer.
- Diens transformeer.
- Invloed transformeer.

- **Word gedoop (Matteus 28:18)**

Om gedoop te word, is jou openbare belydenis van jou geloof. In die eerste eeu was dit ŉ baie groot proklamasie om inderdaad te sê jy volg Jesus nou en om dan gedoop te word in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees. Die dopeling kies om sy lewe in die volheid van God te leef, en dit het die dissipel onderskei van die aanhangers van alle ander gode en filosofieë (Hull, 2007:29). Doop was ŉ openbare handeling en het nie in privaatheid agter kerkmure gebeur nie.

Chan (2012:20) wys daarop dat 'n deel van Jesus se opdrag aan die dissipels was om ander te doop. Hy wys daarop dat doop in die vroeë Christendom onmiskenbaar die merk of teken was van iemand se volgelingskap van Jesus. Die doop toon sigbaar as ŉ openbare geloofsverklaring aan dat die dissipel deel het aan Jesus se sterwe en opstanding.

- **Vervulling met die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8)**

Barna (2001:4) se navorsing lig uit dat lidmate wat volledig in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees leef, normaalweg nie gesien word as ŉ maatstaf vir sukses in gemeentes nie, hoewel dit juis ŉ maatstaf moet wees. Chan (2012:284) toon duidelik dat Jesus sê dit is tot die dissipels se voordeel dat Hy weggaan sodat die Heilige Gees kan kom (Johannes 16:7). Die Heilige Gees sal die dissipels help om God se plan vir die wêreld te laat gebeur. Ook vandag staan die Heilige Gees ons by in die opdrag om te "gaan na die nasies" om dissipels te maak. Die gawes van die Heilige Gees word vir dié doel gebruik. Root (2009:25) wys daarop dat jongmense se gawes ontdek en uitgebou moet word.

Hawkins (2007:111) se navorsing wys ook dat ŉ begrip van en die doop met die Heilige Gees ŉ jong dissipel versterk en in alle waarheid onderrig namate sy of haar lewenslange dissipelskappad ontvou. Jesus maak die dissipels deel van sy wonderwerke in Lukas 8:24 en belowe later (Johannes 17) die Heilige Gees en die krag om meer as Hy te doen. Hiermee maak Hy die dissipels volledig deel van die

Groot Opdrag om ook van andere dissipels te maak deur die werking van die Heilige Gees (Hawkins, 2007:17).

Hawkins (2007:24) vergelyk wat Paulus in 2 Timoteus 1:2-4 gedoen het met Jesus en Jesus se model. In Paulus se noue verhouding met Timoteus moedig hy Timoteus se beoefening van sy gawes aan (2 Timoteus 1:6).

- **Wees aan die woord gehoorsaam (Lukas 11:28, Johannes 8:31, Matteus 6:14)**

Dissipelmakers wat ander dissipels leer, staan onder ŉ verpligting om die Woord van God te ken en te leer ken. Chan (2012:91-288) wy verskeie hoofstukke in sy boek aan metodes om prakties in dissipelskap die Woord oop te breek ten einde ook die Woord te gehoorsaam.

Die 66 Bybelboeke het almal die Heilige Gees as *Auctor Primarius*, en daarom is die Woord van God as eenheid saamgebind (Kuyper, 1909:166-180). Die Bybel word dus as geheel geleer en gelees (Jordaan, 2003:619). Dissipelskap behels die lees en gehoorsaamheid van en aan die volle Woord van God.

Eienskappe van ŉ dissipel wat ander dissipels uit die Woord leer, is volgens Hull (2007:68) die volgende:

- Die dissipel onderwerp hom aan die mentor, en die dissipelmaker leer die dissipel hoe om Jesus te volg.
- ŉ Dissipel leer die woorde van Jesus.
- ŉ Dissipel leer hoe Jesus bedien het.
- ŉ Dissipel boots Jesus na.
- ŉ Dissipel vind en leer ander dissipels.

Hawkins (2007:2) sê dat gelowiges na en in geloofsvolwassenheid groei deur dissipelskap en ŉ begrip van die Woord, asook deur begeleiding en ŉ verantwoording oor gehoorsaamheid aan die Woord. Vroeër is ook in die YWAM-model daarop gewys

dat om God se stem uit die Woord te leer verstaan, onontbeerlik is vir die dissipelskappad.

Barna (2002:20) wys daarop dat dit ŉ beginsel van dissipelskap is om aan die Woord gehoorsaam te wees, en dat om net Jesus te verklaar sonder enige aksie of reaksie op sy Woord nie dissipelskap is nie.

Hawkins (2007:24) dui aan dat Paulus in 2 Timoteus 2:16 in sy noue verhouding met Timoteus dié se verstaan van die Woord beklemtoon. In 2 Timoteus 4:2 beveel Paulus Timoteus ook: "Verkondig die Woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig."

- **Liefde vir mekaar en vergiffenis (Markus 12:31, Johannes 13:34, Matteus 6:14-15)**

Dean (2004:90) skryf dat jongmense "verhoudingsgebaseerde jeugbediening" aanhang as hulle begryp dat ŉ geloofsgemeenskap daar is vir hulle en dat die liefdesgebod deur verhoudings prakties uitgeleef word. Root (2009:16) wys ook duidelik dat jongmense die behoefte het dat daar sigbaar verhoudings moet wees om uitdrukking te gee aan die liefdesgebod. Verhoudingsgebaseerde dissipelmaking is dus onontbeerlik in jeugbediening.

Dean (2004:69) verklaar dat ŉ passielose kerk nooit vir passievolle jongmense aantreklik sal wees nie. Die liefde en passie van Jesus en die liefde vir mekaar moet "vertaal" word binne hulle konteks sodat die jongmense die passie en liefde van Jesus kan leef.

Dissipelskap het ten doel het om mense te help om te transformeer en meer aan Jesus gelyk te word. Ons het mekaar nodig, ook om in liefde mekaar se nood te verlig (Barna 2002:22).

- **Breek brood en drink wyn tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19)**

Dean (2004:120) se navorsing toon dat die gemeenskaplike maal en wat dit beteken vir jongmense ŉ baie groot aantrekkingskrag het. Dean (2004:77) sê dan dat koinonia saam met volwasse mentors nodig is en dat jongmense wil weet of volwassenes daar sal wees vir hulle om hulle deel te maak van die liggaam van Christus.

- **Bid (Lukas 11:1-13)**

In Lukas 9:18 maak Jesus die dissipels deel van sy gebedstyd. In Timoteus 1:3 moedig Paulus Timoteus, in navolging van die Jesus-model, ook aan tot ŉ ywerige gebedslewe. Hawkins (2007:121) verduidelik hoe jongmense in hulle dissipelskap geleer word om met God te praat deur soms te luister na sy stem. Daar moet erkenning aan sy Woord gegee word en gedissiplineerd tyd gemaak word om na Hom te luister en met Hom te praat.

In hierdie navorsing is dikwels reeds getoon dat jongmense ingebring moet word in ŉ liefdesgemeenskap. Die inbring behels ook die gebruik van sosiale media omdat dit ŉ baie groot deel is van jongmense se leefwêreld (Kendall, 2007). Sosiale netwerke en ander moderne media kan doelgerig gebruik word om jongmense te leer bid en hulle binne ŉ gemeenskap deel te maak van gebede (Kendall, 2007:3-21). Voorbeelde van hierdie netwerke is Sms, Whatsapp, Facebook, Instagram en Snapchat.

- **Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8)**

Jongmense se dissipelskappad verdiep namate hulle leer om hulle tyd, talente en skatte vir Jesus vir die uitbou van die Koninkryk te gee (Hawkins, 2007:118-120). Barna (2001:5) se navorsing toon dat in die groei van nuwe dissipels ŉ spontane demonstrasie van selflose opoffering nodig is en dat dit uitdrukking kry wanneer na ander uitgereik word om hulle in hulle emosionele, fisiese, finansiële asook geestelike nood by te staan.

- **Maak dissipels (Matteus 28:19, Markus 16:15 Johannes 20:21), hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31), verkondig die evangelie en die siklus begin weer**

Barna (2001:8) wys uit dat gemeentes wat van dissipelskap erns maak, minder programgedrewe en meer verhoudingsgedrewe sal wees; daar sal minder beklemtoning van konsensus en meer bou van karakter wees; minder herroeping van Bybelverhale en meer beklemtoning van Bybelse beginsels; minder besorgdheid oor getalle en meer besorgheid oor toegewydheid, wysheid en diep verhoudings; daar sal ŉ hoë premie wees op die bou van geloof en die uitleef van dissipelskap.

Hawkins (2007:16,21) wys dat Jesus in Lukas 8:1-3 die dissipels deel maak van sy bediening deur hulle uit te stuur. Hy leer hulle om ook ander te gaan leer en sê dringend: “Gaan nou!”

Barna (2002:31) se navorsing in meer as duisend gemeentes verklaar dat dissipelmaking nie gebeur net omdat daar ŉ kerk of plaaslike gemeente is nie. Dit gebeur wanneer daar intensioneel en strategies besin word om dissipelskap te fasiliteer en ŉ proses en filosofie ten opsigte van ŉ dissipelskapproses of -metode bewerk word. Dit is noodsaaklik dat ŉ gemeente intensioneel en aktief aan so ŉ model werk om ŉ dissipelmakende gemeente te word. Ook Chan (2012:31) wys daarop dat dissipelskap meer as net ŉ program in kerke is en dat dissipelskap ŉ lewenswyse moet wees. ŉ Dissipel is ook per definisie ŉ dissipelmaker wat van andere dissipels van Jesus maak deur te gaan, te doop en self en andere te leer.

Volgens Hull (2006:41) se navorsing volg kerke in die VSA, Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland ŉ strategie van nie-dissipelskap-Christenskap: kerklidmate is Christene sonder dat hulle dissipels hoef te wees of ŉ poging hoef aan te wend om Jesus te volg. Lidmate wat deur hierdie nie-dissipelskapmodel opgelewer word, ontwikkel ŉ spiritualiteit waarin daar nie aan lewenslange geloofsvorming aandag gegee hoef te word nie.

Hull (2006:19) wys verder op wat ŉ dissipel of dissipelskap nie is nie:

- Dissipelskap is nie ŉ program nie, dit is ŉ lewenswyse.

- Dit is nie ŉ produksielyn nie; God se metode is glorieryk, onvoorspelbaar en nie simmetries nie.
- Dit is nie net vir beginners bedoel nie; dit is noodsaaklik dat ŉ dissipel altyddeur dissipelskap bly beoefen soos byvoorbeeld deur die Woord te bestudeer.
- Dit is nie net vir leiers nie; dit is vir elke Christen wat nuut gebore is in Jesus en besig is om sy of haar geloof uit te leef.
- Dit is nie net vir die hoogsgeleerdes nie; Jesus gebruik elke persoon wat homself beskikbaar stel.

Die kwaliteite van ŉ dissipel binne ŉ dissipelskapgebaseerde en -gefundeerde geloof soos geleer deur die Woord, word ooreenkomstig Hull (2006:46) se navorsing hieronder aangedui:

Persoonlike karaktertrekke van ŉ dissipel:

- ŉ Dissipel onderwerp hom aan Jesus deur Woordgehoorsaming en gebed (Johannes 15:7).
- ŉ Dissipel dra vrug (Johannes 15:8).
- ŉ Dissipel reageer op God se liefde deur gehoorsaamheid (Johannes 15:9-10).
- ŉ Dissipel het vreugde (Johannes 15:11).
- ŉ Dissipel het lief soos Jesus lief het (Johannes 15:12-1).

Persoonlike bevoegdhede van ŉ dissipel:

- ŉ Dissipel onderwerp hom aan ŉ mentor wat hom leer hoe om Jesus te volg.
- ŉ Dissipel leer Jesus se woorde.
- ŉ Dissipel leer Jesus se wyse van bedien.
- ŉ Dissipel boots Jesus se lewe na.

- ’n Dissipel vind andere en leer hulle van Jesus.

Volgens Dean (2004) sê Kierkegaard dat hy glo die jeug het ’n baie spesifieke en nodige getuienis vir die kerk en hierdie getuienis moet ontgin en geaktiveer word. Dissipelmaking en die ontdekking van ’n lewenslange model en beginsels in navolging van Jesus vind plaas deur opoffering, onderdanigheid, nederigheid en geduld (Hull, 2006:292).

Wright (2010:23) se navorsing toon dat gemeentes in die maak van dissipels God se sturende missie moet omarm en die taak opneem om as gestuurdes die Groot Opdrag uit te voer; dat hulle na die nasies, oor taal-, kultuur- en geografiese grense heen, moet gaan om hierdie opdrag uit te voer.

Al bogenoemde navorsers se opmerkings is van essensiële belang vir die ontwikkeling en toepassing van ‘n prakties-teologiese kurrikulum in jeugbediening. Gemeentes behoort die verskillende temas, fasette, aksies en kwaliteite onder die knie te kry en in die praktyk toe te pas.

## 3.15 FINALE OPMERKINGS OOR DIE DISSIPELSKAPPAD

Kendall (2007) het navorsing gedoen oor sosiale media en bevind dat daar verskeie maniere is waarop sosiale media gebuik kan word in die bou van verhoudings ten einde ’n sinvolle dissipelskappad te loop. Die gebruik van Youtube-videos is ’n effektiewe manier waarop dissipelskapbeginsels prakties aan dissipels oorgedra kan word en Kendall (2007:103-111) bespreek die moontlikhede en gevare hiervan. Die navorser is van die oortuiging dat die studie oor die gebruik van sosiale media in dissipelskap wonderlike geleenthede vir dissipelmaking kan oopmaak. Daar is wel die uitdaging dat baie van die platforms wat tydens navorsing gebruik word, vinnig verouderd raak. Kendall (2007) het uitstekende navorsing gedoen, maar platforms soos MySpace en Friendster is reeds verouderd.

Hawkins (2007:129) wys daarop dat dissipelskap lewenslange geloofsvorming is en dat toerekenbaarheid binne hierdie verhouding van kardinale belang is vir die

voortsetting van die dissipelskappad asook die aktivering van die volgehoue dissipelskapproses.

Chan (2012:31) skryf dat dissipelskap nie ŉ dooie program is wat kerkgangers as toeskouers laat nie, maar ŉ lewende wyse waarop bediening, en vir doeleindes van hierdie studie jeugbediening, aangepak moet word. Chan (2012:31) wys op die belang van Jesus se drie fases in Matteus: Gaan, doop mense en leer hulle om te onderhou. Dissipelskap hou dus nooit op nie, en die proses is nooit klaar nie, dit is ŉ lewenslange geloofsvormingspad (Chan, 2012:33).

Daar is ŉ geweldige noodsaak vir ŉ meer intensionele fokus op die dissipelskapproses en vir ŉ beter definiëring van sinvolle uitsette vir so ŉ proses. Gegewe die regte motivering sal die meeste gelowiges gewillig wees om deel te wees van so ŉ lewenslange geloofsvormingsproses (Barna, 2002:55).

## 3.16 GEVOLGTREKKINGS

Uit die navorsing in hierdie hoofstuk oor wat in die praktyk gebeur, nie gebeur nie en behoort te gebeur kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word:

- Tendense binne jeugbediening wys dat toonaangewende jeugbedienings fokus op Jesus – met groot resultate.
- Tendense wys dat dissipelskap en Christologie onlosmaaklik van mekaar is.
- Jongmense het passie, en hierdie passie moet aangewend word om energie binne gemeentes te kanaliseer ten einde dissipels te maak wat weer ander dissipels maak.
- Dissipelskap is ŉ lewenslange geloofsvormingsproses.
- Jesus het ŉ model gehad waar Hy dissipels na binne gebring het, hulle opgebou het en hulle uitgestuur het.
- Graham se dissipelskapproses wys sinvolle kurrikulum-temas uit.

- Liefde binne jeugbediening en die bou van jeugbediening is ŉ sleuteltema vir die maak van dissipels.
- Geloof of bekering is nodig op die dissipelskapspad.
- ŉ Nuwe bekeerling moet gedoop word.
- Dissipels moet leer hoe om vertroud te raak met die Woord en dit te gehoorsaam.
- Liefde en vergiffenis is nodig binne dissipelskapbediening.
- Daar moet gereeld nagmaal gevier word as ŉ tema van dissipelskap.
- Gebed en aanbidding is noodsaaklik – dissipels moet leer hoe om in gesprek met God te wees en hulle begeertes bekend te maak, asook om Hom te loof.
- Dissipels word geleer hoe om te gee.
- Dissipels word geleer hoe om weer van andere dissipels te maak.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE NAVORSING IN DIE ONDERSOEK NA ’n KURRIKULUM VIR DISSIPELSKAP BINNE JEUGBEDIENING

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese aard en die empiriese waarde van die navorsing wat gedoen is verduidelik. Die navorsingsontwerp word gemotiveer en uiteen gesit, waarna die kwalitatiewe aard van die studie aandag kry. Voorts word die navorsingsmetodologie vir die insameling en verwerking van die data belig. Die behandeling van navorsingsontwerp en –metodologie het hier dus spesifiek betrekking op die empiriese navorsing wat in die huidige hoofstuk bespreek word. Origens word ook die implikasies van navorsingsetiek vir die huidige studie bespreek. Lovell (2009, 127 – 144) se inleiding tot hoe navorsing benader word, gebaseer op spesifieke temas, is vir die doeleindes van hierdie studie as ’n omvattende inleiding vir empiriese navorsing deeglik ondersoek.

Met hierdie uiteensetting van navorsingsontwerp en -metodologie toon die navorser watter gekose ontwerp vir die huidige navorsing gebruik is. Metodologies is, soos in hoofstuk 1.4.2 uitgestippel is, ’n deduktiewe werkswyse gevolg en van ‘n gestelde hipotese uitgegaan.

## 4.2 EMPIRIESE NAVORSING

Hierdie studie berus op ‘n grondige literatuurstudie, ‘n evaluerende ondersoek na verskeie dissipelskapmodelle en –benaderings en laastens empiriese navorsing. Laasgenoemde behels dat daar nie net op teoretisering deur middel van logika en beredenering gesteun word nie, maar dat data uit die werklike lewe gebruik word om konklusies te formuleer. Die navorser se direkte waarneming en belewing van fenomene in die werklike lewe staan voorop in empiriese navorsing. Data wat op hierdie wyse ingesamel word, word primêre data genoem en kan die sekondêre data verkry uit navorsingsliteratuur aanvul.

Die proses van verstaan, interpretasie en singewing staan sentraal in ʼn empiriese studie (Hoffman, 2002:156). Die navorser kom tot kennis van die kenbare deur empiriese data in te samel, dit te interpreteer en ʼn sinvolle teorie of ʼn praktykgerigte metodologie te ontwikkel. Die kurrikulum wat in hoofstuk 5 van die huidige studie voorgehou word, word as ‘n praktykgerigte metode van dissipelmaking ontwikkel.

Empiriese navorsing toets dus die insigte en bevindings van ander navorsers, soos dit blyk uit ʼn toepaslike literatuurstudie, aan die praktyk (Kritsinger, 2000:9). Daar kan vasgestel word of vorige bevindings geldig is en nuwe vrae kan na vore kom wat nog nie vantevore ondersoek is nie. Op dié manier kom nuwe kennis tot stand en verkry die navorsing funksionaliteit en sinrykheid.

Die huidige empiriese studie word gedoen aan die hand van die Zerfass-model wat uit ʼn basisteorie, metateorie en praktykteorie bestaan (Heitink, 1999:113). Die Zerfass-model beskryf ʼn beweging van praksis na teorie na praksis. Die beginpunt is ʼn bestaande praksis, praksis 1, wat uit ʼn spesifieke teologiese tradisisie ontwikkel het. Dit is volgens die Zerfass-model nodig dat ʼn empiriese studie van faktore buite Skrifverklaring om ook gedoen moet word om konteks aan praksis 1 te verleen. Metodes soos onderhoude, gevallestudies, narratiewe analises, waarneming, groepsgesprekke, spontane gesprekke en vraelyste (Pieterse, 1993:176; Kritzinger, 2000:16-17) kan aangewend word om ʼn situasie-analise te doen. Die teologiese tradisie en die situasie-analise word dan met mekaar vergelyk en ʼn nuwe teorie word geformuleer wat uitloop op ʼn nuwe praksis, praksis 2. ʼn Siklus word bewerkstellig deurdat die nuwe praksis mettertyd weer eens getoets word teen tradisie en situasie-analise (Lovell, 2009:129).

## 4.3 DIE NAVORSINGSONTWERP

### 4.3.1 Wat is navorsingsontwerp?

Voordat ʼn gebou opgerig kan word, moet daar ʼn plan en ontwerp beskikbaar wees. Moet dit ʼn enkel- of meerverdiepinggebou wees? Gaan dit ʼn kantoor, woonstel of dalk

ŉ winkelkompleks wees? Eers wanneer ŉ grondontwerp beskikbaar is, kan voortgegaan word om boumateriaal te bestel, ŉ werkskedule op te stel, fondasies te gooi, en so meer. Hierdie analogie is ook op navorsing van toepassing.

Die navorsingsontwerp is die oorkoepelende plan wat die verband lê tussen die konseptuele navorsingsprobleem en die relevante empiriese navorsing (Van Wyk, 2012). Die ontwerp bepaal dus watter soort data nodig is, watter metodes aangewend sal word om data in te samel en te verwerk en die wyse waarop die sentrale navorsingsvraag beantwoord sal word (Van Wyk, 2012). In die huidige geval bepaal dit ook die wyse waarop die navorsingsdoelstellings vanuit 'n gevormde hipotese bereik kan word. Volgens Mouton (1996:107) kan die essensie van navorsingsontwerp verstaan word as "… a set of guidelines and instructions to be followed in addressing the research problem". Mouton en Marais (1993:33) is van mening dat die beplanning van die navorsingsontwerp die uiteindelike geldigheid van die navorsing verhoog.

Belangrike temas van die navorsingsontwerp van die huidige empiriese studie is die volgende:

### 4.3.2 Die navorsingsparadigma

Elke navorser werk vanuit ŉ bepaalde paradigma. ŉ Stel filosofiese beginsels lê aan die grond van ŉ paradigma. Schwandt (2001) se woordeboek beskryf ŉ paradigma as "a shared world view that represents the beliefs and values in a discipline and that guides how problems are solved". Janse van Rensburg (1996:153) gaan verder en beskou ŉ paradigma as "… ŉ model, vertrekpunt, verwysingsraamwerk, ŉ konsep of veronderstelling wat die wyse van fundering, strukturering, aanbieding en konklusie van ŉ saak of leerstelling rigtinggewend bepaal". Oor die algemeen word daar onderskei tussen die volgende navorsingsparadigmas, alhoewel daar meer kan wees: positivisme, konstruktivisme/vertolking en pragmatisme (Lovell, 2009:130).

Hierdie studie word vanuit die paradigma van vertolking of interpretasie uitgevoer. Waar die positivistiese paradigma van die standpunt uitgaan dat wetenskaplike metodes die enigste manier is om die waarheid en die objektiewe realiteit vas te stel, benader die vertolkende paradigma die wêreld en die werklikheid soos ander dit sien

en ervaar (Kawulich, 2012). Die gevolg is dat die positivisme merendeels ŉ kwantitatiewe metodologie volg, terwyl die vertolkende paradigma ŉ kwalitatiewe metodologie volg. Positivistiese navorsing verkies die gebruik van kwantitatiewe metodes soos gestruktureerde vraelyste, opnames en amptelike statistiek om objektief verifieerbare gevolgtrekkings te maak, terwyl vertolkende navorsing voorsiening maak vir die kompleksiteit van mense en die individualiteit waarmee hulle op die werklikheid reageer. Ongestruktureerde of semigestruktureerde onderhoude en die observasie van die deelnemers aan die navorsing, soos in die huidige studie onderneem word, word dus algemeen deur dié soort navorsing as metodologie verkies.

### 4.3.3 Die aard van die studie

Die sentrale navorsingsfokus van die huidige studie, naamlik ŉ groep predikante, ŉ professor, asook pastore in groeiende kerkbedienings, se begrip of verstaan van dissipelskap en die temas/beginsels van dissipelskap binne ŉ jeugbediening bepaal die spesifieke eienskappe van hierdie studie. Die vertolkende paradigma aan die grond van die studie speel ook hierin ŉ rol (Lovell, 2009:132).

#### 4.3.3.1 Kwalitatiewe navorsing

Waar kwantitatiewe navorsing staatmaak op die objektiewe meting van data deur middel van logika en deur statistiese en matematiese analises, vereis die uniekheid van die menslike wese en sy subjektiewe belewenis en verstaan van sy werklikheid ŉ oper, minder gestruktureerde en soepeler wyse van navorsing. Kwalitatiewe navorsing vervul hierdie rol en word in die huidige studie gebruik.

Voor die negentiende eeu het opvattings oor die inwin van kennis nog sterk gesteun op die siening van die Griekse filosowe Plato en Aristoteles dat kennis net op ŉ absolute, sistematiese en logiese wyse verwerf kan word. Filosowe soos Immanuel Kant en Edmund Husserl het die weg gebaan vir kwalitatiewe navorsing met hulle insig dat "… life consists of what we experience in our activities and reflections as we live out our personal histories and that we live in a matrix of complex relationships with

others. Therefore, humans cannot be studied as isolated units but must be understood in the context of their ‘lived world’ or cultural and social connections”. Kwalitatiewe navorsing is by uitstek geskik vir die bestudering van mense se verstaan van hulle leefwêreld, vir die beskrywing van hulle ervarings en selfbegrip en vir die opheldering van hulle perspektief op die wêreld (Seidman, 1998:3-4).

Mense skep dus self die betekenis en belangrikheid van hul leefwêreld. Die rede daarvoor word deur Jones (1985:46) beskryf: “They do so by bringing to bear upon events a complex personal framework of beliefs and values, which they have developed over their lives to categorise, characterise, explain and predict the events in their worlds. It is a framework which, in a social world, is shared in some parts with some others but one in which the points of communality cannot be assumed as self-evidently, non-problematically, ‘given’. In order to understand why persons act as they do, we need to understand the meaning and significance they give to their actions.”

Met kwantitatiewe navorsing handhaaf die navorser ŉ objektiewe afstand teenoor sy navorsingsproses, maar die kwalitatiewe navorser is nou betrokke by die hele proses van data-insameling, -verwerking en -interpretasie. Nie net word deelnemers se belewenisse en sienings weergegee nie, maar die navorser se eie waarnemings tydens die onderhoude of ander navorsingsmetodes is van kernbelang (Lovell, 2009:134).

Veldwerk is deel van kwalitatiewe navorsing. Met veldwerk word interaksie geskep met mense in hul natuurlike omgewing en die navorser gaan fisies na die mense, plek of instansies toe wat bestudeer word. Veldwerk is eintlik ŉ oorkoepelende term wat verwys na die verskillende interaktiewe wyses waarop die navorser sy inligting inwin. Die doel met veldwerk is om die persoon se belewenisse waar te neem en te verstaan.

Kwalitatiewe veldwerk kan soms aangevul word met kwantitatiewe navorsing. Sodanige triangulasie verseker dat intrinsieke bevooroordeeldheid voorkom word en dat die bevindings dus groter geldigheid verkry deurdat kruisverifikasie plaasvind (Lovell, 2009:134).

Aangesien die huidige studie gerig is op die ondersoek van predikante en pastore in groeiende gemeentes se verstaan van dissipelskap met die oog op die ontwikkeling

van ’n dissipelskapsmodel in jeugbediening, is kwalitatiewe navorsing wat terselfdertyd verkennend en kontekstueel van aard is die aangewese tipe navorsing.

#### 4.3.3.2 Verkennende navorsing

Kwalitatiewe navorsing is primêr verkennende navorsing, dit wil sê die navorsing wil nie, en kan nie, finale, onweerlegbare gevolgtrekkings uit die data maak nie. Die navorsing lei tot “… insight and comprehension rather than the collection of accurate and replicable data” (Mouton & Marais 1993:43). Verkennende navorsing is dus dikwels gerig op nuwe problematiek waaroor daar nog min navorsing gedoen is (Lovell, 2009:131).

Diepte-onderhoude word algemeen in verkennende navorsing gebruik om data in te samel. Die onderhoude is gewoonlik ongestruktureer of semi-gestruktureer en bied die persone met wie die onderhoud gevoer word die geleentheid om in hul eie woorde op oop vrae te antwoord in plaas van te kies tussen vaste response op vrae. Sulke antwoorde vereis van die navorser om buigsaam te wees en op grond van nuwe idees en voorstelle wat geopper word die gesprekke ook in nuwe rigtings te kan stuur. Die navorser moet so onpartydig moontlik probeer wees. Die persone moet dus nie op grond van vooropgestelde idees en aannames in ’n spesifieke rigting aangepor word nie. Die doel is juis om insig te verkry in ’n situasie, fenomeen, gemeenskap of individu (Bless & Higson-Smith, 1995:42).

#### 4.3.3.3 Kontekstuele navorsing

Mense bestaan en leef nie in isolasie nie. ’n Netwerk van komplekse onderlinge verhoudinge en individuele belewenisse moet in ag geneem word wanneer menslike problematiek bestudeer word. Die deelnemers aan die navorsing moet binne die konteks van hul geleefde wêreld benader word as die navorser diepte-kennis en begrip in verband met die geïdentifiseerde problematiek wil bekom.

Hierdie studie berus op kontekstuele navorsing. Verskeie predikante, pastore en ander Woordbedieners is binne die konteks van hulle bedieningswerk tydens diepte-

onderhoude ondervra. Die “waarheid” is ontwykend en die uiteindelike gevolgtrekkings waartoe gekom en die kurrikulum-temas wat ontwikkel word, berus op die konteks van die deelnemers se praktiese bedieningservaring.

Mouton en Marais (1993:50) wys daarop dat kontekstuele navorsing nie verteenwoordigend kan wees van die totale populasie nie en dus is dit ook nie van toepassing op die totale populasie nie. Daar kan dus nie universeel geldende afleidings gemaak word nie. In die huidige studie kan daar egter binne die konteks van die ervaringswêreld van die subjekte met wie onderhoude gevoer is en binne die konteks van ŉ stadsgemeente wel ŉ kurrikulum vir dissipelskap in jeugbediening ontwikkel word. Dit hang ten nouste saam met die noukeurige rapportering deur die navorser van die data, die persoonlike waarnemings, spesifieke mense en situasies en ook tydsperiodes wat vir die navorsing belangrik is. Die navorser moet goed vertroud wees met die wêreld waarbinne die navorsing geplaas is en behoort kontekstuele faktore wat die navorsingsuitslag kan beïnvloed te identifiseer (Lovell, 2009:132).

Alhoewel ŉ kwalitatiewe, verkennende studie dus meer kontekstueel gebonde as van universele belang is, word daar ook aanvaar dat indien die betekenis van ŉ fenomeen binne ŉ spesifieke konteks verstaan word, dit makliker sal wees om fenomene in ander soortgelyke situasies te verstaan (Burns & Grove, 1997:29-30).

#### 4.3.3.4 Beskrywende navorsing

Beskrywing word gewoonlik vereenselwig met kwantitatiewe navorsing wat objektiewe, meetbare data in statistiese vorm weergee en verwerk. Tabelle en grafieke maak ŉ groot deel van hierdie tipe navorsingsrapportering uit.

Ook kwalitatiewe navorsing kan egter van beskrywing gebruik maak. Dit is effektief vir die ondersoek na fenomene wat moeilik kwantifiseerbaar is. Die ondersoek berus op verslaggewing en waarneming deur deelnemers wat ervaring van die fenomeen het. Data word so ontleed en georganiseer dat patrone en temas na vore tree wat ŉ mate van klassifisering moontlik maak (Lovell, 2009:134).

Die huidige studie maak gebruik van beskrywing. Die navorser moet ŉ sistematiese, feitelike en akkurate beskrywing gee van die diepte-onderhoude met ŉ aantal predikante, pastore en ander Woordbedieners en die resultate wat daaruit voortvloei (Mouton & Marais, 1993:44).

Aangesien daar weinig oor hierdie onderwerp in die GKSA beskikbaar is, word sterk gefokus op die beskrywing van die navorsing. Ook bevindinge word benut om te beskryf eerder as om te verduidelik (Terreblanche & Durheim, 1999:39). Gedetailleerde besonderhede wat uit die navorsing blyk, word deskriptief gerapporteer.

#### 4.3.3.5 Deduktiewe navorsing

Die navorsing vir die huidige studie verloop volgens ŉ deduktiewe navorsingsproses. Waar deduktiewe navorsing van ŉ teorie uitgaan wat teen die navorsingsdata getoets word, versamel induktiewe navorsing die data en ontwikkel die teorie op grond daarvan (Gabriel, 2013). Deduktiewe navorsing verloop van die algemene na die besondere. In die huidige studie is 'n hipotese (die algemene) geformuleer wat in die praktyk getoets en beantwoord word (die besondere).

Alhoewel deduktiewe navorsing normaalweg uiters geskik is vir kwantitatiewe navorsing, word in die huidige studie ook soepel, kwalitatiewe navorsingsmetodes soos onderhoude en waarneming deduktief benut, wat verder meebring dat daar meer klem op konteks geplaas word as op oorsaak en gevolg.

## 4.4 DIE NAVORSINGSMETODOLOGIE

ŉ Navorsingsprojek kan slegs suksesvol afgehandel word as dit "… deur ŉ sinvolle navorsingsmetodologie onderskryf word. Navorsingsmetodologie is die 'gereedskap' waarmee die navorsingsprojek onderneem word. Die metafoor is duidelik: sonder die toepaslike gereedskap kan geen projek suksesvol gedoen word nie" (Lategan: 2006:141). Die metodologie het te make met die spesifieke tegnieke wat gebruik word

om data in te samel, te verwerk en te analiseer. Die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing hang af van die effektiewe gebruik van die navorsingsmetodes. Dus is beide die navorsingsmetode en die kundigheid van die navorser bepalend vir die verkryging van die verlangde inligting (Botha, 2001:14).

Aangesien hierdie studie kwalitatief van aard is, is diepte-navorsing nodig. Leedy en Omrod (2001:147) werp lig op die navorsingsmetodologie in kwalitatiewe navorsing: “To answer some of the research questions we cannot skim across the surface. We must dig deep to get a complete understanding of the phenomenon we are studying. In qualitative research we collect numerous forms of data and examine them from various angles to construct a rich and meaningful picture of a complex, multifaceted situation.”

Vir die huidige studie is die volgende aspekte en tegnieke rondom navorsingsmetodologie belangrik: die wyse waarop die groep deelnemers aan die onderhoude, dit wil sê die steekproef, saamgestel is; die vooraf kontrolering van navorsingsvrae; die onderhoud en ook veldnotas as tegnieke vir data-insameling; die data-analiseringsmetode; die betroubaarheid van die navorsingsproses. Ten slotte word die belang en rol van navorsingsetiek belig (Lovell, 2009:134).

### 4.4.1 Die steekproef

Vir alle navorsing bestaan daar ŉ teikenpopulasie. Dit is die populasie of groep wat die navorser wil betrek en analiseer. Aangesien hierdie populasie baie groot kan wees, word die navorser dan genoodsaak om ŉ kleiner groep, bekend as ŉ steekproef, saam te stel (Lyons, 2003: 272). Die kleiner groep, of steekproef, word uitgekies as verteenwoordigers van die hele navorsingspopulasie (Morse & Field, 1996:65; Burns & Grové, 1997:294).

Klein steekproewe pas veral in by kwalitatiewe navorsing vanweë die verkennende en vertolkende aard van hierdie tipe navorsing. ŉ Kleiner steekproef maak diepte-ondersoek moontlik.

Die manier waarop ŉ steekproef saamgestel word, is belangrik omdat dit die kwaliteit, effektiwiteit en stabiliteit van die resultate kan beïnvloed (Anastas & McDonald,

1994:258). Ook die doelwit van kwalitatiewe navorsing, naamlik die uitvoering van 'n diepte-studie waaruit 'n teorie of 'n model geformuleer kan word, bepaal die steekproefsamestelling.

Normaalweg word twee maniere vir 'n steekproeftrekking onderskei: ewekansig en nie-ewekansig. Ewekansige steekproeftrekking, wat dikwels in kwantitatiewe navorsing gebruik word, behels dat alle mense in die teikenpopulasie 'n ewe groot kans het om vir die steekproef gekies te word. Die moontlikheid is dus groter dat die steekproef verteenwoordigend sal wees en dat die resultate op die hele groep van toepassing sal wees (Mouton & Marais, 1993:120).

Daarteenoor is nie-ewekansige steekproeftrekking, wat in die huidige studie gebruik word, meer doelwit- en kriteriumgebaseerd. Dit beteken dat nie alle temas of persone van die teikenpopulasie 'n gelyke kans op insluiting het nie. Die steekproeftrekking vir die huidige studie is doelgerig gedoen om deelnemers te verkry wat relevante diepte-inligting vanuit 'n toepaslike ervaringsfeer kan verskaf. Die steekproef bestaan uit: 3 predikante van die Nederduits-Gereformeerde kerk, 1 predikant van die Gereformeerde kerk, 1 predikant van die Hervormde kerk, 1 pastoor en basisleier van YWAM (Youth With A Mission), 1 pastoor uit 'n charismatiese kerk, 1 professor in Sendingwetenskap.

### 4.4.2 Vooraf kontrolering van navorsingsvrae

Loodsstudies, wat 'n bydrae lewer tot die sukses van die navorsing, kan soms aangepak word. 'n Loodsstudie stel die navorser in staat om beter perspektief op die volgende sake te kry: sterk en swak punte van die navorsing, die onderhoudsvaardighede van die navorser en die effektiwiteit van die navorsingsvrae. Dit skep ook die moontlikheid om, indien nodig, vroegtydig veranderings aan die navorsingsproses aan te bring (Rosnow & Rosenthal, 1996:110-112, 206-207; Burns & Grove, 1997:52; Breakwell, 2003:242-243).

Vir die huidige studie is 'n loodsstudie as sodanig nie aangepak nie, maar die navorsingsvrae is vooraf met universiteitsdosente en professore bespreek om relevante navorsingsvrae te identifiseer asook moontlike probleme te ondervang.

### 4.4.3 Data-insameling

Die data-insamelingsproses in kwalitatiewe navorsing dra by tot die effektiwiteit en betroubaarheid van die navorsing. ʼn Reeks interafhanklike aktiwiteite word ingespan om goeie, ryk inligting te versamel vir die beantwoording van die navorsingsvrae (Creswell, 1998:110).

Kenmerkend van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes, soos toegepas in die huidige empiriese navorsing, is die oop, buigsame en minder gestruktureerde aard daarvan. Die metodes neem taamlik baie tyd in beslag, want die navorser moet behoorlik rekord hou, akkurate transkribering doen en volledige terugvoering gee van inligting wat in onderhoude en veldnotas na vore kom (Lovell, 2009:135).

#### 4.4.3.1 Onderhoudvoering

Die onderhoud is by uitstek die data-insamelingsmetode vir kwalitatiewe diepte-navorsing. Henning (2004:79) definieer die navorsingsonderhoud soos volg: "Interviews are communicative events aimed at finding what participants think, know and feel. Researchers need to recall their experience and what they observed during the interview to complement the text."

Taylor en Bogdan (1984:77) wys daarop dat die kwalitatiewe onderhoud besonder plooibaar en dinamies is. Dit is nie-voorskriftelik, ongestruktureerd of semigestruktureerd en ongestandaardiseer. Kwalitatiewe onderhoudvoering kom neer op "… repeated face-to-face encounters between the researcher and informants directed toward understanding informants' perspectives on their lives, experiences, or situations as expressed in their own words" (Taylor & Bogden, 1984:77).

Wat van belang is in die onderhoudvoering, is die toegang tot die deelnemers se kennis, insig en oortuigings binne die navorsingsveld, asook hulle subjektiewe gevoelens, veronderstellings en belewenisse. Inligting wat so bekom word, word nie as waar of vals gehanteer nie, maar eerder as perspektiewe op die sake wat aangeroer word (Steyn & Lotter, 2006:108).

In hierdie tipe navorsing is daar interaksie tussen die navorser en die deelnemer, en die navorser tree as meetinstrument op. Die navorser is dus aktief betrokke by die onderhoud en kan die gang van die onderhoud plooi na gelang van inligting wat na vore kom (Lovell, 2009:135).

#### 4.4.3.2 Veldnotas

Die navorser se betrokkenheid strek ook verder as net die onderhoudvoering. Eie indrukke en waarnemings tydens die onderhoud is van belang. Om dié rede hou die navorser veldnotas by wat bykomende en ondersteunende inligting verskaf. Die veldnotas kan beskrywend wees in soverre feitelike data tydens die onderhoudvoering, soos die milieu en sekere handelinge van die deelnemers, weergegee word. Dit kan ook reflektief wees deurdat die navorser se eie gedagtes, idees, vrae en besorgdheid aangeteken word (Outeur onbekend, "Writing a field report", e-bron).

In die huidige studie het die navorser tydens elke individuele onderhoud deeglike veldnotas aangeteken na die onderhoude. Die gebruik van effektiewe en deeglike veldnotas dra by tot die betroubaarheid en geldigheid van die data (Wadsworth, 1997:57-61; Terreblanche & Durrheim, 1999:138-139).

### 4.4.4 Data-analise

Kwalitatiewe navorsing, veral deur middel van onderhoude, genereer ŉ groot hoeveelheid data wat geanaliseer moet word om patrone uit te lig wat op die navorsingsvraag betrekking het. Babbie & Mouton (2001:108) beskou die data-analiseproses as die opbreek van data in hanteerbare temas, patrone, tendense en verhoudinge. Data-analise behels dus die prosesse en prosedures waardeur sin gemaak word uit die verkreë data.

In die huidige studie word die dataverwerking gedoen volgens die agt stappe wat deur Tesch voorgehou word as ŉ organiserende stelsel van ongestruktureerde kwalitatiewe data (Tesch, 1992:142-145):

- Al die data word noukeurig deurgelees om ŉ idee te vorm van die geheel. Hierdie lees gee die navorser die nodige agtergrondsinligting. Die navorser maak aantekeninge van gedagtes wat by hom opkom tydens die lees.

- Een van die dokumente word deurgewerk met aandag aan temas wat na vore tree eerder as aan die inhoud. Betekenisse word onderstreep en kantaantekeninge word gemaak.

- Verdere dokumente word op dieselfde manier deurgewerk. Nadat ŉ paar dokumente afgehandel is, word ŉ lys gemaak van die temas. Een kolom per dokument word saamgestel en al die kolomme word op een datablad weergegee. Die temas word gekategoriseer in hooftemas, subtemas en oorblywende temas.

- Die temas word kort saamgevat as kodes. Die lys kodes word teruggeneem na die data toe en die kodes word langs die relevante teksgedeeltes neergeskryf. Daar word aandag gegee aan nuwe kodes en kategorieë wat na vore mag tree. Die navorser maak aantekeninge van gedagtes wat by hom opkom tydens hierdie proses.

- Die navorser vind woorde wat die temas die beste beskryf en dié word in kategorieë geplaas deur groepe te maak van temas wat verwantskappe toon.

- ŉ Finale besluit word gemaak oor die afkorting of kode vir elke kategorie en hierdie kodes word in alfabetiese volgorde geplaas sodat daar nie duplisering plaasvind nie.

- Data word kategoriegewys gesorteer en ŉ voorlopige analise word gedoen deur al die materiaal in ŉ bepaalde kategorie tegelykertyd deur te werk. Die fokus verskuif nou na die inhoud in elke kategorie.

- Indien nodig, word die data geherkodeer.

ŉ Onafhanklike kodeerder met ervaring in die analise van kwalitatiewe data word aangewys. Die kodeerder ontvang ŉ skoon stel data en ŉ protokol van data-analise. Na die analise van die gekodeerde data ontmoet die kodeerder en navorser mekaar

vir ’n konsensusgesprek oor die resultate. Sentrale temas wat uit die studie na vore kom, word deur ’n bestudering van beskikbare literatuur verder ondersoek.

### 4.4.5 Betroubaarheid van die navorsingsproses

Daar vind nie objektiewe syfermeting van data plaas in kwalitatiewe navorsing nie. Die data is konteksgebonde en word verkry uit die subjektiewe belewenisse en gesigspunte van die deelnemers aan die steekproef. Die navorsing is dus oop, plooibaar en sonder streng riglyne. Om hierdie rede word die objektiwiteit, geldigheid en betroubaarheid van hierdie tipe navorsing soms in twyfel getrek. Dit is nodig om sover moontlik die sistematiese protokol van goeie wetenskapsbeoefening te behou (Lovell, 2009:138).

Lincoln en Guba (1985) het ’n validasie-model vir betroubaarheid opgetrek wat ook in hierdie studie gebruik word. Die volgende kriteria word uitgelig: geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid van die navorsing. Polit en Beck (2007:540) beskou hierdie model as “… often thought of as the golden standard for qualitative research”.

#### 4.4.5.1 Geloofwaardigheid (Engels: credibility)

Geloofwaardigheid impliseer ’n vertroue in die “waarheid” van die navorsingsbevindings. Die bevindings moet dus ’n sekere kongruensie met die werklikheid hê. Lincoln en Guba (1985) wys bepaalde tegnieke uit waardeur die geloofwaardigheid van die navorsing verhoog kan word:

- Uitgerekte betrokkenheid. Die navorser moet oor ’n tyd heen met die deelnemers in verbinding wees sodat ’n vertrouensverhouding opgebou kan word. Genoeg tyd moet ook bestee word aan die waarnemingsindrukke van die navorser.
- Volgehoue waarneming/observasie. Die doel hiermee is om temas in die onderhoudsituasie te identifiseer wat relevant is met betrekking tot die navorsingsvraag en in besonderhede daaroor te rapporteer.

- Triangulasie. Dit behels die gebruik van verskillende databronne om te verseker dat die inligting wat ingesamel word ryk, omvattend en deeglik ontwikkel is. Dit voorkom ook die moontlike bevooroordeeldheid van die navorser.

Rubin en Rubin (1995:91) sê ten opsigte van die geloofwaardigheid van navorsing: "Research that is designed to garner lots of evidence, that is vivid, detailed and transparent, that is careful and well documented, that is coherent and consistent, is going to be convincing. These are the standards through which qualitative interviewing studies gain credibility". In die huidige studie is die bogenoemde kriteria gebruik om die geloofwaardigheid van die studie te verseker.

#### 4.4.5.2 Oordraagbaarheid (Engels: transferability)

Kwalitatiewe navorsing fokus op 'n spesifieke groep deelnemers binne 'n spesifieke omgewing. Die resultate is dus van toepassing op daardie groep en omgewing en is moeilik oordraagbaar na ander situasies en populasies toe. Lincoln en Guba is van mening dat die navorser genoegsame kontekstuele inligting oor die navorsing moet verskaf om oordraagbaarheid of minstens toepaslikheid te verseker.

Krefting (1991:216) is van mening dat oordraagbaarheid hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die volgende navorser is wat dit wil toepas en nie soseer dié van die oorspronklike navorser nie. Tog kan die navorser deur die tegniek van digte beskrywing wat deur Lincoln en Guba uitgelig word, die oordraagbaarheid van die resultate versterk. Digte beskrywing is dan ook in die huidige studie toegepas. Dit behels dat omvattende, gedetailleerde inligting oor die fenomeen wat ondersoek word, gerapporteer word.

Ook die tegniek van doelgerigte steekproeftrekking, waarin die deelnemers aan die kriteria van insluiting (Lincoln & Guba, 1985:201) voldoen, is in die huidige studie gebruik om oordraagbaarheid te verhoog.

#### 4.4.5.3 Vertroubaarheid (Engels: dependability)

Die vertroubaarheid van die studie impliseer dat die navorsingsresultate konsekwent sal bly indien ŉ nuwe studie binne dieselfde konteks, met dieselfde metodes en met soortgelyke deelnemers onderneem sou word (Krefting: 1991:216; Babbie & Mouton, 2001:5).

Aangesien mense uniek is en hul optredes en ervarings dus ook uniek is, is dit moeilik om in kwalitatiewe navorsing hierdie soort vertroubaarheid te bewerkstellig. Dit kan egter gedoen word deur digte beskrywing en die opstel van wat Merriam (1995) ŉ “ouditspoor” noem. Dié proses is ook in die huidige studie gevolg. Dit behels dat daar omvattend beskryf word hoe die data bekom is, hoe kategorieë saamgestel is en hoe besluite in die loop van die navorsing geneem is. Op dié wyse kan vasgestel word of die interpretasies en bevindings deur die data ondersteun word.

Portuurgroepterugvoering is nog ŉ tegniek wat in die huidige studie gebruik is om die geldigheid of vertroubaarheid van die bevindings te ondersteun. Gesprekke met die studieleier en kollegas en hulle terugvoering het dié rol vervul. Dit verseker ŉ genuanseerde blik op die data en ŉ akkurater natrek van temas en patrone wat uit die data blyk (Lovell, 2009:138).

ŉ Onafhanklike kodeerder is in die koderings-herkoderingsproses gebruik ter bevestiging dat die bevindinge en aanbevelings deur die data ondersteun word. Besprekings tussen die navorser en die kodeerder kon verseker dat konsensus verkry word oor temas en kodes wat uitgelig is.

ŉ Konsekwente proses van onderhoudvoering verhoog die vertroubaarheid van die data verder. Tydens die onderhoudproses word dieselfde stappe met elke deelnemer gevolg en dieselfde vrae aan elke deelnemer gerig. Natuurlik is die proses terselfdertyd oop en plooibaar, maar die duplisering van die proses verseker konsekwentheid, meer akkuraatheid en gevolglik groter geldigheid. Hieroor sê Lincoln en Guba (1995: 316): “… since there can be no validity without reliability (and thus no credibility without dependability) a demonstration of the former is sufficient to establish the latter.”

#### 4.4.5.4 Bevestigbaarheid (Engels: confirmability)

In kwalitatiewe navorsing moet stappe gedoen word om te verseker dat die navorsingsbevindings die resultaat is van die opvattings en belewenisse van die navorsingsdeelnemers en dat dit nie gekleur word deur die eienskappe, voorkeure, vooronderstellings, emosies en motiverings van die navorser nie (Lincoln & Guba, 1995:300). Alhoewel die navorser regstreeks by die deelnemers betrokke is en ’n aandeel het aan die rigting waarin ’n onderhoud gestuur word, moet subjektiewe interpretasie sover moontlik omseil word. Die navorser se neutraliteit is dus belangrik. Die onbeïnvloede data moet die laaste sê hê sodat die resultate bevestigbaar kan wees.

Digte beskrywing en ’n “ouditspoor” is weer eens effektiewe maniere om bevestigbaarheid te bewerkstellig. Die ouditspoor sluit omvattende inligting in oor die rou data, veldnotas, prosesnotas, data-kodering en -analise en die wyse waarop daar tot ’n sintese gekom is. Die spoor kan dus deur ander navorsers nagegaan word en daar kan vasgestel word of die navorsingsmetodes geskik is vir die betrokke navorsing en of die metodes op ’n effektiewe manier toegepas is.

### 4.4.6 Die etiese kode

*Die etiese klaring vir die huidige studie is as Addendum 3 aangeheg.

Alle navorsing het ’n verpligting ten opsigte van etiese beginsels wat nagekom moet word. In kwalitatiewe navorsing is die rol van sulke beginsels soms subtiel, maar nietemin noodsaaklik. Die doelwit is onkreukbaarheid in die navorsing.

Die navorser het toestemming by die etiekkomitee van die Fakulteit Teologie en Religie van die UV verkry om die navorsing te doen.

Die feit dat die navorser in gesprek tree met deelnemers aan die projek noodsaak die beskerming van die deelnemers se belange. Daar kan soms spanning wees tussen die behoeftes en doelwitte van die navorsing en die regte van die deelnemers (Orb et al., 2000). Daar is veral drie etiese konsepte wat ’n rol speel by navorsing: onafhanklikheid, goedgesindheid en regverdigheid (Orb et al., 2000).

**Onafhanklikheid:** Dit dui op die onafhanklike besluit van die deelnemers om deel te neem aan die navorsing. Deelname is vrywillig en gegrond op ingeligte besluitneming nadat die navorser die nodige inligting oor die navorsing oorgedra het. Die finansiële vergoeding van deelnemers is kragtens dié etiese oorweging uitgesluit. Deelnemers kan hulle ook in enige stadium aan die navorsing onttrek sonder dat daar konsekwensies sal wees.

**Goedgesindheid:** Dit beteken breedweg dat daar goed gedoen word aan ander en dat skade uitgesluit word (Orb et al., 2000). Alhoewel deelnemers bewus gemaak moet word dat die data en bevindings ook deur ander partye, soos 'n studieleier of latere navorsers, onder oë gekry sal word, is dit in die belang van die deelnemers dat hulle identiteit vertroulik gehou word. Die navorser hanteer elke deelnemer met waardigheid en respek. 'n Ruim en vriendelike milieu word geskep waarin die deelnemer sonder vrees of argwaan die gevraagde inligting kan gee. Geen veroordelende opmerkings word gemaak nie en geen private idees of gedrag mag misbruik word wat 'n verleentheid vir die deelnemer kan wees nie.

**Regverdigheid:** Die deelnemers het die reg om te weet dat oudio-opnames van die onderhoude gemaak word. Hulle het ook 'n reg op die verstaanbaarheid van die vrae wat gestel word en om ingelig te word oor die verloop van die hele navorsingsproses. Die doelwit en fokus van die studie word duidelik aan die deelnemers oorgedra.

Wat die algemene navorsing betref, is die huidige navorser daarop ingestel om te waak teen plagiaatpleging, waninterpretasie van die data en ook die verdoeseling of distorsie van data met die oog op 'n spesifieke resultaat.

Tabel 4.1 hieronder verskaf 'n opsomming van die navorsingsmetodologie van die huidige studie:

| | |
|---|---|
| **Steekproef** | Vasstelling van teikenpopulasie. Onewekansige, doelgerigte steekproeftrekking. |
| **Kontrolering van navorsingsvrae** | Vooraf bespreking van vrae met universiteitsdosente. |

| | |
|---|---|
| **Data-insameling** | Semi-gestruktureerde, oop, individuele onderhoude.<br>Observasie.<br>Veldnotas. |
| **Data-analise** | Kodes toegeken en kategorieë geskep volgens organiserende stelsel van R Tesch.<br>Gebruik onafhanklike dekodeerder en kom tot konsensusbesluitneming. |
| **Betroubaarheid** | Betroubaarheid word verseker deur toepassing van dié kriteria: geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid, bevestigbaarheid. |
| **Etiese kode** | Etiese beginsels word nagekom aan die hand van die kriteria: onafhanklikheid, goedgesindheid, regverdigheid.<br>Waak teen plagiaat, waninterpretasie van data, verdoeseling of distorsie van data. |

**Tabel 4.1** Opsomming van die navorsingsmetodologie (Lovell, 2009)

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie eerste deel van die hoofstuk is die navorsingsontwerp van die studie uiteengesit aan die hand van die navorsingsparadigma wat ŉ kwalitatiewe, verkennende, vertolkende, kontekstuele en beskrywende studie tot gevolg het. Daarna is die volledige navorsingsmetodologie bespreek met verdere verwysing na die eis van onkreukbaarheid of integriteit van die navorsing.

Die volgende deel van dié hoofstuk word gewy aan die omvattende en gedetailleerde beskrywing van die data soos dit uit die diepte-onderhoude verkry is.

## 4.6 DIE EMPIRIESE NAVORSING

### 4.6.1 Inleiding

Die data is verkry uit semi-gestruktureerde, individuele diepte-onderhoude wat gekenmerk is deur oopheid en nie-rigiditeit. Die deelnemers se siening en interpretasie van hul leefwêreld is vanuit hul eie verwysingsraamwerk aan die navorser voorgehou. Die data word dus weergegee vanuit die gesigspunt van die deelnemers, terwyl die navorser sy neutraliteit handhaaf.

Die data en bevindings wat hier aangebied word, is reeds geanaliseer en in temas en subtemas gekategoriseer. Ook die veldnotas is by die verwerking van die data in aanmerking geneem. Hieronder volg dus die resultate van die onderskeie navorsingsmetodes wat gevolg is, naamlik die voorafbespreking en -goedkeuring van die onderhoudsvrae deur middel van gesprekke met universiteitsdosente en professore, soos bespreek in 4.4.2 hierbo, die veldnotas en die diepte-onderhoude.

*Die onderhoudskedule met vrae en doelstellings vir die diepte-onderhoude word as Addendum 1 aangeheg en die kodeerder se woordelikse verslag van die navorsingsresultate as Addendum 2.

### 4.6.2 Veldnotas

Die navorser het na elke onderhoud aantekeninge gemaak gegrond op waarnemings in verband met die deelnemers self, hul nie-verbale gedrag en die milieu of omgewing waarbinne die onderhoude gedoen is. Hierdie veldnotas is aanvullend gebruik in die data-analise.

### 4.6.3 Die diepte-onderhoud

Uit die teikenpopulasie is op nie-ewekansige wyse ŉ steekproef saamgestel wat bestaan het uit predikante, pastore en ander Woordbedienaars werksaam in ŉ groeiende, lewende kerkmilieu. Die deelnemers het almal binne hulle werkskonteks met jeugbediening te make. Met hierdie deelnemers is onderhoude gevoer met die doel om informasieryke data te verkry waaruit temas en patrone afgelei kan word met die doel om ŉ dissipelskapsmodel binne jeugbediening te ontwikkel.

### 4.6.4 Die samestelling van die steekproef

Die navorser het deelnemers gekies volgens die nie-ewekansige steekproefmetode waarna Burns en Grové (1997:309) verwys. Die steekproef is soos volg saamgestel:

- Die deelnemers is woonagtig in Gauteng, Noordwes en Mpumalanga.
- Daar was agt manlike deelnemers.
- Die onderhoude is in Afrikaans en Engels gevoer.
- Die ouderdom van die deelnemers wissel tussen die laat twintigs en vyftig jaar.
- Die deelnemers het missionêre en jeugbedieningservaring van tussen drie en vyftien jaar.
- Vyf deelnemers is predikante in Gereformeerde, Nederduits Gereformeerde en Hervormde kerke.
- Een deelnemer is ŉ pastoor en basisleier by YWAM.
- Een ander deelnemer is ŉ professor in Missiologie.
- ŉ Verdere deelnemer is ŉ pastoor by ŉ onafhanklike charismatiese dissipelskapgemeente.
- Drie deelnemers het doktorsgrade.

Tabel 4.2 hieronder bied 'n opsomming van die plek en datum waarop onderhoude met die onderskeie deelnemers gevoer is.

| DEELNEMER | PLEK | DATUM |
|---|---|---|
| Deelnemer 1 | Kerkkantoor | 26 Januarie 2016 |
| Deelnemer 2 | Kerkkantoor | 4 Februarie 2016 |
| Deelnemer 3 | Missionêre basis | 23 Februarie 2016 |
| Deelnemer 4 | Privaat kantoor | 7 Junie 2016 |
| Deelnemer 5 | Privaat kantoor | 14 Julie 2016 |
| Deelnemer 6 | Missionêre basis | 15 Augustus 2016 |
| Deelnemer 7 | Universiteitskantoor | 16 Augustus 2016 |
| Deelnemer 8 | Kerkkantoor | 23 September 2016 |

**Tabel 4.2:** Opsomming van deelnemers en plek en datum van ontmoeting.

## 4.7 RESULTATE VAN DIE NAVORSING

### 4.7.1 Metode van analise van die onderhoudsresultate

'n Onafhanklike kodeerder wat 'n vakspesialis is, is genader om saam met die navorser die analise van die onderhoude uit te voer. Die onderhoude is op oudioband opgeneem, nadat toestemming van die deelnemers verkry is. Die woord-vir-woordtranskribering is na die kodeerder gestuur (Creswell, 1994:154). Daarna is die kodering in kategorieë verdeel wat uiteindelik in temas en subtemas georganiseer is.

In oorleg met die kodeerder is bevind dat ŉ versadigingspunt na sewe onderhoude bereik is.

Alvorens die onderhoude gevoer is, is daar in oorleg met die studieleier en die kodeerder op vier navorsingsvrae besluit. Betroubaarheid en geldigheid is aan die onderhoude verleen deur die gebruik van die eksterne kodeerder en deur die konsensusgesprekke wat met die kodeerder en studieleier gevoer is (Lovell, 2009:148). Die rigtende vrae wat tydens die diepte-onderhoude gestel is, was die volgende:

- Definieer dissipelskap (met spesifieke verwysing na jeugbediening).
- Hoe vind dissipelskap in jou gemeente/organisasie plaas? (Verwys ook asseblief na formele lering/kategese.)
- Definieer en brei uit oor elemente/'n kurrikulum vir 'n dissipelskap- of dissipelmaakproses (indien jy van mening is dat daar 'n "kurrikulum" kan bestaan en temas nodig is).
- Wat is jou opinie, indien enige, rakende ander instansies/gemeentes se dissipelskapproses of kurrikulum vir die maak van dissipels? (Watter temas, indien enige, staan vir jou uit as positief, negatief of noodsaaklik)

### 4.7.2 Kategorieë in die navorsing geïdentifiseer

Die koderingsproses het 9 kategorieë (in alfabetiese volgorde hieronder weergegee) geïdentifiseer:

1. Begrip van dissipelmaking in kerke/jeugbedieninge;
2. definisie van dissipelskap;
3. dissipelmakers se bewustheid van hul eie posisie as dissipels;
4. dissipels se plig om dissipelmakers te word;
5. temas ten opsigte van dissipelskap;

6. kurrikulum vir dissipelskap;
7. na die nasies toe gaan;
8. noodsaaklikheid van dissipelskap; en
9. praktiese implementering van dissipelskap.

Vervolgens word hierdie kategorieë in temas en subtemas georganiseer. Woordelikse aanhalings uit die onderhoude word in die bespreking weergegee ten einde die temas en subtemas te bevestig en te beklemtoon.

**Tema 1: Gemeentes se begrip van dissipelskap in jeugbediening**

Uit die onderhoude was dit duidelik dat daar verskillende opinies en konseptualiserings bestaan ten opsigte van ŉ definisie van dissipelskap in jeugbediening.

Twee deelnemers is van mening dat baie gemeentes verward is oor wat dissipelskap behels en sê dat dit vir kerke gewoon gaan oor kennisoordrag ("… dit gaan vir gemeentes net oor kennisoordrag ..."). Een deelnemer wys daarop dat gemeentes nie net moet fokus op die lering van leerstellings nie, maar ook op die oordrag van lewensvaardighede soos leierskap en besigheidsbestuur. Nog ŉ deelnemer het uitgewys dat "… kerke bewus moet raak dat hulle groei deur dissipelskap".

**Subtema 1.1 Daar is ŉ passiewe konsep van jeugbediening en dissipelmaking**

Uit die onderhoude was dit duidelik dat baie bedienaars nie ŉ aktiewe benadering en doelgerigte strategie vir dissipelmaking het nie.

Een deelnemer is van mening dat dissipelskap deel van die gemeente se "gemeentestrategie en gemeentekultuur" moet wees. ŉ Ander wys daarop dat die vestiging van dissipelskap as ŉ gemeentekultuur ŉ tydsame proses is ("… om ŉ dissipelskapkultuur te vestig vat tyd ...").

Twee deelnemers het spesifiek daarvan melding gemaak dat kerke bewus raak dat hulle gemeentes kan groei deur dissipelskap. Een sê: "Dit gaan nie oor

dissipelskap nie, maar om die getalle van die gemeente te laat toeneem (lidmaatgetallegroei)".

Nog twee deelnemers stel dit dat verskeie kerke dissipelskap verwar met bloot lering oor verskillende onderwerpe: "... dit gaan net oor kennisinhoud ...".

Een deelnemer verwys na ŉ gemeente se "groei-areas" as die program vir dissipelskap (ŉ gestruktureerde ontwikkelingsprogram waardeur die dissipel groei) en verklaar verder dat sy ervaring is dat gemeentes meer betrokke is by aktiwiteite om tieners besig te hou as op strategieë om dissipels van hulle te maak.

By een gemeente voer die predikant een individuele gesprek per jaar met elke tiener om te hoor hoe dit met die persoon gaan (huisbesoek), maar dit is nie ŉ dissipelmakingsproses nie.

Op ŉ vraag na ŉ spesifieke bedieningsaksie in die gemeente wat gerig is op die maak van dissipels, antwoord ŉ deelnemer dat daar binne sy gemeente ŉ plek is waarheen kinders na skool kan gaan om kos en hulp met hulle huiswerk te kry.

Een deelnemer dui aan dat die jeug van sy gemeente op ŉ Saterdag by ŉ laerskool bymekaar kom, verskillende leerstellings bespreek en dan saam speel. Dit verteenwoordig dié gemeente se begrip van dissipelmaking. Hierdie deelnemer dui verder aan dat ŉ tienerdissipelskapprogram in sy gemeente behels dat daar gepreek word of dat Bybelstudie en ŉ bespreking oor ŉ bepaalde onderwerp gehou word. Konferensies en werkswinkels vir die tieners waartydens relevante onderwerpe bespreek word, vind ook plaas.

Volgens een van die deelnemers is dissipelmaking ŉ "gestolde" gedagte (passiewe konsep): "Ons het ŉ baie ordentlike siening ten opsigte van dissipelskap, want ons is eerder hemelgerig". ŉ Ander deelnemer sê dat dissipelskap meer op geloofsvorming as op kategese gebaseer is. Geloofsvorming vind volgens hom plaas deur middel van:

- verkondiging van die Woord

- selfbegrip (om jouself te verstaan)
- lewe in geregtigheid.

Een deelnemer sien dissipelmaking as ŉ kognitief gefundeerde benadering: "... fokus op die leer van die apostels, onderlinge verbondenheid, gesamentlike gebede en om saam te eet ...".

Nog ŉ deelnemer is van mening dat dissipelskap binne jeugbediening al die bedieninge in die gemeente omvat: "... dit behels geestelike groei, jeugbediening, kategese, kinderbediening, kursusse, huweliksbediening, mentorskapprogram (onder mans), persoonlike stiltetyd ..."

ŉ Verdere deelnemer sien die verstaan van dissipelskap in ŉ gemeente as die beweging na ŉ "leer-en-doen"-model – dit wat lidmate geleer word, moet hulle gaan doen of uitvoer.

**Tema 2: Die definisie van dissipelskap**

Vier deelnemers dui aan dat die definisie van dissipelskap die navolging van Jesus Christus omvat. Twee deelnemers is van mening dat dissipelskap twee aspekte behels, naamlik:

- om ŉ volgeling van Jesus te maak;
- om ŉ leerder te maak.

Een van die deelnemers beklemtoon dat dissipelskap drie kategorieë omvat. Die eerste twee behels "... iemand wat begin om Jesus te volg en iemand wat gelowig geword het (wedergebore is) en gedoop is nadat hy of sy gelowig geword het". Diegene wat al ŉ geruime tyd ŉ dissipel van Jesus is, vorm die derde kategorie. Met verwysing na die drie kategorieë is die deelnemer van mening dat ŉ jeugbediening hoofsaaklik persone in die eerste twee kategorieë sal behels en in ŉ mindere mate persone in die derde kategorie.

Voorts beklemtoon ’n deelnemer spesifiek die noodsaaklikheid om mense lief te hê deur ’n doelbewuste betrokkenheid by hulle. Die doel van die betrokkenheid is om vriendskap te bou en mense te help om geestelik te groei. Deelnemers is dit eens dat dissipelskap die volgende insluit:

- om die opdragte van Jesus te gehoorsaam;
- om te help om spesifieke dissiplines, naamlik Bybellees, gebed en die bou van ’n dieper verhouding met die Here, in mense se lewens te vestig.

Een deelnemer sien dissipelskap as ’n lewenswyse waarbinne die dissipel in bepaalde situasies optree soos wat Jesus sou optree: “... dit is nie om Jesus oral saam te sleep nie. Dit is eerder om te sê: ‘Ek speel rugby: hoe sou Jesus rugby gespeel het?’”

Dissipelskap is volgens een van die deelnemers die proses waardeur die dissipelmaker sy of haar persoonlike sterk punte of talente met ander deel, sodat daardie persone ook hul eie gawes kan uitleef, dieselfde boodskap as Jesus kan verkondig en dieselfde uitdagings wat Jesus moes hanteer, kan hanteer; dus om jou kruis op te neem en soos Jesus op te tree.

’n Deelnemer beklemtoon dat dissipelskap inhou dat mense geleer word wat Jesus van hulle verwag en dat die nodige kennis ten opsigte van wat hulle glo aan lidmate gegee word. In ’n omvattende oorsig dui een deelnemer aan hoe mense gehelp kan word om hul identiteit in Christus te vind ten spyte daarvan dat dit ’n moeilike proses is: “... dat mense kan verstaan waarvoor hulle gebore is en wat hulle lewenspassie is ...”

Dissipelskap kragtens dié siening behels om ander te leer hoe om ’n Christelike lewenstyl te volg. Verder is dissipelskap ’n proses wat gebaseer is op kontak tussen mense, sodat ander die dissipel kan na-boots in hul Christelike lewenswandel: “... Dit gaan daaroor om in fisiese kontak met ander mense te wees en ’n pad te stap waar mense jou begin na-aap en doen soos jy doen en maak ...”.

**Subtema 2.1: Die dissipelmaker se bewustheid van die self**

Volgens een deelnemer moet ŉ dissipelmaker bewus wees van sy of haar eie geestelike posisie: "... om jouself af te vra hoekom jy jongmense leer. Waar is ek? Twyfel ek soms in my geloof?".

Deelnemers het ŉ gebrekkige erkenning gegee aan selfontwikkeling as ŉ dissipel, en die meerderheid het nie oor hulle eie dissipelskapsontwikkeling uitspraak gelewer nie.

**Subtema 2.2: Die dissipel se plig om ŉ dissipelmaker te word**

In hierdie verband stel een deelnemer dit duidelik dat ŉ mens self eers ŉ dissipel moet wees voordat jy ŉ dissipelmaker kan word. Dit begin deur kinders te leer om ander te dien: " ... om kinders te leer hoe om self diensknegte te word, hoe hulle self uitreik, en om betrokke by bedieninge te raak..."

Een deelnemer meen dat dissipelskap nie beteken dat jy jouself dupliseer nie: "... dit is nie om klein duplikate te maak van wie jy is nie ...". Dit hou eerder in "om tyd te spandeer in die lewe en in die werk van Jesus sodat jy soos Hy gevorm word", en dit vind plaas "... deur jouself met Jesus te konfronteer en deur tyd met die Evangelies te spandeer ..."

Een deelnemer wys daarop dat ŉ dissipelmaker nie afgesonder moet wees nie: "Jy sal moeilik dissipelskap leer as jy gereserveerd is en as jy jouself isoleer en afsluit. Wanneer jy geïsoleerd lewe, kan ander nie jou volle optrede sien om na te boots nie. Hulle sien net hoe jy byvoorbeeld kwaad word, maar hulle sien nie hoe jy dit hanteer nie ...".

**Tema 3: Temas van dissipelskap**

Een deelnemer wys daarop dat dissipelskap binne die konteks van aanbidding verwesenlik word. Die persoon verwys spesifiek na gebed, aanbidding ("worship") deur sang en musiek en die bywoning van eredienste. Met verwysing na sy eie werksomgewing sê een deelnemer dat dissipelskap binne die konteks van uitreike werklikheid word.

Net een deelnemer brei uit oor die doop, maar geen deelnemers pas die doop toe op lede wat nie gelowiges is nie, en al die deelnemers veronderstel dat die dissipelmaakproses op reeds gelowige mense betrekking het: “... die doop is die belydenis van die geloof van die dissipel ...”.

Deelnemers wys uit dat lering baie belangrik is vir dissipelskap en dat ŉ ruimte gebied moet word vir ander om hul getuienis te gee ter motivering en opbouing van die groep. Van die deelnemers is oortuig dat dit deel van dissipelskap is om missiologies betrokke wees en wys op drie temas van die Groot Opdrag wat onontbeerlik is:

- *koinonia* met God;
- *koinonia* met die medemens;
- *koinonia* met die gemeente.

Twee deelnemers wys op die belangrikheid van ŉ stelsel van verantwoordbaarheid deur dissipelmakers en beklemtoon dat ons nie kan weet hoe ŉ dissipelskapprogram daar moet uitsien nie. Een deelnemer se respons oor die temas van dissipelskap is: “Daar moet ŉ geestelike-groei-dissipelskapproses wees en hoe dit lyk en hoe dit funksioneer het ons nie antwoord op nie...”. Uit die onderhoud blyk dit dat die respondent onseker is oor hoe die proses van dissipelskap moet lyk.

ŉ Ander deelnemer waarsku dat daar gewaak moet word dat die maak van ŉ dissipel nie tot die beheer (“control”) van die dissipel lei nie, want sodoende word dissipelmaking vervang deur beheer oor die tieners in areas waar hulle self moet ontdek.

Op die vraag oor temas van dissipelskap het sommige deelnemers die siening dat die dissipelmaker op die dissipel se lewensvlak saam met hom of haar moet kan stap en begrip moet kan hê vir die dissipel se lewensomstandighede. Daar moet dus met die dissipel geïdentifiseer word: “ ... om met mense ŉ pad te kan stap, waar jy op hulle vlak kan beweeg en op hulle vlak dinge saam met hulle kan doen ...”; “... hulle moet besef: hierdie ou kan met my identifiseer. Hy kan ook op die vloer slaap sonder ŉ matras of ŉ bed ...”; “ ... ek (kan )met hom (die dissipelmaker) op my vlak kommunikeer omdat hy my hart sien...”; “ ... ŉ dissipelmaker moet in ander se skoene kan stap ...”

Een deelnemer maak dit duidelik dat dissipelmaak nie net ŉ jaarlange program is nie maar ŉ proses oor ŉ lang termyn: " ... Dit is nie ŉ eenmalige katkisasieklas vir ŉ dag of ŉ jaar nie. Dit is ŉ reis wat ons met mense stap wat die Here vir ons bepaal het. Ons moet daardie paadjie ver kan stap met mense omdat ons iets van dissipelskap verstaan...".

Nog ŉ deelnemer deel sy oortuiging dat ŉ dissipel op die plek moet kom waar hy of sy ook ander dissipels maak. ŉ Ander deelnemer se gemeente sien dissipelskap as bestaande uit drie komponente:

- blootstelling aan die Bybel;
- uitreiking;
- berading.

**Subtema 3.1: 'n Kurrikulum vir dissipelskap**

Een deelnemer deel sy oortuiging dat die volgende aspekte aandag moet kry wanneer beginsels of ŉ kurrikulum opgestel word:

- geloofsvrae;
- geloofstwyfel.

Sommige deelnemers meen dat ŉ kurrikulum nie geforseerd moet wees nie: "... om spesifiek te bedien, sê nou maar in ŉ belydenisklas, sonder om dit op ŉ geforseerde manier te doen; dat mense op ŉ sekere ouderdom by ŉ belydenisklas moet uitkom, is verkeerd ..."

Die kurrikulum moet ook nie soseer dogmaties wees nie, maar algemene lering bevat: "... daar moet nie aan dogma vasgehou word nie ..."

ŉ Deelnemer wys daarop dat binne ŉ dissipelskapkurrikulum lewensvraagstukke soos hoe om emosionele pyn te hanteer aandag moet kry. Die persoon is van mening dat daar nie ŉ vaste kurrikulum kan wees nie, alhoewel daar een of ander vorm van ordening moet wees. Dissipelmaking kan nie ordeloos wees nie: "... my probleem met ŉ vaste kurrikulum is dat die klem

en fokus van ŉ verhouding met Jesus kan vervaag ...” Die respondent sê verder: “... wees versigtig met ŉ kurrikulum – is ons besig met dissipelskap net omdat ons deur ŉ kurrikulum werk?”. Hy is van mening daar moet eerder ŉ kurrikulumstruktuur wees wat wel bepaalde temas bevat, byvoorbeeld:

- spesifieke formele lering (kategese);
- lering oor spesifiek wat Jesus geleer/beveel het;
- lering wat gerig is op ŉ ontmoeting met Jesus;
- lering wat nie afgewater is tot blote kennis nie.

Die deelnemer praat van: “... lering wat afgewater of verplaas word tot ŉ situasie waar dit ŉ ontmoeting met kennis is...” en sê: “... daar vind te veel formele lering plaas ... wat nie gerig is op ŉ ontmoeting met Jesus nie ...” Die deelnemer is oortuig dat ŉ ontmoeting met Jesus moet realiseer as deel van die kurrikulum: “... teologie wat nie lei tot ŉ ontmoeting met Jesus nie, is nie ter sake nie, dit is nie belangrik nie ...”

Een deelnemer wys daarop dat lering nie net prakties van aard moet wees nie, maar ook aandag moet gee aan hoe Jesus ŉ persoon verander. Lering moet ook die verskillende lewensfases in aanmerking neem – die behoeftes van laerskoolkinders verskil van dié van tieners. ŉ Respondent wys daarop dat lering die tieners se ervaringsingesteldheid/lewensondervindinge in ag moet neem.

Een deelnemer is sterk van mening dat lering oor die Heilige Gees ŉ plek moet hê. Dit sluit lering oor die gawes en die vrug van die Gees in. Lering moet ook binne die konteks van koinonia plaasvind.

Drie deelnemers verwys na lering oor die Groot Opdrag van Matteus 28:19: gaan, bekeer, doop en leer.

ŉ Deelnemer meen dat lering oor die volgende aspekte belangrik is:

- bekering;

- doop;
- vervulling met die Heilige Gees;
- koinonia;
- gebed;
- om te gee (“giving”);
- visie;
- evangelisasie;
- dissipelskap as konsep;
- leierskapontwikkeling;
- hoe om teksversgebonde te praat (hoe lyk jou teologie?);
- om kerk te wees.

Die deelnemer bevestig die belangrikheid van gehoorsaamheid aan Christus in elke aspek van ’n persoon se lewe.

’n Ander deelnemer is van mening dat dissipelskap nie geleer hoef te word nie; die Heilige Gees sal self die persoon leer en ’n Bybelse wêreldbeskouing help ontwikkel. Die deelnemer sê dat lering ’n informele proses moet wees en dat jongmense moet leer om die stem van die Heilige Gees te kan onderskei, aangesien dit die Heilige Gees is wat ons leer om dissipels te wees.

Nog ’n deelnemer is van mening dat hierdie gedagtes baie sterk voorkom in Pinkster- en Charismatiese kringe, en hierdie opvattings is inderdaad gelug deur ’n persoon wat in ’n Pinksterkerk is. Die ander deelnemer het aangetoon dat die Heilige Gees soms mense leer, maar soms gebruik die Heilige Gees jou om ander te leer.

Sommige deelnemers is van die oortuiging dat jongmense in die proses van dissipelmaking geleer moet word hoe om moeilike lewensituasies reg te hanteer.

Een deelnemer is oortuig dat om te verstaan wat die Skrif sê oor dissipelskap, lering gegee moet word oor die vyfvoudige bedieninge, te wete apostels, profete, evangeliste, herders en leraars: "... jy moet ŉ dissipel blootstel aan ŉ bedieningsgebied en 'in-die-praktyk'-opleiding doen soos wat Jesus gedoen het..." Hy stel voor dat daar ŉ kurrikulum moet wees vir jeugbediening, met ŉ tema van modellering waardeur die nuwe dissipel kan sien hoe dissipelskap werk. Die kurrikulum moet ook ŉ sterk onderrigbasis hê.

"Dit maak nie saak hoe hoog jy teen die muur opgeklim het as jy teen ŉ verkeerde muur opklim nie ..." is een deelnemer se siening oor die afwesigheid van ŉ dissipelskapmodel.

Nog ŉ deelnemer meen dat ŉ dissipelskapproses binne ŉ jeugbediening geïnkorporeer moet word indien jeugbediening wil voortbestaan.

**Subtema 3.2: Lering ná belydenisaflegging – gaan na die nasies toe**

Een deelnemer wys op die belangrikheid daarvan dat die Groot Opdrag behels om ook "na die nasies toe te gaan", en nog ŉ deelnemer sê dat dié deel van die Groot Opdrag beteken om oor taal-, ras- en kultuurgrense te gaan. Tieners moet aan sending en aan uitreike blootgestel word, want gevarieerde sosio-kulturele blootstelling het ŉ geweldige positiewe uitwerking op ŉ persoon se dissipelskapproses.

Blootstelling aan ander op die sendingveld bevorder volgens een respondent die volgende aspekte van die dissipel se lewe:

- persoonlike groei/ontwikkeling;
- leierskap;
- ontwikkeling tot dissipelmaker;
- betrokkenheid by bedieninge;
- ontwikkeling van visie vir self, ander en ook eie landsmense;
- kerkplanting.

’n Deelnemer meen die begin van die dissipelskapproses is om ’n behoefte van die nuwe dissipel te identifiseer, aandag daaraan te gee en hulp te verleen. ’n Ander sluit hierby aan en sê “om na ander te gaan” beteken ook dat die dissipel binne sy eie gebied, byvoorbeeld die werksplek, optree: “... vir die dissipel om na die kantoor te gaan waar hy of sy werk ...”. Een van die deelnemers voel sterk dat gemeenskapsbehoeftes aandag moet kry as deel van dissipelskap: “... om gemeenskapsbehoeftes aan te spreek en (daarin) te voorsien, soos mense sonder blyplek en sonder kos ...”

**Tema 4: Noodsaaklikheid van dissipelskap**

’n Tema wat sterk na vore kom, is dat dissipelskap baie belangrik is om jongmense vir die kerk te behou en om hulle deel te maak van die kerk: “... ons verloor jongmense, en ons moet hulle ontmoet waar hulle is, soos wat Jesus met sy dissipels gedoen het ...”

Een deelnemer wys daarop dat jongmense nie meer opgewonde is oor institusionele Christenskap nie en dissipelskap is ’n manier om jongmense te kry om die Here te dien: “... hulle sien institusionele Christenskap as om ingeperk te wees. Hulle sien dit as ‘beheer van hul denke’. Jongmense soek ’n egtheid waardeur hulle liefde en aanvaarding ondervind ...”

**Subtema 4.1: Praktiese implementering**

’n Algemene siening onder die deelnemers is dat daar praktiese aktivering nodig is:

- voorbereidingfase – voorberei om dissipelskapprogram te begin;
- aktiveringfase – begin van die dissipelskapproses;
- versnellingfase – duplisering van dissipelmaker by die jongmense.

## 4.8 BESPREKING VAN DIE RESULTATE

Dit is duidelik dat daar geweldig uiteenlopende sieninge oor dissipelskap onder die respondente bestaan. ʼn Totaal van 83 response is geïdentifiseer, maar by slegs ses response is daar ooreenstemming (slegs 7% het dieselfde beskouing).

Die gebrekkige ooreenstemming kan moontlike verdere navorsing regverdig ten opsigte van die vraag hoe bekend die konsep van dissipelskap in die kerk is. Die feit dat van die deelnemers geen duidelike begrip van die konsep openbaar nie, kan moontlik dui op ʼn gebrek aan kennis in die kerk rakende dissipelskap – wat dit behels en hoe dit toegepas behoort te word, veral in jeugbediening. Dit is duidelik dat die respondente almal die betekenis van die woord "dissipel" ken (om Jesus te volg), maar dat sommiges se interpretasie van dissipelskap beperkinge het met betrekking tot die praktiese implikasies van dissipel wees, spesifiek ten opsigte van uitreike en "gaan oor die grense".

Een deelnemer verwys na dissipelskap as "... ʼn teologie van verbruikersvriendelikheid wat veroorsaak dat kinders tussen die lekkerste kerke wissel ..." Hierdie persoon is nie positief oor dissipelskap binne jeugbediening nie. Uit die onderhoud blyk dit dat die respondent nie werklik die proses van dissipelmaking verstaan nie en dat moontlike ruimte vir lering oor dissipelskap positief sou kon wees vir die deelnemer om die noodsaak te besef van dissipelskap in jeugbediening.

Daar is dus ʼn klaarblyklike gebrek aan kennis rondom die begrip "dissipelskap". Wat sou die rede daarvoor wees? Die navorser stel voor dat verdere navorsing gedoen kan word om die oorsaak van die kennisleemte by respondente te ondersoek en dat verdere gesprekke gevoer kan word om vas te stel waarom sommige bedienaars negatief is oor dissipelskap.

Twee respondente dui algemene programme of bedieninge aan as dissipelskap, soos byvoorbeeld voedingskemas en die versorging van hawelose mense. Sulke programme is egter nie vanselfsprekende aksies van dissipelskap nie. Dié dinge word baie keer gedoen bloot omdat die bedienaar daarvan hou of "ʼn hart daarvoor het". Om as ʼn dissipelskaphandeling gereken te word moet dit gedoen word vanuit die oortuigdheid dat die persoon Jesus se Groot Opdrag nakom en Jesus self navolg.

Elke gemeente is uniek en sal dus op verskillende maniere uitdrukking gee aan die dissipelskapsopdrag. Die konteks waarbinne gewerk word, die infrastruktuur en die relevante implementeringsbeginsels sal verskil. Daar is egter konsensus onder die deelnemers dat daar wel ŉ dissipelskapsproses/-kurrikulum en vaste basiese beginsels moet wees waarvolgens dissipelmaking aangepak kan word. Sommige deelnemers wys wel daarop dat daar onderskei moet word tussen ŉ gestruktureerde kurrikulum net ter wille van ŉ kurrikulum en ŉ georganiseerde program waarvolgens daar prakties gewerk kan word. Hierdie studie wil juis ŉ model of kurrikulum voorstel wat met vrug deur verskillende bedienaars en gemeentes gebruik kan word.

## 4.9 SAMEVATTING

Die navorser het in hierdie hoofstuk die navorsingsproses beskryf, wat die navorsingsontwerp, -metodologie en -resultate uitwys.

Die navorsingsbevindinge is bekom deur die implementering van ŉ kwalitatiewe navorsingsproses. Diepte-onderhoude is afsonderlik met die deelnemers gevoer totdat ŉ versadigingspunt bereik is, wat deur ŉ onafhanklike kodeerder bevestig is. Die navorsingsdata is na afloop van die onderhoude deur die onafhanklike kodeerder geanaliseer. Kategorieë is geïdentifiseer wat in temas en subtemas georganiseer is.

Die steekproefnavorsing het ten doel om krities te bepaal of gemeentes se jeugbediening werklik ŉ begrip het van dissipelskap, dissipelskapmetodes, dissipelskap-temas en ŉ dissipelmakingskurrikulum. Leemtes in die kennis en toepassing van dissipelskap is deur die navorsing uitgewys, wat die noodsaaklikheid bevestig van ŉ model waarin die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag as sleutels figureer.

Die studie hoop om rigtinggewend te wees vir verdere diepte-studie en die ontwikkeling van dissipelskap binne gemeentes, spesifiek buite die erediens. Die meerderheid deelnemers was dit eens dat dissipelskap en dissipelskapsbeginsels relevant, noodsaaklik en dringend is binne jeugbediening, en dat die toepassing hiervan in hul onderskeie gemeentes nie altyd plaasvind nie. Daar is groot

entoesiasme oor ’n kurrikulum, temas en beginsels van dissipelskap binne jeugbediening en daar is eensgesindheid dat dit kritiek noodsaaklik is vir gemeentes om hulle jeugbediening ’n dissipelskapgeoriënteerde entititeit te maak. Dit blyk dus uit die navorsing dat gemeentes radikale pogings sal moet aanwend om te herbesin oor dissipelskap, en dat leraars en pastore saamstem dat dit van die opperste belang is.

Die meerderheid deelnemers het die vrae beantwoord vanuit die paradigma om reeds gelowige jongmense te begelei, en die navorsing lewer weinig perspektiewe op ten opsigte van jongmense wat nog nie in Jesus glo nie. ’n Dissipelskapsprogram behoort ook hierdie grens oor te steek.

Die navorser bevind dat daar ’n groot behoefte is dat plaaslike gemeentes, en spesifiek jeugbedienings, beginsels vir dissipelskap moet ontdek en navors. Kopkennis en kategese, wat tans as die oorheersende model van dissipelskap by gemeentes waargeneem word, is nie genoeg nie. Daar moet ’n besinning wees oor ’n strategie binne jeugbediening om die nasies te bereik.

# HOOFSTUK 5

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE:

# ’n DISSIPELMAKINGSKURRIKULUM EN –RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING

## 5.1 HOOFSTUKUITLEG

Hierdie hoofstuk bied ‘n samevattende oorsig van en kritiese nadenke oor al die navorsing wat volgens die Zerfass-model (1974) gedoen is en waaroor gerapporteer is. Die hipotese word getoets en ’n kurrikulum vir die maak van dissipels word voorgestel. Die volgende aspekte kry aandag:

- ‘n deurlopende gesprek tussen die Skrif, relevante navorsing en modelle wat ondersoek is;
- basisteoretiese perspektiewe vir dissipelskap binne jeugbediening: Christologie, die liefdesgebod en die Groot Opdrag in die maak van dissipels binne jeugbediening, asook beginsels vir die ontwikkeling van die kurrikulum;
- metateoretiese en praktykteoretiese riglyne vir dissipelskap binne jeugbediening: Christologie, die liefdesgebod en die Groot Opdrag in die praktiese maak van dissipels binne jeugbediening, asook praktykbeginsels vir die ontwikkeling van die kurrikulum;
- kritiese refleksie;
- ‘n bestek-opname van gevolgtrekkings, leemtes en resultate van die navorsing;
- ’n aanbeveling vir ’n Christologiese kurrikulum vir die maak van dissipels binne jeugbediening met Jesus Christus die gekruisigde as fokus;

- verduideliking en bespreking van die voorgestelde kurrikulum en finale opmerkings;
- ŉ praktiese voorbeeld van ŉ ontmoeting in jeugbediening op die basis van een van die kurrikulum-temas.

## 5.2 OPSOMMENDE VERSLAG VAN DIE NAVORSING

Hoofstuk 1 van hierdie studie het die navorsingsvraag gestel teen die agtergrond van die Groot Opdrag van Jesus Christus in Matteus 28:18-20. Daarna is Skrifgefundeerde teoretiese perspektiewe in hoofstuk 2 bespreek aan die hand van die eksegetiese ondersoek van spesifieke Skrifgedeeltes. Die metateoretiese perspektiewe het in hoofstuk 3 aan bod gekom met die bestudering van verskeie dissipelmakingsmodelle en -benaderings wat in die praktyk gebruik word. Hoofstuk 4 het die navorsingsontwerp wat die empiriese navorsing ten grondslag lê uiteengesit en vervolgens is die navorser se empiriese diepte-onderhoude gerapporteer, ontleed en bespreek.

Wat die metateoretiese navorsing betref, is gebruik gemaak van Zerfass (1974) se model wat navorsing buite die Skrif om aanmoedig om ŉ ander kyk op die Skrifgebaseerde basisteorie te kry. Die metateoretiese navorsing is gedoen by gemeentes en organisasies waar dissipelmaking binne jeugbediening uitgevoer word en waar jongmense gemotiveer word om dissipels van Jesus te word. Daar is verwys na die onderskeie studies van Van Deventer (2010) en Pretorius (2003) as vertrekpunt vir hierdie studie. Hierdie navorsers het aangetoon dat enige gemeenteboumodel ŉ fokus moet hê, en albei studies toon dat die fokus Jesus Christus is. Die navorsing verwys ook na die Groot Opdrag en Groot Gebod as sleutels tot die uitbou van so ŉ model.

Die modelle en benaderings wat bestudeer is, het ingesluit: Nel (1991) se elemente van dissipelskap binne ‘n inklusiewe jeugbediening, Graham (2009) se temas vir dissipelmaking, die Willow Creek Soekerdiensstrategie (WCS), die Every Nation-gemeentes, Youth with a Mission (YWAM) en Purpose Driven Youth Ministries

(PDYM) met hul doelstellingstrategie. Die gemeentebou- en dissipelskapstrategieë by hierdie gemeentes is krities geëvalueer teenoor Graham se tien belangrike dissipelskapstemas.

Die kwalitatiewe, empiriese navorsing waaroor in hoofstuk 4 verslag gedoen is, het diepte-onderhoude behels met drie predikante van die NG-kerk, een predikant van die Gereformeerde kerk, een predikant van die Hervormde kerk, ŉ pastoor by ŉ charismatiese gemeente, ŉ professor in missiologie, asook ŉ pastoor en basisleier by YWAM. Al hierdie leraars hou hulle prakties teologies besig met dissipelskap en jeugbediening. Daar is na hulle kurrikula en/of bedienings gekyk met die oog daarop om hul kennis en praktyk van dissipelmaking, met 'n duidelik Christologiese fokus, binne jeugbediening te bepaal.

## 5.3 OPMERKINGS OOR DIE NOODSAAKLIKHEID, HIPOTESE, DOEL EN METODE VAN DIE STUDIE

Hierdie studie bou voort op Van Deventer (2010) deur prakties-teologies te fokus op dissipelmaking binne jeugbediening. Die besinning in die huidige studie is Christologies en Christoprakties (Root, 2014) gefundeer. Die belangrike werk van Pretorius (2003), Root (2014) en Nel (1998, 2018) word deeglik ondersoek in die navorsing oor die maak van dissipels binne die jeugbediening van ŉ plaaslike gemeente. In al die bogenoemde navorsing staan Jesus Christus die gekruisigde sentraal. Die fokus op Jesus word genoem die Groot Fokus, Jesus se liefdesgebod word genoem die Groot Gebod en Jesus se opdrag om dissipels van die nasies te maak, word genoem die Groot Opdrag. Hierdie kern van Jesus se omgang met sy dissipels vorm die basis van die ondersoek na en die ontwikkeling van ŉ stel effektiewe, prakties implementeerbare beginsels van ŉ kurrikulum.

Die konteks waarbinne die navorsing gedoen is, behels die GKSA, NGK en HK, wie se jeugbediening, en meer spesifiek die lering binne jeugbediening, krities ondersoek is om moontlike leemtes aan te dui. Die noodsaaklikheid vir die studie met die oog op

die skepping van ’n dissipelskapskultuur binne jeugbediening word soos volg saamgevat:

- ’n Proaktiewe dissipelskapsmodel wat beginsels en norme binne jeugbediening verwoord, is ’n inherente noodsaaklikheid vir die terrein van die praktiese teologie.
- Die begrip vir die konteks waarin jongmense en die huidige generasie funksioneer (Codrington, 2004), noodsaak ’n paradigmaverskuiwing van modernisme na postmodernisme en wys die groeiende behoefte aan ’n Bybelse model vir die inbring en opbou van dissipels en die uitlewing van dissipelskap binne jeugbediening as inklusiewe deelname aan die groter gemeente.
- Die radikale tendense met betrekking tot die moderne tegnokratiese samelewing het nog sterker uitgewys dat daar beginsels nodig is vir ’n dissipelskapskultuur.
- Beginsels en kreatiewe dissipelskapsbenaderings binne die GKSA, NGK en HK is noodsaaklik.
- ’n Kurrikulum behoort geformuleer te word om die leemte in jeugbediening aan te vul.

Die navorser het ‘n leemte aan ‘n dissipelmakingskurrikulum raakgesien onder meer vanuit sy ervaring as jeugleraar. Hy het besef jeugleraars in gemeentes kry te doen met jongmense wat in die kerk opgegroei het en wat Jesus goed ken, maar hulle werk ook soms met jongmense wat nog nooit van Jesus gehoor het nie en wat geen kennis het van hoe ’n gemeente funksioneer nie. Oor hierdie hele spektrum moet die jeugprediker die opdrag nakom om dissipels te maak. Dit vereis grondige duidelikheid rondom die Groot Opdrag. Duidelike Bybelse beginsels en vertrekpunte is nodig om dissipels te maak van jeugdiges in gemeentes en geloofsgemeenskappe. Met die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag as basis, en met inagneming van die besondere konteks en uitdagings van die moderne jongmens, is daar ’n dringende behoefte aan die ontwikkeling van ’n kurrikulum wat as model kan geld vir die maak

van dissipels binne jeugbediening en die opleiding van mentors om ŉ lewenslange geloofsvormingskonteks te skep.

In die lig van die leemte binne jeugbediening hierbo beskryf en die navorsing oor die belangrikheid van die Groot Opdrag binne die konteks van die missionêre funksie van die kerk, asook met inagneming van die vermindering in kerklidmaatgetalle, is die volgende hipotese vir die huidige navorsing in hoofstuk 1 gestel:

> **Daar is ‘n noodsaak vir die ontwikkeling van ‘n effektiewe kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening, ‘n kurrikulum wat ŉ bydrae lewer dat die institusionele kerke ‘n effektiewe getuie en instrument in die koninkryk van Jesus Christus kan wees.**

Die effektiewe uitvoering van die Groot Opdrag van Jesus Christus bewerkstellig ‘n toegewyde, passievolle en hardwerkende kerk en jeugkerk. Die volgende navorsingsvrae vloei voort uit die hipotesestelling en het as riglyne gedien vir die navorsing wat uitgevoer is:

- Hoe verstaan jeugleraars dissipelmaking onder die jeug?
- Hoe kan dissipelmaking kragtens die Groot Opdrag effektief deur jeugleraars uitgevoer word deur die daarstel van ŉ kurrikulum?
- Watter kurrikulum-temas kan afgelei word deur navorsing te doen by gemeentes wat ŉ dissipelskapmodel gebruik?
- Watter kurrikulum kan saamgestel word deur kwalitatiewe navorsing te doen?

Die navorsing het voorts daarop gefokus om:

- die Groot Fokus en die Groot Gebod te bevestig as vertrekpunte van jeugbediening ten einde die Groot Opdrag uit te voer;
- bogenoemde drie Skrifbeginsels van dissipelskap binne ŉ moderne metateoretiese werklikheid te toets;

- beginsels wat in die praktiese bediening geld krities te evalueer en aan te bied as oorwegings en kriteria vir die skepping van 'n dissipelskapkurrikulum binne gemeentes se jeugbediening waarvolgens die jeugbediening sy dissipelskapsroeping kan ontdek, verfyn en uitleef.

Die navorsingsmetode wat gevolg is, kan soos volg saamgevat word:

- Die model wat Zerfass (aangehaal deur Venter, 1995:187) aanbied vir prakties-teologiese navorsing, het die gang van die navorsing bepaal. Dit kom daarop neer dat 'n basisteorie Skriftuurlik gevorm word uit die teologiese "tradisie". 'n Metateorie, wat die basisteorie van Skriftuurlikheid aanvul, is vanuit onder andere grens- en hulpwetenskappe medebepaal, en praktykteoretiese perspektiewe artikuleer uiteindelik 'n nuwe of verstelde teorie. Sodoende is vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid in hermeneutiese wisselwerking 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42-44; 1995:198-200).
- Daar is verwys na Van Deventer (2010) se eksegetiese jeugbedieningsondersoek na relevante Skrifgedeeltes wat ook kursories met ander Skrifgedeeltes vergelyk is. 1 Korintiërs 1-2 (vir die GF), Filippense 1:9-11 (vir die GG) en Matteus 28:18-20 (vir die GG) is gekies as velde van ondersoek.
- Die navorsing lei tot die maak van 'n sintese uit die meting van die praktiese bediening. Dit geskied volgens bepaalde dissipelskapsbeginsels vir die vasstelling van 'n kurrikulum as 'n progressiewe bousteen van 'n lewenslange geloofsvorming binne jeugbediening.
- Die metateoretiese navorsing het bestaan uit die kritiese beoordeling van verskeie dissipelskapstrategieë, by name Nel en Graham se temas vir die maak van dissipels, die Willow Creek Soekerdiensstrategie (WCS), Purpose Driven Youth Ministries se doelstellingstrategie (PDYM) en YWAM en Every Nation-gemeentes se dissipelskapsbediening. Ook die beginsels en werkswyse van verskeie ander organisasies en gemeentes wat dissipelskapgeoriënteerde jeugbedienings het, is via diepte-onderhoude

ondersoek. Die resultate hiervan is binne die empiriese studie beskryf en in die lig van die GF, GG en GO, Nel se agt elemente en Graham se kurrikulum beoordeel.

- Die empiriese navorsing wat gedoen is soos in hoofstuk 4 beskryf, het beslag gekry in diepte-onderhoude met predikante en ander leraars wat werksaam is in jeugbedienings van groeiende gemeentes.
- Daar is in hermeneutiese wisselwerking vergelykings getref tussen die teoretiese en praktykgedrewe perspektiewe met die oog op die omskrywing van ŉ dissipelskapsmodel.
- Hoofstuk 5 voer gesprek, doen samevattings en kom tot finale gevolgtrekkings ten opsigte van Christologie, dissipelskap en jeugbediening.
- Terreine vir verdere ondersoek word ten slotte aangetoon.

## 5.4 KRITIESE REFLEKSIE

Die onderskeie modelle en benaderings wat in hoofstuk 3 nagevors is, is ondersoek op grond van die hipotese van hierdie studie. Die modelle en benaderings is in hoofstuk 3 telkens met mekaar vergelyk aan die hand van die volgende vrae:

- Watter bydrae lewer die model of benadering tot die ontwikkeling van ‘n kurrikulum vir dissipelmaking in jeugbediening?
- Watter leemtes merk die navorser op in die spesifieke model?
- In watter opsigte vergelyk die model positief met ander modelle wat deel uitmaak van die navorsing?
- In watter opsigte vergelyk die model negatief met ander modelle wat nagevors is?

In die huidige hoofstuk word oorsigtelik weer na die kritiese evaluering gekyk en dit word dan verder gevoer met die byvoeging van nog ‘n vraag:

- Hoe vergelyk die onderskeie modelle en benaderings met die resultate van die empiriese, kwalitatiewe navorsing deur middel van diepte-onderhoude?

Graham (2009) plaas ‘n hoë premie op dissipelmaking en sy temas word primêr in informele nedersettings gebruik. In die huidige navorsing is bevind dat sy model ‘n positiewe bydrae lewer tot die wetenskaplike ontwikkeling van ’n kurrikulum wat voldoen aan die kurrikulumkriteria soos in hoofstuk 3 uiteengesit is. In ‘n vergelyking met ander modelle blyk dit duidelik dat sy temas van besondere waarde is vir die ontwikkeling van die dissipelmakingskurrikulum en die voorstelling van essensiële temas van die kurrikulum.

Dissipelmaking onder die jeug is in al die modelle wat ondersoek is van kardinale belang. Daarteenoor het die empiriese ondersoek gewys dat twee van die deelnemers aan die diepte-onderhoude nog nie aan die konsep van dissipelmaking binne die konteks van jeugbediening gedink het nie. In die loop van die onderhoud het hulle wel te kenne gegee dat hulle insien dat dissipelmaking in ‘n gemeente, en ook spesifiek in jeugbediening, behoort plaas te vind.

Die Every Nation-gemeente lewer in verskeie opsigte ‘n waardevolle bydrae tot die navorsing, onder andere met betrekking tot die saamstel van kurrikulum-temas. Die Skrifgetrouheid waarmee die gemeente die konsep van dissipelskap hanteer en die ondersoek en uitbou van die beginsels in Matteus 28 lei tot ‘n duidelike Skrifgefundeerdheid van elke kurrikulum-tema in hierdie model. Dit blyk ook dat die Every Nation-gemeente ‘n nuwe element oplewer, te wete dié van rentmeesterskap, alhoewel dit ’n mate van ooreenstemming toon met Nel (2018) se navorsing oor die kubernesis en administrasie van talente en gawes as ‘n element in ‘n inklusiewe benadering.

In die empiriese navorsing benadruk een deelnemer dat dissipelmaking binne gemeentes lidmate moet leer om met hulle gawes te dien. Dit toon ooreenkoms met

Every Nation se konsep van rentmeesterskap. Die Every Nation-gemeente lewer ŉ positiewe bydrae met hulle verstaan van rentmeesterskap en die gebruik van finansies en gawes. Dit vergelyk positief met Graham (2009) se gee-tema en Nel (2018) se kubernesis-element. Hierdie drie, Graham, Every Nation en Nel, lê ook klem op die Christologiese invalshoek en die Christopraktiese uitlewing soos beskryf deur Root (2014). Een deelnemer aan die onderhoude wys daarop dat lidmate hulle identiteit in Christus moet vind en as ŉ resultaat daarvan uitdagings volgens die voorbeeld van Jesus Christus moet hanteer.

Die leemte in die Every Nation-gemeente se model is steeds dat daar nie duidelik gespesifiseer word dat die dissipelskap-temas ook van toepassing is op hulle jeugbediening nie. Daarteenoor toon Nel (2018) se benadering die noodsaaklikheid van inklusiwiteit, wat inhou dat dissipelmaking nie net op die volwassenes in 'n gemeente van toepassing is nie, maar ook op die jeug. Every Nation vergelyk positief met Graham (2009) se temas deurdat albei praktiese dissipelmaking onderskryf en uitvoer en albei hulle temas op Skrifgetrouheid fundeer. Beide modelle ondersteun die hipotese dat daar 'n noodsaak is vir die ontwikkeling van 'n Christopraktiese kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening. Ook in die empiriese navorsing is getrouheid aan die Skrif benadruk. Die meerderheid deelnemers was oortuig dat 'n strategie vir dissipelmaking op die Skrif gebaseer moet wees.

ŉ Punt van kritiek teen die dissipelskapsmodelle is die onduidelikheid rondom *hoe* die dissipelskapmetode die replisering van dissipels moontlik maak, met ander woorde hoe word dissipels geleer om weer ander dissipels te maak? Hoe word die model gerepliseer as ŉ lewenslange geloofsvorming van die dissipel, en spesifiek die jeugdige dissipel, binne die gemeente? Een deelnemer aan die onderhoude sien dissipelskap as ŉ lewenswyse waarbinne dissipels in alle situasies moet optree, en dit geld lewenslank. Twee deelnemers wys op die belangrikheid van ŉ stelsel van verantwoordbaarheid.

Die klem op sondebesef in die Every Nation-model vergelyk positief met Graham (2009) se dissipelskap-tema van sondebesef en bekering. Van verdere belang is die Every Nation-model se klem op gehoorsaamheid aan die Woord van die Here. Aan die negatiewe kant het die Every Nation-gemeente nie die groot uitset, soos Hawkins (2007: 11-30) leer, om dissipels na binne te bring nie. Hulle laat dissipelskap groei

deur te fokus op reeds bestaande lidmate. Een deelnemer aan die empiriese onderhoude beklemtoon dat dit belangrik is om te verstaan wat Jesus van jou verwag, en dit toon ooreenkoms met die Every Nation-model se fokus op gehoorsaamheid aan die Woord.

Die Willow Creek Soekerdiensstrategie (WCS) wend ‘n daadwerklike poging aan om die Groot Opdrag van dissipelmaking binne die gemeente uit te voer, spesifiek in die opbou van lidmate soos deur Hawkins (2007:11-30) voorgestel. Jesus se dissipelskapsmetode, te wete “bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit” is in dié verband belangrik. Die WCS hanteer dissipelskap en die ontwikkeling van dissipelskap vanuit die benadering van ŉ makrogemeente, met Rick Warren wat as prominente senior pastoor leiding gee aan die gemeente (Pritchard, 1996). Dit lei wel tot ‘n leemte in die ontwikkeling van dissipels deurdat daar swaar gesteun word op die senior leraar wat, volgens Pritchard (1996), as charismatiese leier groot verantwoordelikheid vir die gemeentesukses dra. ‘n Positiewe aspek van die model is die beginsel om lede van buite na binne in te bring. Dit is juis een van die sterk eienskappe van hierdie model. In die empiriese navorsing het een deelnemer ook daarop gewys dat elke dissipel op ŉ plek moet wees waar hy/sy ander dissipels maak en na binne bring.

Kritiek teen die WCS-model is die feit dat daar ‘n groter fokus is om mense in die gemeentekring in te bring as om oor grense uit te gaan en dissipels te maak; ŉ gaan-na-die-nasiesfokus ontbreek dus. Die gewig lê dus anders as by Graham (2009) wat weer swaarder leun op die gaan oor grense heen, eerder as om mense na die eie kerk toe te bring.

By die WCS is daar wel ŉ inklusiewe benadering ten opsigte van jeugbediening, maar die kurrikulum kom in sekere opsigte meer teoreties voor as wat dit prakties uitgevoer word. Dit is ‘n leemte met betrekking tot die huidige studie wat vanuit die gestelde hipotese ten doel het om ŉ prakties uitvoerbare kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening te ontwikkel.

Daar is ‘n ooreenkoms tussen die WCS en die Every Nation-gemeente deurdat beide modelle binne die konteks van die plaaslike gemeente, gemeentegroei en

gemeentebou beoefen word, ook spesifiek deur die insluiting van die jeugbediening by gemeentegroei.

Die WCS se lering ten opsigte van gee is ŉ positiewe bydrae as tema van dissipelskap en dit belig die opdrag van Jesus om alles te onderhou wat Hy beveel het. Dit is goed om te gee as dit vrywillig gedoen word. In 2 Korintiërs 9:7 word gesê: "Laat elkeen doen net soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie teësinnig of onder dwang nie, want God het ŉ blymoedige gewer lief." Een deelnemer aan die onderhoude het ook bevestig dat gehoorsaamheid aan Christus geweldig belangrik is in elke aspek van jou geloofslewe, daarom ook in die gee van gawes.

Die WCS-model is dalk soms te sterk ingestel op die soekers se konteks. Die gevaar bestaan dat hulle in die soeke na kontekstuele relevansie dalk ŉ afgewaterde evangelie kan bring. Pritchard (1996:208) wys daarop dat die versoeking van reputasie, onnodige bemarkingstrategieë en die verlies van waarheid ter wille van getalle vermy moet word.

Soos in hoofstuk 3 aangedui, is die YWAM-model se uitstaande kenmerk die gaan na die nasies toe, wat sterk ooreenkom met Graham (2009) se dissipelskap-temas en wat pertinent deel is van die Groot Opdrag. Beide het die vertrekpunt van dissipels maak onder die nasies, met die spesifieke fokus op jeugbediening. Dit is wel 'n leemte dat YWAM nie spesifiek 'n plaaslike gemeente of deel van ŉ plaaslike gemeente is nie; die inklusiewe benadering tot jeugbediening binne 'n gemeente ontbreek dus. Meerdere deelnemers aan die diepte-onderhoude is dit eens dat daar dissipels van jongmense gemaak moet word. Een deelnemer is oortuig dat dit belangrik is om oor die grense te gaan en van jongmense oor grense heen dissipels te maak.

YWAM se besondere bydra tot die kurrikulum en tema van die kurrikulum wat in die huidige studie ontwikkel word, is die klem op gehoorsaamheid aan God se woord en God se stem. Daar word in vergelyking met ander modelle baie swaarder gewig geplaas op die luister en gehoorsaam wees aan God se woord. Gehoorsaamheid aan die Woord word ook in die huidige navorsing so hoog geag dat dit selfs een van die evalueringskriteria vir die kurrikulum is (sien 3.4).

Nel (2018) se inklusiewe benadering tot die maak van dissipels binne jeugbediening was toonaangewend en rigtingveranderend vir plaaslike gemeentes in Suid-Afrika,

spesifiek in die GKSA, NGK en HK. Jeugbediening is daarna beskou as ‘n essensiële en volwaardige deel van ‘n gemeentebediening. Hierdie benadering vul ook die leemtes by YWAM en Every Nation aan deur meer insig te gee in hoe die jeugbediening binne die groter gemeente funksioneer. Nel se inklusiewe benadering en sy agt elemente van die oordra van die evangelie lewer ŉ direkte bydra tot die ontwikkeling van die dissipelmaakkurrikulum in die huidige studie. Nel (2018) se agt tema dien dus in die vergelyking met YWAM, Every Nation-gemeente en WCS ook as die eienskappe wat by hierdie modelle ontbreek om die Skrifbeginsels vir die inklusiewe benadering te inkorporeer in die strategiese taak (Osmer, 2008).

Die PDYM-model (Purpose Driven Youth Ministry) se uitstaande eienskap is die vermoë om jongmense na binne te bring. Hulle vermoë om kontekstueel relevant te wees dra by tot die gewilligheid by jongmense om die evangelie aan te hoor. Een deelnemer aan die empiriese navorsing meen dat ŉ dissipelskapproses binne ŉ jeugbediening geïnkorporeer moet word om die voortbestaan van jeugbediening te verseker.

In vergelyking met Graham (2009) se kurrikulum is daar by PDYM ŉ beduidende verskil ten opsigte van die gaan-na-die-nasies-opdrag. Die opdrag om uit te gaan het meer ten doel om mense deel te maak van die PDYM, en is nie hoofsaaklik daarop gerig om “na die nasies” toe te gaan nie. In die diepte-onderhoude wys verskeie deelnemers op die belangrikheid vir jongmense om na buite te gaan en spesifiek na die nasies te gaan. Een deelnemer is van die oortuiging dat die gaan na buite ŉ positiewe uitwerking het op die persoon se groei en ontwikkeling as ŉ dissipel.

Uit ‘n vergelyking met die Every Nation-gemeente blyk die leemte dat PDYM nie baie duidelik uiteensit hoe dissipelskap prakties uitgevoer word nie. PDYM het nie ‘n pertinente kurrikulum vir dissipelmaking nie, maar hulle voer wel die opdrag uit deur uit te reik, te konnekteer, te groei, te ontdek en eerbied uit te oefen. Die PDYM-model het ook die Skrifbeginsel van “gaan na die nasies” gedeeltelik in die jeugbediening geïnkorporeer met die inbring van jongmense na binne.

In vergelyking met Nel (2018) se benadering van inklusiwiteit kan gesê word dat PDYM die praktyk van inklusiewe jeugbediening toepas in hulle hantering van die jongmense by die Saddleback-gemeente.

’n Gemeenskaplike aspek van al die modelle is dat hulle die drie sleutels van jeugbediening, naamlik die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag, as belangrik ag en hulle aktiwiteite progressief daarop uitbou. In die keuse van modelle vir die navorsing is doelbewus gesoek na modelle wat die noodsaaklikheid van ’n kurrikulum vir dissipelskap in jeugbediening beklemtoon en dus die hipotese van hierdie studie sou kon bevestig en versterk. Origens het die navorsing ten doel gehad om ondersoek te doen na ’n Christopraktiese kurrikulum vir dissipelmaking in jeugbediening.

Al die modelle word positief beoordeel met betrekking tot hulle klem op die noodsaak van gebed en die lering oor gebed. Om Christus te ken en voorbidding te doen vir meer liefde is in al die modelle gevind. Elk van die modelle dra op een of ander wyse by tot die huidige studie se fokus op Christologie, dissipelskap en jeugbediening. Die modelle wat ondersoek is, asook sommige deelnemers, wys op die noodsaaklikheid om die kurrikulum te laat realiseer deurdat die Heilige Gees jou as dissipel leer hoe om as ’n dissipel te leef.

’n Tema wat sterk na vore kom in die empiriese, kwalitatiewe navorsing, is dat dissipelskap belangrik is om jongmense in die kerk te hou, ook na aflegging van geloofsbelydenis, en dat jongmense deel moet wees van die gemeenteaktiwiteite.

Die vergelyking van die onderskeie modelle met sienings vanuit die onderhoudgesprekke soos hierbo gedoen is, wys uit dat daar werklik by gemeentes in Suid-Afrika ’n leemte bestaan aan ’n Skrifgefundeerde kurrikulum vir dissipelmaking in jeugbediening, asook duidelikheid en ooreenstemming oor die temas van so ’n kurrikulum.

## 5.5 PERSPEKTIEWE OP DISSIPELSKAP BINNE JEUGBEDIENING

In die studie is Skriftuurlike perspektiewe op die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag gevolg deur ‘n ondersoek na die tien kurrikulum-temas soos uitgewys deur Graham (2009). Ook Nel (2018) se benadering met agt elemente is vergelykenderwys gebruik in die ondersoek na die uitbou van die Groot Opdrag.

### 5.5.1 Basisteoretiese perspektiewe op Christologie en dissipelskap

Die fokus op Jesus Christus, of die Christologiese fokus, is ’n sleutel in ’n dissipelskapsmodel wat die roeping van die gemeente en jeugbediening bepaal. Die Groot Fokus staan sentraal in die hele ondersoek, sowel Christologies as met betrekking tot Christopraxis (Root, 2014). Die navorser wys dat suiwer leerinhoud en die soeke na wysheid of tekens en wonders, in plaas van ’n verhouding met Christus, kan lei tot ’n skeefgetrekte jeugbediening, spesifiek met betrekking tot dissipelskap.

Die maak van dissipels, soos deur die Groot Opdrag in Matteus 28:18-20 bepaal, beskryf die roeping van die jeugbediening. Binne jeugbediening word die Groot Opdrag uitgevoer wanneer daar ’n Skriftuurlike definisie van ’n dissipel en dissipelskap gevestig en uitgebou word. Die maak van dissipels binne jeugbediening is noodsaakllik vir die funksionering van die jeugbediening asook die opbou van jongmense. Dissipelskap en dissipelmaking word deur Jesus gedemonstreer deur ’n proses van bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit.

Henderson (2006, 204) wys na dissipelskap as ’n handeling van gehoorsaamheid sonder dat die dissipel altyd die motief verstaan. Matteus 6:12-13 wys volgens Henderson dat hoewel die eerste sending van die dissipels onsuksesvol is, Jesus hulle steeds bly bemagtig. Henderson (2006) wys dus op ’n model wat die volgende belangrike aspekte bevat:

- Jesus bring eerstens sy dissipels na binne.
- Jesus bou sy dissipels op deur intimiteit en tyd in sy teenwoordigheid.
- Jesus stuur sy dissipels uit en leer hulle in kontekstueel relevante omstandighede hoe om sy koninkryk te laat deurbreek.
- Jesus rig sy dissipels op selfs al misluk hulle in hulle pogings.
- Jesus leer sy dissipels gehoorsaamheid.
- Jesus leer sy dissipels om van andere dissipels te maak.

Baffes (2011:151) toon aan hoe Jesus werklik sy dissipels opbou en bemagtig. Hy stel hulle in staat om volgelinge te word met sy krag en om hierdeur van andere dissipels te maak.

Van der Merwe (1995:3) se navorsing dui aan dat dissipelskap deur die hele Skrif afgelei word en hy het in die Johannes-evangelie gevind hoe onlosmaaklik dit is van Jesus en ŉ leerling wees van Jesus. Van der Merwe (1995:325-491) wys hoe intens die dissipels Jesus naboots, Hom volg, gereelde openbaring ontvang en deel kry aan die ko-missie, oftewel die Groot Opdrag. Sy navorsing wys duidelik die wyse waarop Jesus Sy dissipels opbou, ŉ belangrike tema in die maak van dissipels. Die lens waardeur dissipels gemaak word, is een van bemagtiging

In sy navorsing oor Christologie wys Viljoen (2002:3) op die verskillende name en aanspreekwyses van Jesus. Die vertrekpunte daarvan word verkry uit en deur die konteks waarin Jesus bedien het (Boring, 1985:131). Viljoen (2002:3) verwys ook na Jesus as die Seun van God en die Seun van die mens, die "beste afbeelding van Jesus", verkry uit die Markus-evangelie. Ook Dreyer (2001:393) sê: "The names 'Son of God' and 'Son of Man' were the most important names that structured the image of Jesus in Mark."

Plaaslike gemeentes se roeping is duidelik: om met Jesus as die fokuspunt en binne die liefdesgebod die opdrag van dissipelmaking na te kom. Gemeentes moet duidelikheid kry oor hoe jeugbediening ŉ dissipelskapsmodel of 'n -kurrikulum kan aanwend ter bevordering van ŉ kultuur van lewenslange geloofsvorming. Die ontwerp van so ŉ kultuur en die implementering van ŉ model wat Skriftuurlik nagevors is, sal die jeugbediening in staat stel om sy dissipelskapsroeping uit te voer en dissipelskap uit te bou.

Hoofstuk 1 het die vraag rondom dissipelskap asook die uitdagings van dissipelmaking beskryf. Die woord "visie" omskryf die toekoms waarheen die jeugbediening homself sien ontwikkel. Sinek (2017) sê dat ŉ organisasie, oftewel vir die doeleindes van hierdie studie ŉ jeugbediening, begin met die vraag "hoekom?"; wat is dus die rede vir die bestaansreg van die organisasie? Die "wat ons doen" spruit volgens Sinek (2017) voort uit die "hoekom ons dit doen", waarna die "hoe ons dit doen" gestalte kry.

Ten opsigte van die “hoe ons dit doen” laat die jeugbediening hom lei deur die visie as verwysingspunt of anker vir die toekoms (Senge, 1990: 348). Loewen (1997:180) omskryf die begrip “visie” soos volg: “Vision ... is the brain that governs the whole body, not just individual limbs. It decides on the future state to which you want to move. This can include a description of how your body will look or what it will be achieving (i.e., get to the moon by the end of the decade)”.

Pretorius (2003:21) verwys in sy navorsing na “visie” as die fokus op Jesus en verwys na Burger (1991:37-38; 1999:42) wat “visie” as wisselterm gebruik vir die teologiese dogma, die algemene oorkoepelende beeld van die kerk in die Skrif, en selfs vir die begrip “evangelie”. Burger kies hierdie gebruik van “visie” ter wille van die “aangegrepenheid”, asook emotiewe en konatiewe momente wat daardeur beklemtoon word (Burger, 1991:38). (“Konatief” verwys na die aksie of handeling wat volg op kognitiewe en emotiewe belewing.) Burger (1999:49) is van mening dat die visie bepaal word deur vrae soos: “wie is ons?”, “wat maak ons hier?” en “wat is ons opgelegde taak?” “Missie” beskryf die styl en middele van die organisasie om die beoogde doel (visie) te bereik (Loewen, 1997:180).

Root (2014) wys dat die Christologiese fokus op Jesus die gekruisigde tot die Christopraxis lei. Root (2014) verskaf dus ’n Christologiese vertrekpunt vir hierdie studie, wat verder in die Christopraktiese ontwikkel om soos Jesus beveel het dissipels te maak. Die studie het dus as vertrekpunt en visie die fokus op Jesus en Hom die gekruisigde.

Die modelle wat ontleed is, is almal Christologies geposisioneer in die uitvoering van dissipelskap, spesifiek in jeugbediening. Die empiriese, kwalitatiewe navorsing wat gedoen is, toon dat waar daar nie intensioneel Christologies na dissipelskap en ’n moontlike kurrikulum vir dissipelskap gekyk word nie, die fokus van die bediening aan die jeug nie Skrifgetrou is nie.

### 5.5.2 Metateoretiese perspektiewe op Christologie en dissipelskap

Aangesien Jesus self die opdrag van dissipelmaking gegee het en dit berus op die evangelie van sy kruisdood, opstanding, verlossing en genade, moet Hy die fokus wees van enige bediening in dié verband.

Op grond van die metateoretiese navorsing oor verskillende gemeentes en bedienings wat gedoen is, word vir oorweging die volgende praktiese riglyne gegee oor wat die fokus binne jeugbediening moet wees en hoe dit gestalte kan kry:

- Efesiërs 1:4-11 toon duidelik aan dat Jesus sentraal is in God se plan. Ons, God se kinders, is "voorbeskik" om in Jesus as kinders aangeneem te word. God wil alles in die hemel en op die aarde "onder een hoof in Christus verenig." Jongmense moet dus hulle identiteit binne Jesus Christus – sy passie, sy lewe en Hom as die gekruisigde – vestig (Dean, 2004:16).
- Jeugbediening is en moet ŉ volwaardige bediening wees waardeur Jesus as die gekruisigde en die opgestane Koning in jongmense se lewens ingebring word (Nel, 2018 en Root, 2014).
- Om ŉ dissipelskapsmodel binne jeugbediening te vestig, moet daar dus Christologies te werk gegaan word. ŉ Jeugbediening moet op Jesus Christus fokus en in Hom as die Here roem, en niks anders leer en weet as Jesus Christus die gekruisigde nie (Root, 2014; Van Deventer, 2010:34).
- Die leiers en mentors van die jeugbediening moet gelei word om te fokus op Christus die gekruisigde as onontbeerlike hermeneutiese vertrekpunt vir jeugbediening asook in die groter gemeentebouproses. Tieners moet tot die besef gebring word dat die voltooide werk van Jesus en Hy as gekruisigde die vertrekpunt is van waarom dissipels gemaak word (Pretorius, 2003:349).
- Die fokus op Christus moet duidelik en gereeld aan die volle jeugbediening asook grotere gemeente gekommunikeer word.

- Lede van die jeugbediening moet met eie belewenisse oor die “Woord van die kruis” (1 Korintiërs 1:18) getuig. Dit word met nederigheid en in volle oorgawe aan die gesag van Jesus gedoen. ŉ Bewustelike uitbou van die reputasie (“image”) is oorbodig.

- Wanneer Jesus Christus die fokus word, word daar in ŉ verhouding met Hom getree. Die doel van dissipelmaking is om die jeug in ŉ intieme en dinamiese verhouding met Jesus te stel. Hy is nie ŉ “teologiese konsep” nie, maar ŉ persoon wat op die aarde geleef het en die grootste offer vir ons gebring het. Omdat Hy leef en ons liefhet, kan die verhouding met hom lewend wees, nie stagnant en leweloos nie.

- Die tiener moet begelei word om Jesus se nabyheid te beleef. In die Groot Opdrag het Hy beloof Hy is met ons tot die voleinding van die wêreld. Omdat hy absoluut getrou is, is sy krag en genade tot elke jongmens se beskikking om sonde en struikelblokke te oorkom.

- Enige ander fokus as Jesus die gekruisigde moet ondergeskik wees, soos byvoorbeeld: behoeftes van die buitekerklike jongmense, Skrifkennis, kennis van die suiwer leer en die gesag van die Skrif, die werking van die Heilige Gees en gawes. Die Groot Fokus is die beginpunt van ŉ jeugbedieningstrategie en die ontvouing van ŉ dissipelskapsmodel.

Samevattend kan ons sê dit het duidelik uit die metateoretiese navorsing aan die lig gekom dat daar eenstemmigheid oor die belang van ŉ fokus vir ŉ gemeente se jeugbediening moet wees en dat hierdie fokus en vertrekpunt Jesus Christus moet wees. Die fokus op Jesus Christus beteken ook ŉ fokus op die kruis en opstanding. Die kruis simboliseer opoffering en selfverloëning en dit is nodig dat jongmense geleer word om nederig volkome afhanklikheid van Jesus Christus te bely, ten einde opgehef te word tot die eer van God. Die praktiese implikasie is dat daar nie op kennis alleen gefokus word nie, maar op die lewende verhouding met Jesus.

Die navorsing het aangetoon dat daar by sommige gemeentes en bedieninge leemtes is ten opsigte van hierdie fokus op Jesus. Daar is wel bevind dat die Purpose Driven Youth Ministry se fokus, in ooreenstemming met dié van die groter gemeente, Jesus

Christus is. Die basis van hierdie jeugbediening is om getuies van Jesus te wees en die evangelie of die blye boodskap van Jesus te kommunikeer. Die PDYM-model fokus wel ook sterk op hulle vyf doelstellings en dit hou die gevaar in dat die jeugbediening prosesgedrewe funksioneer, eerder as aangedryf word deur die fokus op Jesus Christus self.

Die fokus op Jesus binne ŉ jeugbediening word deur tieners as waardig beskou en hulle sal vir hierdie fokus hulle lewe gee, soos van volgelinge van Jesus verwag word. Dit is dus van kardinale belang dat ŉ ontmoeting met Jesus Christus deur jeugbedienings gefasiliteer moet word.

Die empiriese navorsing deur middel van diepte-onderhoude met leraars en pastore het die volgende uitgewys:

- Die fokus van ŉ jeugbediening behoort Jesus Christus te wees, maar daar is baie leemtes in die toepassing hiervan.
- Daar is uiteenlopende persepsies oor wat die fokus moet wees en onduidelikheid oor ŉ vertrekpunt van die jeugbediening van ŉ gemeente.
- Die oorwegende gevolgtrekking oor die fokus van dissipelskap binne die gemeentes van leraars en pastore wat ondersoek is, is dat op kennis van die suiwer leer en die gesag van die Skrif binne ŉ katkisasiemodel gefokus word.
- Daar is ŉ siening dat jeugbedienings geen besondere fokus kan hê nie omdat hulle gekenmerk word deur ŉ postmodernistiese soeke na wysheid.

ŉ Jeugbediening kan alleen tot sy volle reg kom, en elke aspek van die bediening tot sy volle reg laat kom, wanneer daar doelbewus op Jesus Christus gefokus word.

Die volgende **leemtes** is geïdentifiseer in die toepassing van die jeugbediening van Willow Creek se Soekerdiensstrategie (WCS), met spesifieke verwysing na die maak van dissipels, asook die doelstellingstrategie van Purpose Driven Youth Ministries (PDYM), YWAM, NG kerke, Gereformeerde kerke en Hervormde kerke:

- Beide WCS en PDYM openbaar tekortkominge sover dit die Groot Fokus betref, omdat die modelle onderskeidelik soeker- en doelstellinggedrewe is.

- Die soekerdiensmodel toon dat gemeentes die geluk en behoeftes van die buitekerklike en sy/haar persoonlike vervulling as fokuspunt gebruik. Dit neem die oog weg van Jesus wie se offervaardige verlossing en ingesteldheid sentraal moet staan.
- In die soeke na die vervulling van buitekerklikes se behoeftes kan gemeentes bemarkingstrategieë onkrities toepas, met die gevolg dat die produk (die evangelie) aangepas word en die buitekerklike as bloot ŉ kliënt gesien word.
- Charismatiese gemeentes asook die drie susterskerke het nie ŉ duidelike fokus op Jesus Christus nie, maar doen meer lering en fokus meer op kennisverwerwing.

### 5.5.3 Basisteoretiese perspektiewe op die Groot Gebod vir die maak van dissipels

Na die vestiging van ŉ Christologiese fokus as ‘n sleutel tot dissipelskap in jeugbediening, word nog ‘n sleutel onderskei, naamlik die liefdesgebod. In Osmer (2008:4) se terme sou ‘n mens die kerntaak van die uitlewing van die liefdesgebod kon sien as die normatiewe en pragmatiese taak. Daar behoort meer liefde in jeugbediening te wees en die reaksie op dissipelmaking behoort meer liefde te wees. Uit Filippense 1:1 wys Pretorius (2003:115) die volgende uit in verband met die Groot Gebod:

- Die opdrag van liefde tot God en liefde tot jou naaste word deur Jesus Christus self as die grootste tweeledige gebod gegee.
- Die Heilige Gees laat liefde toeneem, en een van die sleutelaksies hiervan is gebed.
- As liefde toeneem, groei ŉ bediening en groei die onderlingheid.
- Liefde neem toe waar daar doelgerig daarvoor gebid word.

Van Deventer (2010:43) maak die volgende gevolgtrekkings en gee basisteoretiese perspektiewe oor die Groot Gebod:

- Die liefdesgebod word deur Jesus self gegee. Dit is die heel grootste gebod aan die kerk gegee. In die progressiewe Skrifopenbaring van die Nuwe Testament figureer die Groot Gebod duidelik.
- Verskeie liefdesbegrippe word doelbewus deur Paulus ingesluit terwyl hy God dank vir die werk in Filippense. Aangesien tieners en jong gelowiges op ŉ inklusiewe basis voluit deel het aan die gemeente, is die liefde, wat kennis en ŉ fyn aanvoeling insluit, dus ook gerig op die jeug.
- Wanneer liefde eksponensieel toeneem, vestig en word die evangelie binne jeugbediening uitgebou. Deur Jesus Christus intiem te ken, nie net deur leerinhoud nie, word die optrede en uitsette van ŉ jeugbediening gekenmerk aan oorvloedige liefde, fyn aanvoeling en onderskeiding.
- Die impak van Jesus se liefde deur die Heilige Gees word beleef wanneer die Groot Gebod in die vertikale en horisontale uitlewing van liefde verwerklik word.
- Liefde neem toe waar daar gereelde voorbidding en gebedsbediening vir mekaar in die jeugbediening en gemeente plaasvind.
- Die vrug van ŉ jeugbediening sal tot eer van God wees en die gestalte van Jesus Christus sal sigbaar wees in die aktiewe uitlewing van die liefdesgebod.

Uit die empiriese navorsing wat uitgevoer is, blyk dit dat deelnemers dit eens is dat dissipelskap gekenmerk word deur liefde tot God en liefde tot die naaste. Deelnemers wys dat die praktyk om in liefde verhoudings met ander dissipels te vestig en te bou jongmense geestelik laat groei. Die onderskeie praktiese modelle wat ondersoek is, dui ook die noodsaak aan van die liefde as ‘n onlosmaaklike deel van dissipelmaking. Die uitleef van die liefdesgebod is dan ook ingesluit in die evalueringskriteria vir ‘n kurrikulum, soos in 3.5 uiteengesit.

### 5.5.4 Metateoretiese perspektiewe op die Groot Gebod vir die maak van dissipels

Die metateoretiese navorsing wys uit dat waar daar ŉ liefde vir die buitekerklike tiener is, asook toenemende liefde vir die tiener en jongmense binne ŉ gemeente, die jeugbediening uitvoering aan die Groot Gebod gee en toenemende liefde onder die jeug self waarneembaar word. Dit wys ook dat ŉ liefdevolle gesindheid en atmosfeer groter betrokkenheid by tieners skep in bedienings wat die evangelie uitdra. Liefdevolle verhoudings binne die jeugbediening is verder van kardinale belang vir die jongmens om sy of haar vaste identiteit in Christus te kan vorm.

Die navorsing het aangetoon dat die PDYM-model daarin slaag om liefdevolle verhoudings binne die jeugbediening te skep en PDYM se doelstellings word afgelei uit die Groot Gebod. Die gemeente en jeugbediening begryp dat die liefdesgebod mense nader aan Jesus Christus trek en probeer om in al hulle aktiwiteite hierdie liefde ten toon te stel en uit te leef.

Die jeugbedienings van die Willow Creek-gemeente, Saddleback-gemeente asook YWAM en Every Nation-gemeente slaag ook daarin om ŉ jeugvriendelike konteks met liefde en aanvaarding te skep vir jongmense wat nog nie deel van die gemeente is nie.

Die empiriese navorsing deur diepte-onderhoude het die volgende uitgewys:

- Die oorkoepelende resultate dui daarop dat daar, in ooreenstemming met die Groot Gebod, toenemende liefde binne ŉ jeugbediening moet wees. Dit het ŉ positiewe uitwerking op dissipelmaking en behoort nagestreef te word.
- Die liefdevolle verhoudinge binne die katkisasiemodel alleen word merendeels as gebrekkig beoordeel. Daar is te veel onpersoonlike lering en te min intrekking van die jeug wat met liefde gepaard gaan. Toenemende liefde binne ŉ jeugbediening is die ideaal en daar moet voortdurend daarna gestreef word.
- In die NGK, GKSA en HK word daar ŉ minder liefdevolle atmosfeer en verhoudinge beleef as in die ander kerke en bedienings wat bestudeer is. Daar

is te min intensionele liefdevolle bediening ten opsigte van die maak van dissipels binne die gemeentes.

- Jeugbedienings toon gebrekkig georganiseerde gebedsaksies vir die toename in liefde en liefdevolle verhoudings binne die jeugbediening, en geen permanente strategieë word hiervoor gebruik nie. Die navorsing wys dat daar aktief gebed moet plaasvind vir meer liefde in die bediening en in die praktyk word daar te min aandag hieraan gegee.
- Verhoudinge kan alleen groei ten opsigte van onderlingheid mits die Groot Gebod tasbaar vergestalting kry.
- Toenemende liefde vir jongmense buite die gemeente blyk gebrekkig te wees binne die GKSA, en weinig van die nie-kerklike jeug word deel gemaak van die geloofsgemeenskap as gevolg van die eensydige klem op die opvoeding van slegs lidmate.
- Die bedienings van die GKSA, die NGK en HK kan leer uit die strategieë en toerusting van die WCS, YWAM, Graham en PDYM wat almal ontwerp is om liefde vir die buitekerklike te inkorporeer in die dissipelskapstrategie. Die jeugbediening moet enige dissipelskapskurrikulum meet aan die liefdesgebod, ook van toepassing op buitekerklikes.
- Die katkisasiemodel alleen stimuleer nie die groei in toenemende liefde binne ŉ gemeente en jeugbediening nie.

Samevattend kan gesê word ŉ jeugbediening moet nooit eensydig fokus op die bestuur en uitbou van die reputasie (“image”) van die bediening nie. Dissipelmaking is nie outentiek as die Groot Opdrag liefdeloos aangepak word nie. Jeugbedienings waar daar spontaan deelgeneem word, skep ŉ verwelkomende ruimte waarin dissipels gemaak kan word. Terselfdertyd verwelkom die gesindheid van omgee ook buitekerklike tieners wat na die liefde van Christus gelei en in die dissipelgemeenskap ingebring moet word.

### 5.5.5 Basisteoretiese perspektiewe op die Groot Opdrag en die maak van dissipels

In hierdie studie is daar basisteoreties Skriftuurlike navorsing gedoen oor dissipelskap. Drie kerntemas van die bedieningsproses binne ‘n gemeente is uitgewys: die Groot Fokus (Jesus Christus), die Groot Gebod (meer liefde) en die Groot Opdrag (maak dissipel). Vanuit die Groot Opdrag kan die proses van dissipelmaking samevattend soos volg omskryf word:

- Alle mag behoort aan Jesus. Jesus begin deur te sê: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde”. Daarop volg die opdrag: “Gaan dan na al die nasies toe en maak hulle My dissipels”.

Soos vroeër genoem, dui die mag van Jesus ook op die Goddelike outoriteit wat Hy het. Hy word hier aangedui as die Here van alle dinge. Dit roep die woorde van Daniël 7:14 op: “En aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is ŉ ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie, sy koningskap sal nie ophou nie.”

Die woordjie “dan” in die opdrag “gaan dan” dui daarop dat die opdrag spruit uit die woorde: “Aan My is gegee alle mag…” Die opdrag om dissipels te maak spruit dus uit die outoriteit wat Jesus besit. Hendriksen (1973:999) wys dan ook daarop dat die “gaan”-opdrag eintlik sê: Gaan dan, want God beveel jou om dit te doen. Jesus beveel sy dissipels met outoriteit en dra die outoriteit om uit te gaan aan hulle oor. Sy woorde hou ook ŉ tema van troos in: Gaan, moenie bang wees nie; Ek sal aan jou al die krag gee om die opdrag uit te voer.

Gaan oor die grense. “Al die nasies” wys op God se doel om Homself met die hele mensdom te versoen. Die woorde dui nie soseer op die moderne konsep van “national states” nie, maar eerder op “all peoples” (Keener, 1999:719), dit wil sê alle mense, oor alle grense heen. Dit roep weer eens die verwysing in Daniël op na “al die volke, nasies en taalgroepe”. Jesus se eie bediening op aarde was hoofsaaklik tot die Jode beperk, maar nou word die grense verskuif; die dissipels word na die uithoeke van die aarde gestuur (Handelinge 1:8). Ook mense buite die Jodedom moet van Jesus leer en Hom

volg. God se visie is om die hele mensdom in en deur Jesus Christus te laat deel in sy oorvloedige genade.

Die opdrag is nie om te gaan preek nie, maar om dissipels te maak. Die dissipels moet nie net die evangelie verkondig nie, maar moet hulleself as ‘t ware dupliseer, nuwe dissipels gaan maak – nuwe getroue navolgers/nabootsers van Jesus. Hulle het eerstehands by Jesus geleer hoe die koninkryk van God lyk, hoe liefde sentraal staan in die koninkryk. Hulle het by Jesus geleer hoe lyk vertroue in die Vader en hoe lyk absolute gehoorsaamheid. Hulle het geleer wat dit verg om ŉ dissipel te wees en hoe die seën van God op hulle as dissipels lyk. Nou moet hulle die Meester se model gaan oordra sodat alle tale, volke en nasies dissipels van Hom kan oplewer.

- “Doop hulle in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees”.

Om ŉ dissipel te word beteken dat jy die ou lewe aflê en gebore word in ŉ nuwe lewe. Paulus sê in Romeine 6:3: “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?” Saam met Jesus is ons begrawe en saam met Hom is ons opgewek om in ŉ “nuwe lewe” te kan wandel. Die doop word ŉ simbool wat na buite die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens toon. Dit is ŉ intrinsieke deel van Christen wees en van dissipel wees. Deur die doop erken ons dat ons nie onsself kan skoon was van sonde nie, maar dat Jesus dit vir ons doen. Ons aanvaar Hom as ons Here. Die doop word dus ŉ uiterlike teken van ŉ innerlike werklikheid.

Jesus se opdrag is verder dat die mense “in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees” gedoop moet word. Hulle word dus ingelyf in die totale en volle liefde en genade van die drie-enige God. Die Jode het die goddelikheid van die Vader en van sy Gees erken, maar deur te doop volgens die Groot Opdrag word ook Jesus se goddelikheid, op een vlak met dié van die Vader en die Gees, erken en bely.

- “Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

Die feit dat hierdie opdrag na die “doop”-opdrag volg, dui daarop dat die lering van ŉ dissipel na sy doop voortgaan (Hendriksen, 1973:1002). Jesus stel dit egter ook duidelik dat meer as net leer van toepassing is. ŉ Dissipel moet alles leer wat deur die Meester onderrig word, maar moet dit ook onderhou. Dissipelskap impliseer dus nie

net leer nie, maar léwe volgens die leringe. Dissipelskap impliseer veel meer as lippediens aan Jesus. Dissipels vorm die kerk wat as getuie van Jesus sy leringe moet uitleef te midde van ʼn gebroke, Jesuslose en dikwels Jesus ontkennende wêreld.

Hendriksen (1973:1002) kom tot die gevolgtrekking dat Jesus deur die doop die dissipel "bevestig" in die amp om self die Groot Opdrag te gaan uitvoer. Elke dissipel word deur God beveel en met Goddelike outoriteit toegerus om dissipels te maak, hulle te doop en hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus geleer het. Elke leerling moet dus aan Jesus gehoorsaam wees. Pretorius (2003:175) wys daarop dat wanneer enige iets "minder" geleer word as wat Jesus hier sê, die volle opdrag nie uitgevoer word nie.

- "Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld."

Om dissipel te wees en om dissipels te maak is nie ʼn maklike taak nie. Dit kan ʼn worstelstryd wees, maar Jesus bemoedig en vertroos al sy dissipels met die belofte van sy voortdurende teenwoordigheid. Hy laat hulle nie aan hulleself oor nie. Geen volgeling van Christus is ooit alleen nie. Jesus Christus is langs en saam met elke dissipel in die uitvoering van sy opdrag.

Hawkins onderskei ʼn dissipelmaakmodel van Jesus self wat drie fasette het:

- Jesus bring dissipels in – "He brought them in". Markus 3:14 sê Jesus het apostels aangestel; Hy het hulle na homself toe geroep.
- Jesus bou dissipels op – "He built them up". Markus beskryf dat Jesus die dissipels na Hom toe geroep het sodat hulle met Hom kon wees.
- Jesus stuur dissipels uit – "He sent them out". Die dissipels het naby Jesus geleef sodat Hy hulle weer kon uitstuur om te preek en self dissipels te maak. Jesus het hulle bemagtig en toegerus om die wêreld te verander.
- Jesus word gevolg en gehoorsaam deur die kerk missionêr te maak en uit te gaan om dissipels te maak (Dean, 2010:66).

### 5.5.6 Metateoretiese perspektiewe rakende die Groot Opdrag en die maak van dissipels

Schalekamp (2005:30) se navorsing wys dat kerke die Groot Opdrag moet uitvoer en dat die missio Dei verwys na God self wat die kerk betrek in die uitvoering van sy sending in die wêreld. Die kerk se missionêre aktiwiteite is deel van die missio Dei en gemeentes kan genoem word missiones ecclesiae. Binne jeugbediening moet die jeug ook diensbaar wees aan die missio Dei deur dissipelmaking.

Die metateoretiese navorsing het aangedui dat die PDYM se proses van dissipelmaking gebrekkige kennis toon rakende die Skriftuurlike definisie van ŉ dissipel en dissipelskap en die inhoudelike van dissipel wees in ŉ post-moderne samelewing. Die PDYM-model plaas wel ŉ hoë premie op dissipelmaking en die dissipelmaakproses binne die jeugbediening, en ŉ gedifferensieerde benadering word gevolg om elke persoon op hulle vlak en by hulle "plek" van geloofsgroei te ontmoet en verder te begelei tot volwassenheid in die geloof.

Die PDM Saddleback-gemeente se jeugbediening neem ten volle deel aan die dissipelmaakproses van die groter gemeente. Daar word ook ŉ inklusiewe benadering gevolg wat die bereiking van die buitekerklike jeug betref. Buitekerklikes word binne die PDYM-model tot dissipelskap begelei.

Die tendense in jeugbediening toon ŉ groot begrip vir die noodsaaklikheid dat dissipelskap gefasiliteer en uitgebou moet word, om derhalwe ŉ proses vir dissipelmaking binne en buite die gemeente te ontwikkel. Daar is begrip vir die "leer hulle om alles te onderhou"-aspek van die Groot Opdrag, hoewel dit nie altyd as deel van die dissipelmaakproses gesien word nie.

Die empiriese navorsing uit diepte-onderhoude het die volgende gewys:

- Sommige deelnemers het bevestig dat die dissipelmaking van die jeug buite en binne die gemeente ŉ belangrike rol behoort te speel.
- Die term dissipel en dissipelskap is bekend, maar daar is weinig begrip vir wat die terme impliseer. Jeugbedienings is onkundig wat die maak van dissipels

betref en daar is geen prosesse in die GKSA wat die Groot Opdrag laat realiseer nie.

- Die navorsing bevestig dat die dissipelmaking van die jeug buite die gemeente baie aandag behoort te kry en dat daar binne die GKSA te min gedoen word om ook buitekerklike jeug deel te maak van die geloofsgemeenskap.
- Jongmense moet geleer word om alles te onderhou wat Jesus voorskryf en daar is ŉ leemte in die aktiewe soeke na ŉ proses vir lering na belydenisaflegging.

### 5.5.6.1 Praktykteoretiese aanbevelings oor dissipelmaking binne gemeentes en jeugbedienings

Jesus Christus gee die Groot Opdrag in Matteus 28 aan sy dissipels en dus aan die kerk en elke dissipel binne die kerk. Die jeugbediening saam met die groter gemeente behoort ernstig te besin oor die noodsaak van dissipelmaking en dit moet as uitset geformaliseer word. Die Groot Opdrag moet lewend gemaak word om dissipelskap "te laat geskied" en uit te bou.

Daar moet aktief na prosesse gekyk word ten einde die buitekerklike jeug deel te maak van die geloofsgemeenskap. ŉ Dissipelmaakproses vir die kerklike en buitekerklike jongmens moet ontwikkel word.

Die belydenisaflegging van jong lidmate kan deel uitmaak van die groter dissipelskapproses, waarbinne ŉ persoon ná sy openbare belydenis van geloof as ŉ dissipel en volgeling van Jesus Christus geleer word om alles te onderhou. Jeugbedienings behoort dus aandag te skenk aan die proses van lering na belydenisaflegging. Jongmense wat reeds dissipels is, kan verder binne die jeugbediening van ŉ gemeente strategieë en metodes ontwikkel en uitbou om van andere dissipels te maak. Jeugbedienings kan jongmense in 'n gemeente dus begelei om uit die Skrif te ontdek hoe die Groot Opdrag binne die bepaalde konteks kan ontvou.

Die meerderheid deelnemers in die GKSA, NGK en HK is bewus daarvan dat die praktyke van belydenis van geloof of aanneming nie ŉ dissipelskapmetode of temas bevat vir die maak van dissipels na die belydenisaflegging nie. Daar is met ander woorde geen verdere formele onderrig of intensionele dissipelskap na die geloofsbelydenis nie (katkisasie strek tot en met belydenisaflegging).

Hoewel dissipelskap nie ŉ mens se verlossing bepaal nie, is dit die opdrag dat lede van ŉ jeugbediening, asook ŉ groter gemeente, deel moet bly van lewenslange geloofsvorming, oftewel dissipelskap.

Die empiriese navorsing het aangetoon dat die drie susterskerke in Suid-Afrika, en meer bepaald die GKSA, ŉ daadwerklike poging behoort aan te wend om ook van buitekerklike tieners dissipels te maak en by die geloofsgemeenskap te laat inskakel en om die dissipelskapproses na belydenisaflegging te laat voortgaan.

### 5.5.6.2 Gevolgtrekkings vanuit die metateoretiese en empiriese navorsing oor die doop as deel van die Groot Opdrag

‘n Wesenstema van die Groot Opdrag tot dissipelmaking is die doophandeling. Om gedoop te word getuig van gehoorsaamheid aan Jesus Christus. Die doop is ‘n teken van die dissipel se geloof in die gekruisigde en opgestane Jesus, die aflegging van die ou mens en die opstanding van die nuwe. Dit dui dus op reiniging en regenerasie en bevestig die dissipel se geloof in Jesus as die geofferde Seun van God.

Tydens die diepte-onderhoude van die empiriese navorsing is bevind dat veral in die GKSA, NGK en HK die betekenis van “doop hulle” soms misverstaan word deurdat dit verwar word met bekering.

### 5.5.6.3 Gevolgtrekkings uit die empiriese navorsing oor uitreiking as deel van die Groot Opdrag

Jesus het aan sy dissipels en aan die kerk die opdrag te gee om “na die nasies” toe te gaan en disipels te maak. In dié verband kan die volgende uit die empiriese navorsing afgelei word:

- Die meerderheid deelnemers in die GKSA, NGK en HK sien nie die noodsaak in van uitreiking binne jeugbediening nie en het weinig strategieë vir “gaan na die nasies” in plek.
- Die meer charismatiese deelnemers het binne die groter gemeente strategieë vir die gaan oor die onmiddellike grense, maar steeds groot leemtes binne die gemeente se jeugbediening.

Jeugbedienings moet jongmense aktiveer om onder leiding van die Heilige Gees geleenthede en tye raak te sien om so wyd as moontlik aan uitreikaksies deel te neem en met missionêre organisasies te skakel.

Die jeugbedienings van gemeentes moet dus saam met die groter gemeente begelei word om strategies te begin beplan hoe om nie-kerklikes na binne te bring, op te bou en uit te stuur, en so ook uit te reik na ander nasies toe. Dissipelskap moet as ŉ uitwaartse proses gesien word, en dit is nodig om buite die gemeentegrense uit te reik.

#### 5.5.6.4 Praktykteoretiese gevolgtrekking oor “leer hulle ... ” in die Groot Opdrag

Matteus 28 leer dat “alles wat Jesus beveel het” die leerinhoud is vir dissipelskap; daarom moet die hele Skrif binne jeugbediening gesien word as die handboek vir lering. Die leerinhoud kan saamgevat word in die Groot Gebod (liefde tot God en liefde tot die naaste) en die Groot Fokus (Jesus Christus).

#### 5.5.6.5 Praktykteoretiese gevolgtrekkings oor die uitvoering van die Groot Opdrag

Daar is by alle deelnemers aan die empiriese navorsing ŉ onvoldoende begrip van wat ŉ dissipel is. ŉ Jeugbediening van ŉ gemeente behoort te leer dat daar volgens lering uit die Skrif ten minste drie kategorieë dissipels bestaan: mense wat nog slegs volgelinge en leerlinge van Jesus is, Christen-dissipels en toegewyde (“committed”) dissipels. Die PDYM onderskei tussen die “community”, “crowd”, “congregation”, “committed” en “core” as verskillende kategorieë van dissipels in die

dissipelmaakproses. In die PDYM word geleer dat dissipelskap eers met wedergeboorte begin, terwyl die navorsing uitwys dat dit slegs een tema van die dissipelskapsproses is.

ŉ Beter begrip van wat dissipelskap inhou, is dus essensieel. Daarsonder kan daar nie ‘n effektiewe dissipelmaakproses wees kragtens die Groot Opdrag nie. Daarbenewens moet daar duidelike beginsels en temas vir dissipelmaking binne jeugbediening wees. Die huidige studie se kurrikulum ondervang hierdie behoefte.

Die fokus op Jesus Christus en die liefdesgebod binne die jeugbediening moet in verband gebring word met die dissipelskapproses.

Dit is ook belangrik dat jongmense getuienisse lewer oor hul dissipelskap en geloofslewe. Die jongmense moet begelei word om as deel van die uitreikproses en dissipelskapmaking getuienis te lewer oor die werk van God voor, tydens en na uitreike.

### 5.5.7 Graham se tien temas vir ŉ dissisipelskapsmodel

Die navorser het tydens sy navorsing oor Christologiese dissipelmaking die betekenisvolle navorsing van Graham (2009) gevind. Graham se temas van dissipelmaking is grondig Skriftuurlik en bied ‘n waardevolle maatstaf vir die vergelyking van ander modelle. Die temas wat Graham as essensieel beskou vir dissipelmaking, is krities ondersoek in die basisteoretiese hoofstuk. Hierdie temas is bruikbaar in die opstel van ŉ kurrikulum vir jeugbediening. Graham se model het ook as kern Jesus Christus, of die Groot Fokus. Deur hierdie fokus in bediening te behou, leef die gemeente in die Gees en verstand van Christus self. Dit bewaar ook die gemeente teen ŉ verskeidenheid van valse fokusse.

Longenecker (2004) dui aan dat hierdie fokus onlosmaaklik is van dissipelskap en dat ŉ Christologiese dissipelskapbediening noodsaaklik is binne die kerk. Hy wys voorts op die dringendheid daarvan dat dissipelskap prakties uitgevoer word deur die opneem van jou kruis (Longenecker, 2004; 244 – 270).

Graham se temas vir dissipelmaking, met Skrifgedeeltes wat hulle begrond, is die volgende:

- Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel en verstand (Markus 12:29-30).
- Bekering en geloof (Markus 1:15).
- Die doophandeling (Matteus 28:18).
- Die vervulling met die Heilige Gees (Johannes 7:37, Lukas 25:49 en Handelinge 1:4,8).
- Die opdrag om aan die Woord gehoorsaam te wees (Lukas 11:28, Johannes 8:31 en Matteus 6:14).
- Liefde vir mekaar en vergiffenis (Markus 12:31, Johannes 13:34 en Matteus 6:14-15).
- Die breek van brood en die drink van wyn tot gedagtenis aan Jesus Christus (Lukas 22:19).
- Bid (Lukas 11:1-13).
- Gee (Lukas 6:38, Matteus 10:8).
- Maak weer dissipels van andere (Matteus 28:19, Markus 16:15 en Johannes 20:21), hê jou naaste lief soos jouself (Markus 12:31), verkondig die evangelie en hier begin die siklus weer.

Die hipotese wat hierdie studie ten grondslag lê, het gelei tot intensiewe navorsing ten einde ŉ dissipelmakingskurrikulum te ontwikkel en sodanige kurrikulum wetenskaplik te verantwoord. Die kurrikulum het ten doel om jeugbediening te bou en uit te brei en is gerig op sowel jongmense wat nie ŉ verhouding met Jesus Christus het nie as dié wat wel so ‘n verhouding het. Graham se werk stem ooreen met elke aspek van die navorsing om lewenslank geloof te vorm in dissipels. Met die kurrikulum wat ontwikkel word, kan dissipelmaking weer na buite gerepliseer word. Die studie wou dus

prakties-teologies Graham se werk bekendstel en ondersoek en die waarde daarvan bepaal vir die ontwikkeling van die huidige kurrikulum.

### 5.5.8 Nel se dissipelskapsbeginsels

Nel (1998, 2018) se navorsing het agt geloofshandelinge in die uitvoering van jeugbediening voorgelê. Die huidige studie evalueer ook dié beginsels binne die konteks van die opstel van ʼn dissipelskapsmodel vir jeugbediening. Van Deventer het reeds in sy vroeëre navorsing (2010) bevind dat Nel se elemente in pas is met die sleutels van die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag en van groot waarde is vir ʼn praktykteorie vir jeugbediening. Van Deventer (2010) het ook bevind dat die agt elemente binne die GKSA ʼn omvattende bediening aan die jeug laat werklikheid word.

Nel se elemente word in hierdie studie weer eens geëvalueer teen die agtergrond van die GF, GG en GO en die bruikbaarheid daarvan vir die vorming van ʼn dissipelmakingskurrikulum vir jeugbediening.

Die agt elemente wat Nel (2018) aandui, is sinvol vir die bestudering van ʼn dissipelskapproses binne die gemeenskap van gelowiges ten einde die gemeente in staat te stel om die liggaam van Jesus Christus op aarde te wees. Die wyses waarop die evangelie aan mense gekommunikeer word, word in die agt elemente vervat, met spesifieke fokus op hoe Jesus Christus gestalte kry in jongmense se lewens (Van Deventer, 2010, Root, 2014). Hierdie agt elemente is praktiese elemente waardeur die Groot Gebod en Groot Opdrag binne jeugbediening uitgevoer kan word, met die fokus op Jesus Christus. Hulle is onlosmaaklik deel van dissispelskap in jeugbediening en van die wyse waarop dissipelmaking in die institusionele kerke uitgevoer kan word.

Die agt elemente is die volgende:

kerugma/prediking, leitourgia/erediens, didache/onderrig, paraklese/pastorale sorg, koinonia/gemeenskap, diakonia/diens, marturia/getuienis, kubernesis/administrasie.

## 5.6 METATEORETIESE EN PRAKTYKTEORETIESE NAVORSING OOR DISSIPELSKAPMODELLE IN JEUGBEDIENING

Die praktiese bedieninge en modelle van verskillende gemeentes is bestudeer om vas te stel wat werk in dissipelmaking in jeugbediening en wat die tendense binne gemeentes en organisasies is. Dit word gemeet aan die Skrif en Jesus se Groot Opdrag. Dit is aangevul met empiriese navorsing in die vorm van diepte-onderhoude met jeugbedienaars en ŉ wetenskaplike analise van hierdie data. Hieronder volg ŉ samevatting van bevindings na aanleiding van die meta- en praktykteoretiese navorsing ten opsigte van die belangrike fasette van dissipelmaking in jeugbediening wat reeds geïdentifiseer is.

### 5.6.1 Metateoretiese en praktykteoretiese gevolgtrekkings oor die YWAM-bediening

Die YWAM Disciple Training School het ŉ uitgebreide kurrikulum vir die maak van dissipels oor ŉ tydperk van ses maande waarin klem gelê word op die vorming en begeleiding van dissipels. Daar is geweldig baie te leer uit hierdie kurrikulum vir plaaslike gemeentes en jeugbedienings. Die YWAM-kurrikulum bevat ook die drie basiese temas van Jesus se dissipelmaking, te wete: bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit. YWAM bring gelowiges én ongelowiges binne en maak hulle deel van ŉ geloofsfamilie. YWAM plaas tewens ŉ baie hoë premie op die deelmaak van nuwe dissipels.

Die temas van dissipelskap wat in die DTS-kurrikulum aangetref word, stem ooreen met al die temas wat Graham aandui. Die YWAM-model is ook ‘n Christologies gefokusde dissipelskapsmodel.

Die DTS-kurrikulum sluit omvattende praktiese stappe in wat binne jeugbediening geïnkorporeer kan word om ŉ lewenslange geloofsvormingskultuur te skep. Die kurrikulum wat in die huidige studie ontwikkel word, skep die ruimte dat jeugbedienings in verskillende kontekste ontwikkel kan word en so kontekstueel relevant kan bly.

Jeugbedienings in die institusionele kerke sou, in aanvulling van die voorgestelde kurrikulum, praktiese metodes by ander geloofsinstansies soos YWAM kon leer vir die uitvoering van die kurrikulum.

### 5.6.2 Metateoretiese en praktykteoretiese gevolgtrekkings oor die Every Nation-gemeente se bediening

Die Every Nation-gemeente het ’n baie suksesvolle dissipelskapskultuur, en lede van hierdie gemeente het begrip vir die belangrikheid van lewenslange geloofsvorming. Die gemeentes groei en plant weer nuwe gemeentes wat binne dieselfde dissipelskapskultuur te werk gaan.

Die gewigtige dissipelskapsmodel van hierdie gemeente bevorder in die kern lewenslange geloofsvoming. Die temas waaraan hierdie bediening geken word, en wat hieronder puntsgewys genoem word, toon ooreenkoms met Graham se model en die agt elemente wat Nel uitgestippel het vir die kommunikasie van die evangelie. Spesifiek die kubernesis van Nel, wat deur die Every Nation-gemeente as rentmeesterskap gedefinieer word, word beklemtoon. Every Nation se dissipelskaptemas is die volgende:

- sondebesef, redding en bekering;
- fokus op en gehoorsaamheid aan Jesus;
- bekering en doop;
- die Heilige Gees en gawes van die Gees;
- die Woord van God;
- dissipelskap en leierskap;
- geestelike familie en kerklewe;
- gebed en aanbidding;
- geloof en hoop;

- rentmeesterskap en finansies.

Die empiriese, kwalitatiewe navorsing oor wat in die praktyk in gemeentes in Suid-Afrika gebeur, toon enkele ooreenkomste met Every Nation se dissipelskaptemas. Deelnemers aan die onderhoude beklemtoon die noodsaak in gemeentes van dissiplines soos Bybel lees en gebed ten einde ŉ dieper verhouding met die Here te bewerkstellig. Die praktykteorie wys dat dissipelskap mense leer wat Jesus verwag, en die Every Nation-gemeente-model dra by tot die antwoorde wat die praktyk vra. Die Every Nation-gemeente se model stem ook ooreen met Root (2017:166 – 171) se aanbeveling dat ŉ dissipel ŉ patroon volg deur in gehoorsaamheid gelyk te word aan die beeld van Jesus Christus.

### 5.6.3 Metateoretiese en praktykteoretiese gevolgtrekking oor die Jesus-model van dissipelmaking

Hawkins (2007:11-30) beskryf Jesus se eie breë dissipelmaakmodel. Die drieledige proses, waarna reeds vroeër in die navorsing verwys is, het die volgende stappe:

- Jesus bring dissipels in ("He brought them in").
- Jesus bou dissipels op ( "He built them up").
- Jesus stuur dissipels uit ("He sent them out").

Hierdie model blyk van groot waarde te wees wanneer ŉ kurrikulum binne jeugbediening oorweeg en ontwikkel word. Die dissipel kan by die Meester leer hoe om die Groot Opdrag uit te voer. Elke model wat nagevors is, implementeer in mindere of meerdere mate een of meer van die stappe. Dié drieledige proses is essensieel vir die kurrikulum wat in hierdie studie ontwikkel word. Die voorgestelde kurrikulum moet jongmense van buite binnebring en die jongmense binne die gemeente opbou. Hulle word geleer om alles te onderhou wat Jesus beveel het en moet dan weer uitgaan en opnuut dissipels maak.

## 5.7 ’n GEÏNTEGREERDE BLIK OP DIE ONDERSKEIE DISSIPELSKAPMODELLE EN -BENADERINGS

Die navorsing het getoon dat die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag die kern vorm van dissipelmaking in ’n gemeente. Jesus se drieledige model van inbring, opbou en uitstuur gee die breë riglyne vir die metode van dissipelmaking. Daar is keer op keer gewys dat Graham se temas met vrug binne ’n dissipelmaakkurrikulum gebruik kan word, hoewel daar verfyning kan wees in die aanbieding van die temas. Ook die agt elemente van Nel se inklusiewe jeugbedieningsmodel blyk prakties bruikbaar te wees veral ten opsigte van die bou van ’n verhouding met Jesus, die gemeenskap van die heiliges, die verkryging van geloofsekerheid, volhoubare geloofsgroei en die uitdra van die evangelie. Al bogenoemde benaderings en temas moet geïntegreerd gebruik word in dissipelmaking in jeugbediening. Spesifiek die GKSA, NGK en HK kan baat vind by die toepassing van die beginsels, temas en stappe wat uit die navorsing na vore gekom het.

Die navorsing was verder gerig op die ondersoek van moderne, goed funksionerende gemeentes en organisasies met die oog daarop om van hulle te leer wat doeltreffend werk in die dissipelmaakproses van ’n jeugbediening. Daar is in die loop van die studie breedvoerig gerapporteer oor hierdie navorsing. Die volgende aspekte is van belang:

- Daar is raakvlakke gevind tussen verskillende modelle van dissipelmaak binne verskillende gemeentes se bedieninge.
- Al die modelle wat ondersoek is, bied riglyne vir gesprekke binne gemeentes ten opsigte van dissipelmaking van die jeug. Gemeentes moet ruimtes skep om gesprek te voer oor die vasstelling van beginsels vir dissipelmaking in die groter gemeente en in die jeugbediening.
- Die navorsing gee riglyne vir doelstellings ten opsigte van die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag en hoe dissipelmaking daardeur bepaal word.
- Die breë stappe van bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit kan besinning in ’n gemeente oor dissipelmaking rig.

- Oorvloedige materiaal van die onderskeie instansies is beskikbaar vir die ontwikkeling en integrering van ŉ dissipelskapsmodel met die fokus op Jesus.
- Temas vir sowel die beginsels as die metodiek van dissipelmaking is uitgelig. Jesus se model van bring hulle in, bou hulle op en stuur hulle uit vorm die breë agtergrond wat ingevul moet word met spesifieke stappe en temas van dissipelmaking.
- Die belangrikheid van gebed moet deur beplanners in ag geneem word. Gebedsgeleenthede moet geskep word om tot God te nader en van Hom te hoor. Deur gebed neem die wysheid toe en kan die tiener ŉ fyn aanvoeling ontwikkel om Jesus te leer ken. Tieners en ook mentors kan geleer word hoe om gebed te benut binne dissipelmaking.
- Die gesindheid van liefde wat in al die bedieninge beklemtoon word, moet ook by beplanning in ag geneem word. ŉ Deel van die liefdesuitlewing is die skep van ŉ verwelkomende ruimte ook vir kerkloses om te deel in die aanbidding. Mentors binne jeugbediening moet outentiek wees en hulle eie swakhede erken sodat die tieners binne hulle leefwêreld met die mentors kan identifiseer.
- Daar word aanbeveel dat ŉ taakspan binne gemeentes die riglyne in hierdie navorsing ondersoek met die oog op die verdere implementering van die dissipelskapskurrikulum.
- Gemeentes kan aan die hand van die navorsing besin oor die verdere ontwikkeling en opleiding van jeugleraars en jeugmentors om effektief en intensioneel die beginsels van dissipelmaking te implementeer.

## 5.8 AANBEVELING VAN ŉ KURRIKULUM VIR DIE MAAK VAN DISSPELS BINNE JEUGBEDIENING


My persoonlike standpunt, nadat ek reeds vir meer as vyftien jaar in jeugbediening is as leraar vir jeug by die Gereformeerde Kerk in Linden, Johannesburg is dat tieners ŉ behoefte aan en ŉ soeke na Jesus het.

Oor die vyftien jaar van my bediening het meer as seshonderd tieners uit ŉ groot verskeidenheid denominasies asook kerklose tieners hulle weg gevind na ons bediening en tans kom die meerderheid jongmense wat by ons ingeskakel het uit geen kerke nie. Onder andere as gevolg hiervan het ek die moontlikheid ondersoek van ŉ kurrikulum wat, afgesien van die jeug binne die gemeente, ook spesifiek jongmense help wat nog nie aan Jesus Christus of ŉ plaaslike kerk blootgestel is nie en dié wat uit charismatiese gemeentes by ons aansluit. In 2018 het ek ŉ belydenisgroep van meer as vyftig jongmense gehad, waarvan minder as tien uit die Gereformeerde kerk kom.

Beginsels uit die Skrif en die uitgebreide navorsing in hierdie studie bring my by die geïntegreerde kurrikulumvoorstel wat in figuur 5.1 en figuur 5.2 hieronder uitgebeeld word. Dit is ŉ voorstel vir die maak van dissipels in jeugbediening. Dit geld tieners binne die gemeente, maar ook en veral tieners wat nog nooit aan ŉ kerk (GK, NGK of HK) blootgestel was nie. ŉ Verstelde praktykteorie kon ontwikkel word uit die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese perspektiewe en die leemtes geïdentifiseer in die metateoretiese en empiriese navorsing. Figuur 5.1 verwys terug na die navorser se Magisterverhandeling en figuur 5.2 toon die verdieping deur die huidige navorsing. Die leemte aan ‘n wetenskaplik verantwoorde kurrikulum word hierdeur gevul en daarmee lewer die studie sy wetenskaplike bydrae. Die kurrikulum toon hoe dit prakties lyk as dissipelskap in liefde Christologies geleef word. Met hierdie kurrikulum word jongmense binne hulle konteks van die post-moderne samelewing begelei om dissipelskap te leef en uit te dra.




**Figuur 5.1:** Deel een van die kurrikulumvoorstel




**Figuur 5.2:** Deel twee van die kurrikulumvoorstel

## 5.9 VERDUIDELIKING EN BESPREKING VAN DIE KURRIKULUMVOORSTEL

- ŉ Dissipel is ŉ volgeling en leerling van Jesus. Verlossing word verkry deur geloof in die kruisdood en opstanding van Jesus en nie deur dissipelskap nie. Dissipelskap beskryf dat die tiener op ŉ gegewe stadium ŉ volgeling en leerling van Jesus is, met verskillende vlakke van toegewydheid.

- ŉ Persoon word begelei tot verlossing in Jesus Christus, en dan gedoop en geleer om as volwasse dissipel steeds meer en meer aan Jesus gelyk te word. Daarna moet die dissipel self ook dissipels maak. Dissipelskap vorm so deel van lewenslange geloofsvorming.

- Die Christologiese fokus op Jesus, en spesifiek op Hom as die gekruisigde, is die wesenstema van dissipelmaking. Jesus is die Groot Fokus en sy voltooide verlossingswerk vorm die kern van sowel die prediking as alle ander aksies wat gerig is op die dissipelmaking van die jongmense.

- Die fokus op Jesus beteken dat jeugleraars en jeugleiers binne jeugbediening Jesus Christus en sy voltooide verlossingswerk persoonlik ken, in Hom is en met sy wysheid en Gees leef.

- Die fokus op die kruis beteken ook dat jeugleraars, jeugleiers en tieners vanuit die krag en outoriteit van Jesus leef en wysheid verkry uit ŉ verhouding met Hom. Dit bring nederigheid in die plek van eie roem.

- Naas die Groot Fokus vorm die liefdesgebod, of die Groot Gebod, die wesensgesindheid waarbinne die Groot Opdrag uitgevoer word. Sonder liefde kan die jongmense, veral die buitekerklikes, nie bereik word nie. Die gebod van liefde tot God en tot die naaste is deur God self ingestel en deur Jesus aan sy volgelinge oorgedra. Enige suksesvolle dissipelmakingsmodel moet deurentyd met liefde te werk gaan en geleenthede skep om verhoudinge binne die gemeenskap van die heiliges te vestig. Die liefde van Jesus self moet gestalte vind in die jeugbediening deur onder meer uitreiking en inlywing in die geloofsgemeenskap.

- Jesus se proses van dissipels inbring om saam met Hom te leef, hulle op te bou en dan uit te stuur vir dissipelmaking vorm die breë dissipelmakingsproses waarbinne Graham en Nel se dissipelmaking-temas vir 'n jeugbediening geïntegreer word.

- In die kurrikulum word Jesus se hele opdrag soos oorgedra in Matteus 28:18-20 gedek:

  - Daar moet dissipels gemaak word – volgelinge en "nabootsers" van Jesus wat sy liefde, verlossing en genade ook weer aan ander kan oordra.

  - Dit moet oor nasiegrense heen geskied. 'n Gemeente kan nie net op eie werf werk nie. Dissipelmaking is 'n uitwaartse proses.

  - Nuwe dissipels moet gedoop word as teken van die afwassing van hulle sonde en belydenis van hulle geloof. Die doop is nie net 'n godsdienstige ritueel of net 'n tradisie nie. Dit betrek die verlossingsdaad van die kruisiging en opstanding van Jesus en bevestig die dissipel se geloof in Hom as ons Verlosser. Die doophandeling is vir 'n dissipel die teken van die openbare aanvaarding van Jesus Christus as sy Here en Verlosser en so begin die nuwe dissipel se verhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie kurrikulum plaas dus ook die groot doop in perspektief.

  - Onderrig in alles wat Jesus beveel het, moet gedoen word en gehoorsaamheid moet gekweek word.

  - Jesus is die Koning van die wêreld. Alle mag in die hemel en op die aarde behoort aan Hom en Hy gee sy dissipels krag en outoriteit om uit te gaan op hulle missie.

  - Jesus los nie sy dissipels alleen met hierdie taak nie. Hy is met hulle tot aan die voleinding van die wêreld.

Die kurrikulum word voorgestel vir die volle ontwikkeling van 'n gemeente tot 'n dissipelskapgeoriënteerde gemeente wat die jeug inklusief bedien. Die gemeente kan

gerus voel oor die kurrikulum omdat die fokus Jesus Christus is. Met die groot liefdesgebod as ŉ erkende sleutel geskied die maak van dissipels binne ŉ Skriftuurlike konteks.

Die Bybelse grondslag vir "dissipel wees" en "dissipels maak" kan ook dwaalleer voorkom. Terselfdertyd gee die kurrikulum die geleentheid tot belangrike praktiese reformasie vir belydenis van geloof en die proses daarvan met die insluiting van die die groot doop en die leer van dissipelmaking as ŉ voortgaande proses in lewenslange geloofsvorming.

Die werk van die Heilige Gees word deur hierdie kurrikulum erken. Jesus het self aan sy dissipels voorgehou dat die Heilige Gees tot hulle voordeel gestuur sal word nadat Hy opgevaar het na die Vader. Jeugleraars en jeugleiers in jeugbediening wat op Jesus fokus, fasiliteer die werk van die Gees.

ŉ Jeugbediening wat hierdie kurrikulum volg, kan die toerustingskamer vir die koninkryk wees wat sake soos Bybelverklaring, behoorlike onderrigmetodes en fasilitering van wilsbesluite tot lewensverandering insluit.

Die dissipelmaakproses, oftewel die Groot Opdrag, is die uiteindelike praktiese uitlewing van die roeping in die jeugbediening en Jesus Christus se oorvloedige liefde kry gestalte namate uitreiking na buite en inlywing in die geloofsgemeenskap gestalte kry.

## 5.10 'n PRAKTIESE VOORBEELD VAN DIE TOEPASSING VAN EEN VAN DIE KURRIKULUM-TEMAS

Uit die navorsing het dit geblyk dat Graham se tien kurrikulum-temas essensieel is vir dissipelmaking en hierdie temas is ingesluit in die huidige studie se kurrikulum. Hieronder word ŉ **praktiese voorbeeld/illustrasie** gegee van hoe een van hierdie tien temas, te wete gebed en aanbidding, in jeugbediening geïmplementeer kan word ten einde dissipelskap op 'n praktiese wyse te laat realiseer.

Die hele kurrikulum soos dit hierbo uiteen gesit is, voldoen aan die evalueringskriteria vir ‘n kerklike kurrikulum soos vervat in 3.4. Daarbenewens kan elke kurrikulum-tema namate dit toegepas word, afsonderlik en voortdurend aan die evalueringskriteria getoets word. ‘n Voorbeeld word hieronder gegee.

### 5.10.1 Ontmoeting met jongmense op gekose tyd in die week

### Kurrikulum-tema: Gebed en aanbidding

Die volgende geld as konteks vir hierdie voorbeeld: vir die ontmoeting word ’n belydenisklas van twintig jongmense van tussen vyftien en sewentien jaar oud as groep betrek. Die kurrikulum sou net so ook in ’n jeugbediening in ’n ander konteks gebruik kon word; met enkele veranderinge sou die ouderdomme, grootte van die groep en toegang tot die internet verskil. ’n Tipiese ontmoeting sal ’n uur en ’n half duur. Die tieners in die groep word dissipels genoem, en die groepleier is die jeugleraar of een van die jeugleiers.

Tydens ‘n inleidingsgesprek sal die groepleier aan al die dissipels die geleentheid gee om hulleself individueel voor te stel en een van hulle positiewe eienskappe uit te lig as moontlike metode om hulle *in te bring.* Die groepleier sal self van die Skrifgedeeltes lees of dit deur van die dissipels laat lees.

Vir elke kurrikulum-tema sou die aanbevole fases hieronder gebruik kon word om prakties uitvoering aan dissipelmaak te gee. Hierdie fases omvat die volgende:

**Fase 1:** ’n Ontmoeting en inleidende gesprek, wat ten doel het om die jongmens na binne te bring, die kurrikulum-tema vir die dag aan te kondig en geleentheid te gee vir getuienis en gesprek.

**Fase 2:** Skriflesing en ’n verdeling in kleingroepe. Die kurrikulum-tema word uitgelig en vanuit die Woord gemotiveer, en die jongmense kry die geleentheid om self ook as leier sekere vrae te vra en leiding te neem in die kleiner groep.

**Fase 3:** Eksegese, begrip en interpretasie. Die Skrifgedeelte word verduidelik. Die jeugleier bring sy eie voorbereiding en leer die jongmense om ook voor te berei vir wanneer hulle so ’n ontmoeting binne hul eie konteks, soos by hulle skool, sou lei. Die jong dissipels word dus geleer om presies binne hulle

konteks te repliseer wat gedoen word binne hierdie ontmoeting, en hulle word bemagtig om dit byvoorbeeld pouses by hulle skole te doen.

**Fase 4:** ŉ Geleentheid om die kurrikulum-tema prakties te beoefen. Tydens die ontmoeting is dit nodig om die jong dissipels en deelnemers te leer hoe om die kurrikulum-tema in die praktyk toe te pas. In die huidige geval sou jy die jongmense leer om te bid en ook aan hulle die geleentheid gee om dit self te doen en te oefen.

**Fase 5:** ŉ Uitlewing of uitgaan na ander. Dit gee kragtens Matteus 28 aan die jong dissipels die geleentheid om na buite te gaan en ander te leer om ook te onderhou wat hulle dan geleer het.

**Fase 6:** ŉ Geleentheid om getuienis te lewer. Die jongmense lewer getuienis oor hulle belewenis van die toepassing van wat hulle aangaande die kurrikulum-tema geleer het. Hierdie getuienis word, soos Nel (2018) ook verduidelik, teenoor andere buite die groep of in die daaropvolgende ontmoeting van die groep gelewer.

In die praktyk kan die dissipelmaking gegrond op hierdie kurrikulum-tema dus soos volg verloop:

**Fase 1: Ontmoeting en gesprek**

Daar word aan almal ŉ geleentheid gegee om ŉ getuienis te lewer oor wat die voorafgaande week in hulle lewens gebeur het ten opsigte van die betrokke tema – in hierdie geval gebed. Die jeugleraar of die groepleier lees relevante Skrifgedeeltes en lig dit toe, byvoorbeeld:

Deur na aan Jesus te lewe, het sy dissipels geleer dat gebed belangrik is. Hy het dit vir hulle gewys en gemodelleer. Jesus het vroeg in die oggend en by verskeie geleenthede gebid. Toe sy dissipels Hom vra om hulle te leer bid, het Hy vir hulle in Matteus 6: 9-13 ŉ gebed (die Onse Vader) gegee. Later in die Handelinge-boek sien ons dan dat die apostels self kragtige gebede gedoen het. (Gaan soek voorbeelde in die boek Handelinge.)

Daar word aan die groep uitgewys dat toe Jesus aan die kruis gesterf het, die voorhangsel geskeur het (Matteus 27:51). Dit is belangrik dat die groepleier deeglik voorbereiding moet doen oor die tema. Die agtergrond word aan die groep verduidelik.

Die voorhangsel wat skeur, dui daarop dat die weg geopen is tussen ons en God. Geen priester of tussenganger anders as Jesus is meer nodig vir gebed nie. Daar is nie meer ŉ heilige plek of ŉ heilige liggaamshouding nie. Daar is vryheid om enige tyd met God te ontmoet. Lees Handelinge 2:46 en Handelinge 20:20 ter bespreking van die plek van ontmoeting.

Om Jesus te volg beteken dat ons in 'n verhouding met Hom is en na sy stem luister. Ons luister en ons is gehoorsaam en ons voer ook ŉ gesprek met Hom. Daarom lees ons sy Woord en bid ons. Ons hou aan leer hoe om te bid en hoe om Hom te aanbid. Dit is deel van die kern van ons kurrikulum. Gebed is soos ŉ vak op skool wat mens jare en jare neem om te bemeester, soos Wiskunde of Engels.

**Fase 2: Skriflesing en kleingroep**

Moedig die dissipels aan om 'n gesprek te voer oor die moontlikhede van kleingroepe wat kontekstueel relevant kan wees. Daarna word die groep in kleingroepe verdeel om groter deelname aan die proses van dissipelmaking te verseker. Elke kleingroep bestaan uit vyf jongmense. In die kleingroep word dit beklemtoon dat jou geloof radikaal sal groei as jy gereeld saam met ander kan bid, selfs as dit net vir tien minute voor skool is. Die kleingroep lees dan saam Matteus 6:9-13, dit wil sê die Onse Vadergebed. Daarna word dit bespreek.

**Fase 3: Eksegese, begrip en interpretasie**

Verduidelik in die kleingroepsgesprek dat God ons nooi om in ŉ verhouding met Hom te tree. Bespreek intimiteit in die verhouding met God. Onder fase 3 word dan die volgende subtemas hanteer:

**Hiemee volg dan die 6 temas vir ŉ ontmoetting: gebed en aanbidding**

**Subtema 1: Bid gedurig**

Dit is ŉ Bybelse voorskrif, en God wil dit dat ons gedurig bid. Gebed is 'n wonderlike geskenk en Jesus gebruik ons gebede om die wêreld te verander. Lees Lukas 11:5-8, die gelykenis van die onbeskaamde vriend.

Vraag om te vra: Hoe kan jy daagliks meer tyd met Jesus Christus in gebed spandeer? Bid saam oor metodes om meer tyd met Hom te spandeer.

Daar word verduidelik dat ‘n mens vir jouself kan bid, maar dat daar ook vir ander gebid kan word. Jy kan dus as’t ware volgens ŉ gebedslys bid. Dit word toegelig met Skrifgedeeltes. Paulus bid vir die gemeente van Efese (Efesiërs 1:17-19). Verdere aansporing tot gebed word gevind in Filippense, Kolossense en Tessalonisense asook in Filemon (Filippense 1:9-12; Kolossense 4:2-12; 2 Tessalonisense 3:1-2; Filemon vers 4-6). So word ŉ dissipel aangespoor om al sy begeertes aan Jesus bekend te maak. In die konteks van hierdie studie beteken dit ŉ jongmens kan sy gebedslys ook so voor die Vader en voor Jesus lê.

**Subtema 2: Gesamentlike gebed**

Verduidelik en voer gesprek: iets wonderliks gebeur in korporatiewe gebed, met ander woorde as ons saam bid. Moedig die dissipels aan om na te vors waar in die Skrif daar saam gebid is en hoe dit gelyk het.

**Vrae om te vra:**

Is daar voorbeelde van saam bid in die Bybel wat jy kan sien?

Hoekom dink jy gebeur die gesamentlike gebed?

**Lees en bespreek die onderstaande Skrifgedeeltes:**

Die dissipels wag in Handelinge 1:13-14 op die Heilige Gees, en in Handelinge 4:23-24 bid die dissipels saam (of “eendragtig”, soos dit lui in die Afrikaanse Bybelvertaling van 1953); daar is gebedsversoeke van nuwe dissipels in die middel van vervolging (Handelinge 4:29-30); die kerk bid terwyl Petrus in die gevangenis is (Handelinge 12:5,12); die dissipels bid voor hulle na die nasies gestuur word (Handelinge 13:3); die noodsaaklikheid van gesamentlike gebed word vir die nuwe dissipels geleer (Matteus 18:19-20).

Moedig die jong dissipels aan om deel te word van ŉ plaaslike gemeente. Die saam bid van die gemeenskap van gelowiges vorm ŉ groot deel van die belewenis van die koninkryk van God. Beklemtoon dit teenoor die jong dissipels dat selfs as jy nie selfvertroue het nie, dit goed en geloofsversterkend is om saam met andere te bid wat wel selfvertroue het. Lees saam Handelinge 4:23-31 oor die gebed van die gelowiges.

Vra vir die groep en vir individue waarvoor jy kan bid. Gee leiding in hierdie opsig. Vrae wat byvoorbeeld gevra kan word, is: wat gaan aan by jou skool, wat maak jou bly, wat droom jy, wie of wat is vir jou ŉ uitdaging, wil jy dalk vir iemand vertel van Jesus maar jy het nie die regte woorde nie? Deel dié persoonlike dinge omtrent jouself met die groep. Hierdie vrae het terselfdertyd die funksie om die jongmense "in te bring" in die kring van gelowiges.

**Subtema 3: Gebed en aanbidding**

Lees die onderstaande Skrifgedeeltes in die kleingroepe en lig dit toe:

In Filippense 4:4, 1 Timoteus 2:8 asook in Jakobus 5:16 word ŉ dissipel telkens oor gebed geleer. In ons persoonlike gebed moet Jesus se gebedslewe nageboots word (Markus 1:35), en Jesus leer sy volgelinge om in hulle binnekamers te bid (Matteus 6:6). In die Onse Vader-gebed van Jesus word ons geleer om tot God die Vader te bid. In Deuteronomium 32:6, Jesaja 63:16 en Maleagi 2:10 leer die Ou Testament dat God ook ŉ Vader is, maar voor Jesus is Hy nie aangespreek as ABBA nie.

Die krag van gebed word in Matteus 7:7-11 vir die dissipels uitgelig en hulle word geleer dat dié wat soek, sal vind; Markus 11:24 leer wat nodig is dat ons gebede verhoor sal word; ons kan die Heilige Gees ontvang deur gebed (Matteus 21:22); dissipels word geleer om aan te hou bid (Lukas 18:1-8) en om in die naam van Jesus te bid (Johannes 14:12-14); so kom die dissipel na God deur Jesus (Johannes 14:6). Handelinge 4:31 wys die resultaat van gebed: die kragtige werking van die Heilige Gees om die evangelie te gaan verkondig.

Ook aanbidding en lofprysing staan sentraal in die dissipel se gebedslewe en dit word ook binne die kleingroepe uit die Skrif toegelig. Die mense wat God soek (Johannes 4:32-24), aanbid Hom ook. Ons lofprysing sê iets van hoe God ŉ dissipel se eerste liefde is (Deuteronomium 5:8-10); daar is ŉ waarskuwing (Hebreërs 10:24-25) dat ons nie moet wegbly van die samekomste nie; ons innerlike houding maak aanbidding goed vir Jesus (Hebreërs 12:28-29); oor die geweldig breedvoerige onderwerp van aanbidding word vir ŉ dissipel gewys hoe in Psalms aanbid is (Psalm 47:1; Psalm 96:8-9; Psalm 98:1,4-6; Psalm 149:3 en Psalm 150:3-6). Die vroeë kerk het in twee

aanbiddingsplekke ontmoet – in die tempel en in die huise (Handelinge 2:46 en Handelinge 20:20).

**Vrae om te vra vir bespreking:**

Na watter tipe mense soek God?

Hoe moet mens God dien?

Met watter houding moet jy na God toe gaan?

Wat is die uiterlike uitdrukking van aanbidding in die Bybel?

**Ter afsluiting van die uitgebreide gesprek, lering en Skrifeksegese oor gebed kan die volgende vrae gevra word:**

Wat het jy geleer?

Wat het jy van Jesus geleer?

Wat is jou siening van Jesus?

Wat is jou siening van "meer liefde" (die liefdesgebod, wat onder meer nagekom word deur vir ander te bid)?

Wat omtrent gebed staan vir jou uit?

**Dan kan daar met gebed afgesluit word:**

Kom ons bid nou.

Vir wie kan jy bid?

Vir wie kan jy vertel van gebed?

Sal jy volgende keer kom terugvoer gee?

**Fase 4: Geleentheid om die kurrikulum-tema prakties te beoefen**
Wees kontekstueel relevant, en begelei dissipels om selfstandig, byvoorbeeld op die internet, navorsing te doen oor gebed en preke oor gebed. Leer die dissipel hoe om lofprysingsmusiek te vind en om onderskeidingsvermoë te ontwikkel deur byvoorbeeld na die Skriftuurlikheid van die musiek te kyk. Wys die dissipel hoe om Bybelteksverse te vind wat gememoriseer kan word vir gebed.

In die kleingroepsituasie, laat elkeen dan hardop bid, of laat hulle die Onse Vader-gebed in Matteus 6:9-13 hardop lees/bid.

**Fase 5: Uitlewing of uitgaan na ander**


Vra die dissipels vir wie hulle kan bid, asook vir wie hulle kan vertel van die byeenkoms. Vra of daar dalk iemand is wat hulle wil uitnooi of inbring vir die volgende ontmoeting. Herinner die dissipels daaraan dat daar tydens die volgende byeenkoms ŉ geleentheid gaan wees om getuienis te lewer van wat in die week met hulle gebeur het.

Hierna kan die kleingroepe weer opgeneem word in die groter groep en die bespreking kan verder gevoer word.

**Fase 6: Geleentheid om getuienis te lewer**
Die jong dissipel kry ŉ geleentheid om by die volgende ontmoeting ŉ getuienis te lewer van die krag van gebed. Moedig elkeen aan om tydens die volgende ontmoeting getuienis te gee deur te vertel of te skryf wat in die week in sy/haar lewe gebeur het.

## 5.10.2 Die evaluering van die kurrikulum-tema

Die hantering van elk van die onderskeie kurrikulum-temas kan telkens getoets word aan die kurrikulum-evalueringskriteria wat in hoofstuk 3 (3.4) uiteengesit is. In die praktiese voorbeeld van ‘n ontmoeting wat hierbo bespreek is, is die kurrikulum-tema van gebed en aanbidding gebruik in die proses van dissipelmaking onder die jongmense. Die evaluering kan geskied soos hieronder uiteengesit word.




**Figuur 5.3:** 'n Skematiese voorstelling van die evalueringskriteria

**1. Skriftuurlikheid**

Vir 'n kerklike kurrikulum bly die Bybel die grondslag en uitgangspunt van alle onderrig. Bybelgeletterdheid is klaarblyklik aan die afneem en die kerk het 'n groot taak in hierdie opsig. Die Hervormers se norm van *sola Scriptura* is hier van belang. Die gesag van die Skrif oorstyg dus die gesag van kerkvaders, konsilies, rade, kerkowerhede en geloofsuitgangspunte.

Die eerste vraag is dus of die volle waarheid van die Skrif deur die beoefening van hierdie kurrikulum-tema oorgedra word. Uit die bespreking hierbo blyk dit dat dissipels geleer word om met die Skrif om te gaan wanneer hulle oor gebed geleer word. Die dissipels raak vertroud met die Skrif en begin leer om die konteks van die Skrif raak te sien en te verstaan, soos deur die groepleier aan hulle oorgedra.

**2. Christusgesentreerdheid**

In noue aansluiting by Skrifgefundeerdheid is die volgende maatstaf of die kurrikulum Christologies gefokus is. Verlossing en versoening word deur die kruisdood van Jesus bewerkstellig. Christus is die goue draad deur die hele Skrif, en die Nuwe Testament stel Hom as gekruisigde en opgestane Here sentraal. 'n Kurrikulum wat die Groot Opdrag wil volvoer, moet Jesus as fokuspunt hê.

Jesus Christus het gebid en Sy dissipels beveel om alles te onderhou wat hy hulle geleer het. Dit sluit gebed in. In die uitvoering van gebed boots die nuwe dissipel Jesus dus na.

In die ontmoeting met jongmense hierbo bespreek was die tema gebed en aanbidding. Die jongmense het geleer wat die skeuring van die voorhangsel van die tempel ten tyde van Jesus se dood beteken. Daar is klem gelê op 'n verhouding met God die Vader deur Jesus die gekruisigde Seun en daar is vir mekaar gebid soos Jesus Christus gebid het. Ons kan dus met vrymoedigheid sê dat die ontmoeting Christusgesentreerd verloop het.

**3. Transformasie van die gelowige**

Waar tradisionele kurrikula feitlik uitsluitlik gefokus het op die openbaring van God en sy plan, het daar gaandeweg 'n korrektief ingetree wat raakgesien het dat ook die respons van die student belangrik is.

Om ‘n dissipel van Jesus te word behels die verlossende begrip van regverdigmaking voor God deur die kruis asook die “nabootsing” van Jesus, die nakom van alles wat Hy geleer het. Laasgenoemde loop daarop uit dat die dissipel op sy/haar beurt ook weer dissipels maak. Die vraag is dus of die kurrikulum geloofsgroei bewerkstellig en ‘n transformerende respons by die jongmense teweegbring.

Tydens die ontmoeting hierbo bespreek word die dissipels aangemoedig om nie net vir hulleself nie, maar ook vir andere te bid. Namate die dissipel vertroud raak om meer vir mense en situasies te bid, word die dissipel getransformeer en word geloofsgroei ervaar. Die krag van gebed word sigbaar – in die dinge of mense waarvoor gebid is, maar ook in die transformasie van die dissipel self.

**4. Inagneming van konteks**

Die kurrikulum moet sensitief wees vir die onderlinge verskille tussen die jongmense en moet oor grense heen mense kan intrek in die gemeenskap van die heiliges. Die kurrikulum-tema van gebed verander nie; dit is deel van dit wat Jesus geleer het om onderhou te word. Die konteks waarin dit geleer word, kan wel verander, onder meer deurdat die jong dissipels uit verskillende agtergronde kom en verskillende gawes het. Die leraar of groepleier is sensitief vir konteks en moedig die dissipels aan om binne die raamwerk van hulle kennis en selfvertroue deel te neem aan die aksies rondom gebed.

**5. Die vestiging van ‘n verhouding met Jesus**

Dra die kurrikulum by tot die vestiging van ‘n diep verhouding met Jesus? In die gehoorsame uitvoer van die Bybelse opdrag om gedurig te bid, individueel en as ŉ geloofsgemeenskap, word ŉ verhouding met Jesus Christus gevestig en versterk.

**6. Klem op die liefde**

Liefde tot God en liefde tot die naaste – die twee gebooie waarin die hele wet en die profete vervat word – moet sentraal staan in enige kerklike kurrikulum. Dit is ‘n geweldige omvang van menswees wat deur die dissipelmaakkurrikulum aangeraak word. ‘n Fokus op die liefde is dus ‘n essensiële evalueringskriterium vir die kurrikulum. Hoe meer tyd die dissipel in gebed spandeer, hoe intiemer word sy band met God en ook met ander mense. Dit geld ook ten opsigte van tyd wat in gebed spandeer word om vir ander te bid en om in liefde toe te neem.

**7. ‘n Siklus van interne opbou en uitwaartse uitreiking**

Die missionêre aard van die kerk vereis ‘n uitreiking na buite oor grense heen, maar dit beteken terselfdertyd dat nuwe dissipels ingetrek word in die gemeenskap van gelowiges. Daardie gemeenskap moet voortdurend interaktief opgebou word en gelowiges moet in hulle geloofsgroei gelei word. Dissipels wat so opgebou is, kan dan weer uitgaan en op hulle beurt dissipels maak. Hierdie sikliese verloop tussen binne en buite stel ‘n verdere kriterium vir die effektiwiteit van ‘n kurrikulum vir dissipelmaking in jeugbediening. Die dissipel word geleer om vir ander te bid, asook om wedervaringe en emosies met ander te deel. Ander mense word ook deur die dissipels gevra of hulle gebedsversoeke het. Nuwe dissipels word van buite gebring en getuienisse word gelewer van die uitvloeisel van individuele en gesamentlike gebede.

## 5.11 SLOTOPMERKINGS

- Die navorser het in sy Meestersgraadverhandeling (Van Deventer, 2010) leemtes ontdek wat verdere navorsing oor die noodsaaklikheid van die dissipelmaakproses en kurrikulum in jeugbediening vereis. Hierdie studie het voortgebou op daardie navorsing en lewer ʼn bydrae op wetenskaplike vlak deur ná intensiewe navorsing ʼn omvattende en geïntegreerde kurrikulumvoorstel te doen vir die uitbouing van dissipelskap in jeugbediening ten einde die leemte te vul wat in hoofstuk 1 uitgewys is.
- Met hierdie doktorale studie is die volgende temas verder ontwikkel: die Groot Fokus, Groot Gebod en Groot Opdrag. Dié drie word vanweë hulle onderlinge verwantskap en progressie saamgevoeg as sleutels in ʼn proaktiewe kurrikulum waarvolgens gemeentes begelei kan word om hulle roeping met betrekking tot die uitlewing van dissipelskap in jeugbediening te bepaal.
- ʼn Gemeente wat hierdie kurrikulum volg, fokus op Christus as hermeneutiese vertrekpunt en fokus ook deurgaans in die gemeentebouproses op Hom. Met ʼn gebedstrategie om meer en meer oorvloedige liefde word aktief meegewerk aan die uitbou van die evangelie. Die gemeente verstaan sy opdrag as primêr

ŉ uitwaartse proses van omvattende uitreiking na veral buitekerklikes, die inlywing en opbou van dissipels in die liefdesgemeenskap van die gemeente en die uitlewing van alles wat Jesus beveel het.

- Jeugbedienings moet dissipelskap vir hulleself herdefinieer, ŉ Bybelse definisie daarvan verkry en jeugbediening daarvolgens inrig. Dit kan met behulp van hierdie kurrikulum gedoen word.
- Jeugleraars en jeugleiers moet opgelei word om jongmense te begelei tot lewenslange geloofsvorming deur hulle in te bring, op te bou en uit te stuur.

## 5.12 TERREINE VIR VERDERE NAVORSING

Die volgende onontginde terreine word vir verdere studie aangedui:

- Navorsing oor jeugleierskap, en jeugmentorskap. Die opleiding van jeugleiers en jeugmentors om as dissipelmakers binne jeugbediening te funksioneer, asook navorsing oor die dissipelskap van jeugleiers mentors self moet aandag kry en daar moet gekyk word hoe jeugleierskap en jeugmentorskap prakties binne plaaslike gemeentes lyk en behoort te lyk.
- ŉ Studie oor die "gaan oor die grense", wat die doel van kort-, medium- en langtermyn-uitreike behoort te wees en wat die kriteria is vir die ontwikkeling van hierdie gedeelte van dissipelskap.
- Navorsing oor hoe jongmense wat buitekerklik en/of kerklos is, na binne gebring kan word, sonder dat dit alleen soekersensitief en sensasiegerig is.
- ŉ Studie oor die rol van tekens en wonders en die buitengewone gawes, soos in Markus 16:17-20 weergegee, word binne die konteks van jeugbediening aanbeveel. Dit kan relevant wees in die uitvoering van die Groot Opdrag.
- Die empiriese navorsing vir verdere studie in jeugbediening moet uitgebrei word om deelnemers van ander kulture in te sluit, waardeur hierdie model verryk sal word.

- Die empiriese navorsing in die huidige studie het van diepte-onderhoude met werkers binne jeugbediening gebruik gemaak, dit wil sê mense soos predikante, pastore, professore en jeugleiers. Verdere navorsing word voorgestel ten opsigte van jongmense in jeugbediening se eie verwagtinge en belewenisse van 'n dissipelskapskurrikulum.

# ADDENDA

## **Addendum 1:** Onderhoudskedule met vrae en doelstellings vir diepte-onderhoude

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS·UV
THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

**Datum:**

INGELIGTE TOESTEMMING

1. **Navorser:** HP van Deventer

2. **Titel van die studie:**
Christologie, dissipelskap en jeugbediening - 'n Prakties-teologiese ondersoek

3. **Doel van die studie:**
Inbegrepe die Groot Opdrag te wete gaan maak dissipels, die Groot Gebod, te wete meer liefde en die Groot Fokus op Jesus Christus word die volgende hipotese gestel vir navorsing:
Daar is 'n noodsaak vir die ontwikkeling van 'n effektiewe kurrikulum vir die maak van dissipels in jeugbediening, 'n kurrikulum wat 'n bydrae lewer dat die institusionele kerke 'n effektiewe getuie en instrument in die koninkryk van Jesus Christus kan wees.

**Die volgende sekondêre afleidings word gemaak te wete:**

- Hoe verstaan jeugleraars dissipelmaking onder die jeug?
- Hoe kan dissipelmaking kragtens die Groot Opdrag effektief deur jeugleraars uitgevoer word deur die daarstel van 'n kurrikulum?
- Watter kurrikulum-temas kan afgelei word deur navorsing te doen by gemeentes wat 'n dissipelskapmodel gebruik?
- Watter kurrikulum kan saamgestel word deur kwalitatiewe navorsing te doen?

205 Nelson Mandela Drive/Rylaan
Park West/Parkwes
Bloemfontein 9301
South Africa/Suid-Afrika

PO Box/Posbus 339
Bloemfontein 9300
South Africa/Suid-Afrika
www.ufs.ac.za

4. **Prosedures:**
Gestruktureerde onderhoude van ongeveer een uur sal gehou word. Daar sal vooraf verduidelik word oor wat om te verwag, en hoekom hierdie studie onderneem word. Daar sal gevra word of die onderhoud opgeneem mag word, en dit sal beklemtoon word dat dit vertroulik bly.

5. **Risiko's en ongerief:**
Geen

6. **Voordele:**
Geen

7. **Deelnemer se regte:**
Deelname is vrywillig en jy mag enige tyd, sonder negatiewe gevolge onttrek van die deelname aan hierdie studie

8. **Vertroulikheid:**
Alle inligting word as vertroulik beskou; anonimiteit word verseker en die data sal vernietig word indien die deelnemer onttrek.

9. In geval van onduidelikheid, het die deelnemer die reg om die navorser te kontak vir duidelikheid oor enige aspek van die navorsing.

Navorser: Deelnemer:

Datum: Datum:

205 Nelson Mandela Drive/Rylaan
Park West/Parkwes
Bloemfontein 9301
South Africa/Suid-Afrika

PO Box/Posbus 339
Bloemfontein 9300
South Africa/Suid-Afrika
www.ufs.ac.za

**Addendum 2:** Die kodeerder se woordelikse verslag van die empiriese navorsingsresultate

Hieronder volg die woordelikse verslag van die kodeerder waarop die analise en besprekings in die studie gebaseer is:

| | |
|---|---|
| BEGRIP DEUR KERKE / JEUGBEDIENINGE<br><br>Die opskrif van elke aparte blok is die kategorie (bv. "Begrip deur kerke"). Die eerste sub-kategorie is in rooi en die tweede sub-kategorie (onderdeel van eerste sub-kategorie) in blou. 'n Derde sub-sub-kategorie (onderdeel van die tweede sub-kategorie) is in groen. Na die kategorie-indeling volg die kodering van die onderhoude wat die kategorieë bevestig:<br><br>`n passiewe konsep ("`n gestolde gedagte")<br>eerder hemelgefokus<br><br>Dit is 'n proses<br>om jongmense te ontmoet en te bedien<br><br>deel van die gemeente se struktuur<br>gemeentestrategie<br>fokuspunt alle bedieninge in die gemeente<br>gemeentekultuur<br>gemeentekultuur is 'n tydsame proses<br>gemeentegroei-strategie<br>getalle van die gemeente te laat toeneem<br><br>verwar dissipelskap egter met<br>lering oor verskillende onderwerpe | |

| | |
|---|---|
| lering oor leerstellings<br>toerusting van lewensvaardighede<br>gestruktureerde ontwikkelingsprogram<br>aktiwiteite om tieners besig te hou<br>tienerhuisbesoek<br>`n bedieningsaksie<br>bespreek verskillende leerstellings, speel dan saam en eet dan saam: aktiwiteit<br>kognitiewe handelinge<br>leer van die apostels<br>onderlinge gebondenheid<br>gesamentlike gebede<br>saam eet<br><br>'n "leer-en-doen"-model<br>moet gaan doen wat geleer word<br><br>dit is geloofsvorming (deur middel van)<br>verkondiging<br>selfbegrip<br>geregtigheidslewe | |
| • Dissipels maak is die sentrale fokuspunt van al die bedieninge in die gemeente:<br>■ Geestelike groei, Jeugbediening, Kategese, Kinderbediening, Kursusse, Huweliksbediening, Mentorskapprogram (onder mans), Persoonlike stiltetyd. | 8 |
| • Dit is 'n gestolde gedagte (*passiewe konsep*)<br>"... ons het 'n baie ordentlike siening ten opsigte van disspelskap want ons is eerder hemelgerigd..." | 7 |

| | |
|---|---|
| • Meer op geloofsvorming gebaseer (as op kategese) deur middel van:<br>- Verkondiging<br>- Selfbegrip (jouself te verstaan)<br>- Geregtigheid te lewe | 7 |
| • Dit is meer 'n kognitiewe benadering<br>"...fokus op die leer van die apostels, onderlinge verbondenheid, gesamentlike gebede en om saam te eet." | 7 |
| • Dit is 'n proses om jongmense te ontmoet en te bedien waar hulle hulself in hul lewens bevind<br>" … dit help om die jeug ook baie spesifiek te bedien en sensitief te preek sonder veroordeling ..." | 1 |
| • Dit is deel van die gemeente se:<br>■ Gemeentestrategie, EN<br>■ Gemeentekultuur | 1 |
| • Die vestiging van dissipelskap as 'n gemeentekultuur is 'n tydsame proses<br>" … om 'n dissipelskapkultuur te vestig vat tyd ..." | 1 |
| • Baie kerke raak bewus dat hulle gemeentes kan groei deur dissipelskap | 1 |
| • Baie kerke verwar dissipelskap egter met bloot lering oor verskillende onderwerpe:<br>" ... dit gaan net oor kennisinhoud ..." | 1,<br>3 |
| • Ander gemeente fokus nie op lering van leerstellings nie, maar eerder lewensvaardighede (leierskap, huwelik, besigheidbestuur) | 2 |

| | |
|---|---|
| | 2 |
| • Verwys na 'n gemeente se "Groei-areas"-program vir dissipelskap ('n gestruktureerde ontwikkelingsprogram waardeur die dissipel groei). | 3 |
| • Gemeentes is meer betrokke by <u>aktiwiteite</u> om tieners besig te hou en nie om dissipels van hulle te maak nie. | 3 |
| • By die een gemeente voer die predikant een gesprek per jaar met elke tiener individueel om te hoor hoe dit met die persoon gaan (huisbesoek), maar dit is nie 'n dissipelmakingproses nie. | 3 |
| • Verwys na 'n spesifieke bedieningsaksie as proses van dissipels maak, waar kinders na skool kan gaan om kos te kry en gehelp te word met hul huiswerk.<br>(Uit die onderhoud blyk dit dat die respondent nie werklik die proses van dissipelskap verstaan nie – moontlik die rede waarom twee sulke geïsoleerde aksies as dissipelskap beskou word?) | 4 |
| • Hulle laerskool ontmoet op 'n Saterdag en bespreek verskillende leerstellings, speel dan saam en eet dan saam. | 4 |
| • Tiener-dissipelskapprogram behels vir hulle preek, of oor onderwerp Bybelstudie doen en bespreek dit. Hulle hou konferensies en werkswinkels vir die tieners waartydens relevante onderwerpe bespreek word.<br>(Dit wil voorkom asof dit 'n situasie is waar kennis voorsien as dissipelskap gesien word?) | 4 |
| • Dit gaan nie oor dissipelskap nie maar om die getalle van die gemeente te laat toeneem (lidmaatgetalle-groei). | 6 |

| | |
|---|---|
| • Die respondent se gemeente het beweeg na 'n "leer-en-doen"-model – dit wat hulle geleer word moet hulle gaan doen | |

| | |
|---|---|
| DEFINISIE<br><br>\`n Proses<br>\`n Moeilike proses<br>\`n Proses om jou sterkpunte/talente met ander te deel<br><br>Jesus navolg (begin op een van drie stadia)<br>Begin \`n proses om Hom te volg<br>Volg Hom na wedergeboorte en doop<br>Geruime tyd reeds 'n dissipel<br><br>'n Leerder te maak<br>Leer om die opdragte van Jesus te gehoorsaam<br>Leer om geestelike dissiplines te vestig<br>Leer om op te tree soos Jesus sou<br>Leer wat Jesus van jou verwag<br><br>Verkondiging<br>Om dieselfde boodskap as Jesus te verkondig<br><br>Kennisversterking<br>Om kennis oor wat 'n persoon glo te versterk<br><br>Algemene aspekte<br>Is om ander lief te hê<br>Jou identiteit in Christus vind<br>Om \`n Christelike lewenstyl te lewe<br>Dat ander jou lewe naboots | |

| | |
|---|---|
| • Dissipelskap is om Jesus na te volg<br><br><br>• Dissipelskap behels twee aspekte:<br>■ Om 'n volgeling van Jesus te maak<br>■ Om 'n leerder te maak | 1, 2, 3, 4, 7 |
| • Dissipelskap bestaan uit drie kategorieë:<br>■ Iemand wat begin om Jesus te volg<br>■ Iemand wat gelowig geword het (wedergebore) en gedoop is nadat hy of sy gelowig geword het<br>■ Iemand wat al 'n geruime tyd 'n dissipel van Jesus is<br>➔ 'n Jeugbediening sal hoofsaaklik persone in die eerste twee kategorieë behels, en in 'n mindere mate persone in die derde kategorie | 1, 7<br>1, 7<br><br>2 |
| • Dissipelskap is om mense lief te hê deur 'n doelbewuste betrokkenheid by hulle om vriendskap te bou en hulle geestelik te laat groei | 2 |
| • Om die opdragte van Jesus te gehoorsaam | |
| • Om te help om spesifieke dissiplines in mense se lewens te vestig:<br>■ Bybel lees<br>■ Gebed<br>■ 'n Dieper verhouding met die Here te bewerkstellig | 2, 4<br><br>3 |
| • Dissipelskap is 'n lewenswyse waardeur die dissipel binne bepaalde situasies optree soos wat Jesus sou.<br>" ... dit is nie om Jesus oral saam te sleep nie. Dit is eerder om te sê: 'Ek speel rugby: hoe sou Jesus rugby gespeel het?" | 3 |

| | |
|---|---|
| • Dissipelskap is ’n proses waardeur die dissipelmaker sy of haar persoonlike sterk punte of talente met ’n ander deel, sodat daardie persoon sy/haar eie gawes kan uitleef<br>• Om dieselfde boodskap as Jesus te verkondig, en om dieselfde uitdaging wat Jesus moet hanteer, te hanteer – om jou kruis op te neem en soos Jesus op te tree<br>• Dissipelskap is om mense te leer wat Jesus van hulle verwag<br>• Om aan lidmate die nodige kennis te gee ten opsigte van wat hulle glo<br>• Om mense te help om hul identiteit in Christus te vind: “ ... dat mense kan verstaan waarvoor hulle gebore is en wat hulle lewenspassie is...”<br>• Dissipelskap is ’n baie moeilike proses<br>• Dissipelskap is om ander te leer om ’n Christelike lewenstyl te lewe<br>• Dissipelskap is ’n proses wat gebaseer is op kontak tussen mense, sodat ander jou kan na-boots in hul Christelike lewenswandel “ ... Dit gaan daaroor om in fisiese kontak met ander mense te wees en ’n pad te stap waar mense jou begin na-aap en doen soos jy doen en maak ...”<br>• Dissipelskap is nie om jouself te dupliseer nie “... dit is nie om klein duplikate te maak van wie jy is nie.” | 3<br>4<br>4<br>4<br>5<br>5<br>5<br>6<br>8 |

| | |
|---|---|
| • Dit is om tyd te spandeer in die lewe en in die werk van Jesus sodat jy soos Hy gevorm word<br>■ Deur jouself met Jesus te konfronteer<br>■ Deur tyd met die Evangelies te spandeer | 8 |

| | |
|---|---|
| DISSIPELMAKER BEWUS VAN SELF<br><br>Bewus van eie geestelike stand<br><br>• ’n Dissipelmaker moet bewus wees van sy of haar eie geestelike posisie:<br>... om jouself af te vra hoekom jy jongmense leer; Waar is ek?; Twyfel ek soms in my geloof? ... | 1 |

| | |
|---|---|
| DISSIPEL ’n DISSIPELMAKER WORD<br><br>Moet self `n dissipelmaker word<br>Eers self dissipel wees<br>Begin met kinders leer<br>Bepaalde eienskappe<br>Nie introvert wees nie<br><br>• Jy moet self eers ’n dissipel wees voordat jy ’n dissipelmaker kan word<br><br>• Begin met kinders te leer om ander te dien:<br>“ ... om kinders te leer hoe om self diensknegte te word, hoe hulle self uitreik, en om betrokke by bedieninge te raak ...” | 1<br><br>1 |

| | |
|---|---|
| • `n Dissipelmaker moet nie ’n introvert wees nie<br>“ ... Jy sal moeilik dissipelskap leer as jy gereserveerd is en as jy jouself isoleer en afsluit. Wanneer jy geïsoleerd lewe, kan ander nie jou volle optrede sien om na te boots nie. Hulle sien net hoe jy byvoorbeeld kwaad word, maar hulle sien nie hoe jy dit hanteer nie ...” | 6 |
| • ’n Dissipel moet op die plek kom om ook ander dissipels maak | 8 |

| | |
|---|---|
| TEMAS VAN DISSIPELSKAP<br><br>Aanbidding<br>Gebed<br>“Worship” (sang en musiek)<br>Eredienste<br><br>Doop<br>Dissipel se geloofsbelydenis<br><br>Lering<br><br>Getuienis lewer<br>Om ander te motiveer<br><br>Missiologies betrokke wees<br>Uitreike doen<br><br>Verantwoordbaarheid in die proses<br>Verantwoordbaarheidstelsel skep vir dissipeleringsproses<br><br>Nie dissipels beheer nie | 1 |

| | |
|---|---|
| Nie dissipel "control" nie<br><br>Op dissipel se lewensvlak kan beweeg<br>Met die dissipel kan identifiseer<br>Dissipel moet voel dissipelmaker identifiseer met hom<br><br>Die Groot Opdrag uitvoer<br>Ander tot bekering lei<br>Doop<br>Hulle leer (dissipelering)<br><br>`n Program<br>`n Vaste program kan nie vooraf bepaal word nie<br>Dit moet `n geestelike groei<u>proses</u> wees<br>Dit moet nie tydperkgebonde wees nie (bv nie net eenjaarprogram nie)<br>Daar moet blootstelling aan die Bybel wees<br><br>Berading | |
| • Binne die konteks van aanbidding:<br>■ Gebed<br>■ "Worship" (sang en musiek)<br>■ Eredienste | 1<br><br><br>1 |
| • Binne die konteks van uitreike | 2 |
| • Die doop<br>" ... die doop is die belydenis van die geloof van die dissipel ..." | 1 |
| • Lering | 1 |

| | |
|---|---|
| • Ruimte bied vir ander om hul getuienis te gee ter motivering en opbouing | 1 |
| • Missiologies betrokke wees | 1 |
| • Die drie temas van die Groot Opdrag moet aangespreek word | 1, 8 |
| • Koinonia:<br>■ *Koinonia* met God<br>■ *Koinonia* met my medemens<br>■ *Koinonia* met die gemeente | 1, 8 |
| • ŉ Stelsel van verantwoordbaarheid deur dissipelmakers | |
| • Ons kan nie weet hoe ŉ dissipelskapprogram daar moet uitsien nie.<br>" ... daar moet ŉ geestelike-groei-dissipelskapproses wees en hoe dit lyk en hoe dit funksioneer het ons nie antwoord op nie ..." (Uit die onderhoud blyk dit dat die respondent nie werklik die proses van dissipelskap verstaan nie – moontlik die rede vir so ŉ antwoord.) | 1<br>3 |
| • Daar moet gewaak word dat die maak van ŉ dissipel nie tot beheer van die dissipel lei nie (control) | 5 |
| • Die dissipelmaker moet op die dissipel se lewensvlak saam met hom of haar kan stap om begrip te kan hê vir die dissipel se lewensomstandighede en sodoende met die dissipel kan identifiseer<br>" ... om met mense ŉ pad te kan stap, waar jy op hulle vlak kan beweeg en op hulle vlak dinge saam met hulle kan doen ... " | 6 |

| | |
|---|---|
| " ... Hulle moet besef: hierdie ou kan met my identifiseer. Hy kan ook op die vloer slaap sonder 'n matras of 'n bed ... "<br><br>" ... Ek met hom (dissipelmaker) op my vlak kommunikeer omdat hy my hart sien ..."<br><br>" ... 'n dissipelmaker moet in ander se skoene kan stap ... " | 6 |
| • Dissipels maak is nie net 'n jaarlange program nie maar 'n proses oor 'n lang termyn<br>" ... Dit is nie 'n eenmalige katkisasieklas vir 'n dag of 'n jaar nie. Dit is 'n reis wat ons met mense stap wat die Here vir ons bepaal het. Ons moet daardie paadjie ver kan stap met mense omdat ons iets van dissipelskap verstaan ... "<br><br>• Die respondent se gemeente sien dissipelskap as bestaande uit drie komponente:<br>■ Blootstelling aan die Bybel<br>■ Uitreik<br>■ Berading | 6 |

| | |
|---|---|
| KURRIKULUM<br><br>Formaat<br>Dit moet `n onderrigbasis hê<br>Nie te sterk dogmaties wees nie | |

| | |
|---|---|
| Dit moet nie tot blote kennis afgewater word nie maar balans wees<br>Maar dit moet ook nie net praktykgerig wees nie<br>Dit moet nie `n vaste kurrikulumstruktuur hê nie<br>`n Mate van struktuur maar dit moet wel bepaalde temas bevat<br>Dit moet nie ordeloos wees nie<br>Dit moet informeel wees<br>Die verskillende lewensfases van deelnemers moet in aanmerking geneem word<br><br>`n Bybelse wêreldbeskouing ontwikkel<br><br>Dit moet binne die konteks van *koinonia* plaasvind<br>Aangesien modellering moet plaasvind<br><br>Toepassing van `n kurrikulum<br>Dit moet nie geforseer word nie<br>Dit moet `n informele proses wees<br><br>Inhoud<br>Dissipelskap as konsep<br>Emosionele pyn<br>Gebed<br>Gehoorsaamheid aan Jesus<br>Geloofsvertwyfeling<br>Geloofsvrae<br>Groot Opdrag<br>Gaan / Evangelisasie<br>Bekeer<br>Doop<br>Leer hulle | |

| | |
|---|---|
| Heilige Gees<br>    Vervulling met die Heilige Gees<br>    Stem van die Heilige Gees onderskei<br>    Gawes van die Gees<br>    Vrug van die Gees<br>Koinonia<br>Leer wat Jesus geleer het<br>Leierskapsontwikkeling<br>Lewensituasies hanteer<br>Om kerk *te wees*<br>Omgee<br>Ontmoeting-met-Jesus-gerigd wees<br>Teksversgebonde praat<br>Visie<br>Vyfvoudige bedieninge | 8 |
| Niemand moet jou leer nie<br>    Die Heilige Gees self sal jou leer | 1 |
| • Die kurrikulum moet nie soseer dogmaties wees nie, maar algemene lering:<br>"... daar moet nie aan dogma vasgehou word nie..." | 1 |
| • Aspekte wat aangespreek moet word, is ten opsigte van:<br>■ Geloofsvrae<br>■ Geloofstwyfel | 1, 3 |
| • 'n Kurrikulum moet nie geforseerd wees nie:<br>" ... om spesifiek te bedien, sê nou maar in 'n belydenisklas, sonder om dit op 'n geforseerde manier te doen, dat mense op 'n sekere ouderdom by 'n belydenisklas te moet uitkom is verkeerd ... " | 1 |

| | |
|---|---|
| • Lewensvraagstukke moet hanteer word | 1 |
| • Emosionele pyn moet hanteer word | |
| • Daar kan nie ’n vaste kurrikulum wees nie, maar daar moet ’n bepaalde vorm van ordening wees. Dit kan nie ordeloos wees nie:<br>“ ... my probleem met ’n vaste kurrikulum is dat die klem en fokus van ’n verhouding met Jesus kan vervaag ... “<br><br>“ ... wees versigtig met ’n kurrikulum – is ons besig met dissipelskap net omdat ons deur ’n kurrikulum werk?” | 1 |
| • Daar moet eerder ’n kurrikulumstruktuur wees maar wat bepaalde temas bevat | 1 |
| • Spesifieke formele lering (kategese) | 1 |
| • Lering oor spesifiek wat Jesus geleer/beveel het | 1 |
| • Lering wat gerig is op ’n ontmoeting met Jesus | 1,<br>3 |
| • Lering wat nie afgewater is tot blote kennis nie:<br>“ ... lering wat afgewater of verplaas word tot ’n situasie waar dit ’n ontmoeting met kennis is ... “<br><br>“ ... daar vind te veel formele lering plaas ... wat nie gerig is op ’n ontmoeting met Jesus nie ...”<br><br>“ ... teologie wat nie lei tot ’n ontmoeting met Jesus nie is nie ter sake nie, dit is nie belangrik nie ... “ | 1 |

| | |
|---|---|
| • Lering moet nie net prakties van aard wees nie, maar dit moet die kwessie aanspreek van hoe Jesus my verander<br><br>• Lering moet die verskillende lewensfases in aanmerking neem – die verskil in die behoeftes van laerskoolkinders en dié van tieners<br><br>• Lering wat die tieners se ervaringsingesteldheid / lewensondervindinge in ag neem<br><br>• Lering oor die Heilige Gees<br><br>• Lering oor die gawes en die vrug van die Gees<br><br>• Lering moet binne die konteks van *koinonia* plaasvind<br><br>• Lering oor die Groot Opdrag van Matteus 28:19: gaan, bekeer, doop en leer<br><br>• Lering oor:<br>■ Bekering<br>■ Doop<br>■ Vervulling met die Heilige Gees<br>■ Koinonia<br>■ Gebed<br>■ Om te gee (giving)<br>■ Visie<br>■ Evangelisasie<br>■ Dissipelskap as konsep<br>■ Leierskapontwikkeling<br>■ Hoe om teksversgebonde te praat (hoe lyk jou teologie)<br>■ Om kerk *te wees* | 1<br><br>1<br><br>1,<br>6<br>1<br>2<br>2<br>4,<br>7<br>4,<br>7,<br>8<br>4,<br>8<br>4<br>4<br>4<br>4<br>4<br>4 |

| | |
|---|---|
| • Gehoorsaamheid aan Christus in elke aspek van jou lewe | 4<br>7 |
| • Niemand hoef jou dissipelskap te leer nie aangesien die Heilige Gees jou self sal leer | 7 |
| • ŉ Bybelse wêreldbeskouing ontwikkel | 5 |
| • Lering moet ŉ informele proses wees | 5 |
| • Leer om die stem van die Heilige Gees te kan onderskei aangesien dit die Heilige Gees is wat ons moet leer om dissipels te wees<br>(Hierdie is ŉ argument wat baie sterk voorkom in Pinkster- en Charismatiese kringe [ek is self in ŉ Pinksterkerk (AGS) en het ŉ probleem met sulke opmerkings – bespreek die balans tussen die Heilige Gees leer ons en die Heilige Gees gebruik ons om ander te leer: dit is immers die opdrag van Jesus in Matteus 28:19 dat ONS hulle moet leer. Hoor die wanbalans in sy opmerking: ander moet ons nie leer nie, want die Heilige Gees leer ons, so hoekom moet ons dan iemand leer om die stem van die Heilige Gees te leer onderskei as die Heilige Gees self mense leer? – SO ŉ BESPREKING HELP OM KRITIES MET JOU NAVORSINGSRESULTATE TE WERK) | 5<br>5<br>6 |
| • Leer hoe om moeilike lewensituasies reg te hanteer | |
| • Lering moet gegee word oor die vyfvoudige bedieninge:<br>“ ... jy moet ŉ dissipel blootstel aan ŉ bedieningsgebied en ‘in-die-praktyk’-opleiding doen soos wat Jesus gedoen het... “ | 6 |
| • ŉ Kurrikulum moet ŉ tema van modellering bevat | 6 |

| | |
|---|---|
| • Dissipelskap moet 'n sterk onderrigbasis hê<br>" ... Dit maak nie saak hoe hoog jy teen die muur opgeklim het as jy teen 'n verkeerde muur opklim nie ... " | 6<br>6 |

| | |
|---|---|
| NASIES TOE GAAN (HAALBAARHEID)<br><br>Groot Opdrag uitvoer<br>Gaan na ander nasies toe<br><br>Oorskrei grense<br>Taal<br>Ras<br>Kultuur<br><br>Invloed van "nasies to gaan"<br>Positiewe invloed op die dissipelmakingproses<br>Dissipel word behoeftegerigd<br>Positiewe persoonlike groei<br>Leierskapsontwikkeling vind plaas<br>Raak betrokke in bedieninge<br>Word kerkplanting gerig<br>Spreek gemeenskapsbehoeftes aan<br>Ontwikkeling van 'n visie<br>Vir self<br>Vir ander | |

| | |
|---|---|
| Vir hul eie land se mense<br><br>Tree op in eie gebied<br>Tree op in dissipel se werksplek | |
| • Die Groot Opdrag behels om ook *“na die nasies te gaan”* | 1 |
| • Na die ander nasies te gaan beteken om oor taal-, ras- en kultuurgrense te gaan | 1 |
| • Blootstelling op die sendingveld (ander sosio-kulturele blootstelling) het ’n geweldige positiewe uitwerking op ’n persoon se dissipelskapproses | 2 |
| • Blootstelling aan ander op die sendingveld bevorder by die dissipel:<br>■ Persoonlike groei (ontwikkeling)<br>■ Leierskap<br>■ Dissipelmaker word<br>■ Bedieninge-betrokkenheid<br>■ Ontwikkeling van visie vir self, ander en hul eie landsmense<br>■ Kerkplanting | 2 |
| • Begin die dissipelskaproses deur behoefte-gerig te fokus | |
| • Om na ander te gaan beteken ook om binne hul eie gebied op te tree, soos byvoorbeeld die dissipel se werksplek:<br>“ ... vir die dissipel om na die kantoor te gaan waar hy of sy werk ...” | 2<br><br>2 |
| • Gemeenskapsbehoeftes aanspreek as deel van dissipelskap | |

| | |
|---|---|
| " ... om gemeenskapsbehoeftes aan te spreek en te voorsien, soos mense sonder blyplek en sonder kos ..." | 4 |

| | |
|---|---|
| NOODSAAKLIKHEID VAN DISSIPELSKAP<br><br>Behou jongmense vir die kerk<br><br>Kry jongmense om die Here te dien | |
| • Dissipelskap is 'n belangrik om jongmense vir die kerk te behou:<br>" ... ons verloor jongmense, en ons moet hulle ontmoet waar hulle is, soos wat Jesus met Sy dissipels gedoen het ... : | 1 |
| • Jongmense is nie meer opgewonde oor institusionele Christenskap nie en dissipelskap is 'n manier om jongmense te kry om die Here te dien:<br>" ... hulle sien institusionele Christenskap as om ingeperk te wees. Hulle sien dit as 'beheer van hul denke'. Jongmense soek 'n egtheid waardeur hulle liefde en aanvaarding ondervind ..." | 2 |

| | |
|---|---|
| PRAKTIESE IMPLEMENTERING<br><br>Bestaan uit drie fases<br>Voorbereidingsfase<br>Aktiveringsfase<br>Versnellingsfase | |
| • Die dissipelskap-aktiveringsproses:<br>■ Voorbereidingfase – voorberei om dissipelskapprogram te begin<br>■ Aktiveringfase – begin van die dissipelskapproses | 2 |

| | |
|---|---|
| ■ Versnellingfase – duplisering van dissipelmakers | |

| | |
|---|---|
| BESPREKING VAN DIE UITSLAG<br><br>• Kategorieë<br>Die koderingsproses het 9 kategorieë geïdentifiseer (in alfabetiese volgorde) met etlike subkategorieë in elke kategorie:<br>■ Begrip van dissipelmaking van kerke/jeugbedieninge<br>■ ’n Definisie vir dissipelskap<br>■ Dissipelmakers moet bewus wees van hul eie posisie as dissipel<br>■ ’n Dissipel moet ’n dissipelmaker word<br>■ Temas ten opsigte van dissipelskap<br>■ Kurrikulum vir dissipelskap<br>■ Na die nasies toe gaan<br>■ Noodsaaklikheid van dissipelskap<br>■ Praktiese implementering van dissipelskap<br><br>• Ooreenstemming in sieninge van respondente<br>Dit is duidelik dat daar geweldige uiteenlopende sieninge oor dissipelskap bestaan onder die respondente. ’n Totaal van 83 response is geïdentifiseer, maar in slegs 6 response is daar ooreenstemming (slegs 7% het dieselfde beskouing)<br><br>Die gebrekkige ooreenstemming kan moontlike verdere navorsing regverdig ten opsigte van hoe bekend die konsep van dissipelskap is in die kerke-wêreld. Die feit dat van die respondente geen duidelike begrip ten opsigte van dissipelskap geopenbaar het nie, kan moontlik dui op ’n leemte van kennis in die kerke-wêreld. Dit is duidelik dat die respondente almal die betekenis van die woord ken (om Jesus te volg), maar hulle is in gebreke ten opsigte van die praktiese implikasie van dissipel wees. Wat sou die rede vir hierdie leemte in kennis wees? | |

- Een van die respondente se onderhoud lewer nie baie op nie. Dit is duidelik dat die persoon nie kennis van ŉ dissipelskapprogram het nie – moontlik van sy of haar "*tradisionele*" kerkistiese siening oor Kerk wees. Hy of sy verwys na dissipelskap as *" ... ŉ teologie van verbruikersvriendelikheid wat veroorsaak dat kinders tussen die lekkerste kerke wissel ... "*

  Hierdie persoon se bydrae lewer nie werklik positiewe bydraes tot die navorsingsvraagstuk nie, en derhalwe word daar nie baie gesteun op die persoon se response nie.

OPMERKINGS

- Vaste kurrikulum

  Daar bestaan ŉ mate van spanning tussen ŉ gestruktureerde kurrikulum ter wille van ŉ kurrikulum en ŉ "kurrikulum" wat eerder ŉ geordende program behels van aspekte waaraan aandag gegee moet word. Dit sal goed wees as jy hierop sou wys en hoe die saak hanteer moet word.

- Gevolge van dissipelskap

  ŉ Tema wat vir my half verlore gaan, is waarom Jesus gevolg moet word. Watter impak het "Jesus volg" op my globale lewe (al die verskillende fasette van my lewe: geestelik, sosiaal, gesinslewe, ekonomies (finansieel), verhoudinge met ander (dieselfde en teenoorgestelde geslag, ens. ...)? Dit kom so half voor in die onderhoude asof ons Jesus volg omdat dit ŉ oulike golf is om te ry om jongmense vir die kerk te behou en om ons tienergetalle mooi te laat lyk.

- Verwarring tussen dissipelskap en algemene kerk- of bedienings-programme

  Twee respondente dui algemene programme of bedieninge aan as dissipelskap, soos byvoorbeeld voedingskemas en versorging van hawelose

| | |
|---|---|
| individue. Sulke programme beteken nie vanselfsprekend dat die persone wat betrokke is dit sien as handelinge van dissipelskap nie – baie keer is dit net iets wat hulle doen omdat hulle daarvan hou of " 'n hart daarvoor het". Om as dissipelskaphandeling gereken te word moet dit direk gekoppel wees aan ek doen dit want dit is om Jesus daarin na te volg. | |

**Addendum 3:** Etiese klaring vir die navorsing

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS·UV THEOLOGY TEOLOGIE

25-Jul-2018

Dear **Mr Hendrik Van Deventer**

Ethics Clearance: **Christologie, dissipelskap en jeugbediening: 'n Prakties teologiese ondersoek**

Principal Investigator: **Mr Hendrik Van Deventer**

Department: **Practical and Missional Theology (Bloemfontein Campus)**

**APPLICATION APPROVED**

With reference to you application for ethical clearance with the Faculty of Theology. I am pleased to inform you on behalf of the Ethics Board of the faculty that you have been granted ethical clearance for your research.

Your ethical clearance number, to be used in all correspondence is: **UFS-HSD2017/1468**

**This ethical clearance number is valid for research conducted for two years from issuance.** Should you require more time to complete this research, please apply for an extension.

We request that any changes that may take place during the course of your research project be submitted to the ethics office to ensure we are kept up to date with your progress and any ethical implications that may arise.

Thank you for submitting this proposal for ethical clearance and we wish you every success with your research.

Yours faithfully

Dr. Juanita Meyer
Chairperson: Ethics Committee

Approved

**Office of the Dean, Faculty of Theology and Religion**
**Kantoor van die Dekaan, Fakulteit Teologie en Religie**
**T: +27 (0)51 401 2667, F: +27(0)51 401 3508**
**University of the Free State, P.O. Box 339, Bloemfontein, 9300, South Africa**

# BIBLIOGRAFIE


Aden, P., 2006. *Dissipelskap: 'n Uitdaging vir die Kerk van die Een-en-Twintigste Eeu na aanleiding van die Markus-evangelie*. MA-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.

Anglikaanse sinode van Edmonton Alberta, 2010. *Jesus' Model of Discipleship*. Beskikbaar by: https://edmonton.anglican.ca/mission-and-discipleship-overview/pages/our-missional-model [Toegang verkry 17 Januarie 2018].

Anastas, J.W. & Macdonald, M.L., 1994. *Research Design for Social Work and the Human Services.* New York, New York: Lexington Books.

Anderson, R.S. 2001. *The Shape of Practical Theology: Empowering Ministry with Theological Praxis*. Downers Grove, IL: Intervarsity.

Arias, M., 1991. 'Rethinking the Great Commission.' *Theology Today,* 47:410–418.

Babbie, E.R. & Mouton, J., 2001. *The Practice of Social Research*. Cape Town: Oxford University Press.

Baffes, M., 2011. "Christology and Discipleship in John 7:37-38". *Biblical Theology Bulletin*. 41(3):144-50. Beskikbaar van: http://www.academia.edu/676759/_Christology_and_Discipleship_in_John_7_37-38_ [Toegang verkry 12 Desember 2018].

Banks, A.M., 1997. "Bill Hybels On A Mega Church Ministry". *Christian Century.* 114 (16):484 (1p.) In EbscoHost: Academic Search Premier, Full display: http://www-sa.ebsco.com [Toegang verkry 10 Oktober 2018].

Barna, G., 2001. *Growing True Disciples*. Colorado: Waterbrook Press.

Barna, G., 2002. *Grow your Church from the Outside*. California: Regal.

Barna, G., 2006. *Revolution: Finding Vibrant Faith beyond the Walls of the Sanctuary.* Illinois: Tyndale House Publishers.

Barna Group., 2016. *Barna Trends.* Grand Rapids: Baker Books.

Bates, M.J., 2005. *An Introduction to Metatheories, Theories, and Models*. Los Angeles: Department of Information Studies.

Bengston, V.L., 2013. *Families and Faith.* New York: Oxford University Press.

Bianchi, Enzo., 2002. *Words of Spirituality: Exploring the Inner Life* (Kindle Locations 1103-1147). SPCK: Kindle Edition.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. (2nd ed.) *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective.* Cape Town: Juta.

Bonhoeffer, D., 1937. *The Cost of Discipleship.* Trans. R. H. Fuller. New York: Macmillan Publishing Co., Inc.

Boring, E., 1985. "The Christology of Mark: Hermeneutical Issues for Systematic Theology". *Semeia,* 30:125 – 153.

Bosch, D.J., 1991. *Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission*. London: Orbis.

Botha, P., 2001. "Die Kwalitatiewe Onderhoud as Data-Insamelingstegniek: Sterk en Swak Punte". *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences*, Vol 29: 13. Beskikbaar by: https://www.scienceopen.com/document?vid=ad6f9d0b-6832-4126-bec4-5f75dba3a9bc [Toegang verkry 4 April 2018].

Breakwell, G.M., 2003. "Interviewing". In Breakwell, G.M., Hammond, S. & Fife-Shaw, C. eds. *Research Methods in Psychology.* London: Sage Publications. P. 239– 250.

Bredenkamp, I.M. & Schoeman, W.J., 2015. "Reason for the Migration of Church Members from One Congregation to Another". *Acta Theologica Supplementum.* Volume 22, pp. 126 – 152.

Broocks, R. and Murrel, S., 2017. *The Purple Book.* Grand Rapids: Zondervan.

Burger, C., 1991. *Die Dinamika van 'n Christelike Geloofsgemeenskap*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C., 1999. *Gemeentes in die Kragveld van die Gees*. Stellenbosch: Buvton.

Burns, N. & Grove, S.K., 1997. *The Practice of Nursing Research: Conduct, Critique and Utilisation*. Philadelphia, Pennsylvania: WB Saunders.

Butler Bass, D., 2011. "The Great Reversal". Beskikbaar by https://www.lifelongfaith.com/uploads/5/1/6/4/5164069/great_reversal_-_bass.pdf [Toegang verkry 24 Augustus 2018).

Calvin, J. & Beveridge, H., 1845*. Institutes of the Christian Religion* (Vol. 1, pp. 36–37). Edinburgh: The Calvin Translation Society.

Chan, F., 2012. *Multiply: Disciples Making Disciples.* Canada: David C Cook.

Chismon, M.W., "Mobilization and the Bible". Beskikbaar by https://simplymobilizing.com/mobilization-and-the-bible/ [Toegang verkry 23 Januarie 2019].

Chow, D., 2003. *No More Lone Rangers*. Madison: Group Publishing.

Christie, M., Carey, M., Robertson, A. & Grainger, P. April 2015. "Putting Transformative Learning Theory into Practice", *Australian Journal of Adult Learning*, 55(1): 9–29.

Clark, C., 2013. "Purpose Driven Youth Ministry". Beskikbaar by: https://www.thomasnelson.com/9780310694854/purpose-driven-youth-ministry/ [Toegang verkry 15 April 2018].

Codrington, G. & Grant-Marshall, S., 2004. *Mind the Gap*. London: Penguin Group.

Cousins, D., Anderson, L., Dekruyter, A., 1990a. *Mastering Church Management.* Chapter six. "Starting Ministries Successfully: Settle on One Purpose". In Scholar's library. Libronix digital library system 2001. [CD-ROM.].

Cousins, D., Anderson, L., Dekruyter, A., 1990c. *Mastering Church Management.* Chapter six. "Starting Ministries Successfully: Establish a Strategy". In Scholar's library. Libronix digital library system 2001. [CD-ROM.].

Creswell, J.W., 1994. *Research Design: Qualitative and Quantitative Approaches.* California: Sage Publications.

Creswell, J.W., 1998. *Qualitative Inquiry and Research Design: Choosing among Five Traditions*. London: Sage.

Davies, S., 2002. *Mission and Spirituality: Creative Ways of Being Church*. London: Cliff College Publishing.

Dawkins, R. 2013. *Do What Jesus Did.* Minnesota: Chosen.

Dean, K.C., 2004. *Practicing Passion: Youth and the Quest for a Passionate Church*. Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.

Dean, K.C., 2010. *OMG: A Youth Ministry Handbook*. Nashville: Abingdon Press.

Dean, K.C. & Foster, R., 1998. *The Godbearing Life.* Nashville: Upper Room Books.

De Klerk, B.J. & Janse Van Rensburg, F.J., 1999. *Preekgeboorte: ŉ Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking*. Potchefstroom: Fakulteit Teologie, PU vir CHO.

DeVries, M., 2004. *Family-based Youth Ministry*. Downers Grove: InterVarsity.

DeVries, M., 2008. *Sustainable Youth Ministry: Why Most Youth Ministries Don't Last and what your Church Can Do about It*. Madison: InterVarsity Press.

*Die Bybel Nuwe Vertaling*, 1998. Cape Town, South Africa: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Drazin, I., 2009. *Maimonides and the Biblical Prophets*. New York: Gefen Publishing House.

Dreyer, T.F., 2003. *Die Rol van die Gemeente as ŉ Gemeenskap van Gelowiges in Begeleiding tot Belydenisaflegging*. Potchefstroom: Fakulteit Teologie, PU vir CHO.

Driscoll, M. & Breshears, G., 2007. *Vintage: Timeless Answers to Timely Questions*. Vereeniging: Christian Art Publishers.

Easter. J., 2013. "The Christology of Luke: A Study of Luke – Acts". Southwest Baptist University. Beskikbaar by: http://www.academia.edu/6729139/The_Christology_of_Luke-Acts [Toegang verkry 6 April 2018].

Edgell, M. 2010. "Preparing business students to be salt and light: Three models of faith formation in business tested head-to-head", *Christian Business Academy Review*, Spring 2020: 63–71. Beskikbaar by: https://pdfs.semanticscholar.org/ef0b/c59b0884133586692dd8de78db5d2b3abd86.pdf. [Toegang verkry 15 Oktober 2019.]

Elwell, W.A. & Comfort, P.W., 2001. *Tyndale Bible Dictionary*. Weaton: Tyndale House Publishers.

Erikson, E.H., 1964. *Insight and Responsibility.* New York. WW Norton.

Felix Just, S.J., 2012. "The Gospel according to Matthew: Christology and Discipleship". Beskikbaar by: http://catholic-resources.org/Bible/Matthew-Christology-Discipleship.htm [Toegang verkry 12 Desember 2018].

Fields, D., 1998. *Purpose Driven Youth Ministry.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Fields, D., 2008. *Refuel: An Uncomplicated Guide to Connecting with God*. Nashville: Thomas Nelson.

Flett, J. 2014. "A theology of Missio Dei". *Theology in Scotland*, 21:69–78.

Folmsbee, C., 2007. *A New Kind of Ministry*. Grand Rapids: Zondervan.

Foster, R.J., 1998. *Celebrating of Discipline.* San Francisco: Harper Collins.

Frederickson, D.L., 1996. "No Noose is Good News: Leadership as a Theological Problem in the Corinthian Correspondence". *World & World*, xvi(4):420–426.

Gabriel, D., 2013. *Inductive and Deductive Approaches to Research*, 17 Maart 2013. Beskikbaar by: http://deborahgabriel.com/2013/03/17/inductive-and-deductive-approaches-to-research/ [Toegang verkry 10 April 2018].

Ganzevoort, R., 2006. “The Social Construction of Revelation”. *International Journal of Teology*, 8.2:1–14.

Gilbreath, E., 1994. “Selling out the House of God?” *Christianity Today*, 38 (8):20 (6p.) In EbscoHost: Academic Search Premier, Full display : http://www-sa.ebsco.com [Toegang verkry 10 April 2018].

Graham, J., 2009. *Following Jesus*. Singapoer: Worldoutreach.

Grimm, T. M., 2016. *Holistic and Holy Transformation: The Practice of Wesleyan Discipleship and Transformative Learning Theory*. PhD-proefskrif, University of Manchester.

Groenewald, E.P., 1967. *Die Eerste Brief aan die Korintiërs.* Kaapstad: Lux Verbi. (In Lux Verbi Versameling.) [CD-ROM.].

Groeschel, C., 2008*. IT: How Churches and Leaders can Get IT, and Keep IT*. Grand Rapids: Zondervan.

Guder, D.L., 2015. *Called to Witness: Doing Missional Theology*. Grand Rapids: Eerdmans.

Hafemann, S., 1990.”‘Self-commendation’ and Apostolic Legitimacy in 2 Corinthians: a Pauline dialect?” *New Testament Studies*, 36:66–88, Jan. 1990.

Hamilton, M.S., 2000. “Willow Creek's Place in History”. *Christianity Today*, 44(13):62 (7p.) In EbscoHost: Academic Search Premier, Full display: http://www-sa.ebsco.com [Toegang verkry 7 Julie 2018].

Hawkins, T., 2007. *Disciples Who Will Last.* Kellyville: Hawkins Ministry Resources.

Hebbard, D.W., *The Complete Handbook for Family Life Ministry in the Church.* Oregon: Wipf & Stock Publishers.

Heitink, G., 1999. *Practical Theology: History, Theory, Action Domains.* Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids: Eerdmans.

Henderson, S.W., 2006. *Christology and Discipleship in the Gospel of Mark.* New York: Cambridge University Press.

Hendriksen, W., 1973. *New Testament Commentary: Matthew*. Edenburgh: Banner of Truth Trust.

Henning, E., 2004. *Finding your Way in Qualitative Research*. Pretoria: Van Schaik uitgewers.

Heschel, A.J., 1962. *The Prophets*. (1 eds.) New York: Harper & Brothers, Franklin Square.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C., 1998. *Eerste Treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.

Hirsch, A., 2006. *The Forgotten Ways: Reactivating the Missional Church*. Grand Rapids: Brazos Press.

Hoffman, L., 2002. *'n Verbondgefundeerde Paradigma vir die Pastorale Begeleiding van die Egpaar met Fertiliteitsuitdagings*. PhD-proefskrif, Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Hoffman, L., 2010. *Kritiese Elemente vir Effektiewe Geloofsvorming in Kategese*. Ongepubliseerde doktorale verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Horsley, R.A., 1998. *Abingdon New Testament Commentaries: 1 Corinthians*. Nashville: Abingdon.

Howie, D., 2003. "Chairperson Message". *Willow Creek Association South Africa Newsletter,* Jun. 4 pp. (Ongepubliseer).

Hunt, J., 1996. "Ministry to Multiple Generations". In Shelley, M., Ed., 1996. *Growing your Church through Evangelism and Outreach*. Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.].

Hull, B., 2006. *The Complete Book of Discipleship.* Colorado: NavPress.

Hybels, B., 1997. “Standing in the crossfire”. In Shelley, M. Ed., 1997. *Leading your Church through Conflict and Reconciliation: 30 Strategies to Transform your Ministry*. Scholar’s library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.].

Hybels, B., 1996. “Creative Topics and Titles. Speaking to the Secular Mind”. In Shelley, M., Ed. *Growing your Church through Evangelism and Outreach*. Scholar’s library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.].

Hybels, B., 1999. *Net té Besig om Nie te Bid nie*. Wellington: Protea.

Jamieson, R., 1997. “The First Book of Moses Called Genesis, Gen. 11:1–32. Confusion of Tongues”. In Jamieson, R., Fausset, A.R., Brown, D., *A Commentary, Critical and Explanatory, on the Old and New Testament.* Scholar’s library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.].

Janse Van Rensburg, J., 1996. “Verbond en Pastoraat”. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif.* 37(1):152-165.

Jones, S., 1985. “Depth Interviewing”. In Walker, R. *Applied Qualitative Research.* Vermont: Gower.

Jordaan, G.J.C., 2003. “Romeine 1:18-25 binne die Openbaringshistoriese Raamwerk van die Skrifgetuienis aangaande God se Openbaring”. In *Die Skriflig*, 37 (4): 617-641.

Kawulich, B. and Chilisa, B., 2012. “Selecting a Research Approach: Paradigm, Methodology and Method”. *ResearchGate*. Beskikbaar by: file:///C:/Users/Regina/Downloads/ChilisaKawulich-ch3Selectingaresearchapproach-paradigm-methodology-methods%20(1).pdf [Toegang verkry 7 Oktober 2018].

Keener, C.C., 1997. *The Spirit in the Gospels and Acts.* Grand Rapids: Baker Academic.

Keener, C.S., 1999. *A Commentary on the Gospel of Matthew*. Grand Rapids: Eerdmans.

Kendall, P., 2007. *Rewired: Youth Ministry in an Age of IM and MySpace*. Valley Forge, PA: Judson Press.

Kierkegaard, S., 1967. *The Last Years: Journals 1853–1855*. Trans. R. G. Smith. New York: Harper & Row.

Krefting, L., 1991. "Rigor in Qualitative Research: The Assessment of Trustworthiness". *The American Journal of Occupational Therapy*, 43(3), 214.

Kritzinger, J.J., 2000. "Mission in the New South Africa: Need for Renewed Enquiry". *Skrif en Kerk*, 21(1) 93-114.

Kuyper, A., 1909. *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid III.* Kampen: Kok.

Lack, C.A. 1969. "Love as a Basis for Organising Curriculum", *Educational Leadership*, 26(7): 693–701.

Lategan, L.O.K., 2006. "'n Voorgestelde Raamwerk vir die Skryf van 'n Akademiese Publikasie: Voorbeelde uit die Teologiese Etiek". *Acta Theologica*, 26(2):136–154, Desember.

Lanier, G., 2014. "New Testament Christology: Where We Are and Where To Next?" 2 December 2014. Beskikbaar by: https://glanier.wordpress.com/2014/12/02/new-testament-christology-where-we-are-and-where-to-now/ [Toegang verkry 2 November 2018].

Leedy, P.D. & Omrod, J.E., 2001. *Practical Research: Planning and Design*. Upper Saddle River, N.J.: Merrill Prentice Hall.

Letšosa, R., 2005. *The Healing Power of Worship to a Liturgically Deprived Community in South Africa*. PhD-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Leuschner, F.W., 2004. *Atmosfeer in die Erediens*. PhD-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Lincoln, Y.S., & Guba, E.G. 1985. *Naturalistic Inquiry*. California: Sage Publications.

Loewen, J., 1997. *The Power of Strategy. A Practical Guide for South African Managers*. Halfway House: Zebra.

Long, G.B. 2018. "Revelation, then Response: Sola Scriptura and Children's Sunday School Curriculum", *Christian Education Journal*, 15(1):43–61. Beskikbaar by: https://doi.org/10.1177/0739891318759723. [Toegang verkry 12 Oktober 2019].

Longenecker, R.N., 2004. *Studies in Hermeneutics, Christology and Discipleship*. Sheffield: Sheffield Phoenix Press.

Louw, J.P. & Nida, E.A., 1996. *Greek-English Lexicon of the New Testament, based on Semantic Domains*. Libronix digital library system 2001.

Lovell, L., 2009. *Welheidsbediening deur AGS-pastore in 'n Stedelike Konteks: 'n Prakties-Teologiese studie*. D.Phil-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Lyons, E., 2003. "The Bible's Teaching on Baptism: Contradictory or Complimentary?" *Apologetics Press*. Beskikbaar by: http://apologeticspress.org/apcontent.aspx?category=6&article=806 [Toegang verkry 3 Augustus 2018].

Mac Intyre, S.A., 2008. *Pastorale Begeleiding aan Adolessente wat Ly onder Prestasiedruk.* MA-verhandeling. Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Macdowell, J., 1996. *Counselling Youth.* Nashville: Thomas Nelson.

Malan, W., 2003. "Towards Becoming a Contagious Church". *Willow Creek Association South Africa Newsletter.* May. 8 pp. (Ongepubliseer).

Malmstadt, H., 2007. *Into the Light*. Seattle: YWAM Publishing.

Mashau, T.D., 2016. *The None/Dancing Generation in the Marketplace: Sharing the Undiluted Gospel with a Generation of Young Urbanites in Africa*. Sunnyside: Thitshi Productions.

Maxwell, J.C., 1995. *Developing the Leaders around You.* Nashville: Thomas Nelson.

McClelland, S.E., 1996. “Galatians (First Meeting with Jerusalem Leadership [1:18–24])”. In Elwell, W.A., Ed. *Evangelical Commentary on the Bible.* Scholar’s library. Libronix digital library system 2001. [CD-ROM.].

McAllister, D., 1996. *Finding Hope for Your Home.* Irving: Shepherd Ministries.

McKnight, S., 2005. *The Jesus Creed: Loving God, Loving Others*. Massachusetts: Paraclete Press.

McKnight, S., 2011. “The Full Disciple: Is your Church Producing People who Embody Kingdom Holiness?” *Life Long Faith*, 5 (4):10. Beskikbaar by https://docplayer.net/55988490-Discipleship-faith-formation.html. [Toegang verkry 13 November 2018].

Merriam. S., 1995. “What can You Tell from an N of I?: Issues of Validity and Reliability in Qualitative Research”*. PAACE Journal of Lifelong Learning*, 4: 50-60.

Meuller, W., 1999. *Understanding Today’s Youth Culture*. Wheaton: Tyndale House.

Meyers, W.R., 1987. *Theological Themes in Youth Ministry*. New York: Pilgrim.

Miles, R.L., 1999. *The Pastor as Moral Guide.* Minneapolis: Fortress Press.

Miller-McLemore, B.J. 2012. *Christian Theology in Practice: Discovering a Discipline*. Grand Rapids: Eerdmans.

Miller-McLemore, B.J. 2012. “Toward Greater Understanding of Practical Theology., *International Journal of Practical Theology,* 16(1): 104–123.

Moltmann, J., 1993. *The Crucified God*. Minneapolis: Fortress.

Moltman, J., 2001. *The Spirit of Life: A Universal Affirmation*. Minneapolis: Fortress.

Morse, J.M. & Field, P.A., 1996. *Nursing Research: The Application of Qualitative Approaches.* London: Chapman & Hall.

Mouton, J. & Marais, H.C., 1993. *Basic Concepts in the Methodology of the Social Sciences.* Pretoria: Human Science Resource Council.

Mouton, J., 1996*. Understanding Social Research*. Pretoria: Van Schaik.

Nel, M., 1998. *Jeugbediening: 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering*. Pretoria: RGN Uitgewery.

Nel, M., 2018. "Youth Ministry: An Inclusive Missional Approach". In *HTS Religion & Society Series,* Vol. 1, pp. i-420, AOSIS, Cape Town.

Newport, F., 2016. "Most Americans Still Believe in God". In Gallup. Beskikbaar by: https://news.gallup.com/poll/193271/americans-believe-god.aspx [Toegang verkry 3 Maart 2018].

Niebuhr, H.R., 2006. *The Meaning of Revelation.* Kentucky: Westminister John Knox Press.

Nyberg, R., 1999. "Willow Creek's Methods Gain German Following". *Christianity Today*. 43 (5):24 (2p.) [In EbscoHost: *Academic Search Premier*, Full display: http://www-sa.ebsco.com] [Toegang verkry 10 Julie 2018].

Oestreicher, M., 2008. *Youth Ministry 3.0. A Manifesto of Where We've Been, Where We Are, and Where We Need to Go*. Grand Rapids: Zondervan.

Ogden, G., 2003. *Transforming Discipleship.* Illinois: InterVarsity Press Books.

Oostenbrink, J.W., 1996. *Korporatiewe Spiritualiteit en Kleingroepleierskap*. ThD-proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO.

Orb, A. et al., 2000. "Ethics in Qualitative Research". *Journal of Nursing Scholarship*, 2000, 33:1. Beskikbaar by: http://www.columbia.edu/~mvp19/RMC/M5/QualEthics.pdf [Toegang verkry 23 September 2018].

Ortiz, J.C., 1975. *Disciple.* Lakeland: Creation House.

Osmer, R.R., 2005. *The Teaching Ministry of Congregations.* Kentucky: Westminster John Knox Press.

Osmer, R.R. 2011. "Practical Theology: A Current International Perspective". *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 67:2. Art. 1058, 7 pp. Beskikbaar by: https://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i2.1058. [Toegang verkry 10 Oktober 2019.]

Outeur onbekend. "What is the Didache?" in *Got Questions.* Beskikbaar by: https://www.gotquestions.org/didache.html. [Toegang verkry 7 November 2018].

Outeur onbekend. "Writing a Field Report". *USC Libraries Research Guide*. University of Southern California Libraries. Beskikbaar by: http://libguides.usc.edu/writingguide/fieldnotes [Toegang verkry 7 Februarie 2018].

Pearson, B.A., 1976. *The Pneumatikos–Psychikos Terminology in 1 Corinthians*. Montana: Scholar's Press.

Pieterse, H.J.C., 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pieterse, H.J.C. 2017."Scientific-theoretical Approach to Practical Theology in South Africa: A Contemporary Overview", *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 73:4. Beskikbaar by: https://doi.org/10.4102/hts.v7314.4483. [Toegang verkry 10 Oktober 2019.]

Pretorius, J., 2003. *Die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag as Sleutels in 'n Model vir Gemeentebou*. PhD-proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO**.**

Pritchard, R., 1996. 'The Making of a Disciple.' *Keep Believing Ministries*. Beskikbaar by: https://www.keepbelieving.com/sermon/the-making-of-a-disciple/ [Toegang verkry 19 April 2018].

Polit, D.F. & Beck, C.T., 2007. *Nursing Research: Generating and Assessing Evidence for Nursing.* Pennsylvania: Lippincott Williams and Wilkins.

Quast, K., 1994. *Reading the Corinthian Correspondence: An Introduction*. New York: Paulist Press.

Reck, S. 2012. “Analyzing and Evaluating Christian Religious Education Curricula”. *Christian Education Journal*, 9(1): 27–42.

Rengstorf, K.H., 1976. μαθητής. “The Term in the New Testament”. In Kittel, G., Bromiley, G.W., Friedrich, G., ed. Theological Dictionary of the New Testament. Scholar’s library. Libronix digital library system, 2001.

Ridderbos, H.N., 1987. *Bible Student’s Commentary: Matthew*. Grand Rapids: Zondervan.

Root, A., 2007. *Revisiting Relational Youth Ministry.* Illinois: IVP Books.

Root, A., 2009. *Relationships Unfiltered*. Grand Rapids: Zondervan.

Root, A., 2014. *Christopraxis: A Practical Theology of the Cross.* Minneapolis: Fortress Press.

Root, A., 2017. *Faith Formation in a Secular Age.* Grand Rapids: Baker Academic.

Rosnow, R.L. & Rosenthal, R., 1996. *Beginning Behavioural Research: A Conceptual Primer.* New Jersey: Prentice-Hall.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S., 1995. *Qualitative Interviewing: The Art of Hearing Data*. (2nd ed.) Sage Publications, London.

Savage, T.B., 1996. *Power through Weakness: Paul’s Understanding of the Christian Ministry in 2 Corinthians*. Cambridge: University Press.

Schalekamp, M.E., 2005. *Missiones Ecclesiae: ŉ Missionêre Visie en Strategie in Gemeentebou ten Opsigte van Multikulturele Kerkplanting*. PhD-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Schoeman, W., 2014. “Agter die Syfers is Gelowiges, Gemeentes en die Kerk: ŉ Praktiese Teologiese Refleksie oor Lidmaatskap”. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, Volume 70(1), p. 10.

Schoeman, W.J., 2017. *The Formation of Lived Faith in Children: A Partnership between Congregation and Home*. PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Schwandt, T.A., 2001. *Dictionary of Qualitative Inquiry.* 2nd ed. Thousand Oaks: Sage.

Senge, P.M., 1990. *The Fifth Discipline. The Art of the Learning Organization*. New York: Doubleday Currency.

Senter, M.H., Black, W., Clark, C. & Nel, M. 2001. *Four Views of Youth Ministry in the Church*. Grand Rapids: Zondervan.

Segovia, F.F., 1985. *Discipleship in the New Testament*. Philadelphia: Fortress Press.

Seidman, I., 1998. *Interviewing as Qualitative Research: A Guide for Researchers in Education and the Social Siences*. New York: Teachers’ College Press.

Sinek, S., Mead, D. & Docker, P. 2017. *Find your Why.* New York: Portfolio/Penguin.

Soards, M.L., 1999. “1 Corinthians”. *New International Bible Commentary*. Peabody: Hendricson.

Strong, 1995.” The Exhaustive Concordance of the Bible”. *Scholar’s Library*. (Libronix digital library system 2001).

Sri, E., 2018. "In the Dust of the Rabbi: Clarifying Discipleship for Faith Formation Today". *The Catechetical Review*, 4.2. Beskikbaar by: https://review.catechetics.com/dust-rabbi-clarifying-discipleship-faith-formation-today [Toegang verkry 4 Desember 2018].

Stadelmann, H., 1998. “The Need for Ecclesiological Prolegomena in the Pursuit of Practical Theology”. *Trinity Journal,* 19 (2):219–233.

Steyn, R.S. & Lotter, G.A., 2006. “Veranderende Tendense en die Implikasie vir Jongmens-verhoudinge”. *Koers*, 71(2,3,4):535-555.

Stier, G. 2016. “Why teenagers? A Case for the Importance of Youth Ministry”. Beskikbaar by: https:/gregstier.dare2share.org. 16 Mei 2018. [Toegang verkry 12 Oktober 2019.]

Strobel, L., 1999. “A Letter from Lee”. *Willow Creek Monthly*, Oct. / Nov. 4 pp. (ongepubliseer).

Taylor, S.J & Bogdan, R., 1984. *Introduction to Qualitative Research Methods: The Search for Meanings*. 2nd ed. New York. Wiley.

Terre Blanche, M., & Durrheim, K., 1999. “Social Constructionist Methods”. In M. Terre Blanche & K. Durrheim (Eds.), *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences,* (pp. 147-177). Cape Town, SA: University of Cape Town Press.

Tesch, R., 1992. *Qualitative Research: Analysis Types and Software Tools*. New York: Falmer.

Tozer, A.W. (1961). *The Knowledge of the Holy: The Attributes of God; Their Meaning in the Christian Life.* New York: Harper.

Van Der Merwe, D.G., 1995. *Discipleship in the Fourth Gospel.* PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van Deventer, H., 2010. *Die Groot Fokus, Gebod en Opdrag as Sleutels tot Jeugbediening: ŉ Kategetiese Studie*. M.A.-verhandeling. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Van Wyk, B., 2012. “Research Design and Methods Part I”. Powerpoint-aanbieding. Beskikbaar by: https://www.google.com/search?q=Van+Wyk%2C+B.%2C+%E2%80%9CResearch+design+and+methods+Part+I%E2%80%9D.&rlz=1C1CAFA_enJE695J

E696&oq=Van&aqs=chrome.0.69i59j69i57j69i61j0l3.11675j1j7&sourceid=chrome&ie=UTF-8 [Toegang verkry 11 Mei 2017].

Venter, C.J.H., 1992. "Diakoniologie en Rasionaliteit: 'n Verkenning". In *Die Skriflig*, 26(1):29–51, Mrt.

Venter, C.J.H., 1995. "Die Woord in die Werklikheid. Wetenskapsteoretiese Perspektiewe op Diakoniologie". In *Die Skriflig*, 29(1&2):181-202, Maart/Junie.

Venter, C.J.H., 1996. *Uitkringende Liefdesbetoon: Kommunikatiewe Handelinge in Diens van die Onderlinge Liefdesgemeenskap in die Kerk*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Versteeg, J.P., 1979. *Oog voor Elkaar. Het Gebruik van het Woord "Elkaar" in de Nieuwe Testament*. Kampen: Kok.

Viljoen, F.P., 2002, "Mark, the Gospel of the Suffering Son of Man: An Encouragement Directed to a Despondent Religious Minority in the City of Rome". *Die Skriflig* 36(3), 455–474.

Vorster, W.S., 1991. "Om te Vertel dat Jesus Christus die Lydende Seun van God is: Oor Markus en sy Teologie". In Roberts, J.H. et al., *Teologie in Konteks*. Halfway House : Orion. p. 32-61.

Wadsworth, D., 1997. "Cycle of Change and Improvement". *Journal of Small Animal Practice*, 38(5): 185-185.

Walker, H., 2003. "Willow Creek – Promised Land Conference*". Willow Creek Association South Africa Newsletter.* May. 4 pp. (ongepubliseer).

Walvoort, J.F. & Zuck, R.B., 1985. *The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures.* Dallas Theological Seminary. Wheaton, IL: Victor Books.

Ward, P. (2017). *Introducing Practical Theology: Mission, Ministry and the Life of the Church*. Michigan: Baker Academic.

Warren, R., 2002. *The Purpose Driven Church: Growth without Compromising your Message and Mission*. Grand Rapids: Zondervan.

Watson, D., 1981. *Discipleship*. London: Hodder & Stoughton.

Weber, S., 2017. "Decolonising Youth Ministry Models? Challenges and Opportunities in Africa.' *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*. 73 (4), a4796.

Wilken, R.L., 1998. "In Defense of Allegory". *Modern Theology*. 14(2): 197-212. Beskikbaar by: https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.1111/1468-0025.00063 [Toegang verkry 25 Oktober 2018].

Witherington, B., 1995. *Conflict and Community in Corinth: A Socio-Rhetorical Commentary on 1 and 2 Corinthians*. Grand Rapids: Eerdmans.

Witherington, B., 1998. *The Acts of the Apostles: A Socio-Rhetorical Commentary*. Grand Rapids: Eerdmans.

Wright, C.J.H., 2010. *Biblical Theology for Life: The Mission of God's People.* Grand Rapids: Zondervan.

Yousaf, A., 2008. *Youth Ministry in the Christ Church Lahore*. PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Zerfass, R., 1974. "Praktische Teologie als Handlungwissenschaft". In Klostermann, F. & Zerfass, R. *Praktische Teologie Heute*. München: Kaiser. P 164-177.

Zuck, R.B., 1994. *A Biblical Theology of the New Testament*. Electronic ed., p. 37. Chicago: Moody Press.